# ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

## *'N LITURGIESE STUDIE*


**F.W. LEUSCHNER**

**B.COM.; TH.B.; M.TH.**


Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Liturgiek aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom Kampus

Promotor: Prof. Dr. B.J. de Klerk

Pretoria

2004



YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Potchefstroomkampus

VIR MACHEL

# INHOUDSOPGAWE


**DEEL 1: INLEIDING** 1

**1 PROBLEEMSTELLING** 3

1 DIE WESE VAN DIE EREDIENS 3

2 DIE EREDIENS VIR VANDAG 4

3 DIE EREDIENS VIR DIE MENS AS GEHEEL 5

4 DIE EREDIENS DEUR DIE GESKIEDENIS 6

**2 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** 9

1 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE 9

2 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 9

**3 METODE EN RAAMWERK** 11

1 METODE 11

2 HOOFSTUKINDELING 12

3 BIBLIOGRAFIESE OPMERKINGS 13

DEEL 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 15

4 PERSPEKTIEWE VANUIT 1 KORINTIËRS 11-14 17

1 INLEIDING 17

2 DIE STAD KORINTE 18

2.1 GESKIEDENIS 18

2.2 LIGGING 18

2.3 BEVOLKING 18

2.4 GODSDIENS 19

3 DIE BRIEF 1 KORINTIËRS 20

3.1 AANLEIDING TOT DIE BRIEF 20

3.2 STRUKTUUR VAN DIE BRIEF 21

3.3 DIE PLEK VAN 1 KORINTIËRS 11-14 IN DIE BRIEF 22

4 1 KORINTIËRS 11-14 22

4.1 INDELING 22

4.2 1 KORINTIËRS 11:2-16 – DIE GEDRAG VAN VROUE IN DIE GEMEENTE 23

4.3 1 KORINTIËRS 11:17-34 – ONREËLMATIGHEDE BY DIE NAGMAAL 26

4.4 1 KORINTIËRS 12:1-11 – EEN GEES EN 'N VERSKEIDENHEID VAN GAWES 31

4.5 1 KORINTIËRS 12:12-31 – EEN LIGGAAM MET BAIE LEDE 34

4.6 1 KORINTIËRS 13 – DIE LIEFDE 41

4.7 1 KORINTIËRS 14:1-26 – PRAAT IN TALE IN DIE EREDIENS 45

4.8 1 KORINTIËRS 14:26-40: ORDE IN DIE EREDIENS 51

5 SAMEVATTING VAN 1 KORINTIËRS 11-14 55

5.1 DIE BOODSKAP VAN 1 KORINTIËRS 11-14 55

5.2 AFLEIDINGS UIT 1 KORINTIËRS 11-14 55

5.3 BASISTEORETIESE BEGINSELS UIT 1 KORINTIËRS 11-14 57

5 DIE LIG VAN DIE RES VAN DIE SKRIF 59

1 INLEIDING 59

2 DIE OU TESTAMENT 59

2.1 INLEIDING 59

2.2 DIE TABERNAKEL-DIENS 60

2.3 DIE TEMPELDIENS 65

2.4 GODSDIENSTIGE FEESTE 70

2.5 AANBIDDING IN DIE PSALMS 75

2.6 AANBIDDING IN DIE OU TESTAMENT 81

2.7 GEVOLGTREKKING UIT DIE OU TESTAMENT 82

3 DIE NUWE TESTAMENT 83

3.1 INLEIDING 83

3.2 DIE EVANGELIES 83

3.3 HANDELINGE 95

3.4 DIE BRIEWE 100

3.5 OPENBARING 109

3.6 DIE UNIEKHEID VAN DIE NUWE TESTAMENT 116

3.7 GEVOLGTREKKING UIT DIE NUWE TESTAMENT 117

4 AFLEIDINGS VANUIT DIE RES VAN DIE SKRIF 118

6 ATMOSFEER IN DIE EREDIENS DEUR DIE GESKIEDENIS 121

1 INLEIDING 121

2 DIE KERK VAN DIE TWEEDE EEU 122

2.1 INLEIDING 122

2.2 DIE EREDIENS VAN DIE TWEEDE EEU 123

2.3 GEVOLGTREKKING 128

2.4 AFLEIDINGS 128

3 DIE KERK AS RYKSKERK 128

3.1 INLEIDING 128

3.2 VERANDERINGE IN DIE EREDIENS 129

3.3 GEVOLGTREKKING 134

4 DIE WESTERSE EREDIENS IN DIE MIDDELEEUE 135

4.1 INLEIDING 135

4.2 DIE ROOMSE MIS 135

4.3 DIE MIS TEEN DIE TYD VAN DIE REFORMASIE 137

4.4 GEVOLGTREKKING 138

5 DIE REFORMASIE 138

5.1 INLEIDING 138

5.2 DIE REFORMASIE SE REAKSIE OP DIE ROOMSE EREDIENS 139

5.3 MARTIN LUTHER 141

5.4 ULRICH ZWINGLI 147

5.5 JOHANNES CALVYN 150

5.6 EVALUERING VAN DIE REFORMASIE 159

6 DIE MODERNISME 159

6.1 INLEIDING 159

6.2 WESE VAN DIE MODERNISME 160

6.3 INDIVIDUALISME 161

6.4 RASIONALISME 161

6.5 GEVOLGE 161

6.6 SAMEVATTING VAN DIE MODERNISME 162

6.7 INVLOED OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 163

7 DIE POSTMODERNISME 163

7.1 DIE PARADIGMAVERSKUIWING VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME 163

7.2 DIE AARD VAN DIE POSTMODERNISME 165

7.3 SAMEVATTING 166

7.4 GEVOLGE VIR DIE EREDIENS 167

8 DIE LITURGIESE BEWEGING VAN DIE 20^E EEU 167

8.1 INLEIDING 167

8.2 KENMERKE 168

8.3 DIE GEVOLGE VAN DIE LITURGIESE BEWEGING 168

9 21^STE EEUSE TEOLOË 168

9.1 SELEKSIE 168

9.2 MARCEL BARNARD 169

9.3 DON SALIERS 172

9.4 JOHN WITVLIET 178

10 SAMEVATTING 181

7 BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 185

1 INLEIDING 185

2 DIE GEGEWENS TOT DUSVER 185

2.1 HOOFSTUK 4: 1 KORINTIËRS 11-14 185

2.2 HOOFSTUK 5: DIE RES VAN DIE SKRIF 188

2.3 HOOFSTUK 6: DIE GESKIEDENIS 189

3 BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 191

DEEL 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 193

8 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT NAASLIGGENDE WETENSKAPPE 195

1 INLEIDING 195

2 KOMMUNIKASIEKUNDE 196

2.1 INLEIDING 196

2.2 KOMMUNIKASIETEORIEË 196

2.3 GERIGTHEID IN KOMMUNIKASIE 204

2.4 KOMMUNIKASIEKATEGORIEË 204

2.5 KOMMUNIKASIEGAPING 207

2.6 KOMMUNIKASIEBEGINSELS 207

2.7 DIE HEILIGE GEES 208

2.8 DIE EREDIENS AS DIALOGIESE KOMMUNIKASIEGEBEURE 208

2.9 BYDRAE VAN DIE KOMMUNIKASIEKUNDE 209

3 KOGNITIEWE WETENSKAPPE 210

3.1 TWEE BREINHEMISFERE 210

3.2 MULTISENSORIESE BELEWING 213

3.3 AFLEIDINGS UIT DIE KOGNITIEWE WETENSKAPPE 214

4 SIMBOLE 215

4.1 DEFINIËRING 215

4.2 WERKING 216

4.3 GEBREK AAN SIMBOLE 218

4.4 WAARDE VAN SIMBOLE 218

4.5 VOORWAARDES VIR DIE GEBRUIK VAN SIMBOLE 219

4.6 SIMBOLIEK VAN BEWEGING 220

4.7 KLEURSIMBOLIEK 221

4.8 AFLEIDINGS UIT DIE SIMBOLIEK 221

5 MUSIEK 221

5.1 INLEIDING 221

5.2 DOEL VAN KERKMUSIEK 222

5.3 BEPERKINGS OP KERKMUSIEK 223

5.4 MUSIKALE STYLE 223

5.5 KRITERIA VIR MUSIKALE TEKSTE 224

5.6 KRITERIA VIR BEGELEIDENDE MUSIEK 225

5.7 KERK*MUSIEK* EN KERK*LIED* 226

5.8 BYDRAE VAN DIE MUSIEK TOT DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 227

6 ARGITEKTUUR 228

6.1 INLEIDING 228

6.2 GEREFORMEERDE VEREISTES 228

6.3 POSTMODERNE "GEBOOIE" VIR ARGITEKTUUR 229

6.4 DIE BEGINSELS VAN DIE KATOLIEKE KERK 230

6.5 BALANS IN ARGITEKTUUR 231

6.6 BYDRAE TOT DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 231

7 MULTIMEDIA 232

7.1 INLEIDING 232

7.2 DIE INVLOED VAN MULTIMEDIA 233

7.3 TEGNOLOGIESE AANBIDDING 234

7.4 MULTIMEDIA EN DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 235

8 GEVOLGTREKKING 236

9 ATMOSFEER IN DIE EREDIENS IN DIE HUIDIGE PRAKTYK 239

1 INLEIDING 239

2 METODE 240

2.1 RESPONDENTE 240

2.2 PROFIEL VAN DIE WOONGEBIEDE VAN DIE PANEEL 241

2.3 VRAELYSTE 247

3 RESPONS 249

3.1 VRAAG 1 250

3.2 VRAAG 2 251
3.3 VRAAG 3 253
3.4 VRAAG 4 255
3.5 VRAAG 5 257
3.6 VRAAG 6 259
3.7 VRAAG 7 260
3.8 VRAAG 8 262
3.9 VRAAG 9 264
3.10 VRAAG 10 266
3.11 VRAAG 11 268
3.12 VRAAG 12 270
3.13 VRAAG 13 272
3.14 VRAAG 14 274
3.15 VRAAG 15 276
3.16 GEHEELBEELD 278
4 SAMEVATTING 280
5 AFLEIDING 282

DEEL 4: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 283

10 PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE WISSELWERKING TUSSEN BASISTEORIE EN METATEORIE 285

1 INLEIDING 285

2 RIGLYNE OP GROND VAN DIE BASISTEORIE 287

2.1 DIE EREDIENS AS ONTMOETING MET GOD (BT1) 287

2.2 EERBIED EN ONTSAG IN DIE EREDIENS (BT2) 290

2.3 VERSTAANBAARHEID (BT3) 292

2.4 LIEFDE IN DIE EREDIENS (BT4) 294

2.5 VRIENDELIKHEID EN WARMTE (BT5) 296

2.6 DIE UITNODIGENDE AARD VAN DIE EREDIENS (BT6) 298

2.7 DIE EREDIENS AS VREUGDEFEES (BT7) 300

2.8 DEELNAME IN DIE EREDIENS (BT8) 302

2.9 AFWISSELING IN DIE ATMOSFEER (BT9) 306

3 ALGEMENE RIGLYNE 311

3.1 TOERUSTING VAN AANBIDDERS 311

3.2 GROTER KLEM OP DIE BEPLANNING VAN ELKE EREDIENS 312

3.3 DIE GEBRUIK VAN SIMBOLE EN RITUELE 313

3.4 DIE GEBRUIK VAN MUSIEK 318

3.5 DIE ARGITEKTUUR VAN DIE KERKGEBOU 319

3.6 STEM-, TAAL- EN LIGGAAMSGEBRUIK 321

4 SAMEVATTING 323

11 'N MODEL VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 325

1 INLEIDING 325

2 MODEL VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS 325

2.1 BASISTEORETIESE BEGINSELS 325

2.2 'N MODEL: DIE HUIS VAN GOD 327

2.3 DIE GEBRUIK VAN DIE MODEL 330

3 SLOT 331

DEEL 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING 333

12 SAMEVATTING 335

1 INLEIDING 335

2 DIE BASISTEORIE 336

3 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE 337

4 PRAKTYKTEORIE 339

5 SAMEVATTING 341

13 FINALE GEVOLGTREKKING 343

1 FINALE GEVOLGTREKKING 343

FIGUUR 16: PUNTETOEKENNING: VRAAG 4 255

FIGUUR 17: PUNTETOEKENNING: VRAAG 5 257

FIGUUR 18: PUNTETOEKENNING: VRAAG 6 259

FIGUUR 19: PUNTETOEKENNING: VRAAG 7 261

FIGUUR 20: PUNTETOEKENNING: VRAAG 8 263

FIGUUR 21: PUNTETOEKENNING: VRAAG 9 265

FIGUUR 22: PUNTETOEKENNING: VRAAG 10 267

FIGUUR 23: PUNTETOEKENNING: VRAAG 11 269

FIGUUR 24: PUNTETOEKENNING: VRAAG 12 271

FIGUUR 25: PUNTETOEKENNING: VRAAG 13 273

FIGUUR 26: PUNTETOEKENNING: VRAAG 14 275

FIGUUR 27: PUNTETOEKENNING: VRAAG 15 277


FIGUUR 28: GEMIDDELDES VIR AL DIE VRAE 278

FIGUUR 29: STANDAARDAFWYKINGS 279

FIGUUR 30: MODEL VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS: DIE HUIS VAN GOD 327

# DEEL 1

## inleiding



# 1

# PROBLEEMSTELLING

## 1 DIE WESE VAN DIE EREDIENS

Kerkwees het sy mees gekonsentreerde vorm in die Sondagse erediens. Hier wil die Here op die dag deur Hom geheilig op heel besonderse wyse sy volk ontmoet. Die erediens (spesifiek die liturgie) bemiddel die ontmoeting tussen God en mens (Vos, 1999:102). In diens aan God en in diens voor God vind ons gemeenskap sy hoogste doel en versterking.

Die grondvorm van alle bedieningsvorme is die versamelde gemeente. Alle ander vorme is variasies op die een grondvorm: gelowiges bymekaar. Hulle het hulle aanbidding en diens aan God gesamentlik beleef en beoefen. Dit staan vir geen oomblik teenoor die arbeid en getuienis van die enkel gelowige nie, maar *alleen wees* is geen vorm van gemeentewees nie. Hulle *saamwees* was die basiese vorm van hulle gemeentewees. Hierdie saamwees was basies rondom die Woord, gebed en sakrament. Wat vandag die *erediens* genoem word, staan in die middelpunt van die lewe van die gemeente (Nel, 1994:222). In die middelpunt van die erediens staan God Drie-enig en in die middelpunt van die lewe van die gemeente staan die erediens. Die erediens is en bly die kulminasiepunt van die gemeente se geestelike en godsdienstige belewenis (Hendriks, 1992:102).

In 'n gewone Protestantse gemeente is die erediens die vernaamste plek waar die geloofswêreld waarin Christene leef, sy beslag kry en waar dit in stand gehou, gevoed en gebou word (Burger, 1999a:198). Die erediens is die hart van die lewe van die gemeente (Pieterse, 1997a:16). Die gemeente lewe vanuit die erediens en na die erediens toe. Die erediens is immers 'n baie belangrike dimensie van die openbaarmaking van die kerk, 'n

venster waardeur die binnewerke van die kerk sigbaar word – goed of sleg (Cilliers, 2004:1). Die erediens raak die hart van die verhouding tussen God en mens (Strauss, 2001:126). Die doel van aanbidding is daarom "*gratefully expressing gratitude to the Creator in the most fitting means possible and inviting God's grace to move us to sacrificial lives of service.*" (Schultze, 2004:23)

In die erediens kry die gelowige nie net deel aan die gawes van God nie, maar aan God self. God en mens ontmoet mekaar en verkeer met mekaar (Barnard, 1981:434). Hierdie gemeenskap, hierdie saamwees moet beleef word (Beukes, 1993:39). Daarom moet die erediens bo alles iets vertrouds wees, aktief, verbindend, lewensnaby, uitnodigend, seker, gemeentevormend, troosryk, gevoelvol, bindend, persoonlik, kleurryk en harmonies (Kloppers, 2002:63).

## 2 DIE EREDIENS VIR VANDAG

Die erediens moet tref. Die liturgie moet in sy geheel dien as stroombaan vir die samekoms met die lewende, almagtige God. As gevolg van die paradigmaverskuiwing in die denke van die mens van die laat-twintigste [en vroeg een-en-twintigste] eeu word die moderne tyd algaande vervang met 'n postmoderne periode (Bosch, 1991:349). Die belangrikste aspek van hierdie postmodernisme is die feit dat die rasionalisme sy impak begin verloor (Vorster, 1995:451). Die godsdienssin van die postmoderne mens is daarom meer emosioneel as rasioneel ingeklee (Vorster, 1995:452). In sy Christelike lewe verskuif die klem van dit wat hy konkreet as gelowige moet doen, na dit wat hy kan ervaar en beleef. Die postmoderne gelowige neem nie met die onpersoonlike, rasionalistiese, ongeïnspireerde liturgie genoeë nie. Hy wil juis vanuit die koue, hoogs kompeterende wêreld 'n toevlug vind in die erediens. "*This is why any Christian liturgy that is merely verbal – with only the perfunctory uses of sounds, signs, words, gestures, and space – will, in the long run, fail to satisfy the deeper hungers of response to God and encounter with truth.*" (Saliers, 1996a:31).

Die erediens moet aan die postmoderne gelowige die nabyheid van God bied (Smit & Vorster, 2000:525-526). Daarom kan die erediens ook nie los staan van die realiteite van die lewe nie. "*We live in a world of immensely beautiful and wondrous things. This same world, though, is also terrifying. Side by side with senseless loss and despair lies the mystery and beauty of being*" (Saliers, 2002:6). Dis 'n wêreld wat nie net die klanke van Bach en Beethoven

voortgebring het nie, maar ook van Hitler se skreeuende toesprake; wat nie net mense op die maan kon plaas nie, maar ook die tweelingtorings van New York tot betonstof kon versnuif. Die erediens speel homself binne hierdie openbare ruimte af, en kan nie anders – indien dit in elk geval verantwoordelike liturgie wil beoefen – as om hierdie inkongruente realiteit te reflekteer nie. In die erediens kruis God se etos met ons patos (Cilliers 2004:5).

Die fout van die Middeleeue was dat die gemeente die aanbidding (*'worship'*) **aanskou** het. In die moderne Protestantse kerk is die fout dat die gemeente die aanbidding **aanhoor** (Webber, 1982:160). Om die regte woorde in die regte orde ondersteun deur die regte gebare te hê, is nie genoeg nie. Deelname in die verborge tale van tyd en ruimte, klank en beeld, smaak, tekstuur en liggaamlike beweging is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die menslike woorde om God se lewende Woord vir ons te word en vir die tekens wat gebruik word om lewende simbole te word (Saliers, 1996:32).

## 3 DIE EREDIENS VIR DIE MENS AS GEHEEL

Die erediens is die aangewese ruimte waar mense in hulle totaliteit kan handel (Vos, 1997:9). In hierdie verband word daar gedink aan liggaamlike, geestelike en simboliese handelinge. Die geestelike kommunikasie kom tot die gelowige via die fisieke (of liggaamlike) taal van simbole, woorde, ritusse, handelinge en die totale atmosfeer van die situasie (Pieterse, 1997b:127). Dit beteken dat alle fisiese dinge in die kerk 'n rol speel, soos die argitektuur van die kerk, die sang en musiek, die rangskikking van die voorwerpe en simbole, en die verskillende handelende persone in die uitoefening van hul liturgiese funksies. Die reuk, die smaak, die weerkaatsing van brandgeskilderde vensters, die saamwees van die mense wat as familie of andersins kerk toe kom, die musiek, die sang – alles werk mee aan 'n belewenis van 'n ontmoeting met God (Müller, 1990:23). Dit spreek alles tot die regterhemisfeer van die brein – dié deel wat meer beeldend en kreatief funksioneer en dalk in 'n meerdere mate in staat is om iets van God te verstaan as die meer logiese en analitiese kant van ons brein (Burger, 1995:90).

> *"Dit is jammer dat ons so lank alleen klem gelê het op die regte leer en die onderskrywing (kognitief) van die waarheid waarin ons glo ten opsigte van die evangelie. Daardeur het die emosionele kant, die beleweniskant en die kontak met die geheimeniskant van God minder klem gekry ... In die situasie waarin die kerk in*

*ons tyd tans verkeer, kan hierdie saak groot waarde hê vir die heil van die gemeente en die eer van God*" (Pieterse, 1997b:112).

Dit is net onmoontlik om sonder enige emosie te aanbid, want daar is 'n onskeibaarheid tussen die rede, die wil en die gevoel (Cloete, 1985:76). In die erediens heers daar 'n unieke atmosfeer en vind daar 'n unieke gebeure plaas wat nêrens anders in die wêreld ervaar kan word nie (Pieterse, 1997b:112). Wanneer 'n mens in die kerk instap in die erediens moet jy die ervaring hê dat hier iets totaal anders aan die gang is as op enige ander plek.

Een van die belangrikste insigte van die afgelope aantal jare is dat aanbidding basies nie-verbaal is (Saliers, 1996a:31). Aanbidding is afhanklik van ons vermoë om te ervaar, om te hoor, te sien, aan te raak, te beweeg, te ruik en te proe. Wanneer die aanbidding al die menslike sintuie aanspreek sal dit die gemeente meer waarskynlik lei na die noodsaaklike elemente van eerbied/bewondering, genot, waarheid en hoop (Saliers, 1996b:14-15).

# 4 DIE EREDIENS DEUR DIE GESKIEDENIS

Deur die geskiedenis het die atmosfeer 'n belangrike rol in die erediens gespeel. Schultze (2004:30) stel dit dat aanbidding nog altyd multi-sensories was omdat die mens multi-sensories is. In die kerk van die tweede eeu is hierdie mulit-sensorisiteit gesien in die weeklikse viering van die eucharistie (Nagmaal) as deel van die *agapé*-maaltyd (voel, proe, ruik, sien), die vredeskus (broederlike kus) (voel), die sing van liedere (hoor), en die aanhoor van die preek en Skriflesings (hoor) (vergelyk Barnard, 1981:153-170; Klauser, 1979:5-10; White, 1993:13-39). Lyman (1999:101) wys daarop dat die Christelike piëteit van die vierde en vyfde eeu intens fisiek was en dat die menslike sintuie gesien is as hulpmiddels om geestelike begrip te ontwikkel.

Die sestiende eeuse reformasie was veral 'n hervorming van aanbidding (McKee, 2003:3). Klem is gelê op die aanbidding van God alleen en dat niks in die aanbidding die Woord mag teenstaan nie. Die hervormers het beklemtoon dat aanbidding oor die hart gaan, maar dat dit ook belangrik is om die verstand te leer, omdat begrip die basis is vir gehoorsaamheid. Aanbidding was nie iets wat slegs aan sekere persone opgedra word nie, omdat niemand in homself meer heilig as ander is nie. In reaksie op die vroeëre onkunde van die mense het die hervormers beoog om die eredienste meer opbouend te maak. Hoewel die hervormers net so

besorg was oor die hart as oor die kop, is hulle daarvan beskuldig dat hulle aanbidding oorintellektueel (McKee, 2003:9) en serebraal en didakties (White, 1993:107) gemaak het. Wainwright (1992:65) stel dit dat "*(j)ustifiable though these moves may have been in a Church needing reform, their price was paid in the loss of the sacramental dimension and the growth of didacticism which have characterized Protestant worship.*"

In reaksie hierop het die *Liturgiese Beweging* van die twintigste eeu gevolg. Geleerdes van verskillende tradisies het gepoog om die wortel van Christelike aanbidding na te vors ten einde die orde van aanbidding en die belang van aanbidding in die lewe van die kerk beter te verstaan en om toepaslike gebede en simbole vir die aanbiddingslewe van hedendaagse gemeenskappe daar te stel (Falconer, 2003:144). Ook in Suid-Afrika het hernieude studies in gereformeerde aanbidding gevolg, wat, volgens Burger (2003:167), tot twee skynbaar teenstrydige tendense gelei het. Aan die een kant is daar 'n oplewing van evangeliese spiritualiteit beïnvloed deur Amerikaanse neo-evangelicalisme en kontak met sommige van die mega-kerke in die Verenigde State. Aan die ander kant is daar 'n poging om die tradisionele liturgie te verryk en te vernuwe deur meer gebruik te maak van die liturgiese tradisie van die vroeë kerk.

Veral in Suid-Afrika, en in Afrika, kan hierdie hernieude denke en belangstelling in die liturgie 'n groot rol speel. Daarom dat De Klerk (2002:53) tereg opmerk dat "*(l)iturgie 'n sterk uitwerking op die visie, strewe en hoop van die Afrika-mens (het).*" In 'n land van verskeie kulture kan die erediens 'n belangrike saambindende en transformerende rol speel, deur die eenheid (op grond van Bybelse beginsels) te midde van die verskeidenheid (multikulturaliteit) te beklemtoon, maar ook om die verskeidenheid van beginselvaste liturgiese handelinge te gebruik om die verskillende liturgieë te verryk. Wat die beginsels vir só 'n atmosfeer in die erediens is en moontlike praktiese riglyne in die verband, is die onderwerp van hierdie studie.

# 2

# DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

## 1 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die doelstelling van die voorgestelde navorsing is om te bepaal wat die rol van atmosfeer in die erediens is, met spesifieke verwysing na hoe dit in die praktyk in die kerke in Suid-Afrika toegepas kan word.

Om hierdie doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1. 'n Oorsig oor en bespreking van die betekenis van die atmosfeer in die erediens
2. 'n Kritiese sintese van die basisteorie met inligting uit naasliggende wetenskappe
3. 'n Empiriese ontleding van die situasie in die praktyk
4. Kritiese sintese van die gegewens ten einde 'n nuwe of verstelde praktykteorie daar te stel

## 2 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat atmosfeer 'n noodsaaklike element in die erediens is, en dat dit in die praktyk van die kerk bewerk moet en kan word.

# 3

# METODE EN RAAMWERK

## 1 METODE

In die metode van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 en verder) vir die Praktiese Teologie ontwerp het.

'n Basisteorie word gevorm deur 'n eksegetiese ondersoek na Paulus se riglyne vir die erediens in 1 Korintiërs 11-14, eksegetiese nagaan van wat die res van die Skrif openbaar oor atmosfeer en samekomste en 'n historiese ondersoek na die bloei en verval van atmosfeer in die erediens in die hoogtepunte van die kerkgeskiedenis.

'n Metateorie word gevorm deur die gevolgtrekkings uit die basisteorie in wisselwerking te plaas met naasliggende wetenskappe, soos die kommunikasiekunde, kognitiewe wetenskappe, musiek en argitektuur.

Hierna word die praktyk in verskillende tradisies, soos Rooms Katoliek, Pentekostalistiese en Gereformeerde deur middel van 'n empiriese studie ontleed, ten einde 'n blik op die situasie in die Suid-Afrika vandag te verkry. 'n *Kwalitatiewe* metode word gevolg, waar gestruktureerde onderhoude met willekeurig gekose respondente gevoer word (vergelyk Heitink, 1993:229).

Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstelde teorie. Sodoende word vanuit die refleksiedomeine van basisteorie, metateorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (Venter, 1992:42-44; 1996:198-200; Heyns, 1990:38-39).

# 2 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofindeling word gebruik:

**DEEL 1: INLEIDING**

1. Probleemstelling
2. Doelstellings en doelwitte
3. Raamwerk en metode

**DEEL 2: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS**

4. Perspektiewe vanuit 1 Korintiërs 11-14
5. Perspektiewe vanuit die res van die Skrif
6. Perspektiewe vanuit die geskiedenis
7. Samevattende basisteoretiese beginsels

**DEEL 3: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS**

8. Perspektiewe vanuit ander wetenskappe
9. 'n Empiriese ontleding van die huidige situasie in Suid-Afrika

**DEEL 4: PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE**

10. Praktykteoretiese riglyne vanuit die wisselwerking tussen die basisteorie en metateorie
11. 'n Model vir atmosfeer in die erediens

**DEEL 5: SAMEVATTING**

12. Samevatting
13. Gevolgtrekking

Hierna volg:

- Opsomming
- Abstract
- Sleutelterme
- Bibliografie

# 3 BIBLIOGRAFIESE OPMERKINGS

- Waar na geslag verwys word, word, waar van toepassing, beide geslagte bedoel. Daarom word hy (in plaas van hy/sy) en sy (in plaas van hom/haar) konsekwent gebruik.
- Alle Afrikaanse aanhalings uit die Bybel kom uit die nuwe Afrikaanse vertaling (Bybel, 1983), tensy anders aangedui.
- Alle Griekse aanhalinge kom uit die Nestle Aland 26e uitgawe Griekse Nuwe Testament (Aland, 1983).
- In hierdie studie word die term 'Gereformeerd' deurgaans gebruik om te verwys na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, terwyl 'gereformeerd' gebruik word om te verwys na die reformatoriese tradisie in die algemeen.
- Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word afgekort as GKSA.
- Die bronverwysings geskied volgens die Harvardstyl, soos deur die Senaat van die PU vir CHO aanbeveel (sien Van der Elst & Van der Walt, 1998). By die gebruik van elektroniese bronne, soos kompakskywe (CD-ROM), word slegs die outeur en jaar in die studie aangedui. Die volle besonderhede van die bronne verskyn in die Bronnelys.

# DEEL 2

## basisteoretiese perspektiewe op atmosfeer in die erediens

4

# PERSPEKTIEWE VANUIT 1 KORINTIËRS 11-14

## 1 INLEIDING

1 Korintiërs 11-14 handel oor die kerk in aanbidding (Quast, 1994:67) en is daarom van besondere belang vir atmosfeer in die erediens. Wanneer hierdie hoofstukke ondersoek word, word dit algaande duidelik hoedat nie alleen die erediens as geheel nie, maar ook besondere elemente in die erediens ter sprake kom (Du Rand, 1993). Hoewel 1 Korintiërs oor baie meer as net die erediens gaan, handel Paulus meer as een keer regstreeks oor die erediens en word dit algemeen aanvaar dat 1 Korintiërs 11-14 sterk op die erediens toespits (Lloyd-Jones, 1974:8). Dit druis dus nie teen die bedoeling van 1 Korintiërs in om te luister na wat die Woord in hierdie gedeelte oor die erediens spesifiek sê nie (De Klerk, 1987:48).

In hierdie hoofstuk gaan dié besondere gedeelte in diepte bestudeer word. Nadat die agtergrond van die brief (1 Korintiërs) vanuit die literatuur kortliks bespreek is, gaan die gedeelte self deur middel van eksegetiese ondersoek en literatuurstudie aan die orde kom. Uiteindelik word die resultate in enkele basisteoretiese beginsels vir atmosfeer in die erediens saamgevat.

# 2 DIE STAD KORINTE

## 2.1 GESKIEDENIS

In 146 voor Christus het die oprukkende leërs van die uitbreidende Romeinse ryk die stad Korinte verwoes. 'n Eeu later, in 44 voor Christus, het Julius Caesar die stad herbou en bevolk met vrygelate Romeinse soldate en hulle slawe (Quast, 1994:19). Dit het daartoe gelei dat Korinte 'n Romeinse voorkoms gehad het, regeer deur 'n Romeinse vorm van regering met Romeinse amptenare en dat die stad bevolk sou wees deur Romeine (Witherington, 1995:6). Van toe af het die stad 'n bloeityd beleef sodat dit in die eerste eeu na Christus gereken is tot een van die vernaamste stede van die Romeinse ryk (Groenewald, 1967).

Korinte is verklaar tot die hoofstad van Agaje en was die woning van die Romeinse prokonsul vanaf ongeveer 29 voor Christus (Soards, 1999:4). Teen die tyd dat Paulus die stad besoek was dit reeds twee-en-'n-half keer so groot soos Athene (Stambaugh & Balch, 1986:157). Dit was die mees belangrike administratiewe en besigheidsentrum in Griekeland.

## 2.2 LIGGING

Korinte is gunstig geleë naby die ongeveer vyf kilometer breë landengte wat skeiding maak tussen die Ioniese See aan die westekant en die Egeïese See aan die oostekant. Gevolglik word Korinte 'n deurgang tussen Ooste en Weste in die ruimste sin van die woord. Die verteenwoordigers van die handel, met hulle verhandelbare goedere en slawe, die draers van allerlei godsdienste, die verkondigers van nuwe filosofieë en die Romeinse leërs wat kom en gaan ontmoet almal mekaar in Korinte. Ryk handelslui het hulle hier gevestig en hulle duisende slawe met die karweiwerk laat swoeg. Afgesien hiervan was die stad ook bekend vir die tweejaarlikse Istmiese spele, as teenhanger van die Olimpiese spele. Hierop sinspeel Paulus in 1 Korintiërs 9:24–27.

## 2.3 BEVOLKING

Julius Caesar het Korinte bevolk met 'n internasionale mengsel van vry mense, waarvan baie slawe was van om die Middellandse See – veral Griekeland, Sirië, Palestina en Egipte – wat vrygelaat is as beloning vir militêre diens (Soards, 1999:4). Tog was die grootste gedeelte

Romeinse oorlogsveterane wat beloon is vir jare van diens. Daar was sommige Grieke wat in en om Korinte in die ruïnes bly leef het, maar toe die kolonie eers gevestig is, is hulle as residente vreemdelinge (*incolae*) beskou, terwyl die koloniste en hulle afstammelinge as burgers (*cives*) gereken is (Witherington, 1995:7). Verder was baie van dié wat gewerf is om Korinte te koloniseer gewerf uit die stedelike armes van Rome (Horsley, 1998:23).

## 2.4 GODSDIENS

Tempels het verrys vir 'n hele reeks gode en godinne, waaronder die vernaamste die groot Afrodite-tempel was, geleë bo-op die berg, die Akrokorinte, wat die middelpunt van die godsdienstige lewe van die stad was (Groenewald, 1967). Dit word bereken dat in een stadium ongeveer 'n duisend religieuse prostitute aan die tempel van Afrodite alleen verbonde was. Nie net het sy 'n tempel op die Akrokorinte gehad nie, maar ook een in die stad self en een in die hawe Kenchreë (Stambaugh & Balch, 1986:158). Afrodite was die godin van liefde, skoonheid en vrugbaarheid (Witherington, 1995:14).

Van die vernaamste gode wat in Korinte aanbid is, was volgens Quast (1994:21):

- EROS: die seun van Afrodite en die god van passie. In die Romeinse pantheon staan hy as Kupid bekend.
- ARTEMIS: die godin van die jag en die koningin van die wilde diere. Hoewel sy 'n maagd was, was sy die godin van vrugbaarheid en geboorte. In Rome is sy Diana genoem.
- APOLLO: Die seun van Zeus en Artemis se tweelingboetie. Hy was 'n jagter, geneser, musikant, herder en profeet. Sy seun Asklepius het die god van genesing geword.
- ASKLEPIUS: die god van genesing. Volgens verskillende mites is die godin van gesondheid, Hygieia, óf Asklepius se vrou óf sy dogter. Sy is ook in Korinte aanbid.
- POSEIDON: die god van die see. Vir 'n hawestad soos Korinte was hy 'n sentrale figuur. Die Istmiese Spele is in sy eer gehou.
- MELICERTES: die seun van Poseidon. Hy is die beskermgod van die seelui. Die hawes van Korinte het altare gehad waar seelui kon offer vir 'n veilige reis.

Ander belangrike gode was die godin Hera Argaea, die godin van die huwelik en veral van die seksuele lewe van vroue en die god Tiche, die god van toeval of geluk (Witherington, 1995:15-16).

Vanselfsprekend het hierdie heidense godsdienstige gebruike, en ook die tallose plekke van vermaak vir besoekers en inwoners, 'n uiters negatiewe uitwerking op die moraliteit van die stad gehad. Die stad se naam is in so 'n mate verbind met die immoraliteite waarvoor hy bekend geword het, dat die segswyse: "om te Korintiseer" ontstaan het. Hiermee is bedoel: om mee te doen aan die onsedelike praktyke waarvoor Korinte bekend is (Alexander, 1977).

# 3 DIE BRIEF 1 KORINTIËRS

## 3.1 AANLEIDING TOT DIE BRIEF

1 Korintiërs het sy ontstaan te danke aan sekere probleemsituasies binne die gemeente wat Paulus wou regstel en aan spesifieke vrae wat die Korintiërs weer op hulle beurt aan die apostel gestel het om meer duidelikheid oor hulle optrede as gelowiges te kry (Lategan, 1984:64). Uit die brief self kan ons vasstel wat die aanleidende oorsake was vir die skryf van hierdie brief. Daar is drie dinge wat hierin 'n rol gespeel het.

1. Paulus het reeds voorheen 'n brief aan die gemeente gerig waaroor daar, ten minste wat een punt betref, misverstand ontstaan het, (1 Korintiërs 5:9vv.). Hierdie brief het nie bewaar gebly nie. Wat dus daarin gestaan het en hoedanig die misverstand was, is nie duidelik nie. Paulus was egter hiervan bewus, hoewel hy dit skynbaar nie as so belangrik beskou het dat hy spesiaal oor die een kwessie moes skryf nie. Toe ander kwessies opduik en 'n skrywe noodsaaklik raak, het hy ook hierdie misverstand probeer opklaar.
2. Sekere berigte het Paulus in Efese bereik aangaande misstande in die gemeente. Van die huisgenote van Chloë het hy verneem van die partyskappe en dreigende skeuring (1 Korintiërs 1:10–12). Hierdie toedrag beskou die apostel as van die grootste gevaar vir die eenheid van die gemeente. Voorts het hy in gesprekke met drie afgevaardigdes van die gemeente verneem van 'n geval van openlike ontug waarteen die gemeente versuim het om op te tree (1 Korintiërs 5) en van hofsake voor heidense regters (1 Korintiërs 6). Moontlik het hulle ook vertel van sommige wat die opstanding van die dooies verwerp (1 Korintiërs 15). Hierdie dinge raak die bestaan en die welsyn van die gemeente en moet daarom sonder versuim reggestel word.
3. Die jong gemeente moes 'n Christelike leefwyse ontwikkel binne die heidense omgewing waarin hulle geplaas was. Hulle het noodgedwonge daagliks allerlei kontakte met die heidendom, waaruit hulle self afkomstig was, gehad. Telkens word hulle in situasies geplaas waarin hulle in teenstelling met die heidense handelwyse Christelik moet handel.

Hieruit ontstaan vrae waarop hulle nie self 'n antwoord gehad het nie. Daarom skryf hulle 'n brief aan die apostel om sy voorligting te vra ten opsigte van sake rakende die huwelikslewe (1 Korintiërs 7); die eet van vleis aan afgode geoffer (1 Korintiërs 8–11); die besondere genadegawes van die Gees (1 Korintiërs 11–14); en 'n moontlike besoek van die apostel, asook inligting oor Apollos (1 Korintiërs 16:5–12).

Ten einde op al hierdie dinge in te gaan, en met die apostoliese gesag wat aan hom toevertrou is, voorligting te gee, skryf die apostel sy tweede brief aan die Korintiërs, dit is die brief bekend as 1 Korintiërs.

## 3.2 STRUKTUUR VAN DIE BRIEF

Omdat hierdie brief geskryf is as antwoord op 'n brief van die gemeente in Korinte, sowel as inligting wat Paulus uit persoonlike kontak ingewin het (vgl 3.1 hierbo), word 'n groot verskeidenheid van temas in die brief aangespreek en vertoon 1 Korintiërs formeel gesproke nie 'n streng geslote opbou nie. Na gelang van die sake wat ter sprake kom, kan ons die brief in ses hoofdele onderverdeel:

1. Oor die partyskappe: 1:10-4:21;
2. oor sekere sedelike misstande: 5:1-6:20;
3. oor vrae deur die gemeente aan die apostel gestel: 7:1-11:1;
4. **OOR SAKE RAKENDE DIE GOEIE ORDE IN DIE GEMEENTE: 11:2-14:40;**
5. oor die opstanding van die dode: 15:1-58;
6. en sekere persoonlike mededelinge: 16:1-24 (Groenewald, 1967) (Beklemtoning – WL).

Sekere gebruike of verskynsels, wat hoofsaaklik met die erediens verband hou, het in die gemeente begin voorkom en die goeie orde versteur. Daaromtrent het die gemeente die apostel geraadpleeg en gee hy nou sy voorskrifte.

### 3.3 DIE PLEK VAN 1 KORINTIËRS 11-14 IN DIE BRIEF

In 1 Korintiërs 11-14 skryf die apostel Paulus oor probleme met betrekking tot die erediens. Duidelike merkers is die verwysing na die saamkom (συνέρχομαι) van die gemeente in 1 Korintiërs 11:17, 18, 20 en 33. In vers 17, 18 word die saamkom gekoppel aan die groot probleem van verdeeldheid in die gemeente, waaraan Paulus nie net die eerste drie hoofstukke wy nie maar wat telkens weer in die brief opduik. Die saamkom met die Nagmaal toon die negatiewe van die verdeeldheid in die gemeente duidelik aan. Dit gaan by die saamkom egter om meer as die Nagmaal, want Paulus praat van 'n byeenkoms in die gemeente (ἐν ἐκκλησίᾳ). In 14:23 - 26 kom Paulus weer op die saamkom van die gemeente terug, sonder 'n verwysing na die Nagmaal. Die deel begin dus met die gedagte van saamkom en eindig in hoofstuk 14 weer daarmee. Die afleiding is dus dat Paulus in hoofstuk 11-14 hoofsaaklik (nie uitsluitlik nie) hom besig hou met die saamkom van die gemeente en dat hy telkens toespits op een of ander aspek wat met die saamkom van die gemeente in verband staan.

# 4 1 KORINTIËRS 11-14

### 4.1 INDELING

In hoofstuk 11-14 hanteer Paulus probleme binne die gemeentelike erediens (Wolmarans, 1999:1512) en daarom is dit vir hierdie studie belangrik en word dit vervolgens in meer besonderhede bespreek. Eers word twee misstande in die gemeente bespreek (11:2-34), naamlik die gedrag van vroue (11:2-16) en onreëlmatighede by die gemeenskaplike maaltye waar die Nagmaal ook gevier word (11:17-34). Vanaf hoofstuk 12-14 kom die besondere genadegawes van die Heilige Gees ter sprake. Paulus behandel die Gees en Sy gawes (12:1-11); die beeld van die liggaam met sy verskeidenheid van lede (12:12-31); die liefde as uitnemende gawe word in 'n verhewe lied besing (13:1-13); die onderskeie betekenis van die profesie en die glossolalie word daarna breedvoerig bespreek en sekere praktiese voorskrifte gegee, sodat in die samekoms van die gemeente alles ordelik kan geskied (14:1–40) (Groenewald, 1967). Dit gaan dus in 1 Korintiërs 11-14 om die opbou van die gemeente in leer en lewe en die sentrale rol wat die erediens hierin speel.

## 4.2 1 KORINTIËRS 11:2-16 – DIE GEDRAG VAN VROUE IN DIE GEMEENTE

### *4.2.1 Inleiding*

Die gedeelte begin waar Paulus die Korintiërs prys dat hulle vasgehou het aan die leer wat hy aan hulle oorgedra het (11:2). In hierdie konteks verwys Paulus waarskynlik na die situasie waar beide mans en vroue vry is om in die erediens te bid en profeteer (11:5). Dit blyk egter dat Paulus nie tevrede is met wat die Korintiërs met hierdie leer gemaak het nie (Horrell, 1996:169). In 11:2-16 wil hy 'n regstelling maak aan hulle huidige praktyk deur die instelling van 'n nuwe lering ("Θέλω δὲ ὑμᾶς εἰδέναι ὅτι ... " 11:3). In hierdie gedeelte is twee sake aan die orde: vroue se dra van hoofbedekkings en mans se *nie*-dra van hoofbedekkings

### *4.2.2 Vroue en hoofbedekkings*

In 1 Korintiërs 11:2-16 sê Paulus dat 'n vrou 'n hoofbedekking in die erediens moet dra as teken van respek vir en erkenning van die man se gesag oor haar. As sy dit nie sou doen nie, kon sy net sowel haar hare afskeer (11:6). Die vraag is nou waarom daar vroue was wat nie hoofbedekkings in die erediens wou dra nie. Dit mag wees dat hulle libertyne was, met ander woorde vroue wat vanweë omstandighede teen die manlike gesag gerebelleer het (Lenski, 1963:429). Tog kan die probleem ook in terme van twee aspekte verklaar word: openbare en private ruimtes en die gelykheid van die geslagte voor Christus teenoor die skeppingsverskille tussen die geslagte.

#### 4.2.2.1 Openbaar of privaat?

In die *privaatheid* van haar huis was dit nie vir die vrou nodig om 'n hoofbedekking te dra nie. (Hoofbedekkings moet in alle geval nie met ons hoede verwar word nie. Baie antieke vroue het hoofversierings gedra wat aan die hedendaagse hoed herinner. Daar bo-oor is die hoofbedekkings, waarvan Paulus praat, dan gedra (Malina, *et al.*, 1997)). As sy egter buite die huis in die *openbare ruimte* in beweeg het, was dit vir haar nodig om 'n hoofbedekking te dra.

Paulus sê in 1 Korintiërs 16:19 dat die gemeente in huise bymekaar gekom het (sien ook Romeine 16:5; Handelinge 20:8), miskien so ongeveer drie gesinne in 'n huis (Malina, *et al.*, 1997) en aangesien die huis die terrein van die vrou was, kon sy hier sonder 'n sluier (hoofbedekking) loop. Die *private area* van die huis verander egter as gevolg van die

gemeentebyeenkoms in 'n *openbare area* waar daar aanbid is (Dunn, 1995:75) en volgens 1 Korintiërs 14:23 kon daar ook ter eniger tyd vreemdelinge in die huise inkom. In *openbare areas* moes vroue sluiers dra. Vroue wat in openbare areas nie sluiers gedra het nie, is gewoonlik as prostitute beskou. Prostitute is dikwels ook gestraf deur hul hare af te sny. Dit was vir 'n vrou van daardie tyd 'n groot skande.

Wat het nou in die gemeente gebeur? Die vroue was gewoond om nie in die huise sluiers te dra nie. Met die samekomste van die gemeente het die huis egter in 'n *openbare plek* verander. Wat sou 'n persoon wat daar inkom en al die vroue sonder sluiers in die openbare samekoms sien, nie alles daaruit kon aflei nie? Dan kon die vroue mos maar net sowel hulle hare afsny. Daarom vra Paulus die vroue van die gemeente om in die samekoms, al is dit in hul eie huise, tog maar 'n sluier te dra.

### *4.2.3 Mans se nie-dra van hoofbedekkings*

Die Romeinse gebruik was dat mense (mans en vroue) tydens offerandes aan hul gode hoofbedekkings gedra het (Witherington, 1995:232). So 'n hoofbedekking was nie die algemene vorm van kleding wat mense wat die offer bywoon gedra het nie, maar slegs van dié wat 'n aktiewe deel daaraan gehad het (Gill, 1990:248). Die gebruik onder die Grieke was om nie hulle hoofde te bedek nie, terwyl die Romeine dit wel gedoen het (Keener, 1997). Omdat Korinte, hoewel in Griekeland geleë, hoofsaaklik 'n Romeinse bevolking gehad het, mag dit daarom wees dat daar mans in die gemeente in Korinte was wat die Romeinse gebruik voortgesit het en in die gemeente hoofbedekkings gedra het. Hier gaan Paulus dus teen die algemene praktyk van die tyd in deur te sê dat mans nié hoofbedekkings in die erediens moet dra nie.

### *4.2.4 Die boodskap van 1 Korintiërs 11:2-16*

In 1 Korintiërs 11:2-16 gaan dit nie vir Paulus oor gesag of onderdanigheid nie, maar oor voorkoms in aanbidding (Horrell, 1996:175). Die boodskap van 1 Korintiërs 11:2-16 is dat mans en vroue gelyk, maar verskillend is en dat hulle van mekaar en uiteindelik van God afhanklik is.

4.2.4.1 Gelyk en verskillend

Die vryheid wat die gelowiges in Christus vind, was vir die Korintiërs 'n heerlike ervaring. Maar hulle is onmiddellik in allerlei omstandighede geplaas waar hulle moes besluit hoe om die vryheid aan te wend. Tot hiertoe in sy brief het die apostel daaromtrent voorligting gegee en daarop aangedring dat die vryheid in bepaalde situasies nie gebruik moes word nie, sodat alles tot eer van God kan geskied.

Vir die vroue in die gemeente het die vryheid in Christus die begin beteken van 'n hele sosiale emansipasie, soos dit in daardie tyd ongekend was. Voor Christus was hulle gelyk met hulle mans (vergelyk Galasiërs 3:28: "*Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één*") en hulle wil dan ook gelykop met die mans 'n aandeel neem in die aktiwiteite van die gemeente. Daaruit ontstaan wrywing.

Paulus moedig die gemeente dus aan om die kulturele konvensies van voorkoms wat onderskeid tussen die geslagte maak, te onderhou (Quast, 1994:68). Hy beroep hom op die twee skeppingsverhale in Genesis om sy argument dat vroue nie soos mans moet lyk nie, te staaf. Mans en vroue is albei na die beeld van God geskape (Genesis 1:27), maar die vrou is uit die man geneem (Genesis 2:23). Paulus kombineer hierdie twee verhale deur te sê dat die man "is die beeld en sieraad van God, maar die vrou is die sieraad van die man" (1 Korintiërs 11:7). Respek vir die verskille tussen mans en vroue erken die volgorde van die skepping. Dit eer God, die uiteindelike bron van die skepping (Quast, 1994:69). Paulus se doel is dus die daarstelling van die gepaste onderskeid tussen mans en vroue en nie die voorrang of gesag nie – vroue moet gevolglik bid en profeteer as vroue en mans as mans (Horrell, 1996:173). Aanbidding is die daad van God loof en prys vir wie God is, wat terselfdertyd inhou dat mense herken en erken dat hulle mense onder God en in Christus is (Witherington, 1995:236-237).

4.2.4.2 Mans en vroue

1 Korintiërs 11:11 en verder maak dit duidelik dat mans en vroue interafhanklik is en nie onafhanklik nie en dat almal uiteindelik van God af kom. Mans en vroue deel 'n horisontale afhanklikheid van mekaar en 'n vertikale afhanklikheid van God (Witherington, 1995:238). Ook in die erediens moet hierdie twee dimensies na vore kom.

4.2.4.3 Orde in die erediens

Uit 1 Korintiërs 11:2-16 is dit duidelik dat 'n erediens nie maar net 'n losse byeenkoms is waar enigiets kan gebeur op enige manier sonder enige orde of standaarde nie. Hoewel gelowiges in Christus vry is, is hierdie vryheid gekoppel aan orde en standaarde.

### *4.2.5 Gevolgtrekking*

In die aanbidding is dit belangrik om die samelewingsnorme in ag te neem, hoewel die verhouding met God, soos dit vergestalt is in die skepping, voorrang moet geniet. Daarom is nie net wat gedoen word (gebed en profesie in 1 Korintiërs 11:2-16) belangrik nie, maar ook hoe dit gedoen word (met of sonder hoofbedekkings in 1 Korintiërs 11:2-16). Uiteindelik moet alles tot eer van God geskied.

Uit 1 Korintiërs 11:2-16 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Aanbidding in die erediens, of dit deur 'n man of 'n vrou is, moet tot eer van God geskied.
- In die erediens moet die algemeen aanvaarde samelewingsnorme sover moontlik gehandhaaf word.
- Tog is die erediens nie bloot net 'n sosiale byeenkoms nie en daarom moet die Bybelse voorskrifte voorrang geniet.
- Die atmosfeer moet ruimte skep vir deelname ongeag van geslag of enige ander onderskeid.
- 'n Erediens is nie 'n onordelike byeenkoms nie.

## 4.3 1 KORINTIËRS 11:17-34 – ONREËLMATIGHEDE BY DIE NAGMAAL

### *4.3.1 Inleiding*


In 1 Korintiërs 11:17-34 spreek Paulus sy kommer uit oor die viering van die Nagmaal in die gemeente van Korinte en die verdeeldheid wat dit veroorsaak nadat berigte hom hieroor bereik het (11:18). Hoe moeilik dit ook is om te dink dat die Nagmaal verdeeldheid kan veroorsaak, glo hy dit gedeeltelik en daarom spreek hy dit in hierdie gedeelte aan. Veral twee sake kom aan die orde: die onderlinge verdeeldheid in die gemeente tydens die Nagmaalviering en die verkeerde motiewe by die gebruik van die Nagmaal.

### *4.3.2 Onderlinge verdeeldheid*

1 Korintiërs 11 gaan nie net om 'n byeenkoms wat "in die gemeente" plaasvind nie, maar om 'n geleentheid waar hulle "as gemeente" saam is, dit wil sê as diegene wat deur die Here uit die wêreld tot redding geroep is en nou in die hoedanigheid as saamgeroepenes van Christus byeen is (Groenewald, 1967). Paulus kom in 1 Korintiërs 14:23-26 terug op die "saamkom" (συνέρχομαι) van die gemeente, wat dus daarop dui dat Paulus in 1 Korintiërs 11-14 hoofsaaklik met die saamkom van die gemeente besig is en dat hy hom telkens toespits op een of ander aspek wat met die saamkom van die gemeente in verband staan (De Klerk, 1987:57).

Kenmerkend van die saamwees as gemeente sal hul eensgesindheid in die diens van God en hul onderlinge verbondenheid in die liefde wees. In die vroeë kerk het die gemeentes in die huise van welaf gashere bymekaar gekom vir die gemeenskaplike maaltye (Quast, 1994:72). Elke persoon het voedsel en drank saamgebring om dit met mekaar te deel. Gedurende hierdie "liefdesmaaltye" (Judas 12) het die gelowiges die Nagmaal gevier met simboliese woorde en dade. Die hele geleentheid was 'n viering van die eenheid met Christus en, deur Hom, met mekaar. Maar juis hier kom skeuringe in Korinte voor – Paulus noem dit "partyskappe" (v.19).

Hierdie skeuringe is veroorsaak deur die meer welaf lede van die gemeente wat die *agapé*-maaltyd, waarbinne die Nagmaal plaasgevind het, soos 'n private eetpartytjie hanteer het, moontlik soos 'n banket met 'n drinkpartytjie (*convivum*) daarna (Witherington, 1995:241). In plaas van vir die minder bevoorregte naaste ruimte te maak aan die gemeenskaplike tafel of 'n bietjie te wag tot almal teenwoordig is (vergelyk 11:33), is daar groepies wat hulle afsonder en haastig hulle eie maaltyd eet (11:21). Met meer vrye tyd tot hulle beskikking het die rykes vroeër bymekaar gekom as wat die slawe en vrygelatenes, wat langer ure gewerk het, dit kon doen (Quast, 1994:72). So het die maaltyd vir die bevoorregtes in die eetkamer (*triclinium*) begin voordat die res van die gemeente teenwoordig was. Dié wat laat kom het met hulle karige bydraes gekom net om die vroegkommers versadig en dronk te vind. Die kerk se viering van die Nagmaal is dus nie meer 'n geleentheid vir herinnering en feesviering nie. In 1 Korintiërs 11:20-21 beklemtoon Paulus dat elkeen sy ***eie*** maaltyd eet ("ἕκαστος γὰρ τὸ **ἴδιον** δεῖπνον προλαμβάνει ἐν τῷ φαγεῖν"). In plaas daarvan dat die Nagmaal 'n eenheidsmaal is waar almal hulle kos met mekaar deel en saam eet, eet elkeen sy *eie* kos, sonder om iets vir die ander te gee. Die Nagmaal bring gevolglik verdeeldheid in plaas van eenheid.




*Huis in Korinte*

*(Quast, 1994:73)*

Witherington (1995:29) argumenteer dat die gashere (welgestelde burgers wat hulle eie huise gehad het) dalk net die normale gebruike gevolg het deur ryk handelaars in die gemeente in een vertrek met een tipe kos te bedien en die armes en slawe iewers anders met die oorblyfsels. Omdat die eetkamer (*triclinium*) van die gemiddelde huis van daardie tyd net plek vir 9 tot 20 mense gehad het, het dit daartoe gelei dat daar 'n oorvloei na die binneplein (*atrium*) was. Die probleem was dat die ryk huiseienaar en gasheer die verdeling op grond van sosiale status gedoen het en dan verskillende kos op verskillende tye aan die verskillende lokale bedien het. Dit is dus nie 'n eenheidsmaaltyd van die Here, soos dit bedoel is om te wees nie, maar 'n hele reeks eie maaltye (Lenski, 1963:459). Die gevolg was dat sommige niks gekry het om te eet nie, terwyl ander hulle te buite gaan (11:21). Die sosiale verskille in die gemeente is sodoende oorbeklemtoon en vererger. Met so 'n manier van maaltyd hou kom daar van die gemeenskap en van die liefde niks tereg nie. Op dié manier het die saamkom en -eet eerder die gemeente benadeel as opgebou (Postma, 1993).

Paulus verwag dat die Christelike maaltyd meer demokraties sal wees. Hy probeer 'n Christelike gebruik daarstel wat anders is as die gebruike van gewone maaltye en is ontstel dat sommige Korintiërs die *agapé* hanteer soos 'n gewone banket. Hy wil onderskeid maak tussen die maaltye wat 'n mens in jou eie huis het en die maaltye in die gemeente, maak nie saak waar

hulle bymekaar kom nie. Dit gaan nie oor 'n heilige ruimte nie, maar oor 'n heilige tyd en geleentheid (Witherington, 1995:242). Paulus praat nie van heilige geboue nie, maar van heilige persone en heilige geleenthede wanneer sulke mense bymekaarkom vir aanbidding en gemeenskap. Hierdie geleenthede moet gereguleer word deur heilige tradisies, in hierdie geval die Nagmaal. Die Nagmaal is bedoel as 'n sakrament van horisontale en vertikale gemeenskap en nie as 'n inlywingsrite nie.

Om maar net bymekaar te kom om te eet is nie om Nagmaal te vier nie. Die eenheid in die gemeente moet baie sterk deur die Nagmaal gewys en gebou word.

### *4.3.3 Verkeerde motiewe tydens die Nagmaalviering*

As Paulus sê dat niemand die Nagmaal op 'n *ongepaste* manier mag gebruik nie, verwys hy nie net na sommiges wat groepe gevorm het om slegs saam te eet nie, maar ook na gelowiges wat eenvoudig deel daaraan gehad het sonder om oor die volle betekenis van die simbole na te dink (Du Rand, 1998). 1 Korintiërs 11:23 maak dit duidelik dat die tradisie van die Nagmaal 'n historiese geheue het, wat die Nagmaal onmiddellik onderskei van alle heidense herinneringmaaltye. So was dit nie ongewoon in die eerste eeu na Christus vir hulle wat dit kon bekostig om in hulle testament geld en voorwaardes te laat vir 'n jaarlikse herinneringfees in hulle eer nie (Witherington, 1995:250). Die Korintiërs kon die Nagmaal as so 'n begrafnismaal gesien het. Maar die tradisie soos Paulus dit aan hulle bring wys dat wat Jesus tydens die instelling van die Nagmaal gedoen het, nie die instelling van begrafnisrites was nie. Die herinnering tydens die Nagmaal is nie 'n geleentheids-, miskien jaarlikse, herinneringsmaal vir Jesus nie, maar bevat ook die positiewe verkondiging van die gestorwe, maar opgestane Here. Dit herinner verder aan wat Hy vir gelowiges gedoen het deur sy dood en opstanding en van sy dood "totdat Hy kom" (11:26). Dit kyk nie net na die verlede nie, maar ook na die verlede en toekoms (Quast, 1994:74).

Paulus stel dit ook dat as dit vir die lidmate bloot sou gaan om die eet en nie ook om die gemeenskapsbeoefening nie, hulle maar liewer by die huise moes eet (11:22). Ook kan die Nagmaalsviering nie volg op so 'n groepvorming by die liefdesmaaltyd nie. Paulus gee toe dat verskil van opvatting in die gemeente ook nodig is sodat die standvastiges onderskei kan word, maar groepvorming openbaar gebrek aan eerbied vir die gemeente van God (11:19).

Om net 'n maaltyd te hê en dit Nagmaal te noem is nie genoeg nie – gelowiges moet weet wat hulle doen en hoekom hulle dit doen (11:28) en dit gevolglik reg doen. Die doel van die Nagmaal is nie maar net om iets fisies te eet of selfs om as gemeente saam te eet nie. Die Nagmaal is:

- 'n *gemeenskapsmaal* waar die gelowige gemeenskap met God en met mekaar beleef,
- 'n *herinneringsmaal* waardeur die gelowige herinner word aan Jesus Christus se dood en opstanding,
- 'n *verkondigingsmaal* wat Jesus Christus as Here verkondig aan almal teenwoordig,
- 'n *verbondsmaal* waardeur die verbond tussen God en die gelowige bevestig word,
- en 'n *verbintenismaal* waardeur die gelowige hom of haar tot gemeenskap met God en met mekaar verbind en tot 'n lewe dienooreenkomstig verbind.

### *4.3.4 Die boodskap van 1 Korintiërs 11:17-34*

Paulus spreek in hierdie gedeelte die Korintiërs se Nagmaalviering aan. In Korinte het die Nagmaal so verword dat daar nie meer sprake was van herinnering of van verbond of van verkondiging nie (Quast, 1994:74). In die praktiese inrig van die Nagmaal moet die doel en wese van die gemeente en die Nagmaal in ag geneem en verstaan word. Die eenheid in Christus en gelykheid voor God moet deur die Nagmaal gewys en verkondig word.

### *4.3.5 Gevolgtrekking*

Uit 1 Korintiërs 11:17-34 kan die volgende belangrike afleidings gemaak word:

- Simbole en simboliese handeling speel 'n kardinale rol in die erediens, op voorwaarde dat dit korrek begryp en gebruik word.
- Handelinge in die erediens moet verstaan en nie net gedoen word nie.
- Die atmosfeer in die erediens moet uitnodigend, verwelkomend en saambindend wees en nie skeiding en onderskeid bevorder nie.

## 4.4 1 KORINTIËRS 12:1-11 – EEN GEES EN 'N VERSKEIDENHEID VAN GAWES

### 4.4.1 *Inleiding*

1 Korintiërs 12 kan in drie verdeel word: verse 12-27 gaan oor die opbou van die kerk as liggaam van Christus, omraam deur liturgiese riglyne in verse 1-11 en weer in verse 28-31 (vergelyk Martin, 1984:5-31). Eers maak Paulus dit duidelik dat die gelowiges se gawes van die Heilige Gees kom en daarom anders is as die "gawes" in die heidense godsdienste (12:1-3). Dan stel hy dit dat die gemeente 'n eenheid deur die Heilige Gees is (12:4-6). In vers 7 wys Paulus daarop dat al die charismatiese gawes "tot voordeel van almal" gegee is en gebruik moet word vir die groei van die hele gemeente in gemeenskaplike begrip van God se wil (*koinonia*) (Martin, 1984:14). Die besondere vermoëns wat deur die Heilige Gees aan gelowiges gegee word, word geestelike gawes genoem. In vers 8-10 gee hy dan 'n lys van sodanige gawes. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie lys, soos die ander Nuwe Testamentiese lyste van gawes (1 Korintiërs 12:28, Romeine 12:6-8, Efesiërs 4:11, 1 Petrus 4:11), nie volledig is nie (Carson, 1987:35-36). Daardeur word die gelowige in staat gestel om diensbaar te wees binne die gemeente as die liggaam van Christus. Daar is talle gawes en verskillende mense het verskillende gawes ontvang; geen gawe is egter "meer werd" of "beter" as 'n ander nie. Almal kom van die Heilige Gees met die doel om die kerk, die liggaam van Christus, op te bou.

### 4.4.2 *Aanbidding deur die Heilige Gees*

Die beoefening van die gawes het aanleiding gegee tot misstande in die samekoms van die gemeente. Die vraagstuk moet gesien word teen die heidense agtergrond en omgewing van die gemeente (Quast, 1994:79). Van oudsher af het geesdrywery en opsweping van die menslike gees onder die Grieke voorgekom, veral tydens sekere godsdienstige feeste. Die gemeente wat uit hierdie heidense tradisie gestam het, het vanselfsprekend 'n hoë waarde geheg aan besondere uitinge van die Gees. Die gevaar was egter dat hulle nie goed onderskei het tussen heidense geesdrywery en die werkinge van die Heilige Gees nie. Dit het veral voorgekom dat hulle die spreek met tale (glossolalie) hoog geskat het as 'n bewys van die werking van die Gees. Die gevolg was dat wanordelikhede by die erediens voorgekom het. Nou wil die apostel dat hulle omtrent die regte toedrag nie onkundig moet wees nie (vergelyk by 10:1). Hy beskou die aangeleentheid van groot belang en wil die gemeente op so 'n wyse inlig dat hulle kundig sou wees in die onderskeiding van die geeste.

Hoewel Paulus hierdie dinge nie goedkeur nie, tree hy begrypend en ruimhartig op. Hy veroordeel hulle nie, maar wys wel 'n norm aan om te onderskei tussen die werkinge van afgodiese geeste en die Heilige Gees. By die aanwysing van so 'n maatstaf of norm word Jesus sentraal gestel (12:3). Hierop het die apostel reeds in 1 Korintiërs 1:23, 24 gesinspeel: "*Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin, maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.*" Nou word die teenstelling nog skerper gestel. Die Jesus-naam skei die mensheid in twee: diegene wat Hom verwerp met die uitroep: "Vervloek is Jesus" en diegene wat gelowig bely: "Jesus is Here". Die eerste uitroep is die voortbrengsel van die afgodsgeeste; laasgenoemde uitroep is ingegee deur die Heilige Gees.

Vir die gemeente in Korinte was die praat in tale 'n bewys van die werking van die Heilige Gees. Hier wys Paulus hulle daarop dat die kenmerk van die werk van die Heilige Gees die bring tot en uitspreek van die belydenis "Jesus is die Here" (Κύριος' Ιησοῦς) is. In die erediens is die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees deurslaggewend. Hierdie werking lei die aanbidder daartoe om tot 'n belydenisuitroep te kom en daaruit te aanbid – "Jesus is die Here!"

Terwyl hy nie die geldigheid van praat in tale verwerp nie, onderskei Paulus skerp tussen waansinnige ywer en ware aanbidding gelei deur die Heilige Gees (Quast, 1994:79). Agter die verskeidenheid uitdrukkings in Christelike aanbidding moet daar net een Gees met een doel wees (1 Korintiërs 12:4-7) (Horsley, 1998:167). Aanbidding, deur verskillende gawes, moet aanbidding deur *een* Gees, die Heilige Gees wees.

### *4.4.3 Aanbidding deur verskillende gawes*

Daar is 'n verenigde doel in die verskeidenheid van uitdrukkings van die Gees in die lewe van die kerk weens die Goddelike oorsprong van elke gelowige se gawe (Soards, 1999:256). Daarom is die verskillende gawes ook almal gelyk is. In die kerk in Korinte is die meer buitensporige gawes, soos praat in tale verhef en beklemtoon bo ander gawes. Paulus wil hierdie oorbeklemtoning korrigeer deur die gemeente daarop te wys dat al die gawes een oorsprong het (God) en daar is vir een doel, naamlik die opbou van die hele gemeente. Almal is daarom belangrik (Witherington, 1995:257).

In drie verse (4–6) wat parallel loop, wys hy op die verskeidenheid van werkinge wat almal uitgaan van die een drie-enige God—Vader, Seun en Heilige Gees. Omdat die besondere

genadegawes van die Gees aan die orde gestel is, begin hy by die Gees. Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar hulle gaan almal uit van dieselfde Gees (1 Korintiërs 12:4). Paulus praat van verdelinge van genadegawes, waarby hy daaraan herinner dat die gelowiges nie ewe goed bedeeld is nie, maar dat elkeen wel sy eie besondere gawes ontvang het. Omdat almal uit dieselfde Gees voortgekom het en daarom gekoördineerd moet saamwerk om die doel van die Gees in die gemeente te verwesenlik, kan dit nooit 'n botsende verskeidenheid wees nie (Carson, 1987:34). Die gawes, hoe verskillend ook al, vorm dus 'n eenheid op grond van hulle oorsprong sowel as hulle bedoelde werking.

Daar is verder 'n verskeidenheid van bedieninge en 'n verskeidenheid van werkinge in die gemeente (1 Korintiërs 12:5 en 6). Ook hierdie bedieninge het hulle oorsprong en doel in God en vorm dus 'n eenheid (Witherington, 1995:257). Paulus beklemtoon egter nie net die eenheid nie, maar ook die verskeidenheid.

### *4.4.4 Die boodskap van 1 Korintiërs 12:1-11*

Die aanbidding in die kerk in Korinte is deur nog verskeidenheid nog eenheid van doel gekenmerk. Deur al die verwarring het die meeste in die kerk dieselfde ding gedoen: wartaal gepraat (Quast, 1994:79). Tog het individue hulle eie agenda gevolg onbewus van die algemene orde en rigting van aanbidding. Paulus wil dus tegelykertyd hulle fokus verenig en hulle praktyk diversifiseer. Sy argument kan soos volg saamgevat word:

- Ware aanbidding vind plaas onder leiding van die Heilige Gees, wat die aanbidder tot belydenis in Jesus Christus bring.
- God is die *een* bron van al die gawes en bedieninge wat in sy kerk beoefen word.
- Daar is een *gesamentlike* doel. ("Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee *tot voordeel van almal*.") Geestelike gawes moet die aanbiddende gemeenskap as geheel opbou. Dit is belangrik om daarop te let dat die gebruik van die gawes 'n sterk pastorale dimensie het (*"tot voordeel van almal"*).
- God se Gees deel 'n *verskeidenheid* gawes uit om sy doel te bereik.

### *4.4.5 Gevolgtrekking*

Uit 1 Korintiërs 12:1-11 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Aanbidding moet deur die Heilige Gees wees.

- Die doel van aanbidding is die opbou van almal teenwoordig.
- Die erediens het ook 'n pastorale dimensie wat deur die atmosfeer ondersteun en uitgebou moet word.
- God gee verskillende gawes waardeur aanbidding tot sy eer en tot opbou van die gemeente moet plaasvind.

## 4.5 1 KORINTIËRS 12:12-31 – EEN LIGGAAM MET BAIE LEDE

### 4.5.1 *Inleiding*

In 1 Korintiërs 12:12-31 bou Paulus verder op die gedagtes van 1 Korintiërs 12:1-11, naamlik dat daar eenheid in verskeidenheid in die gemeente moet wees. Hy doen dit deur die beeld van die liggaam te gebruik. Hiermee laat hy die klem op 'n paar belangrike aspekte val:

- dat die gemeente aan Christus verbind is,
- dat daar 'n organiese eenheid in die gemeente is (en moet wees),
- dat die liggaam uit verskillende dele bestaan,
- dat Christus die hoof van die kerk is
- en dat die kerk 'n *lewendige* organisme is.

### 4.5.2 *Christus en sy liggaam*

Die beeld van die liggaam van Christus dui op die verbondenheid van die kerk aan Christus (1 Korintiërs 12:27). Die kerk staan met Hom verbonde in 'n korporatiewe eenheid. Hy het die kerk verteenwoordig in wat Hy vir die kerk gedoen het, en die kerk so by Hom geïnkorporeer (Robberts, 1988:306). Sy hele ligaam (die kerk) het saam met Hom vir die sonde gesterf en saam met Hom opgestaan uit die dood. Wat daar aan die kruis en in sy opstanding gebeur het, het ook met sy kerk gebeur. Die gelowiges is by Hom ingelyf: hulle staan onder die perspektief van die heil wat Hy vir sy kerk bewerk het (Robberts, 1988:306). Die kerk is die kerk van Christus, daardie mense wat aan Christus verbonde is. Die Korintiërs is gesamentlik en individueel lede van die liggaam van Christus (Horsley, 1998:173). Maar ook dít dat die lede van die kerk aan mekaar in 'n onderlinge verbondenheid verenig is, word deur hierdie beeld op uitnemende wyse uitgedruk.

### 4.5.3 Die eenheid van die liggaam

Die eenheid van die liggaam lê in die roeping deur Jesus Christus; in die aanbod van die verbond; in die gawe van die heil (Breytenbach & Pieterse, 1992:104). En die eenheid waarom dit in die liggaam gaan is konkreet die gemeenskap van die heiliges. Hulle is immers *in Christus* en dus in *sy liggaam*, en het daarom hulle 'n heilige status voor God (Romeine 15:16; Hebreërs 10:10; Judas 1). Maar hulle gaan ook om met heilige dinge: met die Woord en die sakramente. Vir hulle dienswerk word hulle deur 'n verskeidenheid van ampte dienswerk toegerus (Efesiërs 4:12). Die gemeente is 'n sisteem wat beteken dat die dele met die geheel te make het (Kellerman, 1993:339).

Die kenmerkende van die liggaam is dat dit 'n organiese eenheid vorm al het dit ook baie ledemate (Postma, 1993). Die doel van die beeld is om die verskeidenheid van gawes en die eenheid van die liggaam te bevestig, sonder dat die een ten koste van die ander gestel word (Witherington, 1995:258). Paulus neem egter die liggaammetafoor verder as net illustratief – dit word deskriptief: die kerk is die liggaam van Christus (Quast, 1994:80). Dit is met die liggaam van Christus soos met 'n fisiese liggaam: kragtens hulle verbondenheid met Christus vorm hulle 'n eenheid soos by 'n fisiese liggaam. Hierdie eenheid in Christus word deur die Heilige Gees bewerk en die doop is die seël daarvan. Die eenheid hef egter nie die verskeidenheid op nie, want Jood bly nog Jood en Griek bly nog Griek en almal word deur die Gees gesterk en regeer (1 Korintiërs 12:13).

Die eenheid van God vereis egter dat die liggaam van die kerk ook een is en dat daar geen interne grense tussen die lede aanwesig is nie (Stambaugh & Balch, 1986:57).

### 4.5.4 Die verskeidenheid van die lede

Eenheid met verskeidenheid is 'n heel natuurlike verskynsel. Die verskeidenheid is inherent aan die een liggaam en het sy oorsprong in God self (Breytenbach, 1992:393). Die verskeidenheid lê in die wyse waarop mense die heil aanvaar en verwerk (Breytenbach & Pieterse, 1992: 104). Die gemeente as liggaam van Christus laat ruimte vir die feit dat daar geen ooreenkoms tussen die oog en die voet is nie, maar dat hulle één is in die deelwees aan die liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:21). Die verskeidenheid mag nie daartoe aanleiding gee dat lede dink dat hulle elkeen op hulle eie kan bestaan nie. Die verband van 1 Korintiërs 12:12-14 maak dit duidelik dat die lede wat in die een liggaam ingedoop is, mekaar nodig het,

op mekaar aangewese is (Robberts, 1988:310). Die eenheid moet te midde van die verskeidenheid, en die verskeidenheid moet in die eenheid tot harmonieuse lewensuiting in die een liggaam kom.

Elke liggaamsdeel het 'n bepaalde funksie wat noodsaaklik vir die liggaam is om as geheel te kan funksioneer. Elke liggaamsdeel het 'n ander doel en taak, maar almal werk saam as 'n eenheid. Christene moet versigtig wees vir twee foute: eerstens hoogmoed oor die gawes wat hulle ontvang het (Grosheide, 1957:331); en tweedens die gevoel dat hulle niks het om by te dra tot die liggaam van Christus nie. God gee op grond van Christus se verdienste en die Heilige Gees se bemiddeling aan lidmate toerusting om te wees wat hulle in Jesus Christus geword het: God se hande op aarde. Die liggaam kan funksioneer omdat hy gawes ontvang het en in hierdie sin is elke gemeente van Christus 'n charismatiese gemeente (De Klerk, 1987:63). Die doel van die *charisma* lê nie in die mens nie, maar in die nut en voordeel vir die gemeente (12:7). Paulus spreek twee groepe aan: dié wat minderwaardig voel en dié wat hooghartig is (Carson, 1987:48). In 12:14-19 wys hy daarop dat selfs die onaansienlikste deel van die liggaam noodsaaklik is, en in 12:20-26 toon hy dat niemand kan sê dat hy die ander nie nodig het nie. In vers 25 word dit duidelik gestel dat die lede van die liggaam "gelyke sorg vir mekaar dra". Dit is belangrik om te onthou dat Paulus hier in die besonder oor die erediens handel en dat die erediens daarom ook 'n pastorale element van onderlinge sorg moet hê.

Paulus wil deur die metafoor die gemeente oproep tot samewerking en eenheid ten spyte van veelheid. Die interafhanklikheid, onderlinge verbondenheid en verantwoordelikheid van elke lidmaat is belangrik. Die groot verskeidenheid van die baie lede word telkens bewerk deur die Gees wat sy charismata uitdeel soos Hy wil (1 Korintiërs 12:11). Hierdie charismata is die Gees se gawes aan die lede. Dit is hierdie gawes wat die verskeidenheid in die kerk bewerk, want die Gees begiftig elkeen om daardie besondere en onderskeie plek in die liggaam vol te staan wat die Gees van daardie lid verwag, sodat die liggaam as 'n lewende liggaam kan werk (Robberts, 1988:310). Die Gees gee aan elkeen gawes wat aangewend moet word tot eenheid. Die bedoeling is dat die gawes gegee is om die gemeente op te bou (Lategan, 1975:320-321).

### *4.5.5 Eenheid, verskeidenheid, pluraliteit*

Die gemeente as liggaam van Christus skep die ruimte vir 'n bevredigende oplossing van die probleem van die *eenheid en verskeidenheid* van die kerk. Hierdie probleem het in die laaste dekades ook aktueel geword vir die plaaslike gemeente. Dit hang saam met die verskynsel van *pluraliteit* (Breytenbach & Pieterse, 1992:104). Pluraliteit in die gemeente het verdiep vanweë

die verskynsel van die moderne groot stad waarin daar hoë beroepsdifferensiasie is en 'n pluriformiteit van idees en perspektiewe op die werklikheid. Pluraliteit gaan nie net oor verskeidenheid in opvatting nie, nie net maar oor nuanserings en modaliteite nie, maar oor teenstrydige posisies binne die gemeente ten opsigte van sake wat vir die groep essensieel is. So kan daar 'n verskil van mening wees oor etiese vraagstukke, oor leervraagstukke of oor politieke aangeleenthede. Die gemeente as liggaam van Christus laat ruimte vir die feit dat daar geen ooreenkoms tussen die oog en die voet is nie, maar dat hulle één is in die deelwees aan die liggaam van Christus met Hom as Hoof (Robberts, 1988:307). Die hand en die voet en die oor en die oog het elkeen die ander nodig en kan nie sonder die ander klaarkom nie. Hulle is onderling op mekaar afgestem en staan tot mekaar in 'n wesenlike eenheidsrelasie. Die eenheid in Christus omsluit die pluriformiteit van charismata en insigte, van geaardheid, standpunt en nasionale verskeidenheid. Die eenheid lê in die versoening deur die werk van Christus en nie in die eensgesindheid of in die eendersheid van die gemeentelede nie. Die gemeente as liggaam van Christus kan dus 'n plurale kerk wees binne die konteks van die eenheid en verskeidenheid van die liggaamsbeeld. Om dit te wees beteken nie dat alles maar toegelaat word nie. Die opsie wat gevolg kan word, is dat die verskeidenheid in 'n *dialogiese* verband met die Here gebring kan word, soos Hy tot ons kom in die Skrif (Breytenbach & Pieterse, 1992:104). Alleen Gód weet wat goed en kwaad is en dit het Hy in Sy Woord aan die mens geopenbaar (Van Wyk, 1998:4). Alles moet daarom steeds teen die Skrif gemeet word. Die beginsel is dus: die verskeidenheid in die kerk moet die eenheid bevorder; verskeidenheid is nie wesentlik verdelend nie, maar verenigend; verskeidenheid en eenheid kompeteer nie, en hoef nie uitgebalanseer te word nie, maar hulle bevorder mekaar oor en weer (Berkhof, 1973:419,425).

'n Ander faset wat ook genoem moet word, is die feit dat geloofsgenote binne 'n plaaslike gemeente ook deel is van die totale liggaam van Christus (Nel, 1994:230). Hoe volledig 'n plaaslike gemeente ook al kerk is, bly dit ewe waar dat geen gemeente die hele kerk is nie. Die liggaam is groter as wat op enige bepaalde plek ervaar word. Prinsipieel word aanvaar dat daar slegs een algemene, apostoliese Kerk van Christus op aarde is, maar wat in 'n pluriforme gestalte bestaan. Die verskeidenheid mag egter nie die eenheid ophef nie, maar moet dit juis dien (Crafford, 1993:409). Die pluriformiteit maak dit dringend noodsaaklik om iets van die eenheid van die liggaam van Christus in 'n gebroke wêreld sigbaar gestalte te laat vind (Potgieter, 1993:v).

Maar is alle sogenaamde 'Christelike kerke', soos sektes, deel van die liggaam van Christus? Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) (GKSA, 2003:24) gee in artikel 29 die antwoord hierop:

> "Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toe-eien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die ***liggaam*** (my beklemtoning – WL) en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."

Hoewel daar dus gestrewe behoort te word na eenheid, is dit nie grenslose eenheid nie, maar eenheid *binne* die liggaam van Christus – en die liggaam van Christus is die *ware* kerk.

### *4.5.6 Christus is die hoof van die kerk*

Ons moet egter in gedagte hou dat die "liggaam van Christus" metafoor nie losgemaak mag word van die "Hoof-liggaam" beeld nie. Die Skrif noem duidelik Christus die enigste Koning, Wetgewer, Regvormer, Regeerder en Bestuurder in, oor en van sy kerk (Spoelstra, 1989:4). Die wese van die koninkryk as regering in sy kerk word met hierdie beeld weergegee. Die werklikheid is so intiem dat dit met die hoof van 'n liggaam vergelyk word. Christus is as Hoof die oorsprong en doel van die kerk – en dan nie net van die universele kerk nie, maar ook van elke plaaslike kerk. Christus is nie die hoogste Hoof van die kerk nie, maar die enigste Hoof (Du Plooy, 1998:5). Elke kerk is in een en dieselfde Hoof inbegrepe, en almal moet hulle aan Christus as die enigste Gesagshoof van die kerk onderwerp (Du Plooy, 1982:117). Christus as Hoof regeer sy kerk nie deur sporadiese insprake in die innerlikheid van die vroom geloofsbelewing van die lidmate nie, maar deur die ampte wat daarvoor bedoel is te gebruik. So regeer Hy sy kerk konkreet deur sy Woord en deur die Heilige Gees wat die Woord verklaar. Die metafoor "liggaam van Christus" belig die noodsaak van die Christusregering in die kerk en die sigbare gemeenskap van die gelowiges as kenmerke van die kerk. Dit beklemtoon die "eenheid-in-verskeidenheid" karakter van die kerk en die belangrikheid van groei na buite en na binne. Die kerk kan daarom nie anders as om die Christusregering en liefdesgemeenskap van die gelowiges in enige gegewe omstandigheid te kontekstualiseer nie.

### *4.5.7 Die liggaam as lewende organisme*

Richards noem die feit dat die kerk (en die gemeente) 'n lewende organisme is die sleutel tot selfkennis van en vir 'n gemeente (Richards & Hoeldtke, 1982:29). Binne hierdie organisme – die plaaslike gestalte van die liggaam van Christus – word dieselfde lewe, wat gelowiges in Christus en deur die Gees geskenk is, gedeel. Die kerk (en die gemeente) kan nie leef tensy die gelowiges groei in hul persoonlike verhoudings met mekaar en tensy hulle verdiep in hulle toewyding aan mekaar nie. Die lewegewende Gees van die Vader en die Seun verbind die lede van die liggaam met die naelstringgawe van die liefde aan mekaar (Nel, 1994:228). Juis dit beteken dat gelowiges nie los van mekaar en sonder mekaar kan en wil bestaan nie. Hulle deel inderdaad die lewe wat in Christus en deur die Heilige Gees meegedeel is. Deur dieselfde bloed is hulle verlos en hierdie verlossingsdankbaarheid vloei deur alle gelowiges se are. Die gees van Christus word deur die inwoning van die Heilige Gees deur almal wat deel is van die liggaam geadem.

Soos enige lewende organisme moet die kerk (en die gemeente) ook groei, groei in grootte, maar ook groei in volwassenheid. Die liggaam groei ekstensief wanneer nuwe lede toegevoeg word, en intensief wanneer die lede ál meer na die Hoof toe groei (Efesiërs 4:15) en aan Hom vashou (Kolossense 2:19) en gevolglik ál hegter aan mekaar gebind word. Dit is as liggaam van Christus dus nie in 'n statiese een*wees* met Hom betrokke nie, maar in 'n groeiproses wat van Hom as Hoof uitgaan (Pelser, 1995:660).

### *4.5.8 Die boodskap van 1 Korintiërs 12:12-31*

In die gebruik van die beeld van die liggaam met verskillende liggaamsdele, sou die Korintiërs herinner gewees het aan al die honderde klei afbeeldings van verskillende liggaamsdele wat in die tempel van Asklepius, die god van genesing, aangebied is as offer vir genesing (Quast, 1994:80). Maar, anders as verminkte, lydende liggaamsdele wat in die Asklepion verteenwoordig is, is die kerk 'n verenigde, lewende liggaam – 'n enkel lewende organisme van diverse lede verenig in 'n onderling afhanklike lewe.

Paulus se gebruik van die liggaammetafoor om van die Christelike gemeenskap in Korinte te praat impliseer dat hy glo dat God die Heilige Gees aan elke Christelike gemeenskap al die gawes en grasies gee wat dit nodig het om te wees wat dit veronderstel is om te wees (Witherington, 1995:262). Daarom skryf Paulus hierdie gedeelte in 1 Korintiërs sodat sy lesers

hulle diversiteit van gawes binne 'n verenigde geheel sal besef. Om op een of twee geestelike gawes te fokus en hulle blindelings te beoefen, verdeel die liggaam (Quast, 1994:82). Die kerk is:

- 'n ononderbroke eenheid wat as sodanig gehandhaaf moet word met verskillende, dog gelyke lede,
- 'n liggaam wat groei uit sy hoof en tot sy hoof, Jesus Christus,
- 'n liggaam met 'n Goddelike hoof, 'n Goddelike doel, deur God saamgestel en toegerus vir Hom en vir mekaar

### *4.5.9 Gevolgtrekking*

Uit 1 Korintiërs 12:12-31 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die kerk is nie bloot 'n sosiale bymekaarkoms nie, maar is die liggaam van *Christus*. Ook in die erediens moet hierdie organiese band met Jesus Christus sterk na vore kom. Christus bepaal dus in 'n sekere sin die atmosfeer, omdat alles uit die Hoof kom, in die kragveld van die Hoof geskied en tot die Hoof gerig is.
- Die gelowiges is 'n eenheid deur die Heilige Gees, wat ook in die erediens ervaar moet word en deur die erediens gebou moet word. Daarom moet die atmosfeer sodanig wees dat dit mense saambind, intrek, verwelkom en tuis laat voel.
- Tog is die gemeente ook 'n verskeidenheid. Elkeen het gawes gekry om in die erediens te gebruik tot voordeel van die hele gemeente. Daarom moet daar ook 'n atmosfeer heers wat dit ondersteun en aanmoedig. Dit moet só gebeur dat die gawes as gawes van God herken en erken word en nie in mensbewondering ontaard nie.
- Omdat almal verskillende gawes ontvang het, moet die gelowiges mekaar verdra en vir mekaar ruimte gun om elkeen God met sy unieke gawes te dien.
- Hoewel sekere lede meer prominent is, maak hulle prominensie hulle nie belangriker as die ander lede nie. Prominent is nie gelyk aan belangrik nie. Almal is belangrik en dit moet ook in die erediens na vore kom.
- In die erediens is almal gelyk en mag niemand neersien op iemand anders nie.
- Elkeen in die gemeente moet gelyke sorg vir mekaar dra. Die atmosfeer moet hierdie sterk pastorale fokus moontlik maak en fasiliteer.

## 4.6 1 KORINTIËRS 13 – DIE LIEFDE

### *4.6.1 Inleiding*

Paulus bewys in hoofstuk 12 dat die Korintiërs in 'n groot mate liefdeloos was deur sogenaamde "hoër" of "beter" gawes na te streef (Du Rand, 1993). In hierdie hoofstuk verduidelik hy vir hulle wat ware liefde as die "grootste gawe" eintlik beteken en in hoofstuk 14 hoe die liefde prakties toegepas moet word. Die Korintiërs het sommige geestesgawes belangriker as ander beskou en in hulle hoogmoed daarna gestrewe om aansien te bekom, deur die sogenaamde belangrike gawes te beoefen. Paulus wys hulle 'n ander pad wat bewandel moet word, naamlik die beoefening van die liefde. Hierdie liefde is nie die gewone menslike liefde nie, maar die Christelike liefde wat deur die Heilige Gees in die harte van die gelowiges gegee word (vergelyk Romeine 5:5). Paulus beskrywe dié liefde in digterlike taal en belig dit vanuit drieërlei gesigspunte: die onmisbaarheid van die liefde (1–3), die wese en werk van die liefde (4–7) en die blywende voortbestaan daarvan (8–13). Om dié lied reg te verstaan, moet ons dit steeds sien teen die agtergrond van die beoefening van die gawes in Korinte.

Wat egter merkwaardig is, is dat Paulus in die middel van sy bespreking van die erediens 'n hoofstuk oor die liefde invoeg (Soards, 1999:271). Dit dui op die noodsaak en belang van die liefde in die erediens. Paulus verander ook sy skryfstyl en vorm hierdie hoofstuk in liriese taal (Thistelton, 2000:1027), in teenstelling met die prosaïese taal van die brief tot dusver. Omdat Paulus steeds met die erediens besig is, kan afgelei word dat die erediens ook 'n liriese, digterlike kant het.

### *4.6.2 1 Korintiërs 13:1-3: Die onmisbaarheid van die liefde*

Nadat Paulus in 1 Korintiërs 12 dit duidelik gemaak het dat al die gawes belangrik is, kom hy in 1 Korintiërs 13 by die liefde. Tog stel hy nie die liefde as een van die geestelike gawes nie: liefde is nie maar net een van baie gawes nie, of selfs die beste van al die gawes nie (Witherington, 1995:266), maar 'n lewenswyse (Carson, 1987:56). Alle geestelike gawes is nutteloos as dit nie uit liefde voortvloei nie (Quast, 1994:82). Dit beteken nie dat Paulus sê dat die geestelike gawes onbelangrik is nie, maar eerder dat die gevaar bestaan dat die gelowiges, as te veel aandag aan die geestelike gawes gegee word, die absolute noodsaaklikheid van die hele manier van lewe wat elke gelowige moet kenmerk kan miskyk.

Sonder liefde is:

- praat in tale, selfs engele tale (1 Korintiërs 13:1)
- profesie (1 Korintiërs 13:2)
- kennis (1 Korintiërs 13:2)
- geloof (1 Korintiërs 13:2)
- die uitdeel van goed (1 Korintiërs 13:3)
- selfopoffering (1 Korintiërs 13:3)

alles nutteloos!

In die konteks van 1 Korintiërs 12-14 is Paulus se boodskap duidelik. Eintlik wil hy sê:

> *Julle wat dink dat omdat julle in tale spreek julle baie geestelik is, julle wat julle groot begiftiging deur die Heilige Gees bewys deur die gawe van profesie, julle moet verstaan dat julle die belangrikste misgekyk het. Op hulle eie getuig geestelike gawes niks geesteliks omtrent jou nie. En julle wat julle ryk voorreg in die Heilige Gees bevestig deur filantropiese werke, julle moet leer dat filantropie los van Christelike liefde niks sê oor julle ervaring met God nie. Julle bly geestelik bankrot, 'n geestelike niks, as liefde nie julle beoefening van watter genadegawe God ookal vir julle gegee het, kenmerk nie. (Carson, 1987:60-61)*

Paulus verkleineer nie Geestesgawes nie, maar hy weier om aan enige een van hulle enige positiewe erkenning te gee tensy die gawe beoefen word in liefde. Sonder die liefde is daar geen verskil tussen die praat in tale en profesieë wat so algemeen in heidense tempels was (byvoorbeeld in die kultus van Cybele) en die doen daarvan in Christelike eredienste nie (Witherington, 1995:267). Die wese van ware spiritualiteit is vir Paulus selfopofferende liefde en nie gawes, kennis of bonatuurlike krag nie.

### 4.6.3 1 Korintiërs 13:4-7: Die wese en werk van die liefde

Liefde is 'n lewenswyse (Quast, 1994:83). Daarom gee Paulus in 1 Korintiërs 13:4-7 'n praktiese uiteensetting van hoe die liefde funksioneer. Dit word verduidelik deur te wys op wat die liefde is en doen (positief) en nie is en nie doen nie (negatief):

| POSITIEF: | NEGATIEF: |
|---|---|
| Is geduldig (13:4) | Is nie afgunstig nie (13:4) |
| Is vriendelik (13:4) | Praat nie groot nie (13:4) |

| | |
|---|---|
| Verheug hom oor die waarheid (13:6) | Is nie verwaand nie (13:4)<br>Handel nie onwelvoeglik nie (13:5)<br>Soek nie sy eie belang nie (13:5)<br>Is nie liggeraak nie (13:5)<br>Hou nie boek van die kwaad nie (13:5)<br>Verbly hom nie in die onreg nie (13:6) |

Hierdie eienskappe van die liefde is belangrike aanwysers vir die atmosfeer in die erediens. Dit is belangrik dat die atmosfeer vriendelik, geduldig en vreugdevol moet wees uit liefde en weens die waarheid van God se liefde. Daar moet altyd in die erediens gewaak word teen afguns, verwaandheid, selfsug en selfgesentreerdheid in die erediens, omdat dit die atmosfeer van liefde sal skaad.

Christelike liefde vloei uit die gelowige ongeag die omstandighede, ongeag die ander persoon, ongeag sosiale, ekonomiese, opvoedings- of enige ander verskille. Die oproep tot die gelowiges is om so deur die genade en krag van God te leef dat God se eie liefde die lewe so vorm en stuur dat God se liefde die gelowige se liefde word (Soards, 1999:274).

### *4.6.4 1 Korintiërs 13:8-13: Die blywende voortbestaan van die liefde*

In die voorafgaande het Paulus die noodsaak van die liefde (13:1-3) aangetoon en daarop gewys dat die geestelike gawes waardeloos is sonder 'n lewenswyse van liefde (13:4-7). Nou bevorder Paulus liefde verder deur te wys op die tydelike kwaliteit van die gawes teenoor die duursame, ewige kwaliteit van die liefde (Soards, 1999:274). Paulus wys daarop dat die kennis, profesie en talespraak sal ophou omdat dit nog gedeeltelik (13:8-9) is, terwyl dit wat volmaak is, die liefde, vir ewig sal voortbestaan. So is die gelowiges nog soos kinders wat moet groot word en soos mense wat maar in 'n dowwe spieël[1] sien. Die gelowiges moet nie dink dat hulle nou al alles weet of alles reg doen nie – dit sal eers eendag gebeur. Nou moet hulle hulle toespits op liefde.

Hierdie kontras tussen die huidige toestande en die toekomstige vervulling dui op die basis van die fundamentele misverstand tussen Paulus en die Korintiese geestelikes (Horsley, 1998:178).

[1] Paulus se gebruik van die beeld van 'n dowwe spieël waarin gekyk word (1 Korintiërs 13:12) is heel gepas omdat Korintiese brons deur die hele Mediterreense gebied gesog was vir gebruik in spieëls (Quast, 1994:83).

Wat hulle waardeer as die belangrikste geestelike leerstelling en transendentale ondervinding wat hulle red van hulle wêreldse bestaan, relativeer Paulus as beperk en van verbygaande aard en onvergelykbaar met dit wat kom. Wat hulle ondervind as transendent in die huidige, verklein Paulus tot gedeeltelik en eenvoudig. Die Korintiërs het gedink dat hulle kennis volledig was (6:12; 8:1, 4; 10:1-4), nie gedeeltelik nie (13:10). Hulle het gedink dat hulle "volwasse" en "perfek" is en nie "kinders" nie, soos Paulus in 13:11 insinueer.

1 Korintiërs 13:13 word op veral twee maniere verklaar:

1. Soards (1999:275) stel dit dat geloof, hoop en liefde in die hede geld, terwyl slegs liefde ewigdurend is en daarom die grootste is. Geloof en hoop eindig, volgens hulle natuur, by die wederkoms.
2. Volgens Martin (1985:55) dui die twee voorkomste van "liefde" nie op dieselfde liefde nie. Die eerste gebruik van liefde is deel van 'n trio wat 'n ware gelowige kenmerk: geloof, hoop en liefde, terwyl die tweede liefde groter is as hierdie menslike kwaliteite, naamlik die liefde van God.

Dit is egter nie nodig om een verklaring ten koste van die ander te kies nie, aangesien beide geldig is – liefde is die belangrikste omdat dit ewigdurend is én omdat God liefde is (1 Johannes 4:8). Vir die erediens is dit besonder belangrik om te beleef dat die kerk, die gelowiges en die erediens die produk is van God se volmaakte liefde wat Hy in sy Seun aan die kruis getoon het. Daarom moet die aanbidders hierdie liefde beleef en ervaar, maar dit ook uitleef en aan mekaar betoon. Die erediens moet gekenmerk word deur liefde.

### *4.6.5 Die boodskap van 1 Korintiërs 13*

Paulus is steeds besig om met die Korintiërs te praat oor die erediens en die rol wat die gawes van die Heilige Gees daarin speel. In 1 Korintiërs 12 wil Paulus 'n regstelling aanbring oor die verstaan van die gawes van die Heilige Gees naamlik dat al die gawes van een God kom en daarom almal een doel en gelyke belangrikheid het. Hy wil verder ook daarop wys dat al die gelowiges belangrik is en dat daar nie diskriminerend opgetree moet word nie. In 1 Korintiërs 13 gaan hy hierop voort deur daarop te wys dat die kenmerk van 'n ware volwasse gelowige nie een of ander tydelike gawe is nie, maar selfopofferende, Goddelike liefde, wat onmisbaar is en vir ewig sal bestaan. Waar ware liefde is, sal daar nie hoogmoed, diskriminasie, partyskappe, selfsug en selfverheffing wees nie – alles dinge wat in die gemeente in Korinte voorgekom het.

Die liefde van God in die gee van sy Seun, waardeur Hy die gelowiges versorg, is die weg waarlangs die gemeente met hulle liefde hulle gawes moet gebruik om so gelyke sorg vir mekaar te dra. Die wese van die erediens is liefde – die liefde van God wat uitvloei in die liefde van die aanbidders teenoor Hom en teenoor mekaar.

### *4.6.6 Gevolgtrekking*

Uit 1 Korintiërs 13 kan die volgende wat vir die studie van belang is, afgelei word:

- Die liefde moet sentraal staan in die erediens. Sonder liefde is alles anders waardeloos. Daarom moet alles in die erediens uit liefde en in liefde en met liefde gedoen word. 'n Atmosfeer van selfopofferende liefde moet alles in die erediens deursuur.
- Liefde vind in die erediens gestalte in vriendelikheid, geduld en vreugde oor die waarheid.
- Die erediens is nie net 'n rasionele byeenkoms nie, maar moet ook ruimte skep vir die liriese en poëtiese, die ervaring.
- Selfsug, selfgesentreerdheid, verwaandheid en liggeraaktheid beïnvloed die atmosfeer negatief.
- Omdat kennis en profesie nog ten dele is, mag nie gedink word dat die volmaakte vorm van erediens vasgestel en afgeforseer kan word nie. Daar moet steeds 'n atmosfeer van liefde heers waar gesoek word om bietjie meer volwasse te wees, bietjie meer duidelik in die spieël te kyk.

## 4.7 1 KORINTIËRS 14:1-26 – PRAAT IN TALE IN DIE EREDIENS

### *4.7.1 Inleiding*

Dit is nodig om die deurlopende gedagtegang in herinnering te bring. In hoofstuk 12 het die apostel oor die genadegawes in die algemeen gepraat, met nadruk op die eenheid en die verskeidenheid; hoofstuk 13 besing die uitnemendheid van die liefde en stel al die ander gawes ondergeskik daaraan. Nou in hoofstuk 14 is Paulus nog steeds besig met die kerk wat vir die beoefening van die godsdiens in die openbare erediens saamgekom het (De Klerk, 1987:68). Vers 1-12 handel veral oor die teenstelling tussen praat in tale en profesie. In verse 13-19 word

die teenstelling tussen bid en praat in tale gemaak. In vers 20-25 gaan dit om die betekenis van die erediens vir die nie-gelowige.

### *4.7.2 1 Korintiërs 14:1-12: Praat in tale en profesie*

In vers 1-12 wys Paulus daarop dat profesie die een gawe is waarvoor almal in die gemeente hulle moet beywer (14:1, 5), want juis deur die gawe van die profesie word die gemeente opgebou (14:1, 12, 24). Profesie is die gawe om die lig van die Woord van God op 'n bepaalde konkrete situasie te werp, om die gemeente te vermaan, te bemoedig en te leer (De Klerk, 1987:69). Profesie is onmiddellik betekenisvol omdat dit in die taal van die gehoor gegee word (Quast, 1994:84).

In 14:1-12 kontrasteer Paulus profesie en praat in tale en wys op twee kardinale verskille: profesie is verstaanbaar en bou die *gemeente* op, terwyl praat in tale onverstaanbaar is en net die een wat praat opbou. Profesie bou op omdat dit op ander aanbidders gerig is, verstaanbaar en ordelik is. Daarenteen bou talespraak inherent nie die gemeenskap nie, maak dit nie sin nie en handhaaf dit nie orde nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie net gaan om die verskil tussen bekende en onbekende *woorde* nie, maar dat profesie 'n *boodskap* oordra en daarom kan dit onder andere opbou, bemoedig en vertroos (14:3). So vergelyk Paulus profesie met musiekinstrumente in 14:7-8. Die fluit en die siter maak lewelose geluide – as die speler nie die toonhoogte verander nie, kan die instrument nie 'n verstaanbare melodie en gevolglik 'n verstaanbare boodskap aan die luisteraar bring nie. As die beuel 'n onduidelike sein gee, sal niemand weet dat die boodskap is om gereed te maak vir oorlog nie. Die instrument moet 'n verstaanbare *boodskap* oordra (Witherington, 1995:283).

Deur daarop te wys dat profesie *opbou, bemoedig en vertroos* (14:3) beklemtoon Paulus die pastorale dimensie van profesie en, deur profesie, van die erediens. Die erediens is nie net daar om intellektueel te stimuleer nie, maar ook om pastorale ondersteunig te bied deur opbou, bemoediging en vertroosting.

In 1 Korintiërs 14:12 gee Paulus die maatstaf vir watter gawes nagestreef moet word – dié wat die gemeente opbou en nie, soos die Korintiërs gedink het, die wat die mees skouspelagtige is nie.

### *4.7.3 1 Korintiërs 14:13-19: Praat in tale en gebed*

Verse 13-19 handel oor die teenstelling tussen bid en praat in tale. Onder beheer van die Gees is die ware karakter van die erediens in sy korporatiewe aard geleë en die gebed word juis daarom aan die groei en verryking van die hele liggaam gekoppel (14:17). Van 14:14 af maak Paulus onderskeid tussen sy "gees" (wat nie rasioneel is nie) en sy "verstand" (wat rasioneel is en die sentrum is van denke en oordeel) (Witherington, 1995:283). Paulus roep die Korintiërs op om met beide die gees en verstand te bid.

Paulus maak in hierdie gedeelte gebruik van begrippe wat saam die volle omvang van danksegging weergee. Hy onderskei tussen *bid* en *psalmsing* en vat die twee saam as *lofprys*. Die gebed, psalm en lofprysing van die gemeente in die erediens het 'n onderrigtende karakter (Efesiërs 5:18 en verder; Kolossense 3:16) en in 1 Korintiërs 14:17 word die onderrigtende karakter beskryf as *geestelike opbou*. Sang is 'n besonder direkte en kragtige wyse van kommunikasie tussen die gemeente en Christus (Barnard, 1980:24). Juis daarom is dit die Gees wat die gemeente in die sing van die lied beheer en gee Hy ook aan die gelowiges die gawe om 'n psalm te besit (14:26). Die lied het 'n eie plek in die erediens en is nie bloot 'n reaksie op of voorbereiding tot 'n ander handeling nie. Die voorwaarde vir opbouende, onderrigtende, inspirerende en betekenisvolle sang is dat die gemeente 'n Geesvervulde gemeente moet wees (De Klerk, 1987:71).

Dit is tog ook belangrik dat 'n "gewone mens" die woorde van die gebed en die liedere sal verstaan, sodat hy dit kan toeëien, daardeur aangeraak kan word en daarop "Amen" kan sê (1 Korintiërs 14:16). Paulus gebruik die woord ἰδιώτης vir die "gewone mens", 'n woord wat volgens Louw & Nida (1989) beteken:

> "**27.26 ἰδιώτης, ου** *m*: a person who has not acquired systemic information or expertise in some field of knowledge or activity - 'layman, ordinary person, amateur.' εἰ δὲ καὶ ἰδιώτης τῷ λόγῳ, ἀλλ' οὐ τῇ γνώσει 'perhaps I am an amateur in speaking, but certainly not in knowledge' 2 Cor 11.6.
> In 1 Cor 14.16 ἰδιώτης is used to refer to a class of persons who were neither unbelievers nor fully instructed Christians, but who were inquirers or catechumens. In such a context, ἰδιώτης may be rendered as 'ordinary, uninitiated' (ἐπεὶ ἐὰν εὐλογῇς ἐν πνεύματι, ὁ ἀναπληρῶν τὸν τόπον τοῦ ἰδιώτου πῶς ἐρεῖ τὸ Ἀμήν ἐπὶ τῇ σῇ εὐχαριστίᾳ 'when you

give thanks to God in spirit only, how can an ordinary, uninitiated person taking part in the meeting say "Amen" to your prayer of thanksgiving')."

Dit is dus duidelik dat almal wat teenwoordig is moet verstaan wat aangaan, selfs dié wat nog nie ten volle toegerus is in die Christelike leerstellings nie.

Die woord "amen" beteken: dit staan vas, dit is waarheid, of ook as bede: mag dit vas bly staan. Deur die amen uit te spreek, word instemming betuig met wat 'n ander sê. Dit kom veral voor as bevestiging van die gebed of van die lofuitspraak (vergelyk 1 Kronieke 16:36; Nehemia 5:13; 8:6vv.; Psalm 41:14; Openbaring 1:6). Deur die uitspreek van die amen het die gemeentelid deelgeneem aan die erediens en Hom vereenselwig met wat gespreek, gebid en gesing is. By die praat in tale is so 'n deelname onmoontlik aangesien die gemeentelid nie verstaan wat gespreek word nie. Die gevolg is dat die praat in tale 'n hindernis word ten opsigte van die gemeenskaplike deelname aan die erediens en moontlik selfs 'n bron van ergernis.

Die boodskap is duidelik: die versamelde kerk is 'n plek vir verstaanbaarheid (Carson, 1987:106)

### *4.7.4 1 Korintiërs 14:20-25: Die erediens en buitestanders*

Die openbare erediens dien vir die gemeente tot opbou en tot voordeel. Hierdie erediens kan selfs vir nie-gelowiges 'n groot voordeel inhou en dit is wat Paulus hier in 1 Korintiërs 14:20-25 beskryf.

Ook hier word die "praat in tale" teenoor die profesie gestel en dan veral die verskillende reaksies wat ongelowiges ("ἄπιστος") en onvolwasse gelowiges ("ἰδιώτης") daarop sal hê. Op 'n erediens vol van vreemde tale sal die ongelowige se reaksie wees dat die gemeente van hulle verstand af is ("μαίνομαι" – om irrasioneel te dink, om mal te wees, waansinnig (Louw & Nida, 1989)). Uit die verband blyk dat die "onkundiges of ongelowiges" in hierdie geval nie tot die gemeente behoort nie, soos wel in 14:22, maar nog tot die Here gelei moet word (14:25). Dit is persone wat by geleentheid 'n samekoms van die gemeente bywoon, of uit nuuskierigheid binnekom terwyl die gemeente "op een plek" (vergelyk 11:20), dit wil sê vir 'n erediens, byeen is. As "almal" (dit is almal wat daartoe die gawe ontvang het), deurmekaar in tale praat, sal so 'n buitestander noodwendig die indruk kry dat hulle kranksinnig is (vergelyk Handelinge 2:13) en

teleurgesteld weggaan. Die uitwerking van so 'n aanwending van die glossolalie is negatief, omdat die Here nie bedoel het dat dit op die manier gebruik moet word nie.

Omdat die vroeë Christendom nie priesters, tempels of offers gehad het nie, sou 'n huisbyeenkoms meer soos 'n sosiale klub, 'n vereniging of 'n groep studente rondom 'n groot leermeester gelyk het as na 'n godsdienstige byeenkoms (Witherington, 1995:30). Tog skryf Paulus dat 'n buitestander God moet ontmoet, wat daarop dui dat 'n erediens selfs vir 'n buitestander iets van God moet wys. Teenoor die vraag van die buitestander wat die vreemde tale hoor: "Is hulle van hulle verstand af?" toon Paulus in 'n stygende lyn die uitwerking aan wat die profeteer in 'n *verstaanbare* taal van *die hele gemeente* op die buitestander het:

1. hy word in sy gewete aangespreek,
2. hy kom tot selfondersoek,
3. die verborge dinge van sy hart kom aan die lig,
4. hy val op sy knieë,
5. hy aanbid God,
6. hy getuig openlik: "Waarlik, God is hier by julle!" (14:24-25).

Wanneer die Woord van God (deur die profetiese woorde en uitlewing van die gemeente) tot 'n ongelowige kom, het dit deur die werking van die Heilige Gees twee gevolge (vergelyk Soards, 1999:294):

1. Die ongelowige word ontbloot van alle voorwendsels en skandes ("die verborge dinge van sy hart kom aan die lig"); en
2. Die ongelowige kom daartoe om God te aanbid en in die erediens te ervaar.

So gebruik die Heilige Gees die gelowiges in die samekoms (14:23) as instrumente om nuwe lewe in dooie harte te wek. Hier word die essensie van die ware erediens, van ware aanbidding aangegee: "Waarlik, God is hier by julle." 'n Erediens waarin die gawe van profesie beoefen word, kan dus 'n baie sterk invloed op die nie-gelowiges hê. Daarom, al is profesie gerig op die gemeente omdat dit 'n teken vir gelowiges is (14:22), kan dit 'n kragtige effek hê op ongelowiges omdat dit bonatuurlik en verstaanbaar is (Witherington, 1995:285). Die apostel bring nou 'n verdere oorweging of beginsel vir die erediens en die gebruik van gawes in die erediens in berekening. Hy wil dat die gedrag van die gemeente by sy samekoms sodanig moet wees dat dit die buitestander aanlok en nie afstoot nie, met ander woorde die gemeente moet steeds rekening hou met die nie-Christene, omdat hy altyd 'n missionêre taak het, selfs wanneer hy nie daarvan bewus is nie.

Die woorde van só 'n ongelowige gee die essensie van die ware erediens weer "Waarlik, God is hier by julle" (vergelyk De Klerk, 1987:73). Hierdie woorde is 'n aanhaling uit Jesaja 45:14 (vergelyk Sefanja 8:23). God, deur sy profeet, sê dat die Egiptenare sal kom en voor die volk sal "buig" en sal bely "Waarlik, God is by jou". Die eienskap van 'n ware erediens is die teenwoordigheid van God en die belewenis daarvan deur die aanbidders. Die groot gevaar in die erediens is juis dat die menslike gawes voorop gestel en bewonder word, sonder dat God se teenwoordigheid duidelik begryp en beleef word.

### *4.7.5 Die boodskap van 1 Korintiërs 14:1-25*

Met liefde in plek as die basis vir die lewe van die kerk (1 Korintiërs 13), kom Paulus terug na die vorm wat "geestelike uitinge" moet aanneem – hierdie gawes moet opbou en nie verdeel nie, hulle moet sin maak en nie onverstaanbaar wees nie, en hulle moet ordelik uitgedruk word, nie in wanorde nie (Quast, 1994:84). Paulus se kriteria vir die gebruik van geestelike gawes is verstaanbaarheid en die opbou van ander (Witherington, 1995:281). As 'n mens jou gawes in liefde beoefen, sal jy aan die voordeel vir ander eerste dink. Hierdie kriteria, hoewel dit op die gemeente gerig is, het die krag om selfs ongelowiges aan te spreek en tot bekering en verootmoediging te bring. Daarom moet die buitestander en ongelowige ook altyd in gedagte gehou word in dit wat in die gemeente gebeur en in die besonder tydens die gemeenskaplike saamkom van die gemeente, die erediens. Die wese van die erediens is 'n byeenkoms in God se teenwoordigheid. In die erediens is dit kardinaal dat elke aanbidder ontbloot voor die almagtige God verskyn en tot ware aanbidding kom wat uitloop in die belydenis "Waarlik, God is hier!"

### *4.7.6 Gevolgtrekking*

Uit 1 Korintiërs 14:1-25 kan die volgende afgelei word:

- Die erediens het die opbou van die gemeente ten doel en daarom moet na die gawes wat die opbou van die gemeente dien, veral die gawe van profesie, gestreef word.
- Hierdie opbou het 'n besliste pastorale dimensie wat deur die atmosfeer gehelp moet word.
- Dit is belangrik dat dit wat in die erediens gebeur verstaanbaar is, sodat dit die gemeente kan opbou. Dit beteken dat die hele gemeente dit moet verstaan. Hierdie

verstaanbaarheid sien nie net op die taal wat gebruik word nie, maar ook op die gebeure self, sodat elkeen teenwoordig op dit wat hy hoor èn dit wat hy sien kan "Amen" sê.

- Dit bring ook mee dat dit tot die wese van die erediens behoort dat elke persoon moet kan deelneem aan al die handelinge binne die erediens
- Hoewel die opbou van die gemeente in die erediens voorop staan, moet die erediens sensitief wees vir buitestanders en ongelowiges. Die atmosfeer moet sodanig wees dat dit buitestanders en ongelowiges uitnooi om in te kom, dat hulle tuisvoel as hulle eers in is en dat hulle God tydens die erediens ontmoet, sodat hulle in hulle harte aangespreek sal wees. Daarom is dit belangrik dat niks sal gebeur wat buitestanders en ongelowiges intimideer of wegdryf van die erediens en die kerk af nie.
- Hoewel die erediens vir almal, selfs ongelowiges en buitestanders, verstaanbaar moet wees, mag dit nie maar net 'n gewone menslike byeenkoms wees nie. Uiteindelik moet almal kan aanvoel en bely: "Waarlik, God is hier by julle." Dit is die wesenlike van die erediens. Die atmosfeer moet spreek van God se teenwoodigheid en die aanbidders in sy teenwoordigheid bring.
- Hoewel die erediens 'n korporatiewe byeenkoms is, moet die atmosfeer elke individuele aanbidder tot selfontbloting bring wat oorgaan in ware aanbidding en belydenis.

## 4.8 1 KORINTIËRS 14:26-40: ORDE IN DIE EREDIENS

### *4.8.1 Inleiding*

In vers 26-40 gaan dit om die orde in die erediens. Die eenheid in die erediens van die gemeente as één liggaam (1 Korintiërs 12:12, 13) is ook die Gees se gawe en hierdie eenheid impliseer totale betrokkenheid van elke lid om die liggaam te laat funksioneer. Daarom word al die erediensdeelnemers tot aktiwiteit opgeroep (1 Korintiërs 14:24).

### *4.8.2 Die erediens moet ordelik wees*

In 1 Korintiërs 14:26-40 handel Paulus oor die orde in die erediens. Wanneer die gemeente vergader, kom elkeen daarheen met sy besondere genadegawe (12:7–10) en wil hy dit ook in beoefening bring. Die beeld wat Paulus hier van die erediens skep is een van 'n erediens wat

werklik 'n daad van die hele liggaam is en nie net 'n daad van 'n paar belangrikes nie (Witherington, 1995:285). Hierteen is geen beswaar nie, maar daar moet gewaak word dat dit nie aanleiding gee tot 'n wanordelike byeenkoms nie. Daarom moet die regulerende beginsel steeds wees dat alles ordelik sal geskied tot opbou van die gemeente. Oorkoepelend staan die liefde wat alle handelinge moet beheer (vergelyk 12:31) en elkeen moet bewaar van liefdeloos te handel selfs wanneer hy 'n genadegawe van die Gees beoefen. Wanneer individuele lede van die gemeente hulle gawes tot voordeel (12:7), gelyke sorg vir mekaar (12:25) en tot opbou (14:2 en verder) gebruik, is daar vrede. Wanneer Paulus sê dat alles in die erediens "welvoeglik"[2] (14:40) moet verloop, verwys hy na dit wat hy in 13:5 van die liefde gesê het: die liefde handel nie onwelvoeglik nie. "Welvoeglik" beteken om mekaar in liefde "in ag te neem", op so 'n wyse dat die swakker lede beleef dat die sterker lede na hulle omsien en op 'n liefdevolle wyse vir hulle sorg dra. Met "ordelik" word die gemeente aangemoedig om in die erediens só te funksioneer dat elke lid in harmonie met die ander 'n plek beklee en 'n funksie vervul en dat selfbeheersing en inagneming van mekaar nie geskaad word nie (Martin, 1984:83). God is 'n God van "vrede" (14:33) en daarom moet die erediens nie net van orde spreek nie, maar van vredevolle orde, van orde in harmonie.

Aanbidding moet die karakter van die God wat aanbid word weerspieël. Volgens Paulus is die Bybelse God, anders as die heidense gode, 'n God van beide orde (nie chaos nie) en vrede (nie kompetisie vir erkenning en spreekbeurte nie) (Witherington, 1995:286).

In alle besluite moet die maatstaf wees of en hoe die geheel van die erediens en elke bepaalde onderdeel die opbou van die liggaam gaan bevorder. Ordelikheid het boweal met die goeie funksionering van elke erediensdeelnemer in die liggaam van Christus te doen. Die ordelikheidsbeginsel staan baie sterk wat betref die inagneming van mekaar teenoor oorheersing van mekaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus nie 'n vasgestelde volgorde daarstel of selfs impliseer nie – inteendeel, hy laat ruimte vir verskillende gawes om in verskillende volgordes en selfs van verskillende omvang gebruik te word (14:26-31). Daar moet selfs ruimte wees vir spontane deelname sonder voorafbeplanning (14:30). Tog moet daar nie eensydige klem op

[2] Die 1933/53-vertaling het die woord "welvoeglik". Die 1983/92-vertaling het "gepas". Die Griekse woord εὐσχημόνως staan teenoor ἀσχημονέω wat in 13:5 as "onwelvoeglik" vertaal is in beide vertalings.

sekere handelinge wees nie (vergelyk "twee of hoogstens drie" (14:27) oor die praat in tale en "twee of drie" oor die profesie).

4.8.2.1 Vroue in die erediens

Die gebruike van destyds verklaar waarom Paulus die vroue verbied om in die gemeentes te praat (1 Korintiërs 14:34–36), ten spyte daarvan dat hy in 1 Korintiërs 11:5 tog vermeld dat vroue in samekomste profeteer. Skynbaar het die vroue in die Korintiese gemeente tog aktief saamgepraat in die byeenkomste. In die konteks waar Paulus egter oor die orde in die gemeente praat, vra hy dat vroue nie in die gemeente moet praat nie.

In die huis was die vrou vry om te praat en sake met haar man te bespreek, soos Paulus in 1 Korintiërs 14:35 self impliseer. Gedurende die erediens neem die huis egter die karakter van 'n openbare plek in. In 'n openbare plek was dit die taak van die man om te bespreek en die leiding te neem. Soos die man uit die kombuis moes bly, moes die vrou uit die openbare besprekings bly (Malina, *et al.*, 1997). Deur daar te veel te sê sou 'n oorskryding wees van die sosiale grense wat deur die gemeenskap gestel is en versteur dan die orde. Die vroue het waarskynlik gevoel dat hulle in huise kon saampraat: dit was immers hul plek. Paulus vra hulle egter om ter wille van onder andere die orde, nie in die gemeentebyeenkomste (al is dit in hulle eie huise) te praat nie en so die openbare karakter van die byeenkomste te respekteer.

Keener (1997) wys daarop dat dit in daardie tyd gebruiklik was vir ingeligte luisteraars om tydens lesings vrae te vra, maar dat dit as onbeskof gesien is as onkundiges dit sou doen. Die geletterdheid in daardie tyd was baie laag gemeet aan vandag se standaarde en vroue is selfs baie minder as mans geleer oor die Skrif en openbare redevoering. Paulus verwag nie dat hierdie ongeleerde vroue hulle daarvan moet weerhou om te leer nie (inteendeel, die feit dat die kultuur hulle van leer weerhou het was juis probleem). As alternatief gee hy die mees progressiewe model van sy dag: hulle mans moet hulle intellektuele vermoëns respekteer en hulle private onderrig gee (Keener, 1997). Paulus wil egter hê dat hulle moet ophou om die lerende gedeelte van die erediens te onderbreek, omdat hulle, tot hulle meer weet, die ander teenwoordiges steur en die orde van die erediens onderbreek.

### *4.8.3 Die boodskap van 1 Korintiërs 14:26-40*

God is 'n God van orde en nie van wanorde nie en daarom moet daar ook in die erediens orde wees. Hierdie orde is nie gelyk aan volgorde nie. Die doel van die erediens is steeds die opbou van die gemeente. Daarom moet al die gawes wat die Heilige Gees in die erediens wil gebruik tot hulle (ordelike) reg kom. Daarom moet daar ook ruimte geskep word vir die gawes wat die Heilige Gees wil gebruik om na vore te kom en tot opbou van die gemeente gebruik te word. Dit mag egter nie daartoe aanleiding gee dat sekere gawes eksklusief aan die woord kom nie, omdat die Heilige Gees die gemeente deur *al* die gawes wil opbou en nie net deur een of twee nie. Maar God is ook 'n God van vrede en daarom moet alles in die erediens ook van vrede en harmonie getuig. Daarom mag orde nie só afgedwing word dat dit tot vrees, ingetrokkenheid en gevoel van onwaardigheid lei nie. Orde mag nooit deelname onderdruk nie.

### *4.8.4 Gevolgtrekking*

Die volgende afleidings kan uit 1 Korintiërs 14:26-40 gemaak word:

- Die erediens het die opbou van die gemeente ten doel en daarom moet na die gawes wat die opbou van die gemeente dien, veral die gawe van profesie, gestreef word.
- Wanneer die gemeente in die erediens saamkom het elkeen 'n bydrae om te lewer, volgens die gawes wat aan hom of haar gegee is. Daarom moet die atmosfeer dit aanmoedig en moontlik maak.
- Daar mag nie 'n atmosfeer heers wat sekere gawes bo ander bevoordeel nie. Ruimte moet geskep word vir die volle werking van die Heilige Gees.
- Die erediens moet ordelik verloop; so moet alles wat gebeur gepas en ordelik wees. Dit impliseer 'n atmosfeer van kalmte, beheerstheid en plan.
- Hierdie orde is geklee in vrede en harmonie. Daarom is dit belangrik dat daar nie 'n geforseerde, vreeswekkende orde sal heers nie, maar orde in 'n atmosfeer van vrede en harmonie.

# 5 SAMEVATTING VAN 1 KORINTIËRS 11-14

## 5.1 DIE BOODSKAP VAN 1 KORINTIËRS 11-14

In 1 Korintiërs 11-14 handel Paulus oor die erediens en wat daarin gebeur. Hy stel 'n hele reeks beginsels vir die erediens en die deelname daaraan:

- Die erediens moet die samelewingsnorme in ag neem en sover moontlik nie daarteen indruis nie. God se Woord en Wil bly egter steeds die eerste prioriteit (1 Korintiërs 11:2-16).
- Wanneer die gemeente saamkom is hulle daar vir mekaar en nie in die eerste plek vir hulleself nie. Daarom moet hulle gemeenskaplikheid en gelykheid ook deur dit wat hulle doen en dit wat gebeur gewys en gebou word. Dit is belangrik om nie bloot bymekaar te kom nie, maar ook bewus te wees van wat gebeur en hoekom dit gebeur, sodat die regte verstaan tot die regte deelname kan lei (1 Korintiërs 11:17-34).
- In die gemeente en in die erediens is almal belangrik, omdat dit 'n samekoms van een liggaam onder leiding van een Gees met een doel is. Tog bestaan hierdie liggaam uit 'n verskeidenheid van lede wat almal belangrik is en wat almal hulle verskillende gawes moet aanwend tot opbou van mekaar en tot eer van God (1 Korintiërs 12).
- Voordat egter te veel op die verskillende gawes gekonsentreer word, is dit belangrik om die regte lewenswyse te openbaar, naamlik die liefde. Alles, ook die gebruik van die gawes in die erediens moet uit, deur en in liefde geskied. Hierdie liefde is selfopofferende Christelike liefde wat ander gemeentelede en hulle behoeftes en situasies voorop stel (1 Korintiërs 13).
- Wanneer dit só uit, deur en in liefde geskied is die maatstawwe vir die gebruik van gawes in die erediens dat dit verstaanbaar moet wees en tot opbou van die gemeente, dit wil sê alle teenwoordiges, moet wees. Alles in die erediens moet vir almal, selfs ongelowiges, verstaanbaar en opbouend wees. Dit vereis dat die erediens ordelik, gebalanseerd en harmonieus sal wees (1 Korintiërs 14).

## 5.2 AFLEIDINGS UIT 1 KORINTIËRS 11-14

Uit 1 Korintiërs 11-14 kan die volgende afleidings in verband met atmosfeer in die erediens gemaak word:

- In die erediens is God teenwoordig. Daarom moet die atmosfeer ook God se teenwoordigheid openbaar. Dit beteken dat die erediens nie bloot 'n gewone menslike byeenkoms is nie en mag dit ook nie so ingerig word nie. Die atmosfeer moet een van heiligheid en gewydheid wees.

- Tog is dit duidelik dat die erediens nie in 'n onverstaanbare mistiek mag verval waar dit wat gebeur vreemd en intimiderend is vir buitestanders en ongelowiges nie. Daarom moet die atmosfeer sodanig wees dat vreemdelinge tuis voel, welkom voel en nadergetrek word. Dit impliseer warmte, vriendelikheid en veral liefde. Liefde is die belangrikste eienskap van die erediens.

- Hoewel dit in die erediens oor die aanbidding van die ewige, onveranderlike God gaan, moet die erediens sover moontlik by die algemeen aanvaarde samelewingsnorme en gebruike aanpas en mag dit nie werklikheidsvreemd wees nie.

- In die erediens moet ruimte geskep word om die verskillende gawes te kan gebruik, soms selfs spontaan, wat beteken dat die atmosfeer dit moet toelaat en aanmoedig. Dit beteken 'n atmosfeer waar mense tuis voel en gemaklik is.

- Hoewel die erediens ruimte moet skep vir verskeidenheid en die gebruik van verskillende gawes, moet alles ordelik geskied. Hierdie orde gaan met harmonie gepaard en daarom moet 'n atmosfeer van vrede in die erediens heers.

- Tog moet die erediens nie net verskeidenheid erken en bemagtig nie, maar ook die eenheid beklemtoon en verstewig. Dit is belangrik dat die atmosfeer in die erediens versoenend en samebindend en nie verdelend en skeidend is nie.

- Die erediens het gevolglik 'n belangrike pastorale dimensie waar die atmosfeer onderlinge sorg, opbou, bemoediging en vertroosting moet fasiliteer.

- Simbole en simboliese handelinge is belangrik in die erediens omdat dit nie net 'n boodskap oorbring nie, maar ook atmosfeer skep. Hierdie atmosfeer moet verenigend en uitnodigend wees en nie skeiding bring nie.

- Omdat die erediens in sy wese 'n ontmoeting met God is, is dit belangrik dat die atmosfeer die gemeente se gedagtes op God en nie op mense nie rig en fokus. Aanbidding in die erediens moet tot eer van God geskied, anders ontaard die erediens in mensbewondering en in jaloesie op verskillende gawes in plaas van 'n ontmoeting met die God wat dit alles gegee het.

- Omdat kennis maar ten dele is, sal 'n erediens nooit volmaak wees nie,. Daarom moet die atmosfeer kreatiewe deelname en denke stimuleer en ruimte maak vir innovasie ten einde nader te kom aan die eendagse volmaaktheid.
- Dit is belangrik dat alles in die gemeente verstaanbaar is – selfs vir die ongelowige of die onvolwasse (geestelik en / of ouderdom!) gelowige. Die atmosfeer moet juis sulkes nader trek en omarm, sodat ook hulle daartoe kan kom om die Here te ontmoet. Daarom mag die erediens juis húlle nooit verveel, intimideer of wegdryf nie.
- Die atmosfeer in die erediens is nie eenvormig deur die verloop van die erediens nie. So is daar geleenthede waar die atmosfeer die teenwoordiges aanspreek, geleenthede waar hulle op hulle knieë in aanbidding gedwing word, geleenthede waar hulle hulle harte verhef in lofprysing, geleenthede waar hulle onderrig word, geleenthede waar hulle tot belydenis aangevuur word, ensovoorts. Verskillende momente vereis 'n verskillende atmosfeer.

## 5.3 BASISTEORETIESE BEGINSELS UIT 1 KORINTIËRS 11-14

Na aanleiding van 1 Korintiërs 11-14 kan die volgende basisteoretiese beginsels oor die atmosfeer in die erediens gemaak word:

- Dit is belangrik dat die aanbidder in die erediens God se teenwoordigheid ervaar, op Hom fokus en Hom ontmoet.
- In die erediens moet almal (gelowiges en ongelowiges) welkom en tuis voel. Die erediens moet almal uitnooi en nader trek om uiteindelik in God se teenwoordigheid te wees.
- Die erediens moet ruimte skep vir elke aanbidder om deel te neem volgens die gawes wat die Heilige Gees vir hom/haar gegee het.
- Alle teenwoordiges moet die eenheid met God en met mekaar ervaar. Hierdie eenheid word veral in 'n atmosfeer van liefde gekonkretiseer.
- 'n Atmosfeer van vreedsame orde moet in die erediens heers waarin wat gebeur sinvol en verstaanbaar is.
- Die aanbidders moet ook pastoraal versterk, ondersteun en gebou word.
- In die erediens moet die mens in sy totaliteit betrek word. Dit sluit ook die meer kreatiewe en emosionele kante van die persoon in.

In die volgende hoofstuk gaan aandag gegee word aan wat die res van die Skrif leer oor die erediens en die rol van atmosfeer daarin.

# 5

# DIE LIG VAN DIE RES VAN DIE SKRIF

## 1 INLEIDING

In die hoofstuk 4 is 1 Korintiërs 11-14 in diepte ondersoek ten einde te bepaal watter rol atmosfeer in die erediens speel. In hierdie hoofstuk gaan die ontwikkeling van die erediens deur die res van die Skrif kortliks bespreek word. Die Ou Testament kom eerste aan die orde en die fokus val op die korporatiewe aanbidding in die sinagoge, die tempel, die feeste en die psalms deur literatuurstudie en eksegese. Daarna gaan die belangrikste Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes eksegeties bestudeer word, om uiteindelik tot sekere afleidings te kom.

## 2 DIE OU TESTAMENT

### 2.1 INLEIDING

In die beredenering oor die erediens is dit belangrik om te let op die aanbidding in die Ou Testament en die lyne wat daar begin en deur die Nuwe Testament voortgesit word (Peterson, 1993:26). Daarom word vervolgens kortliks aan die Ou Testamentiese geskiedenis van aanbidding aandag gegee. Omdat dit in die erediens om veral korporatiewe aanbidding handel, word gefokus op die korporatiewe aanbidding in die Ou Testament. Daar gaan gekonsentreer word op die aanbidding soos dit in die tabernakel gesetel was, die aanbidding in die tempel asook die verskillende godsdienstige feeste. Ten slotte word die bydrae van die psalms ondersoek.


## 2.2 DIE TABERNAKEL-DIENS

### *2.2.1 Die Tabernakel*

Gedurende die uittog uit Egipte was hierdie tabernakel eintlik 'n tent-tempel wat saam met die volk getrek het en oral opgeslaan is vir godsdiensverrigtinge. Die Tabernakel word dan ook "die tent van ontmoeting", (in die 1933/53-vertaling "die tent van samekoms") (Eksodus 27:21), "die tent van getuienis" (Eksodus 38:21, Handelinge 7:44), of ook "verbondstent" (Hebreërs 8:5) genoem.

Die sentrale heiligdom van die tabernakel was 'n konstruksie van planke en pale wat met balke verbind was en met swaar silwervoetstukke regop gehou is om sodoende 'n groot reghoekige konstruksie te vorm wat ongeveer 15 meter lank en 7 meter breed was. Aan die een smal kant wat oos moet wys was die ingang wat met gordyne afgesluit was. Die dak is gemaak van gordyne met borduurwerk en oorgetrek met sak en vel. In Eksodus 26:1–27:21 word 'n volledige beskrywing met allerhande detail gegee oor die bou en toerus van die tabernakel. Binne in hierdie konstruksie is die langwerpige vorm verdeel deur 'n vierkant van gelyke lengte af te merk en met 'n gordyn af te sluit om so die Heilige der Heilige, ook genoem die Allerheiligste plek, van die Tabernakel te wees waar die ark van die verbond (Eksodus 25:10–22) gestaan het. Die oorgeblewe gedeelte vorm dan die Heilige plek waar die reukaltaar (Eksodus 30:1–10), die goue lamp of kandelaar (Eksodus 25:31–40) en die tafel met die toonbrode was (Eksodus 25:23–30). Die Allerheiligste en Heilige vorm saam die heiligdom.

Buite voor die heiligdom was die waskom van brons gemaak waar die hande en voete van die priester gewas is (Eksodus 30:17–21) asook 'n altaar vir die offerandes (Eksodus 27:1–8). Die hele groep is as't ware omhein met 'n muur van gespande doek om so die hele kompleks af te sluit. Hierdie deel was 50 meter lank en 25 meter breed. Die hele area was as gewyde plek eerbiedig met besondere eer aan die tabernakel self.




*Die Tabernakel*
*(Stander & Louw, 1990)*

Die ark het 'n baie sentrale plek ingeneem. Alles het daarheen gewys. Drie ooreenstemmende ingange het daarnatoe gelei, want om die hof van die tabernakel te betree, was om in die teenwoordigheid van God self te kom. Op pad na die ark het gelê die brandofferaltaar (Eksodus 27:1–8), die reukaltaar (Eksodus 30:1-6) en die "versoendeksel" (alternatiewe vertaling) waarop die offerbloed gesprinkel moes word (Eksodus 25:17-22; Levitikus 16:14). Dit beteken dat net offerande (brandofferaltaar), gebed (reukaltaar) en die vergote bloed (versoendeksel) die weg vir die mens na God kon baan. Binne-in die ark was die twee tafels (kopieë) van die wet wat die allerbelangrikste geskrewe uitdrukking van God se heilige teenwoordigheid versinnebeeld het (Eksodus 25:16).

Die ark (ook verbondsark) is gemaak om die plat klippe waarop die tien gebooie geskryf was, in te bêre. Dit was dus 'n simbool van God se verbond met sy volk. Twee goue engele, oftewel "gerubs", is bo-op die ark geplaas as "beskermengele". Die ark was die heiligste besitting van

die volk van Israel en is in die Allerheiligste van die tabernakel gehuisves. Die hoëpriester kon slegs een keer per jaar daar ingaan om bloed op die versoendeksel (deksel van die ark), te sprinkel en boete te doen vir die sondes van die hele volk. Die ark was die simbool van God se teenwoordigheid sowel as, deur die inhoud daarvan (die Tien Gebooie), van God se regering (Peterson, 1993:31).

Die hele plan van die tabernakel verkondig dus duidelike geloofswaarhede. Dit verskaf 'n sigbare opsomming van die sentrale waarhede van die Bybel:

- dat God onder sy volk woon;
- dat Hy wil hê sy volk moet Hom aanbid volgens sy wil en nie volgens hulle eie wil nie;
- en dat sondaars slegs deur middel van offerandes en gestorte bloed ooit in die teenwoordigheid van die Heilige kan lewe.

Die tabernakel moes in die middel van die kamp gestaan het en die middel verskaf waardeur alle lewe in verband met God gebring is (Peterson, 1993:32). Met die binnehof, Heilige en Allerheiligste het dit gesimboliseer dat God in hulle midde is – in die middelpunt van hulle lewe, maar dit het terselfdertyd ook daarop gewys dat die mens God nader op God se terme en nie op die mens s'n nie.

Toe die Israeliete hul in Kanaän gevestig het, is die tabernakel in Silo opgeslaan (Josua 18:1). Daar het dit 'n min of meer permanente staanplek gekry en is dit ook mettertyd die huis van die Here (1 Samuel 1:7) of selfs die tempel (1 Samuel 1:9) genoem. Uit 1 Samuel 3:2–3, 15 blyk dat Samuel en Eli albei hulle slaapplekke in die tabernakel gehad het. Miskien was die hele kompleks teen die tyd al meer uitgebrei.

Toe die Israeliete en die Filistyne op 'n keer in oorlog was, is die ark van die Here, die verbondsark, uit die tabernakel in Silo na die gevegsterrein geneem. Die Filistyne het die Israeliete verslaan en die ark weggeneem, maar dit later teruggestuur (1 Samuel 4:6). Dit is toe in Kirjat-Jearim gehou (1 Samuel 7:2 wat in 2 Samuel 6:2 Baäla genoem word, 'n ander naam vir Kirjat-Baäl of Kirjat-Jearim) totdat Dawid dit na Jerusalem gebring het en in 'n tent geplaas het wat hy daarvoor opgeslaan het (2 Samuel 6:17). Toe Salomo die permanente tempel gebou het, is die ark weer in die Allerheiligste deel van die tempel geplaas (1 Konings 8:1–9). Die ark is, nadat dit deur die Filistyne afgeneem is, nie weer in die tabernakel te Silo geplaas nie omdat Silo kort daarna verwoes is. Miskien is die tabernakel ook saam verwoes. Later in

Nob (1 Samuel 21:1–9) vind ons weer 'n tempel of tabernakel. Die tent waarin Dawid die ark in Jerusalem geplaas het, kan ook tot 'n tabernakel ontwikkel het (1 Konings 8:4).

### 2.2.2 *Die diens in die tabernakel*

Offers het as teken en simbool 'n sentrale plek in die erediens in Israel ingeneem (Barnard, 1980:77). Die plek waar die offers gebring is, was die tabernakel. Die brandoffer is die hoofoffer van die Ou Testament (Holmgren, 1987:21). Brandoffers is veral gekenmerk deur die vreugdekarakter wat daar geheers het (Botha, 1984:15).

Die volgorde van die offeraanbidding kan soos volg uit Levitikus 1-5 afgelei word (vgl Hill, 1993:120). (Die besonderhede mag verskil volgens die tipe offer wat gebring word.)

Stap 1: Die persoon wat die offer bring moet seremonieel rein wees. Rituele reinheid is verkry deur eerstens die persoon se klere te was en daarna homself te was. In sommige gevalle is spesiale offers vir die priesters gebring (vergelyk Numeri 19:17-21)

Stap 2: Die aanbidder het die tabernakel genader met sy offer.

Stap 3: Die altaardienaar het die aanbidder ontvang, die offerdier geneem en die aanbidder na die brandofferaltaar in die tabernakel binnehof gelei. Die familie van die aanbidder kon van die hek af kyk of het die twee in die binnehof in gevolg om van 'n beter plek af te kyk.

Stap 4: Na 'n belydenis, 'n gebed of lofprysing (afhangende van die tipe offer) het die aanbidder sy hand op die dier (slagoffer) se kop gelê en sy keel met 'n mes afgesny. (Die priester het hier die bloed wat in die offer gebruik sou word, bymekaar gemaak.)

Stap 5: Die aanbidder het dan, miskien met die hulp van die priester, die dier geslag en in kwarte gesny. (Wanneer die offer aan die brandofferaltaar geraak het, het die formele priesterlike take begin.)

Stap 6: Die aanbidder het die priesterlike aktiwiteit aanskou, insluitende die verbranding van die offer op die altaar. Die aanbidder het moontlik op een of ander manier op die priesterlike aktiwiteit gereageer, soos byvoorbeeld deur gebed, stille refleksie en meditasie, dreunsang of deur die beurtsang van liturgiese antwoorde (afhangende van die aard van die offer).

Stap 7: Nadat die offer op die altaar deur vuur verteer is, het die priester die aanbidder formeel weggestuur met een of ander seën. In sommige gevalle het die aanbidder

'n gemeenskapsmaal saam met die priester geëet bestaande uit die oorblyfsels van die offerdier na afloop van die brandoffer. In ander gevalle is die oorblyfsels van die offerdier huis toe geneem en deur die aanbidder en sy familie geëet as vreugdemaal geëet. Die oorblywende gedeeltes van die offer moes binne twee dae geëet word of andersins deur vuur verwoes word (vergelyk Levitikus 19:5-8).

### *2.2.3 Gevolgtrekking*

Die tabernakel, met sy priesters en hulle bediening, was fundamenteel vir die godsdienstige lewe van Israel. Die basiese konsep was dit wat die hele teokrasie onderlê het: God wat in sigbare glorie in sy heiligdom tussen sy volk woon (Eksodus 25:8).


Die aanbidding in die tabernakel bied die volgede perspektiewe:

- God is teenwoordig onder sy mense. Hierdie is 'n fundamentele waarheid wat in die erediens na vore moet kom.
- Die ruimte weerspieël die volmaaktheid en harmonie van God se karakter: die graderings in metale en materiale, die grade van heiligheid ten toon gestel deur die binnehof, die Heilige en die Allerheiligste en die mates van die tabernakel, wat in veelvoude van drie, vier, sewe en tien is (Feinberg, 1993:118). Dit wys op die belang van die ruimte in aanbidding.
- Die rykdom van simbole in die aanbidding is belangrik om die persoon in sy hele wese in ontmoeting met God te bring.
- Daar is 'n groot skeiding tussen die priesters en die volk. Die priesters is die aktiewe persone wat die offerwerk doen, terwyl die volk slegs toegekyk het.
- Daar was ook skeiding tussen die volk en God, 'n gaping wat deur die priester oorbrug moes word.
- Die atmosfeer wat geheers het was een van eerbied en ontsag vir God, berou oor die sonde, maar ook vreugde en dankbaarheid vir die verlossing.

## 2.3 DIE TEMPELDIENS

### *2.3.1 Die tempel*

Die tempel wat Salomo in Jerusalem gebou het, was grootliks 'n herhaling van die opset wat in die tabernakel bestaan het. Dit was 'n gebou in twee hoofdele waarin die ark van die verbond geplaas was in die Allerheiligste deel, en die ander voorwerpe, die kandelaar, reukaltaar en toonbrode in die heilige deel. Die verskil was nie in opset nie, maar in vorm en bouwerk. Die tempel was van steen en hout gebou en met kosbare metaal versier. Die tempeldeel self is op 'n platvorm enkele trappe hoog gebou. Die voorkant het 'n groot ingang gehad met twee reuse pilare van brons waaraan die name Jakin en Boas gegee is (1 Konings 7:21).




*Die tempel van Salomo - vooraansig*
*(Stigers, 1993:126)*

Langs die ingang is aan beide kante 'n reeks kamers gebou in die eerste deel van die Heilige plek wat moontlik stoorplek vir tempelgereedskap, blyplek vir priesters of iets soos kantore in moderne sin, gebied het. Die tempel het hierdeur heelwat groter as die tabernakel geword.

Voor die ingang was daar ook 'n waskom en offeraltaar. Die waskom was baie groot en het twaalf bronsbulle as voetstuk gehad. Dit kon meer as 40 000 liter water hou. Vir 'n beskrywing van hierdie reuse waskom, sien 1 Konings 7:23–26. Daarby was daar ook tien waentjies met tien kleiner waskomme vir besprinkeling (1 Konings 7:27–40).

In die allerheiligste het die ark van die verbond gestaan. Die belangrikste deel van die ark was die goue deksel genoem die versoendeksel omdat die sondes van die volk daar versoen is (Levitikus 16:11–17). Twee gestaltes van engele, wat as gerubs bekend gestaan het, het op die kante van die deksel gesit en was simbool van God se teenwoordigheid (Psalm 99:1). Die engele het ook die weg na God gesimboliseer (Stigers, 1993:126).




*Salomo se Tempel – bo-aansig*
*(Stander & Louw, 1990)*

## 2.3.2 *Die betekenis van die tempel*

Vir Israel moes die tempel die plek wees waar hulle, veral tydens die drie jaarlikse feeste, hulle voor hulle God moes verheug en sy groot seëninge op hulle moes onthou (Deuteronomium 12:12). Hierdie heiligdom het die horende oor van God (1 Konings 8:27-29, die toevlugsoord

van die vreemdeling (1 Konings 8:41-43) en die huis van gebed vir alle volke (Jesaja 56:7) gesimboliseer, met die doel dat al die nasies van die aarde God moet ken (1 Konings 8:43).

Die tempel het die teenwoordigheid van God tussen sy volk gesimboliseer, maar is ook gesien as 'n uitdrukking van die teenstelling tussen Israel en die omliggende kultuur (Webber, 1993:129). Aanbidding in die tempel het die Israeliete onderskei van die aanbidding van die heidene en hulle verhouding met God beklemtoon (Deuteronomium 12).

Een uitstaande kenmerk van die tempel was die simboliese karakter daarvan. Dit is gekenmerk deur 'n geheiligde ruimte, geheiligde rituele en geheiligde bedienaars. 'n Treffende eienskap van hierdie heilige simbole is dat hulle deur God verorden is. Wanneer Dawid aan Salomo die planne vir die tempel gee, word uitdruklik gesê dat "Dit alles, die hele uitvoering van die werk, het Dawid deur 'n openbaring van God te wete gekom en hy het dit op skrif gestel" (1 Kronieke 28:19).

Die tempel is gekenmerk deur 'n simboliese gebruik van ruimte. Die rangskikking van die buitehof, die binnehof, die Heilige en die Allerheiligste het die afstand tussen God en die aanbidder gekommunikeer. Al die toerusting in die tempel, soos die altaar, die waskom, die goue lampstaanders, die tafel met die toonbrode, die wierookaltaar en die ark was gelaai met simboliese betekenis soos hulle die ontmoeting met God voorgestel het. Niks in die tempel is willekeurig gekies of geplaas nie.

### *2.3.3 Die diens in die tempel*

Soos by die tabernakel, het die offer die sentrale plek in die aanbidding ingeneem. Die patroon van die tabernakel is dan ook in die tempel voortgesit. Deur die offer geskied daar gesprek tussen God en sy volk.

Hoewel die offer so 'n belangrike plek in die tempeldiens ingeneem het, was die diens nie beperk tot die offer nie. Die offerdiens en die kultiese handelinge is vergesel van woorde. Daar was die gereelde oggend- en aandoffers deur die wet voorgeskryf (Eksodus 29:38, 39). Die reukaltaar moes daagliks behartig word en die lampe en reukwerk moes daagliks aangesteek word (Eksodus 30:7, 8). Hierdie offers was vroeg reeds vergesel van gebede (Barnard, 1980:78). So word die tempel in Jesaja 56:7 die "huis van gebed" genoem (Opmerklik dat dit verder gestel word dat die "tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed *vir al die volke*" –

beklemtoning WL). In die tempel was die reukofferaltaar dan ook die sinnebeeld van die gebede van die heiliges (Psalm 141:2).

Die woord het ook op 'n ander wyse by die tempel ter sprake gekom, naamlik in die onderrig wat deur die priesters gegee is (vergelyk Nehemia 8:8-10). Hulle moes die volk uit die wet onderrig en aan hulle die tradisies van die Here se verbond leer (Deuteronomium 17:9-11; 24:8). Toe die volk sonder 'n "lerende priester" was, het die aanbidding agteruitgegaan (2 Kronieke 25:3).

Musiek het in die tempeldiens 'n belangrike rol gespeel, soos gesien kan word uit die feit dat 4,000 van die 38,000 (meer as 10%) van die Leviete wat deur Dawid vir tempeldiens gekies is, musici was (1 Kronieke 23:5). Hulle was die "die sangers ... met musiekinstrumente, harpe, liere en simbale, om die feesvreugde hard te laat weergalm" (1 Kronieke 15:16). In 1 Kronieke 25 word 24 families van 12 elk (dus 288 in totaal) in die besonder afgesonder as "mense wat onder begeleiding van liere, harpe en simbale as profete opgetree het" (1 Kronieke 25:1). Hulle het:

- "met begeleiding van die lier as profeet opgetree het in die dank en die lof aan die Here" (25:3), en
- "die sang in die huis van die Here begelei op simbale, harpe en liere in die tempeldiens" (25:6);

Hulle was "ampsgenote wat in sang ter ere van die Here onderrig was" (25:7).

Koning Dawid het verskillende mense vir die tempel aangestel en hulle beveel om die Here met "hart en siel" te dien (22:19). In 1 Kronieke word 'n prentjie geskets van al die verskillende amptenare wat in die tempel diens gedoen het:

| ***Pligte*** | ***Amptenare*** | ***Verwysing uit 1 Kronieke*** |
|---|---|---|
| Administratiewe pligte | Opsieners oor die bouwerk | 23:4-5 |
| | Geregsdienaars | 23:4-5 |
| | Openbare administrateurs | 26:29-30 |
| Leraarspligte | Priesters | 24:1 |
| | Profete | 25:1 |
| | Assistente by offers | 23:28-32 |

| *Pligte* | *Amptenare* | *Verwysing uit 1 Kronieke* |
|---|---|---|
| Finansiële pligte | Amptenare wat toesig moes hou oor die tempelskatte | 26:20 |
| | Amptenare wat toesig moes hou oor gewyde artikels | 26:26-28 |
| Kunspligte | Begeleiding van die sang | 23:5; 25:6 |
| | Sangers | 25:7 |
| Beskermingsdienste | Tempelwagte | 23:5 |
| | Poortwagte en wagte oor die voorraad | 26:12-18 |
| Individuele pligte | Administratiewe amptenaar | 24:6 |
| | Siener in diens van die koning | 25:5 |
| | Profeet in diens van die koning | 25:2 |
| | Hoofamptenaar belas met toesig | 26:23-24 |

Die erkenning van God, die besef van sy unieke karakter en die heerlikheid van sy Persoon, asook dat dit duidelik uitgespreek word, was 'n karaktertrek van die tempeldiens (Barnard, 1980:75).

### *2.3.4 Gevolgtrekking*

Uit die tempel en die diens daarbinne kan die volgende afgelei word:

- Die aanbidding begin by God en is op Hom gerig. Die mens is nie die middelpunt van aanbidding nie.
- Al die sintuie is betrek in die aanbidding: sien (die toerusting, die vuur, die offer), hoor (die woorde), ruik (die wierookaltaar, die reuk van die offer), proe (die oorblyfsels van die offerdier) en voel (die offerdier).
- Die simboliese speel 'n belangrike rol in die aanbidding.
- Die tempel (plek van aanbidding → erediens) het 'n belangrike rol om God aan die wêreld bekend te maak.
- Die tempel (plek van aanbidding → erediens) moet verder 'n veilige hawe vir vreemdelinge wees.
- God bepaal hoe Hy gedien wil word en die volk moet dit gehoorsaam wees.

- Ware aanbidding loop uit op die eer en verheerliking van God.
- Die aanbidding moet ruimte gee vir verskillende mense met verskillende gawes om dit tot eer van die Here en tot opbou van die gemeente te gebruik.
- Die tempel en wat dit simboliseer het tot vreugde gelei.
- Alles in die tempeldiens was verstaanbaar vir die aanbidder, ook die lering deur die priesters.
- Musiek het 'n belangrike rol in die tempelaanbidding gespeel. Daar is groot klem op die begeleiding en sang gelê.

## 2.4 GODSDIENSTIGE FEESTE

### *2.4.1 Die feeste*

Sekere dae in die jaar is vir Israel uitgesonder sodat daar gewyde byeenkomste op daardie dae gehou kon word. Die gewyde feesdae word aan bepaalde tye in die landboujaar verbind, soos byvoorbeeld die begin van die oestyd. Deur verskillende voorskrifte word aangetoon wat die volk op elke gewyde feesdag moes doen. Die volgende dae is op die kalender aangestip (vergelyk Drane, 1987:317-322; Stander & Louw, 1990; Fensham & Oberholzer, 1981:303-306):

1. SABBATDAG: Die sabbatdag (Levitikus 23:1-3) is weekliks op die sewende dag gehou. Die alledaagse aktiwiteite word op daardie dag gestaak en al die lede van die volk kom in gewyde byeenkomste bymekaar (Drane, 1987:317). In die byeenkoms word God gedien en met offers geëer, terwyl daar na sy wet en voorskrifte geluister word.
2. PAASFEES: Die paasfees (Levitikus 23:4-8) duur sewe dae en begin op die vyftiende dag van die eerste maand van Israel se lente-kalenderjaar (Maart-April). Die eerste en laaste dag word soos 'n sabbatdag gevier. Verskillende offers is gebring en gedurende die tyd van die fees is slegs brood wat nie suurdeeg in het nie, geëet. In Eksodus 12 word hierdie fees verbind aan die nag toe die Here die eersgeborenes van Israel in Egipte van die dood gered het en die volk uit slawerny bevry het. 'n Lam is in elke huis geslag as herinnering aan die bloed van die lammers op die deurkosyne in Egipte sodat die doodsengel daardie huis moes oorslaan. Die vader van die huis het dan 'n vaste ritueel gevolg waarin almal aan die uittog en sy voorskrifte herinner is (Stander & Louw, 1990). Die jongste lid van die familie het vrae hieroor gevra wat die vader geantwoord het.

Deuteronomium 16:1–8 gee voorskrifte hoe die Paasfees gevier moes word. Hierdie viering is met groot vreugde gedoen (2 Kronieke 30:21).

3. ONGESUURDE BROOD: Die begin van die graanoes (Levitikus 23:9-14) het direk op die paasfees gevolg en is gevier met die fees van die ongesuurde brood. Die eerste ryp are van die graanoes is saam met ander offers vir die Here gebring om te erken dat Hy die oes gegee het. So is die Here geloof vir sy voorsienigheid (Stander & Louw, 1990). Ongesuurde brode het herinner aan die haas om te trek toe die deeg nie nog eers kon rys voordat dit gebak is nie (Eksodus 12:11). Die fees is gekenmerk deur vreugde.

4. PINKSTERFEES: Op die vyftigste dag (sewe weke) na die graanoes begin het, is die oes afgesluit met 'n gewyde byeenkoms (Levitikus 23:15-22). Met verskillende offers het die volk hul dankbaarheid vir die oes aan die Here betoon (Fensham & Oberholzer, 1981:305). Met vreugde is fees gevier oor die groot oes wat ingesamel is. Hierdie fees het ook bekend gestaan as die fees van die weke en later as die pinksterfees.

5. FEES VAN DIE WEKE: In die sewende maand, met die begin van die herfs, was daar altesaam drie feeste. Die eerste van die drie (Levitikus 23:23-25) het op die eerste dag van die maand plaasgevind en is aangekondig met die blaas van 'n ramshoring. Daar is 'n gewyde byeenkoms gehou waardeur die Here gedien is. Dit stem ooreen met die huidige Joodse nuwejaarsdag. Hierdie was 'n eendaagse fees wat op die 16de van die maand Sivan (Mei/Junie) gehou is – in die middel van die koringoes en die einde van die garsoes as 'n danksеggingsoes(Fensham & Oberholzer, 1981:306). 'n Klein bietjie koring is ge-oes en die graan gemaal om in twee brode gebak te word. Hierdie twee brode is dan in die lug geswaai om dank te betuig op 'n wyse wat hulle gemeen het die Here makliker sal raaksien. In Levitikus 23:15 word dit 'n beweegoffer genoem. Presies 7 weke en een dag nadat die graan begin oes is, moes die fees begin (Deuteronomium 16:9–12) – vandaar die naam *fees van die weke*. Die fees moes die volk herinner aan die feit dat Israel in Egipte slawe was. Hierdie fees het ook 50 dae na die Paasfees plaasgevind. Verder moes daar, volgens Levitikus 23:18–19 diere geoffer word as gewyde gawe aan die Here.

6. DIE VERSOENDAG: Die versoendag (Levitikus 23:26-32) het gevolg op die tiende dag van daardie maand. Op hierdie dag is die heiligdom gereinig (Levitikus 16) en die volk moes die dag soos 'n sabbatdag deurbring. Hulle mag op daardie dag ook niks geëet het nie. Deur te vas het hulle hulleself voor God verootmoedig en hulleself voorberei vir die derde feesdag van die maand. Hierdie feesdag het een maal per jaar op die 10de van die maand Tishri, vyf dae voor die huttefees, plaasgevind (Drane, 1987:321). Dit was 'n dag

van verootmoediging, maar het tog ook die feestelike blydskap van versoening ingehou. Levitikus 16 beskryf hierdie dag in besonderhede. Dit is die klimaksdag van die hele Joodse jaar, die dag waarop die hoëpriester in die allerheiligste van die tabernakel en later die tempel ingegaan het om versoening vir die hele volk se sondes te doen. Gedurende die jaar het die priesters gedurig offers gebring vir die volk en individue, maar op hierdie dag moes die hoëpriester vir homself en vir die priesters in die eerste instansie versoening doen en dan ook vir die hele volk. So word die priesters en volk weer volkome ritueel rein (Stander & Louw, 1990). In die tyd van die Ou Testament is die offer van die een bok gevolg deur die sprinkel van bloed op die deksel van die verbondsark en daarvoor. Die ander bok, die sondebok (in Levitikus 16 die bok vir Asazel), is dan die hande opgelê om sodoende al die sondes op die bok oor te dra. Hierdie bok is vervolgens die woestyn ingejaag.

7. HUTTEFEES: Die huttefees (Levitikus 23:22-43) was die derde van die drie feeste in die sewende maand. Die huttefees word soms ook die Loofhuttefees genoem omdat dit 'n dankfees vir die oes is (Deuteronomium 16:15). Dit word in Levitikus 23:34–36, 39–44 en in Deuteronomium 16:13–15 beskryf. Dit het soos die paasfees ook sewe dae lank geduur. Die fees het op die vyftiende dag van die maand begin en met die begin van die vrugte-oes saamgeval. Dit was 'n uitbundige fees waarop die Here se leiding en beskerming in die woestyn herdenk is. Die volk het in herinnering aan die woestyntyd met palmblare en takke vir hulle afdakke gemaak waaronder hulle die sewe dae lank fees gevier het. Met hierdie fees is Israel se toewyding aan God en hulle vertroue in sy leiding en beskerming opnuut bevestig (Fensham & Oberholzer, 1981:306). Die fees het 'n drieledige betekenis:

   i. dit was 'n danksegging vir die verlede – 'n jaarlikse herinnering aan God se beskerming en voorsiening deur die eeue;
   ii. 'n getuienis in die hede – 'n belangrike aspek van die huttefees en ander feeste was hulle getuieniswaarde teenoor handelaars, reisigers en ander inwoners van die land; en
   iii. 'n vertroue in die toekoms – soos met die volk van vroeër het God 'n plan met hulle en is hulle pelgrims op pad daarheen (Brown, 1998: 137-139).

8. TEMPELWYDINGSFEES: Die tempelwydingsfees het die reiniging van die tempel herdenk. Hierdie fees is nie deur die wet voorgeskryf nie en word dus nie tot die hooffeeste van die Jode gereken nie, maar dit was wel 'n fees van groot betekenis (Drane, 1987:321). Dit is ingestel deur Judas die Makkabeër in 165 voor Christus nadat hy die tempel bevry het uit die hand van die Siriese vors Antiogus Epifanes. Hierdie heidense heerser het die tempel

aan die Griekse god Zeus gewy. Die Makkabeërs het die Jode in die opstand teen Antiogus gelei en hulle stryd het daarop uitgeloop dat die tempel gesuiwer en opnuut gewy kon word aan die diens van God. Om dié gebeurtenis te herdenk word die vreugdevolle fees van die tempelwyding of -vernuwing jaarliks op die vyf en twintigste van die maand Kislew (November/Desember) gevier (Drane, 1987:321). Omdat die gebruik van fakkels vir beligting 'n groot rol speel, word dit ook die fees van die ligte, of in Hebreeus die Chanoeka, genoem.

9. PURIMFEES: Die oorsprong van die Purimfees is in die voorneme van Haman, die Jodehater, om alle Jode om te bring, waartoe hy die lot gewerp het om die dag van slagting te bepaal. Die woord Purim ("פורים") is afgelei van die woord "פור", wat "lot" beteken (Drane, 1987:322). Sy plan het egter misluk (Ester 9:20–32). Die Purim word op 14 en 15 Adar gevier. Dan word die boek Ester gelees en word feesmaaltye gehou. 13 Adar, die dag wat Haman deur die lot vir die uitroeiing van die Jode bestem het, is 'n vasdag, "die vas van Ester".

| *DIE JOODSE KALENDER* | | | |
|---|---|---|---|
| **MAAND** | **DAG** | **FEES** | **MODERNE MAAND** |
| 1. Abib of Nisan | 14<br>15-21 | Paasfees<br>Ongesuurde brood | Maart/April |
| 2. Ijjar of Sif | | | April/Mei |
| 3. Siwan | 16 | Weke of "Pinkster" | Mei/Junie |
| 4. Tammus | | | Junie/Julie |
| 5. Ab | | | Julie/Augustus |
| 6. Elul | | | Augustus/September |
| 7. Tishri of Etanim | 1<br>10<br>15-21 | Trompette<br>Versoendag<br>Huttefees | September/Oktober |
| 8. Margeswan | | | Oktober/November |
| 9. Kislew | 25 | Ligte of Toewyding | November/Desember |
| 10. Tebet | | | Desember/Januarie |
| 11. Shebat | | | Januarie/Februarie |
| 12. Adar | 13-15 | Purim | Februarie/Maart |

*Die Joodse Kalender*

*(Vergelyk Yee, 1989:28-29)*

### 2.4.2 Die betekenis van die feeste

Dit is opvallend hoe dikwels in die Ou Testament gespreek word om "nie te vergeet nie" (negatief) en dan om "te onthou" (positief) (Barnard, 1980:76). By die herdenking gaan dit om die groot dade wat God in die verlede vir sy volk gedoen het en vandag steeds doen. Hierin het die feeste 'n belangrike rol gespeel.

Die feit dat daar 'n hele reeks feeste gedurende die jaar was, wys tot watter mate viering, lofprysing en danksegging die kern van die Israelitiese godsdiens was (Peterson, 1993:37). Die Psalms getuig in die besonder van die vreugde van die pelgrims op pad na Jerusalem en hul verlange om God en sy mense in sy tempel te ontmoet (vergelyk Psalm 122; 42; 43; 48; 118:19-29). So beveel die Here die volk byvoorbeeld om op die Huttefees "bly" te wees (Deuteronomium 16:14). Tog word dit hier duidelik wat met die *blydskap* bedoel word as die vers verder gaan om te sê: "Jy moet bly wees op hierdie fees, jy en jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, al die Leviete, vreemdelinge, weeskinders en weduwees van jou omgewing." Daar is dus twee basiese aspekte van blydskap wat die feeste wil verkondig:

1. Die genieting van dinge (eet en drink), en
2. Gemeenskapsbelewing (met die gesin, die familie en selfs vreemdelinge).

### 2.4.3 Gevolgtrekking

Die volgende afleidings kan uit die feeste van Israel gemaak word:

- Aanbidding het 'n belangrike herinneringsfunksie.
- Vreugde en feesviering speel 'n kardinale rol in openbare aanbidding.
- In die korporatiewe aanbidding gaan dit nie om die individu nie. Daarom moet die atmosfeer altyd ontvanklik wees vir vreemdelinge, sodat hulle kan aansluit en deelneem. Dit impliseer warmte, vriendelikheid en 'n verwelkomende atmosfeer en gesindheid.
- Simboliek, en dan veral simboliese handelinge speel 'n belangrike rol. Hierdie handelinge hoef nie net deur die voorgangers uitgevoer te word nie, maar kan deur die hele volk gedoen word.
- Aanbidding moet 'n noue band lê tussen dit wat in die wêreld gebeur (byvoorbeeld die seisoene, weke, oeste) en God (die voorsiener van alles). Dit mag nie losstaan daarvan nie.

- Korporatiewe feesviering moet lei tot opgewondenheid, hunkering en entoesiasme.

## 2.5 AANBIDDING IN DIE PSALMS

### 2.5.1 *Inleiding*

Hoewel die psalms deur die antieke skrywers, sowel as die geleerdes van die negentiende en vroeg twintigste eeue as private, individuele aanbidding beskou is, word vandag algemeen aanvaar dat die psalms spreek van kultiese (korporatiewe) aanbidding (vir 'n volledige bespreking, sien Day (1990:4-6)). So toon Ridderbos (1991:20) ook die verband tussen die Psalms en die kultus en wys daarop dat *"onder de cultus versta ik hier de openbare eredienst."* Daarom is die Psalms van belang in die bespreking van die atmosfeer in die erediens. Die Psalms kan in verskillende kategorieë verdeel word. Burger (1987:19-296) verdeel dit soos volg: Lofliedere; Klaagliedere; Dankliedere; Liedere wat die Here se koningskap besing; Koningspsalms; Seën- en vloekwoorde; Oorwinningsliedere; Wysheidsliedere. Day (1990:19-108) tref onderskeid tussen Klaagliedere, Lofliedere, Dankliedere, Vertrouenspsalms, Wysheid en Torah Psalms, Historiese Psalms, Ingangsliturgieë, Pelgrimspsalms en Koninklike Psalms. Murphy (2000:8-17) onderskei Lofliedere, Dankliedere, Klaagliedere, Vertrouensliedere, Koningspsalms, Wysheidspsalms en Historiese Psalms. Tog wys al drie daarop dat die oorgrote meerderheid van die Psalms onder Lofliedere, Klaagliedere of Dankliedere ingedeel kan word. Daarom word daar vervolgens op hierdie drie kategorieë gefokus.

### 2.5.2 *Lofliedere*

#### 2.5.2.1 <u>Inhoud</u>

Die loflied besing God se lof en het gewoonlik 'n drievoudige vorm (Day, 1990:39):

1. 'n Oproep tot lofprysing;
2. Die liggaam van die psalm met die motivering vir die lofprysing;
3. Die finale herhaling van die oproep tot lofprysing.

Die inhoud van die liggaam noem gewoonlik die glorieryke kenmerke en dade van God op. Voorbeelde van lofsange is psalms 8; 19; 29; 33; 47; 65; 67; 68; 96; 98; 100; 103; 104; 105; 111; 113; 114; 117; 135; 136; 145; 146; 147; 148; 249; 150. Die loflied het sy *Sitz im Leben* in

die tempel en die voorhof, waar God deur sangers, musikante en gelowige Israeliete geprys is (Burger, 1987:23). Die loflied het sy oorsprong in die kultus gehad (Weiser, 1962:53). Verwysings na Jahweh se teenwoordigheid in die middel van die gemeente (byvoorbeeld Psalms 110:2, 4; 96:8, 13); die verwysing na feestelike optogte, danse en musiek wat die sing van die psalms vergesel (byvoorbeeld Psalms 33:2; 68:25; 98:4; 118:20, 27; 150) en direkte verwysings na die volgorde van die fees (byvoorbeeld Psalm 81:4) en na die voorgeskrewe gebruike tydens die pelgrimstog (byvoorbeeld Psalm 122:1, 4) maak dit duidelik dat die loflied en die fees in 'n nou band met mekaar gestaan het.

In die oproep om God te loof word nie net Israel opgeroep nie, maar ook die vreemde nasies (in sommige gevalle selfs die hele wêreld) (vergelyk Psalms 33:8; 47:1; 66:1, 8; 96:1; 97:1; 98:4; 100:1; 145:21; 148:11), die gode of engele (vergelyk Psalms 29:1; 97:7; 148:2) en die natuur (vergelyk Psalms 19:1-4; 96:11-12; 98:7-8; 148:3-11). Die hoofrede vir die oproep tot lofprysing lê in God se grootheid en goedheid wat veral op twee fronte duidelik word: sy skepping van die wêreld en sy genadige dade in die geskiedenis van Israel (Day, 1990:41).

#### 2.5.2.2 Afleidings

- Vreugde, wat in lofprysing uitloop, is 'n belangrike element van die erediens.
- Hierdie vreugde is gegrond op God se dade in die verlede en die hede. Daarom moet die aanbidder God in die erediens ontmoet, in sy teenwoordigheid kom en van sy dade bewus word.
- Die vreugde van die gelowige vind nie in isolasie plaas nie, maar binne 'n bewusdheid van die vreemde nasies en die hele skepping. Bewustheid van vreemdelinge en van dit wat buite die erediens is, is belangrik.

### *2.5.3 Klaagliedere*

#### 2.5.3.1 Inhoud

Die tipes klaaglied bestaan ook uit drie dele (Murphy, 2000:12):

1. 'n Inleiding, wat gewoonlik 'n oproep tot God is om hulp;
2. 'n Liggaam, waar die rede vir die klag genoem word;

3. 'n Slot, wat soms 'n danksegging tot die Here of 'n mosie van vertroue dat Hy die klag sal beantwoord, bevat.

Die klaaglied kan 'n gemeenskaplike (byvoorbeeld Psalms 44; 74; 79; 80; 83) of 'n meer individuele inslag hê (byvoorbeeld Psalms 3; 6; 13; 22; 38; 39; 42; 51; 61; 63; 86; 102; 130; 140-143). Die volksklaaglied het sy *Sitz im Leben* in die kultus waar daar gevas word tydens nood soos hongersnood, oorlog, droogte, siekte, ensovoorts, terwyl die individuele klaaglied meer persoonlike, individuele nood aanspreek (Burger, 1987:24).

### 2.5.3.2 Individuele klaagliedere

Die individuele klaagliedere word beskou as die ruggraat van die Psalms omdat dit die tipe Psalm is wat die meeste voorkom (Day, 1990:19). Daar is baie oorsake vir hierdie klaagpsalms: siekte, vyande, vals beskuldigings, onderdrukking, ensovoorts (Murphy, 2000:12). Veral siekte en bedreiging deur die vyand word in baie psalms gesien as 'n teken van skuld voor God wat lei tot Godverlatendheid (Day, 1990:25) (vergelyk ook onder andere Psalms 38:3; 39:8, 11). Dit is interessant om daarop te let dat sommige van die Psalms die beeldspraak van Sheool (die dood of onderwêreld) gebruik in die beskrywing van die siek persoon. Siekte is gesien as 'n teken van die inbreuk van Sheool in die lewe in, 'n tipe van dood. Psalm 88:3-7 sê byvoorbeeld:

> 3 Laat my gebed nie tevergeefs wees nie, hoor my geroep. 4 Die swaarkry het vir my te veel geword: ek vat al aan die doderyk, 5 ek staan al met die een voet in die graf, ek het geen krag meer nie. 6 Dit is asof ek al tussen die dooies is, tussen dié wat gesneuwel het en in hulle grafte lê, dié aan wie U nie meer dink nie en van wie U u hand teruggetrek het. 7 U het my onder in die put laat beland, in diepe duisternis.

Wat belangrik is, is dat die individuele klaagpsalms ook 'n plek in die kultus gehad het (Weiser, 1962:68). Dit kan afgelei word uit die verwysings na die heiligdom en die offers daarbinne (byvoorbeeld Psalms 5:3, 7; 28:2), sowel as uit die feit dat in meeste gevalle die belofte die teenwoordigheid van die gemeente veronderstel (byvoorbeeld Psalms 22:22; 26:12; 28:9; 31:23; 35:27; 52:9; 109:30; 140:12; 142:7). Hierdie individuele klaagpsalms het besondere waarde vir die gemeente as geheel gehad, soos gesien kan word uit die verwisseling van die aanspreek van God in die tweede persoon met vertellings in die derde persoon (byvoorbeeld Psalms 10:1 vv.; 44:8; 68:10v.; 94:11v.; 123; 125:4v.). Die klaagpsalm het dus 'n tweeledige doel: dit is gelyktydig *gebed* tot God en *getuienis* vir die gemeente (Weiser, 1962:69).

In 'n aansienlike hoeveelheid van hierdie psalms vind 'n merkbare gesindheidsverandering teen die einde van die psalm plaas, met die psalmdigter wat vertroue uitspreek dat God sy gebed gehoor het (vergelyk Psalms 6:8vv.; 7:10v.; 13:5v.; 28:6vv.; 31:19vv.; 52:8v; 55:23; 56:9vv.; 57:7vv.; 61:5; 94:22v. 130:7v. en 140:12v.). Die feit dat dit meer teen die einde van die Psalms voorkom is te verstane in die lig van die feit dat die psalmdigter op 'n positiewe noot sal wil eindig en dat sulke emosies van vertroue deur die daad van gebed aangemoedig sou word (Day, 1990:31). Hierby kan gevoeg word dat die kennis van God en sy Almag die aanbidder tot geloof en vertroue aanspoor.

2.5.3.3 Gemeenskaplike klaagliedere

In hierdie Psalms bekla die volk as geheel hul lot voor God en bid Hom om uitkoms. Die volk het by die tempel bymekaar gekom op spesiale dae wat opsy gesit is vir vas of rou, veral gedurende 'n droogte of een of ander ander ramp (Murphy, 2000:13). Die hoofdeel van die psalm is gewoonlik 'n klagte direk aan God gerig. Dit is soms in die vorm van 'n vraag, byvoorbeeld "Hoe lank...?" (vergelyk Psalm 74:10; 79:5; 80:4; 94:3) of "Hoekom..." (vergelyk Psalms 44:24; 74:1, 11). Ander kere is dit in die vorm van 'n stelling dat God hulle verlaat het of iets soortgelyks (vergelyk Psalms 44:9-16; 60:1-3; 80:5-6).

2.5.3.4 Afleidings

- Die belewing van pyn, berou, tugtiging en verootmoediging in die erediens is belangrik.
- Skuldbesef, wat met diep emosie gepaard gaan, is 'n belangrike deel van die erediens.
- In die erediens moet ruimte geskep word vir individuele verootmoediging tot opbou van die gemeente.
- Beproewings wat voor God gebring word lei tot vertroue en geloofsgroei en daarom moet die erediens ruimte skep vir intieme gebedsverkeer met God.
- In die erediens moet daar ook ruimte wees vir korporatiewe verootmoediging waar die geloofsgemeenskap God nader om in te gryp in hul nood.

### 2.5.4 *Dankliedere*

#### 2.5.4.1 Inhoud

Dankliedere dank en loof God vir 'n spesifieke daad van uitkoms wat die digter of volk beleef het, teenoor lofliedere wat God meer algemeen loof vir sy eienskappe en dade (Day, 1990:44). Die danklied het, soos die loflied en die klaaglied, ook 'n drie-deling (Burger, 1987:25):

1. In die inleiding word die rede vir die dank genoem
2. Die liggaam beskryf gewoonlik die vroeëre nood, hoe die Here om hulp gevra is en hoe Hy toe gehelp het. Dit bevat ook soms 'n geloofsbelydenis van die bidder;
3. Die slot sluit weer aan by die lofprysing van die inleiding

Daar is twee soorte dankliedere, individuele dankliedere en gemeenskaplike dankliedere, wat albei in die kultus gebruik is (Burger, 1987:26). Die individuele danklied (byvoorbeeld Psalms 18; 30; 32; 34; 40:2-12; 41; 66; 92; 107; 116; 118; 138) is 'n uitdrukking van die individu se dank in die tempel tydens die dankoffer (vergelyk Psalm 66:13vv.), met ander woorde dank vir die verlossing uit persoonlike nood. Die danklied is waarskynlik tydens die dankoffer gesing (vergelyk Psalm 116:17vv.). By hierdie geleentheid het die bidder saam met sy vriende geëet (vergelyk Psalm 22:27) en gedans (vergelyk Psalm 30:12). Dié dans het buite die heiligdom begin (vergelyk Psalm 100:2, 4), by die tempeldeur tot stilstand gekom (vergelyk Psalm 66:13vv.) en daarna na die altaar beweeg (vergelyk Psalm 118:27). Die individuele danklied staan in nou verband met die individuele klaagliedere. In die individuele klaagliedere belowe die psalmdigter dat hy 'n danklied sal sing (vergelyk Psalm 7:17; 13:5; 26:12; 35:28) en hulle beloftes sal volbring deur 'n dankoffer of iets soortgelyks (vergelyk Psalms 27:6; 54:6-7; 56:12; 61:8) as sy pleidooi op 'n verlossing uit die beproewing uitloop. Die individuele danklied is die reaksie op God se verhoring van die klaaglied.

Van die danklied van die volk het ons minder voorbeelde (Psalm 6; 7; 66:8-12; 67; 124; 129). Dit is waarskynlik deur die volk gesing tydens die dankoffer in die heiligdom.

#### 2.5.4.2 Afleidings

- Dankbaarheid speel 'n belangrike rol in die erediens. Hierdie dankbaarheid vloei voort uit die werk van God in die lewens van die aanbidders.
- Hierdie dankbaarheid is individueel, sowel as gemeenskaplik.

- Dankbaarheid is die noodwendige gevolg op die verhoring van smeekbedes. Daarom moet daar ook in die erediens ruimte wees vir getuienis oor verhoorde gebede.

### 2.5.5 *Die Psalms in Psigologiese kategorieë*

#### 2.5.5.1 Herklassifisering

Brueggemann (1984:23) herklassifiseer die hoofgenres van lofprysing, klaaglied en danksegging in psigologiese terme as oriëntasie, disoriëntasie en reoriëntasie. Lofprysing het met ander woorde te make met die status quo, die huidige oriëntasie van 'n mens se lewe. Hierdie liedere reflekteer vrede, gesondheid en die seën van God. Disoriëntasie kenmerk die klagte, die terugslae in die lewe waaroor die gedisoriënteerde persoon kla. Reoriëntasie is nie maklik te onderskei van oriëntasie nie, behalwe dat dit die oorleweing van 'n krisis aandui en God verheerlik vir sy ingrype. Hierdie klassifisering weerspieël die menslike lewe wat gekenmerk word deur tye van stabiliteit gevolg deur tye van krisis wat uiteindelik tot hernieude stabiliteit op 'n hoër vlak lei (Murphy, 2000:15).

#### 2.5.5.2 Afleidings

- Die aanbidding in die erediens weerspieël die menslike lewe en die fases waardeur dit gaan. Dit hou in tye van stabiliteit, van krisis en spanning en van hernieude oriëntering. In die erediens moet rekening gehou word met mense in al drie hierdie fases.
- Maar die erediens moet verder gaan om ook die aanbidders deur hierdie proses te begelei. Die individu en die gemeente moet begelei word tot skulbelydenis en verootmoediging en die uitdrukking van die pyn en krisisse wat ervaar word. Hierdie begeleiding moet uiteindelik lei tot danksegging vir uitkoms en 'n reformasie en verdieping in die aanbidding daarna.

## 2.6 AANBIDDING IN DIE OU TESTAMENT

### 2.6.1 *Die begin*

Gesamentlike aanbidding in die Ou Testament begin reeds in Genesis 4:26: "*In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.*" Wenham (1987) wys daarop dat dit die begin van gereëlde openbare Goddelike aanbidding was. In hierdie woorde kom reeds belangrike perspektiewe na vore:

- In die openbare aanbidding staan God sentraal. In aanbidding gaan dit oor God en sy Naam.
- Aanbidding is 'n aktiewe handeling – hulle het Hom aange*roep*. Dit impliseer deelname.
- Hierdie deelname is bewustelik – hulle het geweet wie hulle aanroep.

### 2.6.2 *Die inhoud*

Brueggemann (2002:236-237) vat Israel se aanbidding in die Ou Testament in ses punte saam:

1. Israel se aanbidding het bestaan in uitbundige *dade van lofprysing*, soos gesien kan word in die Psalms (byvoorbeeld Psalm 145-150). Lofprysing is 'n onbeperkte, blye daad van lewensoorgawe aan God in eerbied, verwondering en dankbaarheid.

2. Israel se aanbidding het bestaan in *treursang en klagtes*, soos gesien kan word in die Psalms (byvoorbeeld Psalm 3-7). Israel het te doen met 'n God van Wie niks weggesteek kan word nie. Vir daardie rede praat di volk voor God openlik en volledig oor hulle verliese. Sulke gebede is dade van hoop, waarop hulle God se aktiewe, ingrypende antwoord verwag.

3. Israel se aanbidding bestaan in noukeurigheid rakende die vereistes vir *reinheid en heiligheid*. Die God wat Israel aanbid is heilig, verby enige beheer of vergelyking, gekenmerk deur reinheid en regverdigheid. Israel probeer in aanbidding om homself tot die karakter van God te konformeer sodat God in die gemeenskap teenwoordig sal wees.

4. Israel se aanbidding bestaan in *oplettendheid vir hul naaste*, 'n oplettendheid wat spruit uit en eweredig is aan enkelvoudige toewyding aan God. Daarom is Israel se feeste en offers by geleentheid ook voorsiening vir die voeding van behoeftige bure en vreemdelinge.

5. Israel se aanbidding bestaan in *kragtige, gedissiplineerde herinnering* aan God se magtige dade, gewoonlik 'n herinnering aan God se goedheid (soos in Psalm 105 en 136), maar ook 'n herinnering aan Israel se verset in antwoord op God (soos in Nehemia 9 en Psalm 106). Die wêreld word herbeskryf as 'n arena vir verbasend transformerende wonders.
6. Israel se aanbidding bestaan in dade van *kragtige verbeelding oor die toekoms*, waar die wêreld verklaar word op maniere wat ten volle ooreenstem met God se doel en voorneme.

## 2.7 GEVOLGTREKKING UIT DIE OU TESTAMENT

Uit die voorafgaande bespreking van aanbidding in die Ou Testament kan die volgende afleidings gemaak word:

- Alle inisiatief begin by God. Hy beveel die volk om saam te kom. Hy bepaal ook hoe, waar en wanneer hulle moet byeenkom. Hy gee aan die byeenkomste die inhoud, doel en wese – en in die laaste instansie vloei dit uit Hom en is dit op Hom gerig. God staan in die middelpunt en alles draai om Hom.
- In die erediens is dit kardinaal om God te ontmoet. Daarom moet die atmosfeer die aanbidder bring voor die heiligheid van God. Dit lei tot eerbied en ootmoed.
- Die doel van die aanbidding is om die aanbidder in die regte verhouding met God te plaas. Dit impliseer 'n atmosfeer van vreugde weens die versoening wat die aanbidder van God kan ontvang.
- Die erediens is 'n korporatiewe aanbidding waar verskillende persone met verskillende gawes 'n belangrike rol speel. Dit impliseer erkenning vir die ander teenwoordig en ruimte vir die gebruik van die gawes.
- In die aanbidding is daar 'n sterk gerigtheid op die naaste. Dit sluit die familie en volk in, maar ook die vreemdeling en buitestander. Die atmosfeer moet sodanig wees dat hulle verwelkom word, tuis voel, deel voel en liefde en warmte ervaar.
- Die sintuie speel 'n belangrike rol in die aanbidding. Aanbidding is iets wat gesien, gehoor, gevoel, geproe en geruik word.
- Die simboliese is baie belangrik. Dit sluit simboliese dinge in, soos die instrumente, die argitektuur, ensovoorts, maar ook simboliese handelinge, wat deur die priester, maar ook deur die aanbidder gedóén word.

- Musiek is belangrik. Dit sluit sang, begeleiding, instrumentale bediening en musikale profesie in.
- Deelname is wesenlik aan die erediens. Dit behels individuele en korporatiewe deelname. Veral in die verootmoediging en danksegging speel dit 'n belangrike rol.
- Emosie speel 'n belangrike rol in die erediens. Dit sluit emosies in soos die belewing van pyn, berou, tugtiging en verootmoediging. In die erediens is dit belangrik dat die gelowige in hierdie krisistye ondersteun word en daar deur begelei word om uiteindelik tot dankbaarheid en 'n hervorming en verdieping in geloof en aanbidding te kom.
- In die erediens moet altyd in ag geneem word dat is mense in verskillende emosionele fases in hulle lewens is.

# 3 DIE NUWE TESTAMENT

## 3.1 INLEIDING

Verrvolgens gaan aandag gegee word aan die Nuwe Testament en die lig wat dit op die erediens en in die besonder, die atmosfeer in die erediens werp. Die bespreking gaan aan die hand van vier afdelings gedoen word, te wete die Evangelies, Handelinge, die Briewe en Openbaring. In die evangelies kom Jesus se aardse lewe ter sprake, terwyl Handelinge die begin en uitbreiding van die Nuwe Testamentiese kerk verhaal. Die briewe is skrywes aan gemeentes en individue, terwyl Openbaring 'n toekomsvisie is (vergelyk Elwell & Yarbrough, 1998:27).


## 3.2 DIE EVANGELIES

### *3.2.1 Inleiding*

Onder die Evangelies word verstaan die vier Evangelies wat in die Skrif opgeneem is, naamlik die Evangelies volgens Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Hulle is belangrik vir die studie omdat die lewe en woorde van Jesus Christus bevat.

### 3.2.2 Die Tempel

Teen die tyd van die Nuwe Testament is die offerrituele steeds deur die priesterdom by die tempel in Jerusalem uitgevoer (Peterson, 1993:80). Hierdie tempel is na die ballingskap herstel (vergelyk Esra en Nehemia) en later deur Herodes vergroot. Die tempel het steeds 'n belangrike plek in die Evangelies ingeneem (Bromiley, 1993:103). Sagaria, Johannes die Doper se pa, was 'n priester in die tempel (Lukas 1:5vv). So het Jesus ook as jongman van 12 na die tempel gegaan vir die Paasfees, waar Hy tussen die geleerdes gesit en met hulle geredeneer het (Lukas 2:41vv). Die tempel het 'n belangrike plek in die lewe van Jesus ingeneem. Hy woon die Paasfees (Markus 14:1; Johannes 2:13), Huttefees (Johannes 7:10) en die Tempelwydingsfees (Johannes 10:22) by.




*Herodes se Tempel*
*(Stander & Louw, 1990)*

### 3.2.3 Die Sinagoge

Die Sinagoge speel 'n ewe prominente rol in die evangelies as die tempel. Dit was byvoorbeeld 'n vaste gewoonte van Jesus om op die sabbat die sinagoge by te woon (Lukas 4:16). Die tipiese sinagogale erediens word deur Du Toit (1997) soos volg beskryf:

> Die **sinagogale erediens** het volgens 'n vaste patroon verloop wat die elemente van belydenis, gebed, voorlesing uit die Skrif en die uitleg van Gods wil ingesluit het. Die normale orde van die diens was soos volg: die Sjema-resitasie ("Hoor Israel"), die Tefilla (Hebr. *T*$^{e}$*fillā*) (die Agtiengebed en priesterseën), die Skriflesing uit die Wet en die Profete en die daaropvolgende preek. Die eerste deel van die diens was dus hoofsaaklik liturgies van aard, die laaste deel oorwegend didakties.
>
> i. Die Sjema-resitasie bestaan uit drie dele: Dt 6:4–9 ("Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here..."), Dt 11:13–21 ("As julle dan goed luister na my gebooie...") en Nm 15:37–41 ("En die Here het met Moses gespreek en gesê..."). In wese gaan dit hier om die diepste belydenis van die Jodedom, naamlik die belydenis van die één God wat sy volk uit Egipteland uitgelei het en hul onderneming om sy gebooie nougeset en met algehele toewyding te bewaar.
>
> ii. Die sogenaamde Agtiengebed (*sj*$^{e}$*monê ʿêśre*) bestaan, soos die naam aandui, uit agtien opeenvolgende gebede of lofspreuke. Sommige dele daarvan was reeds deel van die tempelerediens, ander is eers na die verwoesting toegevoeg. In die tyd van Jesus het dit in 'n groot mate al 'n vaste vorm gehad. Hoewel dit die voorgeskrewe persoonlike, daaglikse gebed vir elke Israeliet was, was dit van die begin af ook deel van die sinagogale erediens, waar dit kortweg as die *Tefilla* of "gebed" bekend gestaan het. Dit is in twee vorme aan ons oorgelewer: in 'n meer algemene en uitgebreide en in 'n ouer en korter Palestynse weergawe. Die Agtiengebed word omlys deur drie lofsegginge aan die begin en einde (1–3; 16–18) en sluit in gebede om geloofsinsig (4), inkeer en boetedoening (5), skuldvergifnis (6), verlossing (7), heiligmaking (8), seën en voorspoed (9), vryheid (10), Godsheerskappy (11), barmhartigheid oor proseliete, Israel, Jerusalem en om die koms van die Messias (13–15).
>
> Tussen die laaste en voorlaaste bede word die priesterseën (Nm 6:24–26: "Die Here sal jou seën en jou behoed...") uitgespreek deur 'n priester, indien aanwesig, so nie deur 'n gewone gemeentelid. Die laaste bede is 'n gebed om vrede: "Skenk U vrede aan u volk Israel en aan u stad en aan u eiendom en seën ons almal. Geprese is U, Jahwe, wat die vrede stig" (Pal. 18).
>
> iii. Na die Agtiengebed begin die meer didaktiese gedeelte van die erediens met die voorlesing uit die Wet. Vir hierdie doel is die Pentateug in leesgedeeltes vir elke Sabbat ingedeel: volgens Palestynse tradisie in honderd vier en vyftig tot honderd vyf en sewentig sedarim (*s*$^{e}$*dārîm*) en volgens Babiloniese gebruik in vier en vyftig *pārāsjijôt*, wat beteken dat die

hele Wet in 'n siklus van drie, respektiewelik een jaar deurgelees is. Twee of meer persone wat vooraf hiervoor aangewys is, word agtereenvolgens deur die sinagogedienaar opgeroep om die lesing vanaf die podium waar te neem. Elke Joodse man, selfs seuns, kon hier optree. Om foute te vermy, moes werklik gelees en nie uit die hoof voorgedra word nie. Namate Hebreeus in die Palestynse Jodedom as omgangstaal in onbruik geraak het, is die voorleser deur 'n tolk bygestaan wat die lesing vers vir vers in Aramees vertaal het. Hierdie vertaling het 'n minder of meerdere mate van parafrase ingesluit en was die begin van 'n lang mondelinge tradisie wat later in die vorm van skriftelike Targoems opgeteken is. Aanvanklik het 'n verbod teen die skriftelike optekening daarvan gegeld, om 'n duidelike onderskeid met die geskrewe Hebreeuse teks te handhaaf. Daar is aanduidings dat die gebruik van Aramese tolke reeds in die tyd van Jesus gevestig was—die einde van die sitaat uit Jes 6:9–10 in Mk 4:12 stem byvoorbeeld eerder met die weergawe van die Targoem as met die Hebreeuse teks ooreen, wat die bestaan van so 'n vertaling reeds op daardie tydstip impliseer.

iv. Die wetslesing word gevolg deur 'n voorlesing uit die Profete. Hierdie voorgelese gedeelte het as 'n haftara bekend gestaan, wat mettertyd ook 'n vaste volgorde begin aanneem het. In die tyd van die Nuwe Testament was die keuse van die profetelesing egter nog vry, met inagneming van die algemene beginsel dat dit in saaklike verband met die wetlesing moet staan. Ook hier is later van die dienste van 'n Aramese tolk gebruik gemaak. Lk 4:16–30 gee 'n pragtige tekening van so 'n profetelesing: Jesus staan op om te lees, ontvang die profeterol van die sinagogedienaar en lees 'n gedeelte uit Jesaja 61 voor. Daarna gee hy die rol aan die dienaar terug en gaan sit op die leerstoel om 'n uitleg van die voorgelese gedeelte te gee.

v. Onmiddellik na die profetelesing volg dus 'n uiteensetting van die Skrifgedeeltes wat op dié Sabbat voorgelees is. Van die prediker of *darsjān* word 'n deeglike voorbereiding verwag en in 'n kort voordrag lê hy nadruk op die lering, vermaning en troos soos in die teksgedeelte vervat. Ook hiervan gee Jesus se uitleg volgens Lk 4:21–27 'n duidelike voorbeeld, met die merkwaardige toepassing van Jesaja 61 op sy eie optrede. Aanvanklik was die voordrag in die sinagoge eenvoudig van vorm, met 'n verhelderende gelykenis of 'n verduideliking uit 'n verwante skrifgedeelte. Sedert die tweede eeu n.C. het dit 'n veel meer gekompliseerde en gekunstelde vorm begin aanneem.

In die eerste gedeelte van sy bediening het Jesus in Galilea rondgegaan en in die sinagoges geleer (Matteus 4:23; 9:35). So het Hy ook 'n man met 'n gebreklike hand in die sinagoge genees (Markus 3:1-5) en sy dissipels gewaarsku dat hulle in die sinagoges gegesel sal word (Matteus 10:17).

Volgens Barnard (1980:101) het die sinagogediens 'n groot invloed op die Christelike erediens gehad. Die belangrikste was:

- Die gebruik om gereeld saam te kom om *die Here te dien*.
- Die besondere plek van gebede in diens van die Here, waardeur Hy geloof en geprys is. Dit vloei voort uit die vreugde in die harte van die aanbidders.
- Sekere uitroepe in die sinagogediens het 'n plek gekry in die Christelike erediens, byvoorbeeld die "amen", "halleluja", ensovoorts.
- Die gebruik om reëlmatig te sing is deur die Christene oorgeneem.
- Die gebruik om die Skrifte reëlmatig te lees, te vertaal en uit te lê in die erediens. Dit beklemtoon die belang dat dit wat gebeur verstaanbaar moet wees.
- Die siening van die sinagoge as gemeentehuis en die geleentheid vir die lidmate om self deel te neem aan die diens, het die Christelike kerk oorgeneem.

### *3.2.4 Jesus se uitsprake*

Die volgende uitsprake van Jesus is belangrik vir die studie:

#### 3.2.4.1 <u>Matteus 21:12, 13 (Markus 11:15-19; Lukas 19:45-48; Johannes 2:13-22)</u>

*Jesus het tempel toe gegaan en al die mense wat op die tempelplein koop en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi [13] en vir hulle gesê: "Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle maak dit 'n rowersnes.*

In hierdie gedeeltes word verhaal hoe Jesus die tempel reinig. Die tempel verwys na die totale kompleks wat meer as 30 akker (meer as 120,000 m$^2$ of 12 hektaar) beslaan het (Smith, 1989:245). As 'n hulp vir internasionale pelgrims wat na Jerusalem gekom het, het geldwisselaars die munte van Griekse, Romeinse en Parthiese oorsprong verruil vir sikkels van Tire, wat bekend was vir hulle suiwer silwer en aanvaarbaar was vir die betaling van tempelbelasting (Matteus 17:24-27), terwyl die geldwisselaars 'n klein persentasie as kommissie geneem het (Smith, 1989:246). Tog het dit algemeen voorgekom dat die buitelandse besoekers met buitensporige wisselkoerse ingedoen is (Tasker, 1971:199). Daar was verder voorsiening gemaak vir die besoekers om diere en voëls te koop om in die offer te gebruik (Hagner, 1998).

Dit is juis teen hierdie handeldryf wat Jesus dit het (Hagner, 1998). Wanneer Jesus die tempel reinig is dit duidelik dat Hy dit het teen die wyse van aanbidding en nie teen die aanbidding self nie – Hy lê juis klem daarop dat God se huis 'n "huis van gebed" (Matteus 21:13) sal wees en nie 'n plek van besigheid nie.

Uit hierdie gebeure kan die volgende afgelei word:

- Aanbidding is op God gerig en nie op die gerief van die aanbidders nie.
- Die doel van die erediens is om in verhouding met God te kom en nie om bloot menslike aktiwiteite voort te sit nie.

3.2.4.2 Johannes 4:22-24

*"22 Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode. 23 Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24 God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."*

In hierdie gedeelte is Jesus in gesprek met 'n Samaritaanse vrou by 'n put by Sigar. In die gesprek vra sy Jesus oor aanbidding: "Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem" (Johannes 4:20), waarop Jesus antwoord dat daar 'n tyd kom wanneer die Vader nie op een van die twee aanbid gaan word nie en dan volg sy opmerking in Johannes 4:22-24 wat hierbo aangegee word. Opmerklik in sy antwoord is die klem op drie sake:

- Kennis: Dit is belangrik om te weet Wie aanbid word. Dit impliseer kennis van God, sowel as 'n ontmoeting met Hom. Aanbidding is nie maar net 'n stel rituele of aksies wat afgehandel word nie, maar 'n ontmoeting met die ware God. In die aanbidding moet dit na vore kom. Daarom moet die aanbidding ook die aanbidder daartoe begelei deur die atmosfeer wat geskep word. God is groter as bepaalde plekke en daarom stel Jesus teen die destydse gebruik 'n nuwe en vars benadering tot aanbidding: deur die Gees en in waarheid.
- Waarheid: Dit is belangrik om as "ware aanbidders" te aanbid, in teenstelling met mense wat slegs uit gewoonte of as simboliese handeling aanbid. Hier beklemtoon Jesus die gesindheid en motivering van die aanbidder. Ware aanbidding is om "in waarheid" te aanbid. Jesus is die "Waarheid" (Johannes 14:6), wat God se karakter en doel openbaar

(Johannes 8:45; 18:37). Ware aanbidders is dus die wat tot God aanbid deur Jesus Christus.

- Gees: Maar ware aanbidders aanbid ook deur die "Gees", en dan word die Heilige Gees bedoel (vgl Beasley-Murray, 1998). Ware aanbidding is dus onder leiding van die Heilige Gees, wat impliseer dat dit voortvloei uit die vrug van die Gees (vergelyk Galasiërs 5:22-23) en rekening hou met die gawes van die gees (vergelyk 1 Korintiërs 12). Die Heilige Gees bid verder vir die ware aanbidder (Romeine 8:26) en leer hom om die woorde van Christus te verstaan (Johannes 14:26).

3.2.4.3 Markus 12:29-31

*29 Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. 30 Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' 31 Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."*

In hierdie gedeelte gee Jesus die Groot Gebod wat in alle lewenssfere, ook die erediens, moet geld. Hieruit kan die volgende afgelei word:

- God moet aanbid word met die totale mensheid: hart, siel, verstand en krag. Dit dui op begrip, emosie en dade. 'n Erediens moet dus verstaanbaar wees, 'n emosionele belewenis wees en deur fisieke handelinge tot uitdrukking kom.
- Dit is belangrik vir die gelowige om in sy hele lewe, ook in die erediens, altyd 'n oog vir die naaste te hê en ook aan die naaste liefde te bewys. Daarom is 'n atmosfeer van liefde in die erediens ononderhandelbaar.

3.2.4.4 Matteus 6:1

*Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.*

Hier maak Jesus dit duidelik dat die gesindheid in godsdienstige dade, en per implikasie in aanbidding, van wesentlike belang is. Aanbidding mag nie gedoen word vir mense en vir menslike aansien nie, maar vir God. Hier is twee sake vir die studie van belang:

- Bewustheid: Begrip vir motiewe impliseer bewustheid van waarmee besig is, wat verstaanbaarheid en betrokkenheid veronderstel.
- Eerbied: Indien dit in die aanbidding om God gaan en nie om mense nie, speel wie God is uiteraard 'n deurslaggewende rol. Dit lei daartoe dat aanbidding met eerbied gepaard gaan, omdat die heilige, ware, grote God aanbid word.

3.2.4.5 Matteus 6:7

*Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik.*

Hierdie vers verwys na die gebruike van die "heidene", in teenstelling met die gewoontes van die skynheiliges in Matteus 6:2. In hulle pogings om God te manipuleer het hulle herhalende, miskien selfs magiese frases gebruik (Hagner, 1998). Die werkwoord βατταλογεῖν beteken volgens Louw & Nida (1989) inderdaad: *"to utter senseless sounds or to speak indistinctly and incoherently - 'to babble."* Die werkwoord verwys hier na die herhaling van betekenislose lettergrepe. Die woord πολυλογία verwys na lang, uitgerektheid. Die heidene dink dat hulle gehoor sal word deur hierdie uitgerekte, lang, onverstaanbare gebede, terwyl dit nie die geval is nie.

Hier lê Jesus Christus weer klem op die feit dat die aanbidding verstaanbaar moet wees en tot God se eer. Dit wys verder op die noue verbintenis tussen aanbidding en die alledaagse lewe.

3.2.4.6 Markus 7:6-8

*6 Hy antwoord hulle: "Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is skynheiliges, soos daar geskrywe staan: Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. 7 Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie. 8 Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas.*

In Markus 7 konfronteer die Fariseërs en die skrifgeleerdes vir Jesus omdat sy dissipels geëet het sonder om hulle hande te was, iets wat teen die oorgelewerde gebruik was. Die teenstanders van Jesus hou Hom persoonlik verantwoordelik vir die optrede van sy dissipels. Tereg beweer hulle dat dit 'n oortreding van die oorlewering van die ou mense is, en nie van die wet van Moses nie. In sy antwoord gebruik Jesus 'n woord uit Jesaja 29:13. Hulle, as die

verteenwoordigers van die vormlike, rituele godsdiens vra nou rekenskap van Hom wat die geestelike godsdiens bring. Aan hulle antwoord Hy dat lippediens nog geensins 'n innerlike hartediens beteken nie. Wat Jesaja gesê het van die volk in die algemeen, is van toepassing op die godsdienstige leiers omdat hulle verantwoordelik was vir die skepping van 'n sekere vroomheidstipe wat deur Jesaja juis veroordeel word. Die skyn van eerbied vir die Here is wel daar, maar die hart is vol eiegeregtigheid. Daarby het allerlei menslike insettinge die letter én die gees van die wet van God verdring. Hulle wil God vereer deur die oorgelewerde vertolking van die wet te onderhou, en so 'n godsdiens is tevergeefs. Trouens, hierdie voorskrifte neem die plek in van die wet van God. Daarom is al die seremoniële wassinge maar net 'n getuienis dat hulle van Gods wet afgewyk het, en met hul hart ver van Hom is.

Hier maak Jesus twee dinge duidelik:

- Dit gaan in aanbidding om die belewenis van en met die hart, selfs meer as die doen met die hand. Sonder die regte belewenis, is dade betekenisloos en dryf dit juis mense van God weg. Die regte dade moet uit die regte hart voortvloei.
- Dit gaan in aanbidding oor God en nie oor die mens nie, dit gaan daaroor om die ware God te ontmoet en nie om sekere handelinge gedagteloos te herhaal nie. Dit wys weer eens op die besonder belang daarvan dat alles wat gebeur verstaan moet word, dat elkeen moet weet waarom en vir Wie hy doen wat hulle doen.

3.2.4.7 Lukas 22:19-20

*19 Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." 20 Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word."*

Lukas 22 verhaal die instelling van die Nagmaal tydens die Paasmaaltyd in die bokamer voor Jesus se kruisiging. Jesus breek die brood wat dien as teken van sy eie liggaam wat vir hulle gegee word. Dan volg die beker as teken van die nuwe verbond deur die bloed van Jesus wat vir hulle vergiet word. Aangesien dit 'n Paasmaal was, is daar 'n sterk toespeling op die gebeurtenisse by die eerste pasga in Egipte. Toe is die liggaam (vleis) van die lam uitgedeel as voedsel, en die bloed aan die deurkosyne gesmeer om die volk te vrywaar teen die dood. Deur hierdie tekens het God destyds sy volk vergader en hulle uitgelei uit die slawehuis na die vryheid van die beloofde land. Nou by die instelling van die Nagmaal kry dit alles 'n nuwe, volle

betekenis. Jesus gee sy eie liggaam en bloed vir die behoud van sy volk. Hierdie volk is nie meer 'n bepaalde nasie nie, maar almal wat in Hom glo, die nuwe Israel, wat uitgelei word uit die slawediens van die sonde na die vryheid van die kindskap van God. Die pasga kry vanself nou 'n nuwe gestalte soos dit in die Nagmaal voortleef, en dit word herhaal tot gedagtenis aan die Lam wat geslag is vir die behoud van die gelowiges.

Van belang is die volgende:

- Die belang van simbole in aanbidding, waarvan die Nagmaal (en die doop) belangrike voorbeelde is. Tog is dit duidelik dat simbole nie waarde in hulleself het nie, maar na iets verwys (die brood → liggaam van Jesus Christus; die wyn → die bloed van Jesus Christus). Dit is belangrik dat die betekenis van die simbole verstaan word en dat dit nie magiese status in hulleself kry nie.

3.2.4.8 Lukas 22:24-34

*[26] Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien. ... [34] Maar Hy antwoord: "Petrus, Ek sê vir jou: Die haan sal vannag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie.*

Hierdie gedeelte speel steeds in die bokamer na die instelling van die Nagmaal af (vergelyk 3.2.4.7). Die dissipels stry oor wie die belangrikste is (22:24), maar dan wys Jesus hulle daarop dat hulle mekaar moet dien (22:26). Daarna bemaak Hy 'n koninkryk aan hulle (22:29), voor Hy Petrus daarop wys dat hy Jesus gaan verraai (22:34). Dit het tot drastiese emosionele veranderinge by die dissipels gelei en hulle gewys op hulle gebrokenheid en kwesbaarheid (vergelyk Tiede, 1988:383-388).

Hieruit kan afgelei word dat:

- Die gelowiges mekaar moet dien, ook in die erediens.
- Ook in die erediens moet die aanbidders steeds sy gebrokenheid en kwesbaarheid ervaar.

3.2.4.9 Matteus 20:26-27

*Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees.*

In hierdie gedeelte gaan dit nie soseer oor aanbidding nie, maar antwoord Jesus Johannes en Jakobus se versoek om aan sy regter- en linkerhand te sit wanneer Hy op sy hemeltroon sit. Jesus se antwoord wys op 'n gesindheid wat onder gelowiges in die algemeen moet heers, naamlik 'n oog vir mekaar en 'n gesindheid van diens teenoor mekaar. Hierdie algemene voorskrif kan egter net so in die erediens ook van toepassing gemaak word, omdat 'n erediens 'n byeenkoms van verskillende gelowiges saam is.

3.2.4.10 Matteus 6:9-13 (Die Ons Vader)

*So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. 11 Gee ons vandag ons daaglikse brood; 12 en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; 13 en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.*

Wanneer Jesus sy dissipels (en daardeur alle gelowiges) leer bid, leer Hy hulle die Ons Vader. Vir die erediens het dit die volgende implikasies:

- Dit is belangrik dat God aanbid word soos Hy Hom openbaar (as die God van die hemel);
- Dat God aangespreek word in die erediens;
- Dat die mens vir alles van God afhanklik is en dit ook in die erediens moet ervaar;
- Dat die mens van God se beskerming en leiding afhanklik is in die stryd teen die Bose.

Dit is belangrik dat hierdie afhanklikheid, gebrokenheid en heiligheid in die atmosfeer na vore kom.

3.2.4.11 Johannes 19:30

*30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.*

Met hierdie woorde maak Jesus dit duidelik dat Hy dit wat Hy moes kom doen, te wete die betaling vir die sondes van die mens, nou afgehandel het (Beasley-Murray, 1998). In die erediens mag Christus se verlossingswerk aan die kruis nooit onderbeklemtoon word nie, maar moet die aanbidders voortdurend bewus gemaak word van die groot prys wat betaal is.

3.2.4.12 Lukas 24:46-48

*46 Verder sê Hy vir hulle: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47 en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' 48 Julle is getuies van hierdie dinge.*

Christus se reddende dade moet daartoe lei dat bekering en vergifnis gepreek moet word (Morris, 1974:343). Die gevolge van Jesus se kruisiging en opstanding is dat daar verlossing vir mense gekom het (Tiede, 1988:442). Die kruisiging en opstanding is die sentrale heilsfeite van die Christelike geloof en as sodanig moet dit 'n prominente plek in die eredienste inneem. 'n Erediens waarin Christus as gekruisigde en opgestane nie sentraal staan nie, is nie werklik 'n erediens nie. In die atmosfeer is dit belangrik om in gedagte te hou.

### *3.2.5 Gevolgtrekking*

Uit die Evangelies kan die volgende afgelei word:

- Aanbidding gaan in die eerste plek oor God se eer. Hy staan sentraal en Hy moet ontmoet word. Dit beteken 'n atmosfeer van heiligheid en opregte eerbied.
- In die erediens moet die sentrale heilsfeite van Jesus Christus se kruisiging en opstanding prominent figureer.
- Die gebeure in die erediens moet verstaanbaar wees.
- Die erediens moet gekenmerk word deur liefde.
- Die atmosfeer in die erediens moet so vriendelik en verwelkomend wees dat aanbidders gemaklik is om hulle gawes ook in die erediens uit te leef.

- Aanbidding in die erediens moet in waarheid wees, wat beteken dat die aanbidder besef waarmee hy besig is. Dit impliseer verstaanbaarheid.
- Ware aanbidding is verder aanbidding deur Jesus Christus.
- Ware aanbidding is verder aanbidding deur die Heilige Gees en daarom moet 'n bewustheid van die werking van die Heilige Gees altyd in die erediens teenwoordig wees.

## 3.3 HANDELINGE

### *3.3.1 Inleiding*

Die boek Handelinge handel oor die begin en uitbreiding van die kerk (vergelyk Larkin, 1995:34-36) en is daarom belangrik vir die studie van die atmosfeer in die erediens. In hierdie afdeling gaan spesifieke tekste in Handelinge ondersoek word.

### *3.3.2 Die eerste gemeentes*

#### 3.3.2.1 Handelinge 2:42

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

Die eerste gemeente het hulle toegelê op vier aspekte, wat almal met die aanbidding gepaard gaan:

1. Leer: Hulle het volhard in die leer van die apostels. Dit verwys na wat God in Jesus gedoen het in die lig van die Ou Testament (Handelinge 28:23,31)
2. Koinonia: Die woord wat met "onderlinge verbondenheid" vertaal is, is die woord κοινωνία, wat volgens Louw & Nida (1989) *"an association involving close mutual relations and involvement - 'close association, fellowship"* beteken. Volgens Baker (1989) dui dit op die deel van materiële dinge sowel as geestelike welstand. Hulle het die onderlinge broederlike liefde beoefen. Die apostels en die gelowiges het 'n nuwe gemeenskap gevorm, wat te onderskei was van dié van die Jode om hulle en in die eerste plek geestelik van aard was. Dit het ook die daadwerklike hulp aan geloofsgenote ingesluit wanneer behoefte ontstaan het (Handelinge 2:45).

3. Gemeenskaplike maaltye: Die woorde wat hier gebruik word, "τῇ κλάσει τοῦ ἄρτου" beteken letterlik "die breking van die brood". Verklaarders verskil oor wat met die breking van die brood bedoel word (vergelyk Larkin (1995:61), De Villiers (1983), Baker (1989), Keener (1997)). Sommige dink aan gewone maaltye, by watter geleenthede die Jode gewoond was om brood te breek (Markus 6:41; 8:6; Handelinge 27:35). Ander dink weer aan die breek van die brood by die Nagmaal of aan die liefdemaaltye wat daarmee verbind was, dit wil sê die maaltye waar lede van die gemeente saam aangesit het en die vermoëndes soveel saamgebring het sodat ook die armes genoeg kon eet (1 Korintiërs 11). Dit lyk die waarskynlikste om aan te neem dat die breking van die brood in verband gebring moet word met die liefdemaaltye, by watter geleenthede die Nagmaal ook gevier is, voor, gedurende, of ná die liefdemaaltyd (Larkin, 1995:61).
4. Gebede: Omdat die woord in die Grieks in die meervoud is ("ταῖς προσευχαῖς"), wys die toelê op gebede op die gereeldheid van hulle gebede (vergelyk Handelinge 3:1), sowel as die korporatiewe deelname in die gebede (Baker, 1989).

Die volgende afleidings kan vir die studie gemaak word:

- Die klem op die leer dui op die verstaanbaarheid van die gebeure. Dit dui ook daarop dat die aanbidding om God gaan en nie om die mense nie.
- Dit is duidelik dat dit in gesamentlike aanbidding nie om die individu gaan nie, maar om die gemeenskap. Daarom is onderlinge verbondenheid, wat uitgedruk word in liefde, warmte, begrip en verwelkoming kardinaal.
- Hierdie gemeenskapsmotief word ook uitgedruk in die gemeenskaplike maaltye – liefdesmaaltye.
- Die klem op gebed dui weer eens op die belangrikheid dat 'n erediens 'n ontmoeting met die ware God is, waar Hy in sy heiligheid ervaar word.

3.3.2.2 Handelinge. 2:46, 47

*46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.*

Die tempel het steeds 'n belangrike rol in die gelowiges se lewe gespeel en daarom het hulle gereeld daar bymekaar gekom. Verder het hulle in die huis bymekaar gekom waar hulle die gemeenskaplike maaltye gehou het ("die brood gebreek" – sien 3.3.2.1). Wat hier besonderlik na vore kom, is:

1. Blydskap: In die oorspronklike word die woorde "ἐν ἀγαλλιάσει" gebruik. Die stam ἀγαλλίασις beteken *"a state of intensive joy and gladness, often implying verbal expression and body movement (for example, jumping, leaping, dancing) - 'to be extremely joyful, to rejoice greatly, extreme gladness"* (Louw & Nida, 1989). Dit dui op die vreugde wat met die gemeenskap (koinonia) gepaard gaan.
2. Prys: Die gelowiges het "God geprys". Lofprysing van God uit die vreugde van die samekoms is 'n belangrike element van aanbidding. Wanneer Lukas in sy geskrifte van die lofprysing van God praat, soos in hierdie geval, word dit altyd verbind met die ervaring van genade wat die gemeente van God ontvang het (Lukas 2:13, 20; 19:37; Handelinge 3:8).
3. Die volk: Hierdie manier van aanbidding was 'n wonderlike getuienis teenoor die volk (Larkin, 1995:62), sodanig dat die gelowiges die guns ("χάρις") van die volk geniet het. 'n Gesonde Christengemeenskap sal ander mense na Christus toe aantrek. Die gemeente van Jerusalem was só ywerig vir God en het soveel onderlinge liefde uitgestraal, dat dit as 't ware "aansteeklik" was. 'n Gesonde gemeente waarin daar opregte liefde is, sal altyd groei.

Hieruit kan die volgende afleidings gemaak word:

- Vreugde en blydskap is 'n belangrike kenmerk van ware aanbidding.
- Hierdie vreugde, wat kom uit 'n ervaring van God se genade, loop uit op lofprysing.
- Dit wat in 'n erediens gebeur en die atmosfeer wat dit skep is 'n getuienis teenoor die wêreld buite die erediens. Daarom moet die atmosfeer buitestaandes en vreemdelinge juis nader trek en verwelkom.

#### 3.3.2.3 Handelinge 5:1-11

In Handelinge 5:1-11 word die geskiedenis van Ananias en Saffira verhaal. Dit is die verhaal van twee lede van die gemeente wat gepoog het om krediet te kry vir 'n groter persoonlike opoffering as wat hulle in werklikheid gemaak het deur slegs 'n deel van die opbrengs van die verkoop van eiendom vir die apostels te bring onder die voorwendsel dat dit die volle bedrag is

(Marshall, 1980:110). Die gevolg daarvan is dat beide sterf omdat hulle vir God gelieg het (Handelinge 5:4) en omdat hulle "die Gees van die Here" uitgetart het (Handelinge 5:9). Die fout was nie dat Ananias en Saffira nie barmhartig was nie, omdat hulle wel vir die behoeftiges iets gegee het – die probleem was oneerlikheid en bedrog omdat hulle krediet wou eis vir meer as wat hulle gedoen het en gelieg het om dit te verkry (Barrett, 2002:69). Hierin stel hulle 'n voorbeeld van wat aanbidding nie moet wees nie.

Aanbidding is iets wat met die nodige erns benader moet word omdat God 'n heilige God is. Daarom moet aanbidding in 'n atmosfeer van eerlikheid, openheid en ontblotenheid plaasvind en nie een van voorgee en valse geregtigheid nie.

3.3.2.4 Handelinge 5:25

*Net toe kom daar iemand en sê vir hulle: "Weet julle, die mans vir wie julle in die tronk gesit het, staan daar in die tempel en leer die volk!"*

Nadat die hoëpriester die apostels in die tronk laat gooi het, word hulle deur 'n engel vrygelaat. Hulle gaan direk na die tempel en begin die mense te leer.

Hier word weer eens beklemtoon dat die erediens verstaanbaar moet wees en mense na God moet lei.

3.3.2.5 Handelinge 13:13-52

In Handelinge 13 is Paulus besig met sy eerste sendingreis. Hy en sy reisgenote kom in Antiogië in Pisidië aan (Handelinge 13:13-14) waar hulle op die sabbatdag na die sinagoge toe gaan (Handelinge 13:14). In die sinagoge kry hulle geleentheid om die volk toe te spreek. Paulus staan op, vra aandag en lewer dan sy rede. Paulus se lang rede kan opgesom word as 'n historiese oorsig wat die koms van Jesus wortel in die koninklike opvolging van Juda en om aan te dui dat Jesus se lewe vervulling van Ou Testamentiese profesieë was (Marshall, 1980:220). Aan die einde van die rede (Handelinge 13:38-39) word die enigste verwysing na verlossing deur geloof in die boek Handelinge gemaak (Barrett, 2002:199). Paulus se rede was effektief en hy is gevra om die volgende sabbat weer met die mense te praat. Dit het groot getalle gelok, maar jaloerse Jode het Paulus teëgestaan en hom daartoe gebring om openlik te verklaar dat hy nou na die heidene toe gaan om die Woord te verkondig.

'n Paar belangrike afleidings kan hieruit gemaak word:

- Die erediens is 'n ordelike byeenkoms.
- Die verkondiging van die Woord staan sentraal. Dit geskied ook ordelik deurdat daar rustigheid en stilte is wanneer gepraat word.
- In die erediens moet God aan die Woord kom deur diegene met die nodige gawes.

#### 3.3.2.6 Handelinge 20:7

> *[7] Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegespreek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou.*

Hier word 'n byeenkoms van die gelowiges in Troas verhaal. Opvallend is dat uitdruklik gesê word dat hulle op die Sondag bymekaar gekom het. Weer eens word die verkondiging van die Woord en die verstaanbaarheid daarvan beklemtoon.

### *3.3.3 Gevolgtrekking*

Uit die gegewens in Handelinge kan die volgende belangrike gevolgtrekkings gemaak word:

- Dit gaan in die erediens om God en sy eer. Daarom moet Hy ontmoet en aanbid word. Dit noodsaak eerbied en ontsag. Dit mag nooit in die erediens oor eie eer of krediet gaan nie.
- Die goeie leer van God se genade lei tot vreugde en blydskap, wat ook in die erediens ervaar moet word.
- Hierdie vreugde en blydskap vind uitdrukking in lofprysing, wat moontlik met fisieke uitdrukkings van vreugde gepaard kan gaan.
- Die erediens is in sy wese 'n korporatiewe, gesamentelike byeenkoms waar liefde en warmte teenoor mekaar betoon word.
- Die erediens het 'n belangrike funksie om die buitestanders en ongelowiges nader te trek. Daarom moet die erediens altyd 'n oog vir hulle hê en vriendelik, uitnodigend en verwelkomend wees.
- Die erediens is 'n ordelike byeenkoms waar die teenwoordiges weet wat gebeur en daarop kan fokus.

- Die verkondiging van die Woord staan sentraal. Dit geskied ook ordelik deurdat daar rustigheid en stilte is wanneer gepraat word.
- In die erediens moet God aan die Woord kom deur diegene met die nodige gawes

## 3.4 DIE BRIEWE

### 3.4.1 *Inleiding*

Vervolgens gaan na die briewe in die Nuwe Testament gekyk word. Vir die doel van die bespreking word hulle in twee kategorieë verdeel:

1. DIE BRIEWE VAN PAULUS: Romeine; 1 Korintiërs; 2 Korintiërs; Galasiërs; Efesiërs; Filippense; Kolossense; 1 Tessalonisense; 2 Tessalonisense; 1 Timoteus; 2 Timoteus; Titus; Filemon
2. DIE ALGEMENE BRIEWE: Hebreërs; Jakobus; 1 Petrus; 2 Petrus; 1 Johannes; 2 Johannes; 3 Johannes; Judas

### 3.4.2 *Die Pauliniese Briewe*

Die volgende Skrifgedeeltes het betrekking op die studie:

#### 3.4.2.1 Efesiërs 4

*2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon. 7 Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het ... 11 En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus ... 15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

Die laaste drie hoofstukke van Efesiërs handel oor die implikasies van die evangelie op al die terreine van die kerk lewe, gemeenskaplik en individueel en daarom ook op die erediens (Taylor, 1985:61). Efesiërs 4 handel spesifiek oor die eenheid van die kerk (Lincoln, 1998). Efesiërs 4:1-3 is 'n oproep om die eenheid te handhaaf, 4:4-6 dui aan waarin die eenheid geleë is, terwyl 4:7-16 wys hoe die eenheid gehandhaaf moet word.

Die volgende is van belang:

- Daar is eenheid tussen die gelowiges, wat ook in die erediens na vore moet kom. Daarom mag die erediens nie 'n byeenkoms van individue wees wat geen bande met mekaar het nie, maar moet die atmosfeer juis hierdie eenheid bevestig en versterk deur gelowiges met liefde en warmte aan mekaar te verbind.
- Hierdie eenheid lê nie in die aanbidders nie, maar in die God wat aanbid word. Hy ís dit en Hy skenk dit. Daarom moet die erediens ook op Hom gerig wees en die atmosfeer moet dienooreenkomstig wees.
- Die Here gee vir verskillende gelowiges verskillende gawes om tot opbou van die liggaam, die kerk te gebruik. Hy gee ook verskillende persone om die gelowiges toe te rus om hulle gawes tot opbou van die liggaam te gebruik. In die erediens moet hierdie verskillende gawes ook tot hulle reg kom en die atmosfeer moet dit aanmoedig en bevorder.
- Liefde is die uitstaande kenmerk van die Christelike gemeenskap en moet ook in en deur die erediens duidelik vergestalt word.

3.4.2.2 <u>Efesiërs 5:18-20 (vergelyk Kolossense 3:16)</u>

*18 Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, 19 en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. 20 Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.*

In die oorspronklike staan nie "*sing* onder mekaar..." nie, maar "*praat tot* mekaar..." ("λαλοῦντες" wat van die stam λαλέω af kom). Paulus sê daar dat hulle met mekaar moet praat deur hulle liedere. Ongetwyfeld wil hy hulle hierdeur oproep tot 'n bepaalde vorm van onderlinge kommunikasie. Wanneer hulle "by hulleself is", wanneer hulle as groep byeen is en

met mekaar praat, bring 'n vol lewe onder invloed van die Gees mee dat hulle kommunikasie ook geskied deur sang.

Ten minste drie sake word hierdeur na vore gebring.

1. Dit is belangrik om voortdurend deur die Gees vervul te word. Hierdie uitdrukking omsluit twee sake, te wete om al meer deur die Heilige Gees gevul te word en om deur die Heilige Gees te lewe (Foulkes, 1989:158). Die praesens imperatief tyd van die werkwoord dui daarop dat hierdie nie 'n eenmalige, afgehandelde gebeurtenis is nie, maar 'n proses waarin die gelowiges voortdurend moet groei.
2. Die psalms, die lofgesange en die geestelike liedere bevat uit die aard van hulle samestelling en opset juis die inligting wat die gelowiges kan help om insig te bekom oor hoe die Heerser wil hê dat hulle moet lewe (Roberts, 1990). 'n Mens hoef maar net die psalmboek deur te lees om hiervan bewus te word.
3. Daar lê ook besondere betekenis in die uitingsvorm self, naamlik die vorm van sang. Die vol lewe onder invloed van die Gees, is 'n entoesiastiese lewenswyse. Dit is 'n lewenswyse wat oorborrel in sang. Lincoln (1998) wys daarop dat die feit dat hulle vir mekaar gesing het, impliseer dat die liedere verstaanbaar was. Hierdie sang is egter nie net tot opbou van mekaar nie, maar "tot eer van die Here."

Belangrike afleidings uit hierdie gedeelte is:

- In die aanbidding moet steeds meer gestreef word na die vervulling met die Heilige Gees wat in 'n lewe deur die Gees gestalte vind. Hiervoor moet voortdurend gebid word.
- Aanbidding onder leiding van die Heilige Gees is entoesiasties en vreugdevol. Dit loop uit in sang en musiek.
- Hierdie sang is verstaanbaar, sodat almal daardeur opgebou kan word.
- Uiteindelik is alles tot eer van God en moet dit daarom spreek van eerbied en ontsag.

3.4.2.3 1 Timoteus 2:1, 2, 8

*[1] Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2] vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid ... [8] Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.*

In 1 Timoteus 2 skryf Paulus oor die erediens waar voorbidding gedoen moet word en manne en vroue onderskeidelik hulle rolle moet speel (Groenewald, 1977). "In die eerste plek..." dui nie op tydsvolgorde nie, maar op belangrikheid (Guthrie, 1973:69), wat wys op die belangrike plek van gebed in die erediens. In 1 Timoteus 2:1 beklemtoon Paulus dat "vir alle mense" ("πάντων ἀνθρώπων") gebid moet word (Mounce, 2000). Die evangelie is gerig tot alle mense en die genade van God gaan uit na almal. Tog is dit belangrik dat in die besonder gebid word vir regeerders en gesagvoerders sodat toewyding aan God en eerbaarheid kan gedy in 'n land waar daar vrede is.

In 1 Timoteus 2:8 versoek Paulus mans om "met 'n skoon gewete" hande in gebed tot God op te hef. Die ophef van die hande was 'n erkende gebedshouding (vergelyk Eksodus 17:11; 1 Konings 8:22; Psalm 28:2). In die oorspronklike staan "heilige hande" ("ὁσίους χεῖρας"), met ander woorde hande (wat die simbool van die hele liggaam is) wat afgesonder is vir God. Die voorwaarde vir gebed is 'n skoon gewete, dit wil sê innerlike reinheid, vry van onmin en twis, dus in liefde en vrede teenoor die medemens; en met geloof in God. Die aanbidder se gesindheid tot ander beïnvloed sy toenadering tot God (Guthrie, 1994).

Behalwe die noodsaak en plek van gebed in die erediens, is hier drie belangrike sake vir die studie:

- Die aanbidding in die erediens moet 'n oog hê vir die wêreld daarbuite, selfs vir ongelowiges.
- Die aanbidding van God word beïnvloed deur die verhouding met die naaste. Daarom is dit belangrik dat hierdie verhouding ook in en deur die erediens gebou word. Dit noodsaak 'n atmosfeer van liefde, warmte en versoening.
- Aanbidding gaan ook met toepaslike fisieke handelinge gepaard.

3.4.2.4 <u>2 Timoteus 1:7</u>

*7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*

Ware aanbidding is aanbidding deur die Heilige Gees (vergelyk Johannes 4:24) en daarom is dit belangrik om te let op die effek wat die Heilige Gees in 'n aanbidder se lewe bring. Dit gaan immers om die Heilige Gees wat aan die kerk gegee is en wat in die gelowiges woon om daar in

hulle harte 'n nuwe geestesgesteldheid te laat ontluik. Die Heilige Gees maak die gelowige nie vreesagtig, bang, lafhartig (vergelyk Romeine 8:15) nie, maar rus hom toe met die innerlike krag om leiding te gee en in moeilike omstandighede met gesag op te tree (vergelyk 1 Korintiërs 2:4). Dit is ook die Gees van liefde wat ons leer om met selfverloëning God te gehoorsaam en die medemens van diens te wees. En dit is ook die Gees van "selfbeheersing". Die bepaalde woord in die grondteks ("σωφρονισμοῦ" van die stam σωφρονισμός) kom in die Nuwe Testament alleen hier voor, maar hou verband met die woord σώφρων wat met sy afgeleide vorme kenmerkend is vir die Pastorale Briewe en te doen het met "verstandigheid", "besonnenheid", "matigheid" of "selfbeheersing". Dit dui op die hoedanigheid van 'n mens wat volle beheer het oor sy liggaam en gees, en daarom weet om in elke situasie reg en goed op te tree. Hierdie eienskappe of hoedanighede is vrug van die Heilige Gees (vergelyk Galasiërs 5:22).

Hieruit is dit duidelik dat wanneer aanbidding onder leiding van die Heilige Gees geskied, die volgende sal geld:

- Die aanbidding sal kragtig wees. Hierdie krag kom van God af en daarom lei dit tot 'n atmosfeer van heiligheid en eerbied.
- Die aanbidding sal deur liefde gekenmerk word.
- Die aanbidding sal deur selfbeheersing, verstaanbaarheid, rustigheid en orde gekenmerk word.

3.4.2.5 Galasiërs 5:22-25

*22 Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. 24 Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. 25 Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*

Omdat die Heilige Gees die aanbidding lei en ware aanbidding slegs deur die Heilige Gees kan geskied, sal die vrug van die Gees ook in die aanbidding na vore kom. Daarom sal die atmosfeer in die erediens ook spreek van "die vrug van die Gees" Die enkelvoud ("καρπὸς") beklemtoon die feit dat wat die Gees doen, 'n eenheid is. Liefde, vreugde en vrede staan bo-aan die lys. Uit die verband kan 'n mens aflei dat dit hier veral oor die liefde vir die medemens gaan (vergelyk Galasiërs 4:14v.). As die vrug van die Gees is hierdie liefde bepaal deur die verlossing in Christus (vergelyk Johannes 3:16; Romeine 8:15; 1 Johannes 4:9). "Vreugde" het

hier 'n religieuse betekenis en word bepaal deur die vreugde oor God se verlossing in Christus, die versoening en die aanneming tot kinders. Dit kom ook uit in "vrede", wat verbind word met sy verlossende optrede (Lukas 2:14; Romeine 5:1); dit kan ook dui op die verwydering van vyandskap tussen mense (Efesiërs 2:14), asook die toestand van vreedsaamheid by mense wat op God vertrou (Romeine 15:13; Filippense 4:7). Die volgende woord is "geduld", wat die betekenis van verdraagsaamheid het teenoor ander mense wanneer dit baie moeilik is om verdraagsaam te wees (Cole, 1971:167). "Vriendelikheid", wat hier saam met geduld genoem word, soos in 2 Korintiërs 6:6, is ook 'n deel van die vrug van die Gees. "Goedhartigheid" ("goedheid" in die oorspronklike) verwys na 'n algemene goedheid wat uitloop in vrygewigheid (Fung, 1988:268), terwyl "getrouheid" dui op 'n gesindheid teenoor God en teenoor mense (Cole, 1971:168). Dit kan ook vertaal word met "lojaliteit" (Romeine 3:3; Titus 2:10). "Nederigheid" word elders (Matteus 5:5) gesien as nederigheid voor die Here. Hier het dit die betekenis van: teerheid, verdraagsaamheid. "Selfbeheersing" dui op persoonlike beheersing in die algemeen, maar dit kan ook selfbeheersing op seksuele gebied beteken (1 Korintiërs 7:9).

Die gevolgtrekking is dat die atmosfeer in die erediens moet spreek van "liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

3.4.2.6 <u>Romeine 16:16 (vergelyk 1 Korintiërs 16:20; 2 Korintiërs 13:12; 2 Tessalonisense 5:26)</u>

*Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap.*

Aangesien die briewe in die gemeentes in die eredienste gelees is, kan aanvaar word dat hierdie soen deel van die aanbidding (erediens) was (Dunn, 1998). Dit was 'n uitdrukking van warmte en onderlinge liefde.

### *3.4.3 Die Algemene Briewe*

3.4.3.1 <u>Hebreërs 10:24, 25</u>

*[24] Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. [25] Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

*Liefde* en *goeie dade* hang ten nouste saam. Daar kan nie van liefde sprake wees as dit nie tot goeie dade oorgaan nie, en so kan geen daad 'n goeie daad genoem word as dit nie deur liefde

gemotiveer is nie. Liefde en goeie dade is iets wat gemeenskaplik tussen mense gebeur, en iets waarby die hele gemeente as gewers én ontvangers betrokke moet wees. So 'n gees van verantwoordelikheid vir almal en van die betrokkenheid van almal by dié dinge wat die lewe van die gemeente raak, word alleen gekweek en lewend gehou in en deur die gemeenskaplike saamkom van die gemeente. Die vereiste van die gereelde saamkom van almal, geld egter nie net die nakoming van die liefdesverantwoordelikheid teenoor mekaar nie, dit geld ook die onderlinge versterking van mekaar se geloof en mekaar se hoop.

Hier word dit duidelik dat die erediens gekenmerk moet wees deur 'n atmosfeer van liefde en ondersteuning waarin die gelowiges mekaar dra en opbou. Omdat hierdie aspek van die erediens so belangrik is, word die gelowiges vermaan om nie van die eredienste weg te bly nie, juis omdat hulle hierdie liefde en warmte daar moet kry.

3.4.3.2 <u>Hebreërs 12:22</u>

*22 Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms*

In die vorige verse is beskrywe hoe die mense van die ou verbond met die heiligheid van God by Sinai in aanraking gekom het. Dit was ondraaglik vir hulle. Nou word as teenstelling gesê dat die lesers by die berg Sion kom. Die berg Sion moet hier in geestelike sin verstaan word. Dit afgelei uit die feit dat daar van die hemelse Jerusalem sprake is. Die aardse Jerusalem is alleen maar 'n floue afskynsel van die hemelse Jerusalem. Die hemelse stad word die stad van die lewende God genoem. God is lewend omdat Hy die enige, ware God is en staan teenoor die afgode. Daar word van gewone taal gebruik gemaak om aan ingewikkelde geestelike begrippe uitdrukking te gee. Nadat die skrywer nou gepraat het van die stad, gaan hy voort om die inwoners daarvan te beskrywe. Die eerste groep wat hy noem, is die miljoene engele. Die tweede groep is 'n feesvierende menigte (feestelike byeenkoms). In vers 23 word die res van die bewoners beskryf. Die boodskap van hierdie vers is dat die gelowiges die reg het om die Godstad te nader sonder enige vrees (Fensham, 1981). In die ou bedeling het hulle gesidder vir die heerlikheid van God; in die nuwe bedeling het die gelowiges die reg om selfs die hemelse stad te nader sonder vrees omdat Christus vir hulle die pad oopgemaak het.

Hier word die belangrike perspektief gegee dat die erediens in die nuwe bedeling sedert Jesus se koms 'n feestelike geleentheid is. In die atmosfeer moet dit ook na vore kom.

3.4.3.3 Hebreërs 13:15-16

*[15] Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. [16] Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.*

Hier word weer by die taal van die Ou Testament aangesluit. Daar word egter nie van offers gepraat wat sonde wegneem nie. Daardie offer is in die nuwe bedeling een keer deur Christus aan die kruis gebring. Al wat nou vir die Nuwe-Testamentiese mens oorbly om aan God te offer, is die lofoffers (vgl byvoorbeeld Psalm 50:14; Hosea 14:3). Dit word ook nie hier letterlik bedoel nie, maar gesien as lof en dankbaarheid wat tot die Vader kom vir die verlossing in Jesus. Hierdie lofoffers kan alleen "deur Hom", deur Jesus geskied. Hy bly die Middelaar in alles. Die lofoffers bestaan uit "die vrug van die lippe" ("καρπὸν χειλέων") wat sy Naam bely. Die lippe bring dus die lof van Jesus soos 'n vrug voort. Hierdie vrug kan alleen gedra word aan 'n boom wat in die belydenis van die Naam van God staan. Die noue verbondenheid tussen God en die mens ontstaan deur die lof wat Jesus toegebring word.

Maar die offers vir God bestaan ook uit liefde vir die naaste. Twee sake word hier genoem: ten eerste moet ons goed doen aan ons naaste. Ten tweede word gepraat van "mededeelsaamheid" wat beteken dat iemand ook vir ander mense iets moet doen, moet help as hulle swaarkry. Daar moet dus aktiewe broederliefde onder mekaar beoefen word.

Waar die kenmerk van die Ou Testamentiese erediens ware offers was, is die kenmerk van die Nuwe Testamentiese erediens geestelike offers, naamlik lofprysing en naasteliefde. Dit veronderstel 'n atmosfeer van vreugde en liefde.

3.4.3.4 1 Petrus 2:5, 9:

*[5] Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is ... [9] Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.*

By Israel kon net die afstammelinge van Aäron priesters word en het daar 'n skeidslyn bestaan tussen die gewone volk en die heilige priesters, maar in die nuwe, geestelike tempel val daardie skeidslyn weg. Nou is elke gelowige 'n priester, 'n "heilige" priester, dit wil sê afgesonder vir die diens van God en geheel en al in beslag geneem deur daardie diens. Die dienswerk bestaan

daarin dat *geestelike offers* gebring word, in teenstelling met die offers van diere en goedere van die ou tyd. Reeds in die Ou Testament word verklaar dat God nie 'n behae het in slagoffers en brandoffers nie, maar in die gebroke hart en die verslae gees, in die gebede en lofprysing, in danksegging en in 'n lewe van geregtigheid en milddadigheid (bv Psalm 50:13–14; 51:19; Hosea 6:6; Miga 6:6 ev). Die vroeë kerk het gou tot die insig gekom dat die sterwe van Christus aan die kruis die finale bloedige offer was, en dat verdere offers van daardie aard nie meer nodig was nie. Nou moes die gelowiges hulleself, afsonderlik en gesamentlik, as offer aan God wy om ten volle in diens te staan van die liefde tot God en die naaste.

Hier kom sterk tot uitdrukking dat al die aanbidders in die erediens betrokke is en nie net moet waarneem of toehoor nie. 'n Atmosfeer van deelname en betrokkenheid is wesentlik.

### *3.4.4 Gevolgtrekking*

Uit die briewe in die Nuwe Testament kan die volgende afleidings oor die atmosfeer in die erediens gemaak word:

- In die erediens is die eenheid van die gelowiges in die Here belangrik en moet dit deur die atmosfeer bevestig en gebou word. Begrip van en liefde vir die ander teenwoordig is noodsaaklik. In sy wese is die erediens 'n korporatiewe byeenkoms en nie 'n individuele byeenkoms nie.
- Aanbidding moet deur die Heilige Gees wees en daar moet steeds gestreef word na 'n groter vervulling deur die Heilige Gees.
- In die aanbidding is die aanbidder in sy totaliteit betrokke, wat emosionele, rasionele en fisieke betrokkenheid beteken.
- Die erediens moet 'n atmosfeer van liefde en warmte hê, sodat die aanbidders mekaar kan opbou en ondersteun.
- Die erediens is 'n ontmoeting met die een ware God en daarom moet sy heiligheid met eerbied en ontsag beleef word.
- Die erediens moet 'n atmosfeer daarstel wat die aanbidders aanmoedig om deel te neem en hulle gawes tot opbou van almal te gebruik.

- Die aanbidding onder leiding van die Heilige Gees is entoesiasties en vreugdevol. Daarom sal die erediens ook daarvan getuig. Die erediens moet 'n feestelike atmosfeer hê.
- Die atmosfeer moet uitnodigend wees vir die ongelowige en die vreemdeling en hulle nie afskrik of intimideer nie.
- Die atmosfeer in die erediens moet een wees van verstaanbaarheid en orde.

## 3.5 OPENBARING

### *3.5.1 Inleiding*

Die belangrikste verwysings na die erediens en die atmosfeer daarin in die Openbaring aan Johannes is vervolgens aan die orde.

### *3.5.2 Erediens in Openbaring*

3.5.2.1 Openbaring 1:5b-6 (vergelyk Openbaring 5:10)

*Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos [6] en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader.*

Hier word dit duidelik gestel dat Jesus Christus die gelowiges tot "priesters" gemaak het. Die priester is afgesonder en geheilig om op 'n besondere wyse in diens van God te staan. Hy rig hom tot God in voorbidding en hy rig hom tot die volk in verkondiging, liefdesdiens en offervaardigheid (Groenewald, 1986). Die term ἱερεύς ("priester") word slegs drie keer in Openbaring gebruik (1:6; 5:10; 20:6) en in elke instansie word dit in die meervoud gebruik om die status van gelowiges te beskryf (Aune, 1998a).

Die volgende kan hieruit afgelei word:

- In die erediens rig die aanbidder hom in die eerste plek tot die heilige God. Daarom moet God se heiligheid na vore kom.
- Die gelowige word opgeroep om as priester te dien. Dit impliseer diens aan God en die naaste:

- Diens tot God: eerbied, ontsag, aanbidding, lofprysing, gebruik van gawes tot sy eer.
- Diens tot naaste: liefde, erkenning, omgee, ondersteuning, opbou.

3.5.2.2 Openbaring 4:8-11

*[8] Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." [9] Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, [10] kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: [11] "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."*

In Openbaring 4 sien Johannes die troonkamer, wat terselfdertyd ook 'n plek van aanbidding is (Michaels, 1997:91). Die vier lewende wesens versinnebeeld die totaliteit van die skepping en is die belangrikste onder die geskape wesens (Groenewald, 1986). By die beskrywing van die nuwe Jerusalem word gesê dat op die twaalf poorte die name was van die twaalf stamme van Israel en op die fondamente die name van die twaalf apostels (vergelyk Openbaring 21:12, 14). Daarmee word verwys na die uitverkore volk van God in sy geheel. Dit lê voor die hand om aan te neem dat die vier en twintig ouderlinge eweneens die verteenwoordigers is van die eiendomsvolk van God, die kerk van Christus. Wanneer die skepping God loof, kniel die kerk as teken van onderwerping, wat verder bevestig word deur die neerlê van die krone (Groenewald, 1986). Hulle aanbid God dan deur hulle fisieke liggaamshandeling (kniel) sowel as hulle woorde.

Hieruit kan afgelei word dat:

- Aanbidding om God gaan en om aan Hom eer te betoon;
- Fisieke handelinge, soos om te kniel, 'n rol in die erediens het;
- Die hele skepping roep die kerk op om God te aanbid en aan Hom die eer te bring.

3.5.2.3 Openbaring 5:8-10

*[8] Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges. [9] Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie. [10] U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."*

In Openbaring 5 ontvang die Lam die boekrol wat met die sewe seëls verseël is (5:1, 7). Dan kniel die lewende wesens (die skepping – sien 3.5.2.2) en die ouderlinge (die kerk – sien 3.5.2.2) voor die Lam. Die ouderlinge het elkeen 'n siter in die hand, die musiekinstrument wat gebruik word as begeleiding wanneer die lof van God besing word (vergelyk Openbaring 14:2; Openbaring 15:2 en Psalm 33:2). Elkeen hou ook 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges (Openbaring 8:3). Die voorstelling dat die gebede soos wierook na God opstyg, kom reeds in die psalms voor (Psalm 141:2).

Om die Lam te huldig word 'n nuwe lied aangehef. In die psalms is daar meermale sprake van 'n nuwe lied wat voor God gesing word (byvoorbeeld Psalm 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; Jesaja 42:10). In die lied word die Lam geloof vir sy loskoop van mense "uit elke stam en taal en volk en nasie" (5:9). Hierdie viervoudige indeling beklemtoon die universaliteit van die Christelike kerk (Aune, 1998a).

In hierdie gedeelte kom die volgende belangrike perspektiewe na vore:

- Aanbidding gaan om God;
- Gebed speel 'n belangrike rol in die aanbidding;
- Sang en musiek het ook 'n plek in aanbidding;
- In die erediens moet ook ruimte wees vir kreatiwiteit ("nuwe lied");
- Die eenheid van die aanbidders is belangrik en moet ook in die erediens tot uiting kom;
- Die gelowiges is tot priesters gemaak om God te dien en te aanbid.

3.5.2.4 Openbaring 5:11, 12

*[11] Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor [12] uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."*

Na die lied van die ouderlinge en die lewende wesens (sien 3.5.2.3) volg die lied van die engele. In hierdie lofsang sing "miljoene der miljoene" engele in vomaakte harmonie, asof uit een stem (Groenewald, 1987). In die lied word die Lam geloof vir sy waardigheid.

Die afleiding kan gemaak word dat aanbidding in die erediens in eensgesindheid moet plaasvind tot eer van God.

3.5.2.5 Openbaring 5:13-14

*[13] Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid." [14] Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.*

Uiteindelik neem die hele skepping 'n loflied op. Waar die lofprysing in Openbaring 5:8-12 die Lam loof vir die daarstel van die koninkryk van verlossing, fokus die universele lofprysing op die ewige volbringing van hierdie koninkryk (Beasly-Murray, 1995). Hier word dit duidelik dat God op die troon en die Lam onlosmaaklik aan mekaar verbind is as die objekte van Christelike aanbidding (Michaels, 1997:97). Aan hulle behoort "die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (5:13). Op hierdie loflied antwoord die vier lewende wesens (die lewende skepping) met "Amen", terwyl die ouderlinge (die kerk) kniel en God aanbid. Die lof wat die skepping aan God bring, bring die kerk tot aanbidding.

3.5.2.6 Openbaring 14:6, 7

*[6] Toe het ek 'n engel hoog in die lug sien vlieg. Hy het 'n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly. Hy moes dit aan die bewoners van die aarde, aan elke nasie, stam, taal en volk verkondig, [7] en hy het met 'n harde stem uitgeroep: "Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het."*

Ná die eerste vier trompette was dit 'n arend wat hoog in die lug gevlieg het en drie maal "Wee!" uitgeroep het oor die bewoners van die aarde. Nou sien Johannes 'n engel op daardie hoogste punt in die lug, en hy bring vir die bewoners van die aarde (die onbekeerdes – Beasly-Murray, 1995), 'n "goeie boodskap" (εὐαγγέλιον - evangelie). Hierdie boodskap moet aan al die bewoners van die aarde verkondig word, wat dui op die universaliteit van die Christendom. Die engel vlieg "hoog in die lug" (letterlik: ἐν μεσουρανήματι - in die middelhemel, in die middel van die hemel") wat beteken dat hy verskyn het op 'n plek waar hy deur almal op aarde gesien en gehoor kon word (Aune, 1998b).

Die aanbidding wat van gelowiges verwag word is die aanbidding van God die Skepper van alle dinge. Dit moet altyd in die erediens in gedagte gehou word en moet ook in die atmosfeer na vore kom. Daarom is 'n erediens ook nie 'n blote menslike byeenkoms nie, maar 'n ontmoeting met en in die teenwoordigheid van die heilige, almagtige God. In hierdie ontmoeting moet die besorgdheid oor en sensitiwiteit vir die ongelowiges ook na vore kom.

3.5.2.7 Openbaring 15:4

*3 Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: "Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. 4 Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is.*

Hier is die "mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam" (Openbaring 15:2) besig om "die lied van Moses, ook die lied van die Lam" (Openbaring 15:3) te sing. Die lied van Moses (Eksodus 15:1–18) is gesing om God se verlossing oor die farao te herdenk; net só is die lied van die Lam ter herdenking van die oorwinning oor die Bose. Die lied is nie 'n blote herhaling van Eksodus 15 nie, maar is saamgestel uit verskillende Ou-Testamentiese dele (Eksodus 15: 11,18; 34:10; Deuteronomium 32:4; Psalm 86:9–10; 111:2; 139:14; 145:1,17; Jesaja 2:2; Jeremia 10:7; 16:19; Amos 3:13; 4:13; Maleagi 1:11).

Die herinnering aan God se dade lei tot 'n lied van lofprysing. Dit beklemtoon die belangrike plek van sang in die aanbidding as 'n uitdrukking van emosie. In hierdie geval is die emosie vreugde en dankbaarheid, wat in lofverheffing uitmond (Aune, 1998b). Weer eens word beklemtoon dat God 'n heilige God is wat as heilige aanbid moet word. In die erediens noodsaak dit eerbied en ontsag. Die universaliteit van die geloof word weer beklemtoon deur die verwysing na "al die nasies". Wat verder van belang is, is dat die aanbidding deur die

nasies volg op die ontbloting van regverdige dade van die Here (Michaels, 1997:183). 'n Bewustheid van God se werke lei tot aanbidding, 'n progressie wat ook in die erediens na vore moet kom.

3.5.2.8 Openbaring 19:1-10

*4 Die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het gekniel en God aanbid wat op die troon sit. Hulle het gesê: "Amen! Prys die Here!" 5 Toe het daar 'n stem van die troon af gekom wat gesê het: "Loof ons God, al sy dienaars, dié wat Hom vrees, klein en groot!" 6 Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: "Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning.*

In Openbaring 19 verskuif die toneel van die verwoesting van Babilon (Openbaring 18) na die hemel waar die stemme van 'n groot menigte in lofprysing gehoor word (Metzger, 1993:89). Nadat die verwoesting van die stad Babilon gevier is (Openbaring 19:1-3), fokus die groter deel van die hoofstuk op die toekoms, die perfekte vereniging tussen Christus en sy bruid die kerk. Dit begin met die vier-en-twintig ouderlinge (die kerk) en die vier lewende wesens (die lewende skepping) wat neerval en God aanbid met die woorde "Amen! Prys die Here!" In die oorspronklike staan letterlik "ἀμὴν ἀλληλουϊά" ("Amen! Halleluja"). Halleluja is 'n uitdrukking van lof, roem en eer en beteken letterlik "Prys Jahweh, met ander woorde prys die Here" (Louw, & Nida, 1989). Die "Amen" bevestig die lofprysing van die triomferende kerk in Openbaring 19:1-3, terwyl die "Halleluja" verdere lofprysing oproep (Krodel, 1989:311). Aanbidding gaan dus met eerbied gepaard, maar ook met vreugde en blydskap wat in lofprysing tot uiting kom.

Hierna kom 'n stem van die troon (wat dui op die Goddelike gesag van die spreker – Aune (1998c)) wat God se dienaars oproep om Hom te loof. Omdat die gelowiges in die hemel reeds die Here loof (vergelyk Openbaring 19:1-4), word die kerk op aarde hier aangespreek. Hier is dit belangrik om daarop te let dat die verwysing na "al sy dienaars, dié wat Hom vrees" nie op twee groepe dui nie, maar op een groep dienaars, wat gekenmerk word as "dié wat Hom vrees" (Knodel, 1989:311). Dit dui op die kerk op aarde, met ander woorde dié wat getrou bly aan die Here. Die beskrywing "klein en groot" omsluit gelowiges van alle klasse en vermoëns en van alle stadiums van groei in hul Christelike lewe (Metzger, 1993:89). Dit is dus duidelik dat daar in die aanbidding nie rangordes is nie, maar dat almal daaraan moet deelneem en niemand uitgesluit mag word nie.

In antwoord op hierdie stem kom 'n uitroep wat klink soos "die gedruis van 'n groot watermassa en soos die geluid van swaar donderweer" (Openbaring 19:6). Dit is die aarde se antwoord op die hemelse oproep (Michaels, 1997:211) waarin vreugde betoon word vir die bruilof van die Lam wat aangebreek het. Die bruid van die Lam is die kerk (Aune, 1998c), wat aangetrek is in fyn klere wat die "regverdige dade" van die gelowiges, die kerk is. Hieruit word dit duidelik dat ware aanbidding 'geklee' word deur dade, wat ook aan die aanbidding 'n fisieke dimensie verleen.

Aanbidding, ook in die erediens, is 'n daad van die hele gemeente waarin hulle uit eerbied tot lofprysing kom. Hierin moet daar ruimte wees vir al God se dienaars om tot eerbetoon te kom – deur woorde en deur dade.

### *3.5.3 Gevolgtrekking*

Uit Openbaring kan die volgende belangrike afleidings gemaak word:

- In die erediens gaan dit in die eerste plek om die aanbidding van God. Dit impliseer heiligheid, eerbied en ontsag.
- Die aanbidder word opgeroep om nie net waar te neem nie, maar aktief betrokke te wees in diens van God en in diens van die naaste. Hierdie aktiewe deelname sluit ook fisieke handelinge, soos om te kniel, in.
- Tog lei die deelname nie tot verbrokkeling nie, maar word die eenheid sterk beleef en verwoord. In die aanbidding is daar nie rangordes nie en mag niemand uitgesluit word nie.
- Die waarneming en belewenis van die natuur en God se regverdige dade bring die gelowige tot aanbidding.
- Die lied het 'n belangrike plek in die erediens.
- In die erediens moet daar ruimte wees vir kreatiwiteit en spontaneïteit, in die besonder wat die sang en musiek betref.
- Die diens aan God impliseer vreugde, eerbied, ontsag
- Die diens aan die naaste impliseer vriendelikheid, liefde, warmte

## 3.6 DIE UNIEKHEID VAN DIE NUWE TESTAMENT

Bromiley (1993:110) wys op twee belangrike faktore in die aanbidding in die Nuwe Testament wat dit heroriënteer ten opsigte van die aanbidding in die Ou Testament:

1. Aanbidding deur God die Seun
2. Aanbidding in God die Heilige Gees

### *3.6.1 Aanbidding deur God die Seun*

Christelike aanbidding is in sy wese en kern die aanbidding van God die Vader deur God die Seun (Bromiley, 1993:110).

- Gelowiges bid in die Naam van die Seun (Johannes 16:23);
- Die werke van die Seun is die tema van hulle lofprysing (Efesiërs 1:3-14);
- Hulle pleit om vergifnis rus op die feit dat Jesus Christus Homself gegee het as 'n perfekte offer vir sonde (1 Johannes 1:7-9);
- Hulle belydenis is die belydenis van Jesus as Here (1 Korintiërs 12:3);
- Beide die Ou Testament en die Nuwe Testament getuig van Jesus Christus (Johannes 5:39);
- Prediking is die voorhou van Christus in sy openbarende en versoenende werk (2 Korintiërs 5:18-21);
- Die Nagmaal is die Paasfees van die nuwe en finale uittog, die teken van die een offer vir die sonde (1 Korintiërs 11:26);
- Uiteindelik is die hele Christelike lewe 'n lewe in die Here (Romeine 14:8).

Die beslissende in die Nuwe Testament is dat God in 'n Persoon gekom het en sy genadewerk voltooi het. Met hierdie fokus kry aanbidding 'n diepte en inhoud wat nie in die tyd van die Ou Testament moontlik was nie.

### *3.6.2 Aanbidding in die Heilige Gees*

Die tweede nuwe faktor is dat in sy wese en kern die Christelike aanbidding aanbidding van God die Vader deur God die Seun en in en deur God die Heilige Gees is.

- Gebed vind plaas met bystand van die Heilige Gees (Romeine 8:26-27);
- Lofprysing spruit voort uit vervulling met die Heilige Gees (Efesiërs 5:18-20);

- Sondebesef en belydenis kom van die Heilige Gees (Johannes 16:8);
- Belydenis van geloof is belydenis deur die Gees (1 Korintiërs 12:3);
- Geloof en oortuiging geskied deur die Heilige Gees (1 Korintiërs 2:4);
- Die Gees vul die gelowiges met liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23);
- Die Heilige Gees woon in die gelowiges (Romeine 8:9);
- Ware aanbidding is aanbidding in en deur die Heilige Gees (Johannes 4:24).

Iemand wat in die Heilige Gees nuutgebore is en deur die Heilige Gees gelei word, sal ook in die aanbidding deur die Heilige Gees gelei en bestuur word en in en deur die Gees aanbid.

## 3.7 GEVOLGTREKKING UIT DIE NUWE TESTAMENT

Uit die Nuwe Testament kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- Aanbidding gaan in die eerste plek oor God se eer. Hy staan sentraal en Hy moet ontmoet word. Dit beteken 'n atmosfeer van heiligheid en opregte eerbied.
- In die Nuwe Testament kom die belangrike progressie dat hierdie aanbidding nou gesentreer word rondom Jesus Christus en die sentrale heilsfeite van sy kruisiging en opstanding. Die aanbidding vind nou nie meer deur tussengangers (die priesters van die Ou Testament) plaas nie, maar direk deur die aanbidder tot God. Dit lei daartoe dat die aanbidding meer persoonlik en intiem is.
- Hierdie aanbidding vind plaas deur die werking van die Heilige Gees wat in die erediens teenwoordig is. Ook in die erediens moet steeds meer gestreef word om deur die Heilige Gees vervul te word. Dit lei tot 'n al groter uitlewing van die vrug van die Gees en die gawes van die Gees – ook in die erediens. Aanbidding deur die Heilige Gees is entoesiasties en vreugdevol.
- Die gebeure in die erediens moet ordelik en verstaanbaar wees.
- Die erediens moet gekenmerk word deur liefde. Dit is in sy wese 'n korporatiewe, gesamentelike byeenkoms waar liefde en warmte teenoor mekaar betoon word.
- Die atmosfeer in die erediens moet so vriendelik en verwelkomend wees dat aanbidders gemaklik is om hulle gawes ook in die erediens uit te leef.

- Die goeie leer van God se genade lei tot vreugde en blydskap, wat ook in die erediens ervaar moet word.
- Hierdie vreugde en blydskap vind uitdrukking in lofprysing, wat moontlik met fisieke uitdrukkings van vreugde gepaard kan gaan.
- In die erediens moet daar ruimte wees vir kreatiwiteit en spontaneïteit.
- Die erediens het 'n belangrike funksie om die buitestanders en ongelowiges nader te trek. Daarom moet die erediens altyd 'n oog vir hulle hê en vriendelik, uitnodigend en verwelkomend wees.

## 4 AFLEIDINGS VANUIT DIE RES VAN DIE SKRIF

In hoofstuk 4 is 1 Korintiërs 11-14 ondersoek ten einde tot sekere basisteoretiese beginsels rakende die atmosfeer in die erediens te kom. In hierdie hoofstuk is die res van die Skrif ondersoek. Die volgende afleidings kan vanuit die res van die Skrif gemaak word:

- God begin en neem alle inisiatief. Hy beveel die volk om saam te kom. Hy bepaal ook hoe, waar en wanneer hulle moet byeenkom. Hy gee aan die byeenkomste die inhoud, doel en wese – en in die laaste instansie vloei dit uit Hom en is dit op Hom gerig. God staan in die middelpunt en alles draai om Hom.
- Aanbidding gaan in die eerste plek oor die eer van God. Hy staan sentraal en Hy moet ontmoet word. Dit beteken dat 'n atmosfeer van heiligheid en opregte eerbied moet heers. Die atmosfeer moet die aanbidder voor die heiligheid van God bring en behoort tot eerbied en ootmoed te lei.
- In die erediens moet die sentrale heilsfeite van Jesus Christus se kruisiging en opstanding 'n sentrale plek inneem. Weens hierdie heilsgebeure kan aanbidding direk tot God geskied, sonder die noodsaak van tussengangers. Dit verleen aan die erediens 'n persoonlike en intieme atmosfeer.
- Ware aanbidding impliseer aanbidding deur die Heilige Gees en die atmosfeer behoort die bewustheid van die Gees se teenwoordigheid en werking te fasiliteer en ruimte te bied vir 'n al groter vervulling deur die Heilige Gees.
- Die doel van die aanbidding is om die aanbidder in die regte verhouding tot God te plaas. Dit noodsaak 'n atmosfeer van vreugde weens die versoening wat die aanbidder van God

ontvang. Hierdie vreugde en blydskap vind uitdrukking in lofprysing, wat moontlik met fisieke uitdrukkings van vreugde gepaard kan gaan.

- Die erediens is 'n korporatiewe aanbidding waar verskillende persone met verskillende gawes 'n belangrike rol speel. Erkenning vir die ander teenwoordig en ruimte vir die gebruik van hulle gawes is daarom belangrik. Die atmosfeer in die erediens moet so vriendelik en verwelkomend wees dat aanbidders gemaklik is om hulle gawes ook in die erediens uit te leef.
- Die erediens moet gekenmerk word deur liefde. Die erediens is in sy wese 'n korporatiewe, gesamentelike byeenkoms waar liefde en warmte teenoor mekaar betoon word.
- In die aanbidding is daar 'n sterk gerigtheid op die naaste. Dit sluit familie en gelowiges in, maar ook die vreemdelinge en buitestanders. Die atmosfeer moet sodanig wees dat hulle welkom en tuis voel, deel voel en liefde en warmte ervaar.
- Die sintuie speel 'n belangrike rol in die aanbidding. Aanbidding is iets wat gesien, gehoor, gevoel, geproe en geruik word.
- Die simboliese is baie belangrik. Hier word simboliese dinge, soos instrumente, argitektuur, ensovoorts, maar ook simboliese handelinge wat gedóén word, ingesluit.
- In die erediens is verstaanbaarheid en orde belangrik. Aanbidding vind plaas binne 'n atmosfeer van orde, duidelikheid en verstaanbaarheid wat deelname en begrip bevorder.
- Musiek speel 'n belangrike rol. Dit sluit sang, begeleiding, instrumentale bediening en musikale profesie in.
- In die erediens moet ruimte geskep word vir kreatiwiteit en spontaneïteit deur 'n atmosfeer wat dit aanmoedig en moontlik maak.

In die volgende hoofstuk gaan die hoogtepunte en laagtepunte in die geskiedenis ondersoek word, ten einde vas te stel in watter mate hierdie beginsels deur die geskiedenis behou, verloor of herwin is.

# 6

# ATMOSFEER IN DIE EREDIENS DEUR DIE GESKIEDENIS

## 1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is gepoog om uit die Skrif af te lei watter dimensies van atmosfeer in die erediens tuis hoort. In hoofstuk 4 is 1 Korintiërs 11-14 ondersoek, terwyl hoofstuk 5 die soeklig op die res van die Skrif laat val het. In hierdie hoofstuk gaan die ontwikkeling van die erediens deur die geskiedenis heen bespreek word om te bepaal hoe die dimensies van atmosfeer deur die geskiedenis gefigureer het. Omdat hierdie studie beperk is, gaan die stroom gevolg word wat uiteindelik in die gereformeerde tradisie uitmond. Die bespreking van die verskillende periodes gaan beperk word tot dit wat vir die studie relevant is. Die ondersoek word gedoen deur literatuurstudie van die tersaaklike inligting, wat dan deur kritiese denke evalueer word om uiteindelik tot sekere gevolgtrekkings te kom.

Die bespreking gaan aan die volgende aandag gee:

1. Ten eerste gaan die erediens in die tweede eeu na Christus, die tydperk net na die Nuwe Testament, ondersoek word. Die erediens in hierdie tydperk was die naaste aan die Nuwe Testamentiese erediens en die oorlewering van die apostels en daarom is dit belangrik om hierdie tydperk te ondersoek.
2. Gedurende die vierde eeu het die kerk rykskerk geword. Die veranderinge in die kerk en in die erediens tydens hierdie periode word vervolgens bespreek.

3. Hierna gaan die veranderinge in die erediens tydens die Middeleeue ondersoek en geëvalueer word. Die fokus val op die ontwikkelinge in die Westerse kerk, veral soos dit gestalte gevind het in die Roomse Mis.
4. Die volgende tydperk waaroor besin word, is die tydperk van die Reformasie, waar baie sterk teruggegryp is na beide die Bybelse beginsels vir die erediens en die voorbeeld daarvan in die vroeg-Christelike kerk, sonder om dit identies daaraan te maak (De Klerk, 1982:53).
5. Daar word vervolgens aandag gegee aan die invloed van die rasionalisme van die 19$^{e}$ en 20$^{e}$ eeue op die erediens.
6. Die opkoms en invloed van die postmodernisme kom volgende onder bespreking.
7. Uiteindelik word die bydrae van drie 21$^{ste}$ eeuse teoloë bespreek.

# 2 DIE KERK VAN DIE TWEEDE EEU

## 2.1 INLEIDING

Vir die eerste tydperk na die Nuwe Testament is daar min duidelike gegewens oor die erediens (Wegman, 1985:2). Die rede hiervoor kan wees dat die erediens en die inrigting daarvan so as vanselfsprekend beskou is en dat dit in die gemeentes só bekend was, dat dit nie nodig geag is om dit te beskryf of te verduidelik nie. Tog is daar bronne wat inligting oor hierdie tydperk en die gestaltegewing van die erediens bied. Die bronne word nie in detail weergegee word nie, maar gevolgtrekkings word vanuit die bronne getrek. Die hoofbronne is: die brief van Klemens van Rome aan die Korintiërs (95 na Christus); die sewe briewe van Ignatius van Antiogië (110-117 na Christus); die brief van Plinius, die goewerneur van Bitinië en Pontica, aan Keiser Trajanus (112 na Christus); die Didache (±100 of 150 na Christus); die tweede Klemensbrief (middel tweede eeu) en die apologie van Justinus die Martelaar (150 na Christus) (vergelyk Cabaniss, 1989:11-22). Daar is verder nog kleiner bronne (vir 'n volledige bespreking van die verskillende bronne, vergelyk Barnard, 1981:155-165; Wegman, 1985:13-21).

## 2.2 DIE EREDIENS VAN DIE TWEEDE EEU

Uit hierdie bronne kan die volgende beeld geskep word:

### *2.2.1 'n Bekende patroon word voortgesit*

Die beeld van die erediens in die Nuwe Testament, wat soveel spore van beïnvloeding deur die Joodse sinagogediens vertoon, is in die vroeë kerk eenvoudig voortgesit (Patterson, 1994:33). Die Christene het nie alleen voortgegaan om die eredienste by te woon nie, maar dit is gesien en gevoel as die lewensaar van hulle geestelike lewe en van die gemeente. Die erediens was die samekoms van die gemeente as liggaam van Christus. Hulle het nie tempelstrukture of uitvoerige rituele soos die breëre godsdienstige wêreld gehad nie, maar die versamelde groep was self 'n lewende tempel en hulle lof en aanbidding was geestelike offers wat vir God welgevallig was (Hurtado, 1999:50). Volgens Justinus 1:65 het die erediens kortweg die samekoms of synaxis geheet.

In die vroeë kerk het die Sondag sentraal gestaan (Beukes, 1993:50). Die gelowiges het gereeld op Sondag saamgekom. Hierdie dag, die eerste dag van die week, wat in die ekonomie en die gemeenskap as 'n gewone werksdag beskou is, was vir die Christene die dag van die herinnering van Jesus Christus se opstanding (Wegman, 1985:26). Omdat dit 'n gewone werksdag was, is die byeenkomstye buite gewone werksure gekies. Waar die Jode daagliks in die tempel en by die huis bymekaar gekom het om te bid, weekliks vir Skriflesing (elke sabbat in die sinagoge) en jaarliks vir die Paasmaal, het die Christene weekliks (Sondae) bymekaar gekom vir al drie elemente: (gemeenskaplike) gebed, Skriflesing (met uitleg = die preek) en die Nagmaal (Skarsaune, 2002:379).

Uit Plinius se brief kan gesien word dat in die samekoms die eenheid bely is en dat almal onderneem het om aan Christus in alle omstandighede getrou te bly. In die Barnabas-brief lees ons die vermaning dat Christene hulle nie moet isoleer nie, maar "epi tou auto synerchestai", om saam te kom (Barnard, 1981:160). Dit is dus duidelik dat die saamverkeer met medegelowiges in die erediens van groot belang was. Slegs daar en tydens die erediens kon ware koinonia beoefen word (Van Rooyen, 1983:34). Om saam met die medegelowiges God in die erediens te aanbid, was prioriteit vir die Christene van die vroeë kerk.

Tog het daar reeds verskille in vergelyking met die erediens in die Nuwe Testament ingetree. Hinson (1996:80-81) wys op drie:

1. Die Christene het nou 'n Romeinse eerder as Joodse kalender gevolg deur op die Sondag bymekaar te kom;
2. Die Nagmaal ("Eucharistie") is nie meer aan 'n werklik maaltyd (die *agape*-maaltyd) gekoppel nie. Volgens Plinius se brief aan Trajanus het die Christene die erediens (met die Nagmaal) gevier en dan vertrek om weer bymekaar te kom om saam te eet;
3. Nadat die verbintenis van die Nagmaal met die *agape* verbreek is, is die Nagmaal verbind aan die preekdiens.

Dit is dus duidelik dat die vroeë kerk hul eenheid sterk in die erediens beleef het. Die erediens is gekenmerk deur feesviering en was 'n vrolike geleentheid waarby al die aanbidders betrek is. Omdat Jesus Christus se dood en opstanding sentraal staan in hulle geloof, kom hulle weekliks op sy opstandingsdag bymekaar en vier hulle hierdie sentrale heilsfeite weekliks deur die Nagmaal. Dit is prysenswaardig omdat reeds aangetoon is (hoofstuk 5) dat Jesus Christus die sentrale plek in die erediens moet inneem en dat die aanbidding op Hom moet fokus.

### 2.2.2 *Twee brandpunte*

Die erediens vertoon duidelik twee brandpunte: die Woordverkondiging, met elemente daaromheen en die Nagmaalsviering, met elemente daaromheen (Webber, 1982:49). Die raamwerk van die twee dele sien ongeveer soos volg daaruit (Barnard, 1981:166-167):

| |
|---|
| WOORDDIENS:<br>• Groet en antwoord<br>• Lesinge, afgewissel met psalmodie<br>• Preek deur die biskop<br>• Gebed vir die node van die Christendom<br>• Wegsturing van die kategumene<br>• Kollekte |
| NAGMAAL:<br>• Groet en antwoord<br>• Vredeskus<br>• Offertorium<br>• Eucharistiegebed |

- Breking van die brood en kommunie
- Wegstuur van die gemeente

Skarsaune (2002:384) wys op Justinus se beskrywing van die erediens waar die volgende elemente na vore kom:

- Skriflesing
- Verklarende prediking
- Gemeenskaplike gebed
- Na vore bring van die brood en wyn

- Eucharistiegebed
- Deelname aan die brood en wyn
- Bring van donasies vir die armes

McKinion (2001:43) wys op die belangrike plek van gebede, waar die gemeente vir mekaar en vir dié buite die gemeente gebid het.

Die vredeskus het die oorgang aangedui van die Woorddiens na die Nagmaalsdiens (Wegman, 1985:41-42; Aune, 1996). Die Nagmaal is aanvanklik gevier binne die raam van die liefdesmaaltyd, die agapé (Aune, 1996), wat die belangrikheid van die maaltyd vir die eenheid van die gemeente beklemtoon. Die koinonia-gedagte het die viering van die Nagmaal ondersteun. Die koinonia soos dit in die Nuwe Testamentiese erediens tydens die Nagmaal bestaan het, is in die vroeë kerk net so oorgeneem. Die horisontale sowel as die vertikale koinonia is in die viering van die Nagmaal beoefen (Leuschner, 2001:31). Die diepe eenheid tussen die gelowiges het so tot uiting gekom. Die diakens het dan ook aan almal teenwoordig die Nagmaal bedien, maar ook na die huise geneem vir diegene wat afwesig was (Van Rooyen, 1983:35). Dit toon die band van koinonia wat bestaan het tussen hierdie Christene.

Uit die belangrike plek van die Nagmaal in die erediens (weekliks) is dit duidelik dat Christus se lyde, sterwe en opstanding 'n groot invloed op die erediens gehad het. Die benaming '*Eucharistie*' kom van die Grieks vir "danksegging" en verwys na die bring van dank aan God deur die aanbidder vir sy verlossing deur Jesus Christus se dood. Omdat die seremonie die dood van Jesus Christus demonstreer, het dit 'n sekere eerbied vereis (McKinion, 2001:99).

Hoewel die erediens sy wortels in die Joodse sinagogediens gehad het, het die Christelike inhoud tog 'n ander karakter daaraan gegee. Waar die klem in die Joodse sinagoge op die leer geval het, het die erediens meer van 'n feesvierende karakter, wat ook in die atmosfeer na vore moet kom.

### *2.2.3 Deelname*

Die gemeentes het bestaan uit stadsmense en mense uit die platteland, ryk mense en arm mense, mense wat groot belang gestel het in die ander se welsyn (Cabaniss, 1989:2). Die meer welvarende lede het vrywillige bydraes gelewer om te sorg vir die wat nood het. Justinus verwys spesifiek na weeskinders, weduwees, siekes, gevangenes en vreemdelinge wat tydelik by hulle is (vergelyk die vertaling van Justinus in Cabaniss (1989:89)).

Vanaf die ontstaan van die Christelike kerk het die gelowiges self 'n groot rol gespeel in die erediens. Die deelname was meer korporatief as individualisties (Beukes, 1993:50). Die eredienste is aanvanklik gekenmerk as die samekoms met Christus en met mekaar. Op baie maniere het hierdie gemeenskapsmotief in die erediens tot uitdrukking gekom. Dit is 'n diens van die gemeente en deur die gemeente en waaraan hulle ook aktief deelneem. Daar is geen sprake van dat hulle toeskouers sou wees, of van priesters of altare, of van die gebou as 'n heiligdom, of van die diens as 'n sakrale gebeurtenis nie (Barnard, 1981:170). Die gelowiges het saam en as 'n eenheid die erediens beleef. Groot klem is gelê op die belang van die opregtheid van die aanbidder (McKinion, 2001:44). Om net die erediens by te woon uit pligsgevoel is as nutteloos beskou. Die doel van die erediens was om lewens te verander en daarom was opregte deelname 'n vereiste.

Die groot klem op deelname en opregtheid is prysenswaardig en het belangrike implikasies vir die atmosfeer. In die erediens moet die atmosfeer opregte deelname bevorder. Vreemdelinge en buitestanders moet ook deur die erediens ingetrek en uitgenooi word en daarom moet die aanbidders ook bewus wees van hulle wat nie in die erediens is nie, maar ook van vreemdelinge en besoekers wat wel in die erediens teenwoordig is. Die atmosfeer moet sulkes verwelkom en laat tuis voel.

### 2.2.4 Sang en musiek

Hoewel daar heelwat ooreenstemming tussen die eredienste was, was een van die belangrikste punte van verskil die gebruik van sang en musiek. So was Klemens van Aleksandrië reeds in die laat tweede eeu gekant teen die gebruik van musiekinstrumente in die erediens (Johannes Chrisostomos van Konstantinopel van die laat vierde eeu was dit hiermee eens) (McKinion, 2001:43). Vir hulle het sulke instrumente aardse in plaas van hemelse passies losgemaak. So stel Klemens dit dat 'n atmosfeer van luidrugtige feesvreugde in die kerk onaanvaarbaar is omdat dit emosies ontlok en deelnemers tot onvanpaste gedrag lei (sien die vertaling in McKinion, 2001:47-48). Musiek lei, volgens Klemens, tot verleiding en 'n soeke na sensasie. Klemens veklaar die Psalmdigter se oproep om God te loof met musiekinstrumente allegories deur dit te stel dat die instrumente figuurlik opgeneem moet word. So verwys die lier, volgens hom, na die mens se mond wat deur die Heilige Gees gepluk is, asof deur 'n plektrum; die simbaal en danse verwys na die kerk wat die opstanding van die dooies in die resonerende vel van die aanbidder oordink; die klinkende simbale verwys na die tong.

Hoewel die klem op sang prysenswaardig is, is dit jammer dat die erediens reeds so vroeg as die tweede eeu op sekere plekke van emosie en belewenis gestroop is. Die wegneem van musiek uit die erediens is Skriftuurlik onverantwoordbaar (sien Hoofstuk 4 en 5) en verskraal die atmosfeer in die erediens.

### 2.2.5 Gebed

Die mees algemene liggaamshouding vir sang en gebed was met uitgestrekte hande (Hughes, 2004). Dit is gedoen terwyl gestaan is of gekniel is. In die *Didache* is dit opmerklik dat die gebed en danksegging vol lofprysings is, aangesien die gebeurtenis gesien is as 'n lofviering van die gemeente van God (Leonard, 2004).

Die gebruik van fisieke liggaamsuitinge en die klem op die feestelike karakter van die erediens moet aangeprys word.

### 2.3 GEVOLGTREKKING

Hoewel die direkte inligting oor die erediens van die eerste eeue min is, was dit nogtans die tydperk waartydens die Christelike erediens in vorm en inhoud sy basiese gestalte gekry het (Wegman, 1985:50). In latere eeue is bygevoeg, verander en afgerond, maar die struktuur, die vorm van die erediens was reeds vasgelê. Hierdie vorm is aantreklik weens sy eenvoud, verstaanbaarheid, veelvormigheid en vryheid.

### 2.4 AFLEIDINGS

Uit die gegewens oor die erediens in die tweede eeu, kan die volgende afleidings gemaak word:

- God het steeds sentraal gestaan in die aanbidding. Die erediens is gesien as 'n ontmoeting met die ware, heilige God vir wie geestelike offers van eerbied en ontsag gebring moet word.
- In hierdie erediens staan Jesus Christus en sy verlossing sentraal.
- Die erediens is gekenmerk deur liefde en warmte teenoor almal teenwoordig – gelowiges en vreemdelinge. Eenheid is baie sterk beleef en nagestreef.
- Die atmosfeer is gekenmerk deur verstaanbaarheid en erkentlikheid.
- Sang en gebede het 'n belangrike rol in die eredienste gespeel. Dit het met lofprysing saamgegaan en het ook in fisieke handelinge tot uitdrukking gekom.
- Hoewel die erediens sterk wortels in die Joodse sinagogediens gehad het, het die erediens baie meer van 'n feesvierende karakter gehad.

## 3 DIE KERK AS RYKSKERK

### 3.1 INLEIDING

Gedurende die eerste drie eeue na Jesus se geboorte was die Christelike kerk en die Christene die minderheid in die wêreld en is hulle dikwels misken en vervolg. Die kerk was grootliks gekant teen die wêreld en die gees daarin. Hierdie posisie van die kerk het ook aan die

erediens 'n bepaalde vorm en inhoud gegee – dit was die Christelike kerk wat as minderheid en as vreemdelinge in die wêreld gestaan het (Wegman, 1985:53).

In die vierde eeu vind daar 'n paar gebeurtenisse plaas wat die kerk, en daarmee ook die erediens, dramaties sou verander (vir 'n meer volledige bespreking, sien Walker (1997:122-130):

1. In 311 na Christus vaardig die keiser Galerius op sy sterfbed die Edik van Toleransie uit, waardeur die Christelike kerk vir die eerste keer deur die Romeinse owerheid erken en geduld word;
2. In 313 na Christus verleen Konstantyn en Licinius aan die Christene deur die Edik van Milaan die vryheid om te aanbid soos hulle wou;
3. In 313 bewys Konstantyn al meer sy steun aan die kerk deur besondere voordele vir geestelikes te gee, onder andere vrystelling van openbare diens;
4. Verdere toegewings en groter voordele volg totdat die Christelike geloof, soos op die Konsilie van Nicea (325 na Christus) geformuleer, uiteindelik in 380 na Christus deur keiser Theodosius tot staatsgodsdiens verklaar word. Hierdie besluit beteken dat die heidendom en hulle gode as vals beskou word en die Christelike godsdiens as die enigste amptelike godsdiens sou geld.


Hierdie veranderinge het 'n groot invloed op die erediens gehad, omdat almal wat in die openbare lewe iewers wou kom of iets wou wees, deel van die kerk en gevolglik ook deel van die erediens moes wees. Begryplik word die erediens deur hierdie situasie ingrypend verander.

## 3.2 VERANDERINGE IN DIE EREDIENS

### *3.2.1 Kerkgeboue*

Tot op hierdie stadium het die kerk in huise bymekaargekom, maar nou dat die Christelike geloof die staatsgodsdiens geword het, stroom die massas na die erediens. Die bymekaarkomplekke was heeltemal ontoereikend en moes vergroot of nuut gebou word.

Die kerk het die basiliek as vorm aangeneem, wat basies 'n sekulêre vorm van 'n vergadersaal was (Cobb, 1992:529). Dit was 'n langwerpige gebou met 'n apsis teenoor die ingangsdeure en drie vleuels, waarvan die middelste vleuel gewoonlik 'n hoër dak gehad het.




*Sesde eeuse basiliek*
*(Cobb, 1992:533)*

Die erediens verander van 'n geheime private byeenkoms na 'n openlike openbare byeenkoms. Daarmee verkry die geboue 'n ander karakter en 'n ander atmosfeer (Barnard, 1981:180). Die geboue van die staatsgodsdiens en die godsdiens van die regeerders moes indrukwekkend en weelderig wees. Daarom was daar ook finansiële steun vir die bou van groot kerke deur die staat (Adam, 1985:24). Besondere aandag is aan die inrigting en die versiering van die kerke gegee. Ligte, goud en edelgesteentes kry 'n belangrike plek in die kerkgeboue, saam met skilderye en mosaïek wat alles meegehelp het om 'n atmosfeer van verwondering en majesteit te skep (Walker, 1997:193). Die altaar, wat vroeër 'n beweeglike tafel vir die Nagmaal was, word nou 'n werklike altaar met 'n vaste plek, waarop die "heilige voorwerpe" 'n plek kry.

Hierdie nuwe vryheid het ruimte gelaat om die erediensruimte in te klee om die atmosfeer positief te beïnvloed deurdat God se grootheid ook deur die argitektuur na vore kom. Verder kon simbole en rituele nou openlik ingevoer en ten toon gestel word. Die negatiewe was egter dat hierdie grootsheid die intieme karakter van die huiskerk grootliks verloor het.

### *3.2.2 Van oortuiging na gewoonte*

Voorheen het die erediens 'n private, persoonlike karakter gehad en was bywoning uit oortuiging en om God en mekaar te dien. Nou verkry die erediens 'n openbare karakter waar die bywoning nie meer net uit diep oortuiging is nie, maar uit gewoonte en vir uiterlike vertoon

(Wegman, 1985:54). Baie erediensgangers, en veral die staatsamptenare, verrig bloot 'n openbare plig. Dit beïnvloed die atmosfeer negatief, omdat 'n groot aantal erediensgangers om die verkeerde redes daar is en gevolglik nie deelneem nie.

### *3.2.3 Die gemeente word toeskouers*

Om die massas wat nou na die eredienste stroom te beheer, is, onder leiding van Konstantyn, die betekenis, gesag en taak van die besondere ampte beklemtoon en sterk uitgebou teenoor die gewone lidmate. Groot klem word gelê op die regte uitvoering van al die liturgiese handelinge en daarom word dit al meer net aan die ampte oorgelaat om dit te verrig. Die gemeente word al meer toeskouers vir wie die diens opgevoer word. Teen 1200 het dit selfs praktyk geword vir die priesters om die Mis te vier sonder dat die gemeente teenwoordig is en het die klem verskuif van die gemeenskap van die gemeente tot die offer deur die priester gebring (Volz, 1997:154). Hierdie onderskeiding tussen die leke en die geestelikes kom ook in die ruimte tot uitdrukking: die deel vir die geestelikes word duidelik geskei en afgegrens van die deel van die kerkgebou waar die gewone mense hulle bevind. Daar is verder skeiding gemaak tussen die mans en die vroue in die liturgiese ruimte (Volz, 1997:152). Dit het verder gelei tot 'n verskil in waarde en betekenis tussen die geestelikes en die leke. Selfs onder die geestelikes is onderskeid gemaak en die geestelikes is in 'n rangorde ingedeel, met die biskop van die rykshoofstad, Rome, die belangrikste.

### *3.2.4 Die Misterieuse*

Die erediens, en veral die optrede van die priester wat die heilige offer bring, word al meer gesien as iets misterieus en ontsagwekkend (Wegman, 1985:142). Dit word verkry deur die geleidelike skeiding van die geestelikes en die leke en die klem op die misterieuse, ontsagwekkende en heilige karakter van die priester, wat ook in die seremonies na vore tree. Dit kom verder na vore in die gebruik om sekere gebede stil of sag te sê ("mystikos", "secreta") (Barnard, 1981:183). Hierdie gebede word nou so sterk met die ontsagwekkende misterie geassosieer dat hulle nie deur die gemeente gehoor mag word nie. Die erediens is nie meer die ontmoeting met die ware God in die alledaagse lewe nie, maar word 'n afgesonderde, heilige, misterieuse gebeure in 'n heilige plek wat afgesonder is van waar die gewone mense bymekaar kom. Die mees essensiële van aanbidding, naamlik die ontmoeting tussen God wat praat en die gemeente wat antwoord, is grotendeels verloor (Deddens, 1993:22). God het al

minder gepraat en was slegs teenwoordig deur die sakramente en dan slegs op 'n misterieuse wyse.

Hoewel die misterieuse 'n belangrike element van die atmosfeer is, mag dit nie oorbeklemtoon word nie, veral nie ten koste van verstaanbaarheid en begrip nie.

### *3.2.5 Nagmaal*

In die ontwikkeling van die Roomse liturgie is die Skriflesing en prediking algaande verdring deur die altaar (De Klerk, 1982:53). Die tafel is verander tot die offeraltaar. Die leerstuk van die transsubstansiasie, wat geleer het dat die werklike verandering van die tekens van brood en wyn tot die liggaam en bloed van Christus met die wydingswoorde van die priester geskied, het die misdiens na vore geroep. Waar die eerste Christelike gemeente gepraat het van "die breking van die brood" en die tweede een van die "eucharistie" of danksegging, het dit met verloop "sacrificium" of offer geword. Sedert die 5de eeu ontstaan die benaming "mis", afkomstig van die wegsendingsroep: "*ite, missa est*" – "Gaan, julle is gestuur!". Met die opkoms van die misdiens wat baie verskillende gestaltes aangeneem het, was die volgende hooftrekke die belangrikste:

1. Die sakrament met die offergedagte daaraan verbonde het die altaar na vore gedring en die tafel en die kansel verplaas.
2. Die priester wat die sakrament in sy werktuiglike werking (ex opere operato) moes uitdeel, het heilsmiddelaar met 'n besondere amptelike hoedanigheid geword. Die skeiding tussen die sogenaamde klerus (geestelikes) en die leke het al skerper geword.
3. Die viering van die teenwoordigheid van Christus in die erediens is gesoek in die misoffer op die altaar, waarin onder die gedaante van brood en wyn Christus sy liggaam en bloed, deur die bediening van die priester, aan die Vader opoffer.
4. Die gemeente het al meer passief geword in die diens, waar die wyding en gebruik van die sakrament as sentrum in die liturgie 'n skouspel geword het van priesterlike handelinge.

Die erediens word 'n gebeurtenis waar die ampsdraers die handelende persone is en hulle word al meer gesien as die tussengangers tussen die Here en die volk. Dit word 'n seremonie deur die geestelikes wat die gemeente bloot as toeskouers waarneem. Die erediens is nie meer 'n viering van die gemeente nie, maar 'n misterieuse ontmoeting tussen die geestelikes en God in sy skrikwekkende teenwoordigheid. Hierdie aksente het daartoe gelei dat die gemeente al hoe

minder aan die Nagmaal deelgeneem het, omdat die gewone lidmaat nie goed genoeg was om aan hierdie groot, dramatiese, ontsagwekkende gebeurtenis deel te neem nie (Adam, 1985:26). Die lidmate het liewers as toeskouers op 'n veilige afstand bly staan en nie die Nagmaal gebruik nie. Dit het so afgeneem dat die Vierdie Lateraanse Konsilie in 1215 moes stipuleer dat alle Christene ten minste een keer per jaar die sakrament moes vier en wel tydens Paasfees (Volz, 1997:153).

### *3.2.6 Vaste vorms*

Die veranderings in die erediens, die al groter wordende gaping tussen die geestelikes en die leke en die hiërargie onder die geestelikes het daartoe gelei dat die erediens al meer in 'n vaste vorm gegiet is (Barnard, 1981:189). Nie net die orde is vasgelê nie, maar elke aspek van die erediens: elke Skriflesing, die keuse van liedere, die seremonies, elke handeling en elke woord. In 'n soeke na groter eenheid, word die eredienste van verskillende sentra identies.

### *3.2.7 Gebede*

Teen die middel van die vierde eeu begin die Voorbedes al meer verdwyn. In die vroeë kerk was dit juis die korporatiewe daad van die hele gemeente. Die gebede verloor hul karakter as gebede van die gemeente en word al meer gebede van die geestelikes (Volz, 1997:154).

### *3.2.8 Koorsang*

Met die ontwikkelling van die Gregoriaanse repertoire het teen die jaar 600 duidelike beginsels na vore gekom wat die bydraes van die koor en die gemeente onderskeidelik in die liturgiese musiek gelewer het (Rainbow, 1972:132). Die koor is veral gebruik om die meer ingewikkelde melodieë uit te voer. Dit het gelei tot die luisterryke polifonie van die vyftiende en sestiende eeue wat gebruik is om atmosfeer tydens die aanbidding te verryk.

## 3.3 GEVOLGTREKKING

Van die vierde eeu na Christus het daar dramatiese veranderinge in die erediens, en in die besonder in die atmosfeer in die erediens, ingetree. Hierdie veranderinge was positief en negatief:

### *3.3.1 Positiewe gevolge*

- Die groot kerke wat ryklik versier is vir 'n visuele skouspel het die atmosfeer van heiligheid besonder versterk. Daar kon nou geen twyfel meer wees dat die erediens nie 'n gewone menslike byeenkoms is nie. Die omvang en inhoud van die kerkgeboue het die aanbidders met eerbied en ontsag vervul.
- Die vryheid van die kerk het daartoe gelei dat die kerk al meer simboliese handelinge en voorwerpe openlik kon vertoon.
- Die majestueuse koorsang het 'n positiewe invloed op die atmosfeer gehad deurdat die gemeente deur die rykdom, kompleksiteit, kwaliteit en grootsheid meegesleur is.

### *3.3.2 Negatiewe gevolge*

- In die erediens het God en die ontmoeting met Hom nie meer sentraal gestaan nie. Die erediens gaan om die priester en sy offerhandelinge in plaas daarvan dat die fokus op God val.
- Die feit dat die erediens 'n openbare skouspel geword het, het die ontmoeting met God moeilik gemaak. Van 'n ervaring van die liefdevolle, persoonlike God was daar min sprake.
- Omdat die aanbidders bloot toeskouers geword het, het die atmosfeer nie onderlinge liefde, erkenning en opbou gestimuleer nie. Daar was weinig innige warmte teenoor almal.
- Dit was nie meer belangrik (of selfs wenslik) dat die aanbidders alles moes verstaan wat gedoen en gesê is nie. Aanbidding vind namens hulle, maar sonder hulle daadwerklike deelname plaas.

- 'n Oorbeklemtoning van die misterieuse lei tot 'n negatiewe atmosfeer waaraan die erediensganger nie meer deel het nie, omdat dit wat gebeur nie verstaanbaar is nie.
- In plaas daarvan dat die atmosfeer individue aangemoedig het om hulle gawes tot eer van God en tot opbou van mekaar te gebruik, het die atmosfeer die aanbidders juis onwaardig laat voel en met vrees vir die skrikwekkende God gevul.
- Hoewel die eredienste vir almal oop was, het dit nie die ongelowiges en vreemdelinge met Christus en sy liefde gekonfronteer nie en het hulle as onbetrokke, ongeraakte waarnemers toegekyk.
- Uiteindelik het die erediens 'n magtige menslike vertoning geword in plaas van 'n ontmoeting met die een, ware God.
- Hoewel die koorsang die atmosfeer positief beïnvloed het, het dit egter ook negatiewe gevolge gehad deurdat die gemeente al minder deelgeneem het.

# 4 DIE WESTERSE EREDIENS IN DIE MIDDELEEUE

## 4.1 INLEIDING

Groot veranderinge in die kerk vanaf die vierde eeu het die erediens dramaties laat verander. Hierdie veranderinge het op verskillende plekke verskillende invloede op die liturgieë gehad. Daar sekere het veral eie aksentuerings en uitbouings van die basiese strukture en opvattings van die erediens in die Ooste en die Weste plaasgevind (Barnard, 1981:220). Omdat die Hervorming veral in die Weste neerslag gevind het, word in hierdie studie aandag gegee slegs aan die verloop van die Westerse erediens, veral soos dit tot uiting kom in die Roomse mis.

## 4.2 DIE ROOMSE MIS

### *4.2.1 Vroeë ontwikkeling*

Teen die einde van die vyfde en in die sesde eeue het die mis indrukwekkend gegroei tot 'n min of meer vaste struktuur (Barnard, 1981:231). Daar was 'n sterk beweging na eenheid en eenvormigheid. Die mis het só ontwikkel dat 'n deel vas en dieselfde gebly het, terwyl 'n ander

deel gewissel het. Die kanon van die mis en die vyf groot missange (Kyrie eleison, Gloria in excelsis, Credo, Sanctus en die Agnus Dei) het vas gebly. Dit is later die *ordinarium* genoem. Die tweede deel het gewissel saam met die kerklike jaar en het die Skriflesings, gebede en liedere behels. Hierdie deel is die *de tempore* genoem.

Die gedagte dat die brood en wyn in die liggaam en bloed van Jesus Christus verander het 'n vaste patroon geword. Dit geskied veral in die kanon, 'n groep gebede wat tussen die vierde en sesde eeue ontstaan het rondom die instellingswoorde van Jesus. Die gebede was sag sonder dat die aanbidders dit kon hoor – die rede wat aangevoer is, is dat die priester die binneste heiligdom betree en die heilige woord teen ontering moes beskerm (Adam, 1985:32). Die mis word iets wat die priester namens die gemeente opsê en verrig en daarom hoef hulle nie eers teenwoordig te wees nie. Die mis kry 'n verdienstelike karakter en verander van 'n herinneringsmaal na 'n offer aan God. Die aantal misse word ook drasties vermeerder. Met die begin van die offer onttrek die priester aan die volk en volg hulle net die gebeure op 'n afstand. Die mense sien wat gebeur, maar gebruik die mis nie self nie. Die onttrekking van die gemeente lei verder daartoe dat die algemene kerkgebed wegval.

Vir die atmosfeer is dit 'n negatiewe ontwikkeling, omdat die erediens juis 'n ontmoeting tussen God en sy volk is en die volk deur hierdie ontwikkelinge uit die erediens verwyder word. In plaas daarvan dat die aanbidders in die teenwoordigheid van God kom en Hom ervaar, word hulle uitgeskuif tot blote toeskouers.

### *4.2.2 Latere ontwikkeling*

Verskillende priesters het verskillende misboeke saamgestel en gebruik en dit het baie ingewikkeld geraak. Dit het noodsaaklik geword dat daar een boek is wat oral gebruik word en die verloop van die mis en die elemente daarin weergee. In die Weste is daar sedert die dertiende eeu so 'n missaal saamgestel – die *missale plenum*. Vir elke dag was daar so 'n "misformulier" waarin die gebede, lesings, gesange en rubrieke saam voorkom (Brienen, 1992:51).

Die vasstelling van die liturgie het vir die atmosfeer negatiewe gevolge omdat dit kreatiwiteit, wat veral met die werking van die Heilige Gees verbind word, onderdruk. Dit skep verder ook geen geleentheid tot spontaneïteit nie.

## 4.3 DIE MIS TEEN DIE TYD VAN DIE REFORMASIE

- Die kern van die mis is gesien as 'n bloedlose offer van die liggaam en bloed van Jesus Christus om so versoening te bewerkstellig.
- Tydens die 4$^{e}$ Lateraanse Sinode van 1215 is die leer van die transsubstansiasie afgekondig. Hiervolgens word die substansie van die brood en wyn verander in die werklike liggaam en bloed van Jesus Christus.
- Hierdie siening lei verder daartoe dat die kelk met die wyn net deur die priester gedrink is uit vrees dat die gemeente die bloed van Jesus Christus mag uitgooi.
- Die gemeente se teenwoordigheid was nie langer noodsaaklik nie, wat gelei het tot al meer privaat misse.
- Waar die Nagmaal 'n herinnerings- en dankseggingsmaal is, word die mis 'n epifanie- en offermaal.
- Die priester is alleen toegelaat om naby die altaar te kom en die skeiding tussen die altaarruimte en die res van die kerkgebou het al groter geword.
- Die altaar is teen die verste muur van die altaarruimte geskuif en die priester sê die miskanon op met sy rug na die gemeente en sy gesig na die altaar.
- Die sang by die mis is feitlik uitsluitlik deur die koor gedoen.
- Die getal feeste vir die heiliges het dramaties toegeneem. Die mense het hulp en heil en voorspraak by God van die heiliges verwag. Die verering van die heiliges is toegespits op Maria – feeste is aan haar gewy, beelde is tot haar eer opgestel en in liedere is sy geprys. Sy is vereer as "Moeder van God" en van haar is medewerking aan die verlossing, sowel as hulp en voorspraak verwag.
- Die Nagmaal as offer het die mis oorheers. Hoewel daar nog twee voorlesinge was – een uit die Briewe en een uit die Evangelies – het die preek in onbruik geraak.
- Die klem van die erediens het verskuif van 'n korporatiewe gebeurtenis na 'n individuele, subjektiewe gebeurtenis.
- Die mis is in Latyn, wat deur min mense verstaan is, gehou. Dit het aan die taal self heilige status gegee – die taal van die ingewydes en heiliges.

### 4.4 GEVOLGTREKKING

Die verval wat in die Rykskerk begin het, word in die Middeleeue voortgesit. Die volgende gevolgtrekkings kan in sake die atmosfeer gemaak word:

- Deurdat die erediens in Latyn gehou is, het die mense nie die erediens verstaan nie. Hierdie onverstaanbaarheid is versterk deurdat die priester met sy rug na die gemeente gestaan en onhoorbaar sag gepraat het. Vir die atmosfeer is hierdie onverstaanbaarheid geweldig negatief.
- Hierdie situasie het verder daartoe gelei dat die gemeente nie aan die erediens deelgeneem het nie en maar blote toeskouers geword het. In plaas van 'n atmosfeer van gelykheid wat deelname aanmoedig en ruimte daarvoor skep, het 'n atmosfeer van onwaardigheid ontstaan waarin die gelowiges nie aan die erediens kon deelneem nie.
- Waar die erediens 'n ontmoeting tussen God en sy volk en sy volk onderling moes wees, het die erediensganger nòg God (weens onverstaanbaarheid) nòg sy medegelowige ontmoet (weens onbetrokkenheid).

Die erediens word 'n gebeurtenis wat die gewone gelowige nie kon verstaan nie, nie betrokke by was nie, God nie ontmoet het nie, nie na sy medegelowige of vreemdelinge in liefde kon uitreik nie, nie sy gawes in kon gebruik nie en nie eers by teenwoordig hoef te gewees het nie. Daar is geen ontmoeting met God, naaste of wêreld nie. Van eerbied, ontsag, liefde, warmte, erkenning, vriendelikheid ensovoorts was daar geen sprake nie.

## 5 DIE REFORMASIE

### 5.1 INLEIDING

Na die vierde eeu het dit wat wesenlik aan die aanbidding was, te wete die ontmoeting tussen God wat praat en die gemeente wat antwoord, in 'n al groter mate verlore gegaan (Deddens, 1993:22). God het al minder gepraat en die preekstoel is weggeskuif. God was alleenlik teenwoordig in die sakramente. Die gemeente is al meer uitgesluit van werklike deelname. Teen die tyd van die Reformasie is die twee partye wat mekaar in die erediens ontmoet, God en die priester. Die gemeente het die liturgiese drama van 'n afstand aanskou. Teen die begin van die Middeleeue, toe die dogma van transsubstansiasie amptelik verklaar is en die altaar

dominant geword het, was die kerk baie ver verwyder van die aanbidding van die Nuwe Testament en die kerk van die eerste paar eeue (Leuschner, 2001:32). Dit het negatiewe gevolge vir die atmosfeer in die erediens ingehou (vergelyk 3 en 4 hierbo).

Die Reformasie begin met die opbou van die kerk na die verval in die Middeleeue. Hoewel die Reformasie hoofsaaklik 'n hervorming van teologie was, was dit onafwendbaar dat 'n hervorming van aanbidding daaruit sou voortvloei (Webber, 1982:73). Die belangrikste beginsel van aanbidding waarop die hervormers aangedring het, was dat aanbidding nie 'n ontmoeting tussen God en die priester is nie, maar tussen God en sy volk (Deddens, 1993:23). Die Reformasie het die gemeente uit haar toeskouerstatus in die erediens, haar onvermoë om deel te neem, weggeneem en haar status herstel as 'n deelnemende party aan die verbond en haar plek in die erediens aan haar teruggegee. Sentraal aan die teologiese argumente van die Reformasie was die oortuiging dat God nie aanbid is soos God wil nie en dat die menslike redding gevolglik in gevaar was (McKee, 2003:3). Die oerbeslissing van die Reformasie was 'n liturgiese beslissing: 'n 'nee' vir die offermis (Brienen, 1992:56). Dit is dus duidelik dat die Reformasie uiteindelik ook 'n Reformasie van die atmosfeer in die erediens was.

## 5.2 DIE REFORMASIE SE REAKSIE OP DIE ROOMSE EREDIENS

### *5.2.1 Die erediens as korporatiewe byeenkoms*

Die mis het die erediens as 'n korporatiewe gebeurtenis van die gemeente laat verskuif tot 'n karakter van geestelike individualisme. "Dit gaan om God en die siel. Die enkeling moet sorg dat sy siel voor God reg is" (Barnard, 1981:246). Hierteen het die Reformasie in opstand gekom. Volgens die Reformasie gaan dit om God wat in die erediens 'n sprekende gemeenskap stig en onderhou met sy gemeente (Van Rooyen, 1983:50). Deur God se spreke deel Hy die heil van sy Seun deur die werk van die Heilige Gees mee. Die gemeente hoor en glo in gehoorsaamheid en antwoord op hierdie heil wat deur Christus toegeëien word. Daar is dus twee brandpunte: God wat spreek en meedeel en die mens wat luister, antwoord en toeëien. Dit is die wese van koinonia van die erediens wat beklemtoon is. Daarom val die klem in die Reformasie baie swaar op die lees en die verkondiging van die Woord en die Bybelse instelling van die sakramente (Wegman, 1985:297). Ook word die gebede en die gemeentelike sang as stigtingselemente van koinonia baie sterk deur die reformatore beklemtoon. Dit is alles

gemeenskapstigtende elemente binne die erediens wat onderhou moet word en wat die atmosfeer wesentlik beïnvloed het.

Die Reformasie was 'n belangrike korrektief wat die gelowige se posisie as deelnemer aan die erediens wou herstel. Deur klem te lê op deelname, begrip en die sentrale plek van Christus in die erediens is baie gedoen om 'n Bybelse atmosfeer te skep.

### 5.2.2 *Aanbidding sonder tussengangers*

Die plek van die priester as bemiddelaar van die heil tussen Christus en die volk is veroordeel. Die geestelikes was vir hulle so op die voorgrond geplaas dat die gelowige tot 'n passiewe hoorder en onmondige ontvanger gedegradeer is. Hierteenoor het die reformatore aangedui dat die heil in die erediens bemiddel word deur die geloof deur die werking van die Heilige Gees. Alle gelowiges is gelyk – die verskil tussen die ampte en die gemeente is een van funksie en nie van rang nie (McKee, 2003:6). Daar is 'n priesterdom van gelowiges wat almal gelyklik aan God behoort en aan Hom aanbidding en lofprysing verskuldig is.

Heil geskied dus nie outomaties, magies of misties nie, maar die erediens stig die gemeenskap. Dit word 'n gemeenskapsbeoefening van die volk self, sonder die tussenkoms van priesters en vind plaas rondom die Woord en sakramente en geskied direk deur Jesus Christus as die enigste Middelaar en Hoëpriester (Barnard, 1981:255).

Die Reformasie het die gelowige weer in God se teenwoordigheid gebring, sonder dat 'n tussenganger nodig is.

### 5.2.3 *God as die bron van verlossing*

Die Reformasie het veral die sakramenteleer, wat die basis van die Roomse aanbidding was, gekritiseer. Hierdie teologie het die kerk met sy sakramente, heiliges en goeie werke, eerder as God, die bron van die saligheid gemaak (McKee, 2003:7). Daarom moet God alleen aanbid word en moet daar nie vertroue geplaas word op sakramente, heiliges en goeie werke nie. Hierdie klemverskuiwing het tot 'n verskuiwing in die doel van aanbidding gelei: waar die Roomse Kerk die doel van aanbidding gesien het as om God te behaag en Goddelike guns te verdien, het die Hervormers dit gesien as antwoord op God se geskenk en gehoorsaamheid

aan die Woord. Dit het 'n wesentlike verskil in die atmosfeer gemaak, omdat God nou uit dankbaarheid as Verlosser aanbid is, in plaas daarvan dat verlossing verkry word deur offers van tussengangers.

### *5.2.4 Begrip en deelname*

In reaksie op die vroeëre onkunde van die mense het die Hervormers gepoog om die eredienste meer opbouend te maak. Daarom het hulle baie klem gelê op die verstaanbaarheid van die erediens deur dit in die taal van die mense te laat plaasvind (White, 1993:122). Die aanbidding moes ook korporatief wees en nie net deur die priester geskied nie. Die hele gemeente het nou aan die Nagmaal deelgeneem. Die aanbidders is ook betrek in die lofprysing en aanbidding. Dit was gewoonlik in die vorm van sang, wat daartoe gelei het dat die musiek drasties vereenvoudig is (McKee, 2003:10).

### *5.2.5 Verskille tussen die Hervormers*

Wat tot dusver bespreek is, was gemeenskaplik tussen bykans al die Hervormers. Hoe dit in die praktyk toegepas is, het egter verskil en daartoe gelei dat verskillende strominge ontstaan het. Daar is geargumenteer oor teologie en kerkorde. Die kriterium wat gewoonlik finaal bepaal het of groepe sou skei of nie, was die viering van die Nagmaal (McKee, 2003:10). So het twee groepe – een volgelinge van Ulrich Zwingli, gelei deur Heinrich Bullinger en die ander volgelinge van Johannes Calvyn – in 1549 besluit om saam Nagmaal te gebruik. Dit het sekere toegewings van beide partye vereis, maar in die praktyk het die saamvoeging van hierdie twee strome gelei tot wat vandag bekend staan as die "gereformeerde tradisie" (McKee, 2003:10). Vervolgens gaan die sienings van Martin Luther bespreek word en dan die onderskeie standpunte van hierdie twee hervormers.

## 5.3 MARTIN LUTHER

### *5.3.1 Inleiding*

Luther is op 10 November 1483 in Eisleben gebore as tweede seun en een van agt kinders (Walker, 1997:422). Sy pa was 'n kopermyner. Sy ouers was nie besonder godsdienstig nie.

Sy pa, 'n ambisieuse man met 'n landbouagtergrond, het met sy gesin na Mansfeld getrek 'n paar maande na Martin se geboorte. Hier het hy respek en welvaart in die mynindustrie verwerf. Hy was vasbeslote om aan Martin 'n opvoeding te gee wat'n loopbaan in die regte sou vergemaklik. Na skoolopleiding in Mansfeld, Magdeburg en Eisenach het Luther in 1501 aan die Universiteit van Erfurt ingeskryf, waar hy gou bekend geword het as 'n opregte, vriendelike en musiekliewende student. Erfurt was op daardie stadium die mees humanisties gevorderde van die Duitse universiteite en hy het gou onder hierdie invloed gekom. Alhoewel hy nooit 'n humanis in die volle sin van die woord was nie, het hy die beweging se entoesiasme vir die studie van die antieke tale, veral Grieks, en hul kritiek op Skolastiese teologie vanuit die Bybel en kerkvaders ondersteun (Walker, 1997:423).

Die jong Luther het dieselfde diep gevoel van sondigheid en angstigheid beleef wat algemeen was in die tyd (Moss, 2004). In 1505 het hy, na hy sy meestersgraad in die kunste verwerf het, na die regsskool gegaan. Op 17 Julie 1505 het hy, na hy diep geraak is deur die dood van 'n vriend en 'n noue ontkoming aan weerlig, sy regsstudies verbreek en by 'n klooster van Augustiniese kluisenaars in Erfurt aangesluit (Walker, 1997:425).

In die kloosterlewe het Luther spoedig erkenning verwerf. In 1507 is hy as priester bevestig. Die jaar daarna is hy na Wittenberg, waar hy in 1509 sy graad in teologie voltooi (Moss, 2004). In 1512 volwerf hy sy doktorsgraad in teologie en word hy professor van Bybel in Wittenberg. Hy het 'n reeks eksegetiese lesings gelewer – Psalms (1513-1515), Romeine (1515-1516), Galasiërs (1516-1517) en Hebreërs (1517-1518) (Walker, 1997:426). Hy was 'n vooraanstaande geleerde en 'n briljante teoloog. In sy orde was hy bekend as 'n monnik van uitsonderlike vroomheid, geleerdheid, toewyding en geesdrif.

Ten spyte van al die studie en inspanning van die kloosterlewe het Luther nie vrede vir sy siel gevind nie. Sy gevoel van sondigheid voor 'n heilige en regverdige God het hom oorweldig, en is net vererger deur die gebruike van boetedoening en asketiese werke. Johannes von Staupitz, sy voorganger as professor, het hom gehelp deur aan te dui dat ware berou nie begin met 'n vrees vir 'n strawwende God nie, maar met liefde vir God (Walker, 1997:426).

Teen die tyd dat Luther lesings oor Romeine gegee het, was hy oortuig dat redding 'n nuwe verhouding met God was, nie gebaseer op enige menslike werk nie, maar op die absolute vertroue op die Goddelike belofte van verlossing om Christus ontwil (Walker, 1997:427). Die wet van God is nie gegee as middel tot redding nie, maar om sondaars van hul sonde bewus te

maak. Die evangelie dat God die ongoddelike regverdig deur geloof los van werke, verhef selferkende sondaars en versoen hulle met God (Brienen, 1992:56). Die verlosde mens hou dus nie op om sonde te doen nie, maar is vrylik en ten volle vergewe en vanuit hierdie nuwe en vreugdevolle verhouding tot God in Christus vloei 'n nuwe lewe van gewillige instemming aan God se wil. Geloof, wat die vaste vertroue van die hart in God se genade om Christus ontwil is, is dus aktief in liefdesdade – nie uit verpligting asof redding daarvan *afhang* nie, maar uit dankbaarheid omdat die redding reeds *verseker* is. Liefde is 'n spontane vrug van geloof en is gerig op die welstand van jou naaste.

Luther het, soos Paulus, redding in essensie 'n regte persoonlik verhouding tot God gemaak. In September 1517 verskyn sy *'n Twisrede teen Skolastiese Teologie* – sewe-en-negentig stellings waarin hy feitlik die hele middeleeuse Skolastiek aanval (Walker, 1997:428). Hy verdoem die nominaliste wat geleer het dat God genade gee aan dié persone wat in hulle natuurlike toestand alle goed wat in hul mag is, doen, sowel as die vroeëre Skolastici wat geleer het dat sondaars deel het aan hul redding deur die doen van verdienstelike werke. Vir Luther was enige sprake van "verdienste" kettery en godslasterlik. Hy keer die basis om van alles wat hy gesien het as werksheiligheid in die kerk se tradisionele lering.

In 1520 publiseer hy *Die Babiloniese gevangeneskap van die Kerk* wat radikale kritiek lewer teen die laat Middeleeuse aanbidding en die eerste groot verdeling in westerse Christelike aanbidding tot gevolg het (White, 1989:36).

### *5.3.2 Luther se siening van die erediens*

#### 5.3.2.1 <u>God staan sentraal</u>

Die woorde van die aanhef tot die tien gebooie: "Ek is jou God" bepaal vir Luther die hele erediens (Van Rooyen, 1983:51). Erediens en God hoort dus byeen en so word die vraag na God ook die vraag na gemeenskap met Hom. God bepaal dus die erediens. Vir Luther het die Woord sentraal gestaan en moes alles gedoen word om die Woord te laat heers (Webber, 1982:75). Daarom moet die prediking in die erediens herstel word. Liturgie is vir Luther diens aan die ware God (Brienen, 1992:56). In die erediens is Gód in die eerste plek aan die werk. Vir die aanbidder is 'n erediens om jouself aan hierdie God en sy genadewerk oor te gee. Die beslissende realiteit van aanbidding is God se dade, wat deur die aanbidders in dankbaarheid en met lofprysing ontvang word (Junghans, 1999:320).

5.3.2.2 Die Beginsel vir die liturgie

Luther het van die beginsel uitgegaan dat as die Skrif nie 'n spesifieke praktyk uitdruklik verwerp nie, is die kerk vry om dit te hou (White, 1994:75). Gevolglik het die Lutherse aanbidding baie van die seremoniële praktyke van die katolieke aanbidding behou. Luther lê baie klem op die vryheid van die gelowiges, hoewel dit met liefde getemper moet word. Hy ag eenheid belangrik, maar wil geen eenvormigheid hê nie (Barnard, 1981:265). Sy kritiek teenoor die teologie en aanbidding van sy tyd was deurgaans vanuit die perspektief van die Skrif (Junghans, 1999:317).

5.3.2.3 Spreektaal

Hoewel Luther se geskrifte aanvanklik in Latyn was, het hy gou die noodsaak van verstaanbaarheid besef en later sy geskrifte en liturgieë in die alledaagse Duits van sy tyd geskryf en die erediens in Duits gelei (White, 1989:42).

5.3.2.4 Die sentrale plek van die prediking

Vir Luther is die belangrikste deel van die erediens om die Woord van God te preek (Barnard, 1981:263). Luther het die prediking weer verhef tot die sentrale deel van Protestantse aanbidding (White, 1989:46). In die prediking is Christus juis teenwoordig (Barnard, 1981:263).

5.3.2.5 Die Nagmaal

Luther verwerp die Roomse visie dat die mis 'n offer met versoenende waarde is wat die kerk aan God bring (Brienen, 1992:56). Die gawe van die Nagmaal is nie 'n offer van die mens aan God nie, maar die betoon van God se ontferming oor die gelowiges. Tog wil Luther nie wegbreek van die mis nie, maar probeer hy om dit te suiwer en daarom herstel hy die struktuur van Woord- en Nagmaalsdiens soos in die vroeë kerk (Brienen, 1992:57). Luther was verder krities teenoor private Misse en het dit self geweier (White, 1989:40). Omdat die Woord vir Luther sentraal staan en dit gehoor moes word, was hy gekant teen die gebruik van die priesters om die Mis in stilte te vier sonder dat die gemeente kon hoor wat gebeur (Junghans, 1999:318).

Luther lê klem op drie veranderinge wat in die Mis moet plaasvind (White, 1989:39):

1. Dat die beker ook aan gewone mense aangebied moet word;

2. Dat Christus deur konsubstansiasie in, by en onder die elemente van die brood en die wyn teenwoordig is;
3. Dat die Mis nie 'n offer van die mens aan God is nie.

5.3.2.6 Bediening deur die gemeente

Vir die erediens het dit belangrike implikasies dat Luther die heilsbemiddelende posisie van die Roomse priesters verwerp en aan elkeen weer vrye toegang tot God gee; dat hy beklemtoon dat gelowiges nie maar toeskouers is nie, maar werklike deelnemers aan die erediens (Barnard, 1981:266). Luther het sterk klem gelê op die amp van die gelowige en die hiërargiese sisteem van die katolieke kerk veroordeel (White, 1989:41). Alle Christene is volgens hom geroep om mekaar te bedien.

5.3.2.7 Sang en musiek

Luther was 'n liefhebber van sang en musiek en het gou reeds die waarde daarvan vir die erediens besef. Musiek was een van die maniere waarop die gelowiges hulle algemene priesterskap in die erediens kon uitleef (White, 1989:41). Volgens Luther mag niks in die erediens geskied behalwe dat God self deur sy Woord spreek en dat die gemeente met Hom praat deur gebed en sang (Brienen, 1992:56-57). Daarom het Luther klem gelê op gemeentesang en het hy die gemeente weer in die sang laat deelneem. Hy gee reeds in 1524 sy eerste evangeliese liedboek uit (Brienen, 1992:57). Gemeentesang is bedoel om God te eer en die naaste tot voordeel te wees.

Luther se gesange het nie gefokus op die sondaar se ellende nie, maar op God se grootheid en het die sangers gelei tot uitbarstings van vreugde (White, 1989:43). Luther self het heelwat gesange geskryf waarvan baie op die psalms gebaseer is (White, 1989:47). Uit die samestelling van hierdie liedere blyk dit dat Luther by sowel die liedereskat van die Roomse kerk as by die Duitse volksliedere aangesluit het (Barnard, 1981:267). Luther het die melodieë vir sy gesange op vier plekke gekry (ELCA, 2004):

- Melodieë van gesange wat reeds bekend was;
- Verwerkings van koorsange;
- Eenvoudige, nuutgeskepte melodieë;
- Melodieë van nie-liturgiese liedere wat oorgeneem en, waar nodig, verwerk is.

5.3.2.8 Gebede

Luther se klem op die gebruik van die spreektaal in die erediens het die gemeente toegelaat om saam te bid sodat almal mekaar se gebede kon hoor en verstaan en gevolglik kon saambid (White, 1989:41-42). Die gebede is so gedoen dat die gemeente kon deelneem deur responsoriese gebede of gebede wat saam gesê of gesing is (White, 1989:46).

5.3.2.9 Die erediens na buite

Vir Luther moes wyse waarop die erediens gehou word sodanig wees dat die gemeente ook ander van die verlossing vertel en ander ook daarin laat deel (Barnard, 1981:267).

5.3.2.10 Kuns in die erediens

Luther het seremoniële klere, beelde en meeste van die Middeleeuse kultus wat teologies neutraal was, toegelaat en dit *adiaphora* of middelmatige sake genoem (White, 1994:75).

### *5.3.3 Evaluering*

Die werk van Luther oor die atmosfeer in die erediens kan soos volg geëvalueer word:

5.3.3.1 Positief

- Sy terugkeer na die Skrif het daartoe gelei dat God weer die sentrale plek in die erediens ingeneem het. Die erediens is weer 'n ontmoeting met die een, ware God.
- Die klem op die vryheid van die gelowiges, binne die beperkings van die Skrif, laat ruimte vir kreatiwiteit en kontekstualiteit, wat noodsaaklik is vir die atmosfeer. Die priesterskap van al die gelowiges is 'n belangrike korrektief wat gemeentedeelname bevorder en aanmoedig. Die invoer van liedere in die bekende idioom van daardie tyd is positief aangesien dit help om 'n atmosfeer van bekendheid en vriendelikheid te vestig.
- Sy klem op die gebruik van die spreektaal in die erediens en die sentrale plek van die prediking daarin, het daartoe gelei dat die gemeente verstaan het wat gebeur het en gesê is. Vir die atmosfeer in die erediens is dit belangrik.

- Die deelname van die gemeente aan die gebede en Nagmaal was 'n belangrike korrektief op die kerk in die Middeleeue. 'n Atmosfeer van deelname is 'n wesentlike element van die erediens. Deur die Nagmaal te beskryf as teken en nie as offer nie, bring dit die aanbidder in 'n atmosfeer van dankbaarheid en vreugde in plaas van vrees en onsekerheid.
- Die sterk klem op gemeentesang en musiek is positief vir die atmosfeer. Die klem op God se grootheid, wat tot vreugde lei, is belangrik vir die regte atmosfeer.
- Die erediens moet verder 'n uitnodigende, verwelkomende atmosfeer teenoor die wêreld daarbuite hê.
- Hoewel Luther dit as middelmatige sake beskou het, is die visuele (kleredrag, beelde, kunswerke, ensovoorts) tog belangrik vir 'n atmosfeer waarin die totale mens betrek word.

5.3.3.2 Negatief

- Luther wou sover as moontlik in lyn met die Roomse kerk bly. Dit het egter tot sekere verskralings gelei. So is sy konsubstansiasieleer nader aan die Roomse transsubstansiasieleer as die Bybels leer van Christus se teenwoordigheid deur sy Heilige Gees.

## 5.4 ULRICH ZWINGLI

### *5.4.1 Inleiding*

Ulrich Zwingli (1484-1531) was 'n Switserse priester wat in 1519 geroep is tot priester van die hoof kerk in Zürich, die Groβmünster. Zürich was een van die grootste en invloedrykste van die Switserse kantons. Zwingli was een van die beste Griekse geleerdes noord van die Alpe, sowel as 'n ernstige Hebreeuse student (Walker, 1997:442). Hy het, soos die ander Hervormers, sterk klem gelê op die Woord as enigste basis vir die kerk. Zwingli het baie sterk klem gelê op die geestelike. Hervorming beteken vir hom die reiniging van godsdiens van alles wat nie duidelik Bybels was nie en die beklemtoning van die geestelike oor die materiële, die onsigbare oor die sigbare (McKee, 2003:11). Die hele lewe van die kerk, beginnende by die liturgie, moes gebaseer wees op die model van die Skrif.

### 5.4.2 *Zwingli se siening van die erediens*

5.4.2.1 Die klem op die prediking

Die belangrikste vir Zwingli was die prediking van die Woord op gereelde basis, in die taal van die mense. Amper alles anders is weggeneem. Hy het boek vir boek deur die Bybel gepreek (McKee, 2003:12). In die prediking het dit vir Zwingli gegaan om die herontdekking van die goeie nuus, die evangelie – die heilsboodskap in die Skrif.

5.4.2.2 Eenvoud en duidelikheid

Eenvoud en duidelikheid was vir Zwingli besonder belangrik. Hy handhaaf die mondigheid van die gelowiges en beklemtoon dat hulle ook wesenlik deel moet hê aan die erediens. Daarom sy besliste klem op die duidelike, hoorbare en verstaanbare wyse waarop alles moes geskied. Hy wou selfs in die erediens by verskillende geleenthede die mans en vrouens laat deelneem by wyse van 'n wisselgesprek (Barnard, 1981:283).

5.4.2.3 Die Heilige Gees

Alles word vir Zwingli deur die Heilige Gees bepaal (Barnard, 1981:282).

5.4.2.4 Die Nagmaal

Die Nagmaal is vir Zwingli 'n herinneringsmaal aan die dood van Jesus Christus. Die Nagmaal is vir hom 'n lewende geestelike ervaring, met die brood en wyn wat slegs daar is as tekens om die offer van Christus te onthou en nie as instrumente van die genade nie. In sy latere uitsprake en werke aksentueer hy die geestelike teenwoordigheid van Christus by die Nagmaal in 'n toenemende mate. Die Nagmaal was vir Zwingli 'n ryk, roerende simbool, maar nie iets wat genade oordra nie. Hy kom tot die oortuiging dat in plaas van die transsubstansiasie van die brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus, daar, deur die werking van die Heilige Gees, 'n transsubstansiasie is van die gelowiges om een met die Gees te wees (Van Rooyen, 1983:52). In Zwingli se tyd is, soos genoem, die mis slegs eenmaal per jaar deur die gemeente gevier. Hy verander dit egter dat die Nagmaal vier keer per jaar gevier word: Paasfees, Pinkster, Herfs en Kersfees, met die volle (volwasse) gemeente wat deelneem.

5.4.2.5 Sang en musiek

Zwingli was die beste musikant van die Hervormers (White, 1993:137). Hy het motette gekomponeer en kon verskeie musiekinstrumente bespeel. Tog het hy musiek uit die kerk verban – eers het hy in 1523 sang weggeneem en toe, in 1527, die kerkorrels verwoes. Die eredienste is gekenmerk deur stilte en eenvoud, met geen sang of musiek of ander bykomstige aktiwiteite nie (Barnard, 1981:284).

5.4.2.6 Kuns in die kerkgebou

In ooreenstemming met sy verstaan van die Tien Gebooie het Zwingli die belangrikheid om alle visuele kunste uit die kerkgebou te verwyder, beklemtoon. Die Roomse kerk het, sedert die tyd van Augustinus, die Tien Gebooie in twee tafels van drie en sewe gebooie onderskeidelik verdeel. Die verdeling is gemaak tussen die gebod oor die Sabbat en die gebod oor die eer van ouers. Die woorde oor die "beeld of enige afbeelding" is geïnterpreteer as deel van die eerste gebod om "geen ander gode" voor God te hê nie, terwyl die gebod om nie te begeer nie in twee verdeel is. Zwingli en die ander Hervormers het "geen ander gode" en geen "beeld of enige afbeelding" in twee gebooie verdeel en die gebod oor begeer een gemaak, om sodoende die wet in twee tafels van ses en vier gebooie onderskeidelik te verdeel (McKee, 2003:13). Hierdie hernieude klem op die gebod oor die "beelde" het daartoe gelei dat die Hervormers die verbod op visuele afbeeldings van God en ander heilige wesens baie ernstig opgeneem het. Zwingli se kerkgeboue en liturgie was gevolglik baie eenvoudig, gestroop van alles behalwe die prediking van die Woord, die gebede en die hervormde sakramente.

### *5.4.3 Evaluering*

Die werk van Zwingli kan, vir die doeleindes van hierdie studie, só geëvalueer word:

5.4.3.1 Positief

- Sy terugkeer na die Skrif het daartoe gelei dat God weer die sentrale plek in die erediens ingeneem het. Die erediens is weer 'n ontmoeting met die een, ware God.
- Sy klem op die eenvoud en duidelikheid in die erediens het daartoe gelei dat die gemeente verstaan het wat gebeur het gesê is., Dit is belangrik vir die atmosfeer in die erediens.

- Die deelname van die gemeente aan die Nagmaal was 'n belangrike korrektief op die kerk in die Middeleeue. 'n Atmosfeer van deelname is 'n wesentlike element van die erediens.
- In sy verstaan van die Nagmaal as 'n eenwording van die gelowiges met die Heilige Gees, kom die belangrike elemente van die heiligheid en andersheid van die erediens na vore.

5.4.3.2 Negatief

- Zwingli se siening van die Nagmaal bloot as gedagtenismaal en nie as gemeenskap met die lewende Christus nie is 'n verskraling van die Bybelse leer van die Nagmaal. Hoewel hy Christus se teenwoordigheid later al meer beklemtoon het, bly hierdie aspek steeds 'n leemte.
- Die verwydering van die musiek en visuele was egter 'n negatiewe ontwikkeling. Daardeur het die gemeente se deelname verminder en het die erediens hoofsaaklik 'n intellektuele hoorgebeure geword.

## 5.5 JOHANNES CALVYN

### *5.5.1 Inleiding*

Johannes Calvyn is op 10 Julie 1509 in Noyon, 'n stad van Picardy omtrent 100 kilometer noordoos van Parys, gebore (Walker, 1997:471). Calvyn se pa wou aanvanklik hê dat hy teologie moet gaan studeer, maar teen 1527 was daar spanning tussen hom en die Noyon katedraalkapittel en was hy vasbeslote dat sy seun regte moes gaan studeer. Gevolglik het Calvyn na die Universiteit van Orléans gegaan om dit te doen. Humanistiese belange het hom sterk aangetrek en hy het by Orléans en Bourges begin om Grieks te leer met die hulp van Melchior Wolmar, wat sy lewenslange vriend geword het. Hy het 'n lisensiaat in regte gevolg tot die dood van sy vader in 1531 Calvyn sy eie baas gemaak het. Hy het toe sy studie in Grieks voortgesit en met studie in Hebreeus begin aan die humanistiese Collège de France. Calvyn was op hierdie stadium besig met sy eerste boek, 'n kommentaar op Seneca se *De Clementia*, wat in April 1532 gepubliseer is (Walker, 1997:472).

Iewers tussen die publikasie van sy eerste boek in die lente van 1532 en die lente van 1534 het Calvyn wat hy later 'n "skielike bekering" genoem het, beleef. Van die omstandighede is niks

bekend nie, maar vir die res van sy lewe sou godsdiens die sentrale plek in sy lewe inneem. In Maart 1536 publiseer Calvyn die eerste uitgawe van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*, met 'n voorwoord aan die Franse koning. Die *Institusie*, wat bedoel is n kategismus van ses hoofstukke, het gegroei tot 'n monumentale werk van agt hoofstukke in die finale uitgawe van 1559. In die herfs van 1536 het hy 'n kort besoek aan Ferrara in Italië gebring, waarna hy Frankryk besoek het om sy besigheid af te handel en dan saam met sy broer en suster na Straatsburg te gaan. Die gevare van oorlog het hulle egter geforseer om 'n ompad na Genève te neem. Daar het Guillaume Farel Calvyn oorreed om te vertoef (Walker, 1997:476).

Op 23 April 1538, nadat die opposisie party die verkiesing gewen het, is Farel en Calvyn uit Genève verban. Farel is na Neuchâtel en Calvyn is op Martin Bucer se uitnodiging na Straatsburg. Calvyn het drie van die gelukkigste jare van sy lewe in Straatsburg deurgebring waar hy herder van 'n gemeente van Franse vlugtelinge en 'n lektor in teologie was. In 1540 het hy met Idelette de Bure, wat tot aan die einde van haar lewe in 1549 getrou aan sy sy was, getrou (Walker, 1997:477). In Straatsburg het hy die tyd gevind om 'n uitgebreide uitgawe van sy *Institusie*, sowel as 'n kommentaar op Romeine te skryf. Intussen het daar 'n verandering van regering in Genève gekom en is Calvyn opnuut uitgenooi om daarheen te gaan. Na heelwat oorreding het hy op 13 September 1541 in Genève aangekom. Teen dié tyd het die Reformasie reeds daar plaasgevind en het die stad 'n Zwingliaanse erediens gehad (McKee, 2003:16). Deur die jare het Calvyn egter die erediens daar omvorm tot een wat as "Calvinisties" identifiseerbaar was. In die inleiding van sy diensboek wat hy in 1542 gepubliseer het, stel hy dit dan ook dat hy die gebruike van die eerste kerk in die aanbidding wil volg (Deddens, 1993:24).

### 5.5.2 *Calvyn se standpunte oor die erediens*

*(Verwysing na die Institusie van Calvyn word aangegee volgens die volgende skema: Boek (in Romeinse syfers), Hoofstuk:paragraaf/we. Byvoorbeeld Boek 2, Hoofstuk 3, paragraaf 2 en 3 word aangedui as: (Institusie, II, 3:2-3). Die verwysings uit die Institusie kom uit Calvyn (1984, 1986, 1988,1992).)*

#### 5.5.2.1 God staan sentraal

Die regte erediens van God staan vir Calvyn in die middelpunt (Brienen, 1999:47). Die weeklikse samekoms van die gemeente was nie 'n gewone menslike byeenkoms nie – dit was

'n gebeurtenis gevul met Goddelike aktiwiteit, 'n arena waarbinne die God-mens-verhouding uitgebeeld en gebou is (Witvliet, 2003:146). In die erediens is God nie net die Een aan wie die aanbidding gerig is nie, maar ook die Een wat aktief handelend is. Daarom gaan dit in die erediens nie in die eerste plek om die mens en wat vir hom aangenaam is nie, maar om God en wat Hom behaag (Barnard, 1981:332).

Calvyn veroordeel die Roomse erediens juis daarvoor dat dit gaan oor die skepsel in plaas van die Skepper (Romeine 1:8-23). Die Roomse erediens is volgens Calvyn Ou Testamenties, terwyl die kerk ná die Nuwe Testament in gees en waarheid moet aanbid. Daarom verwerp hy alles in die Roomse misliturgie wat met die offergedagte te make het, sowel as alle ingewikkelde, vormlike en nuttelose seremonies. Die ware doel van die menslike lewe is om die eer van God te dien – hierdie waarheid vorm die sentrale gedagte van Calvyn se lewens- en wêreldbeskouing en is ook die uitgangspunt van sy liturgie (Brienen, 1987:159). Gemeenskap met God is dus die kern waarom alles draai. Die ware erediens is daar waar dit op die eer van God afgestem is en waar niks met die loof en prys van Hom in stryd is nie.

5.5.2.2 <u>Die erediens bou die gemeente</u>

Maar hierdie afstemming van die samekoms en al die liturgiese handelinge op die eer van God, het as keersy dat God die erediens wil gebruik tot seën en heil van die deelnemers (Brienen, 1987:160). As teoloog van die Skrif het Calvyn die gemeente en die opbou daarvan in die oog gehad. In die erediens moet hierdie opbou tot uitdrukking kom. Vir Calvyn was die norm vir al die gebeure in die erediens dat dit tot opbou van die gemeente moes geskied (Brienen, 1987:162). Wat die opbou verhinder het, moes nagelaat word en wat dit bevorder het, moes inderdaad gedoen word (Barnard, 1981:338). In die opbou van die gemeente is dit die liefde wat moes lei. Calvyn het ware Bybelse gemeenskap beskou as 'n wesentlike element van die erediens (McKee, 2003:23).

5.5.2.3 <u>Die Skrif is die enigste norm</u>

Calvyn stel dit dat God geëer en gedien moet word, soos Hy in sy Woord beveel het (Brienen, 1999:49). Die meeste vorms van valse eredienste kom juis volgens Calvyn voort uit die feit dat mense menslike reëls en tradisies probeer volg. Calvyn wil dat die hele erediens en elke element van die erediens onderworpe sal wees aan die Woord van God (Barnard, 1981:332). Hierdie uitgangspunt beteken egter nie dat Calvyn in die Bybel 'n vaste liturgiese orde ontdek

het nie. Volgens hom is daar nie so iets is nie. Dit gaan vir hom oor 'n geestelike gelykvormigheid aan God se openbaring en 'n geloofsvolle onderwerping aan Jesus Christus. Daarby moet mens rekening hou met sowel die huidige situasie, waarin die gebod van God sy neerslag en uitwerking moet vind, as met die huidige gemeente, waarbinne die ontmoeting met God plaasvind (Brienen, 1999:49-50). Calvyn meen dat een vorm nie gepas is vir alle eeue nie en dat mens daarom van die beginsels moet uitgaan en nie van die vorms nie. Daar is slegs drie dinge wat God in sy Woord uitdruklik voorskryf:

1. Sy Woord moet gepreek word;
2. Daar moet gesing en gebid word;
3. Die sakramente moet bedien word.

5.5.2.4 Besondere klem op die prediking

Soos die ander hervormers het Calvyn besondere klem gelê op die prediking as 'n wesentlike en sentrale deel van die erediens. Die prediker is op direkte wyse 'n instrument van God (Barnard, 1981:333). Die Gees werk in sowel die prediker as die verkondiger van die Woord as in die hoorders sodat hulle dit as God se Woord kan herken. Die gepredikte woord is die kleed waarin God na sy gemeente kom.

5.5.2.5 Die erediens moet duidelik en verstaanbaar wees

Hy het klem daarop gelê dat die elemente van die erediens duidelik moes wees en nie te moeilik vir die mense om te verstaan nie (Deddens, 1993:23). Die gemeente moes by alles in die erediens betrokke wees en daarom moes alles in die erediens hoorbaar en verstaanbaar wees (Beukes, 1993:74). Omdat alles in die erediens tot opbou van almal moes dien, moes die diens eenvoudig en verstaanbaar wees – daarom moes die volkstaal in die samekoms van die gemeente gebruik word.

5.5.2.6 Deelname van die gemeente

Die gemeentebou word juis daardeur bewerk dat die gemeente heeltemal by die diens betrokke is (Brienen, 1999:54). Daarom het hy soveel klem gelê op die eenvoud van die liturgie en die verskillende elemente daarvan. Aanbidding is 'n offer, maar dan 'n lofoffer en nie 'n soenoffer nie (Witvliet, 2003:142). Die aanbidders is almal priesters in die erediens: "*Ons wat in onsself onrein is, is tewens nogtans priesters in Hom, en ons offer onsself en alles wat aan ons*

*behoort, aan God en tree met vrymoedigheid tot die hemelse heiligdom toe, sodat die offers van gebede en lof wat uit ons kom, aangenaam is en 'n goeie reuk voor die aangesig van God het*" (Institusie, II, 5:6). Die gelowiges is mondig en kan daarom direk tot God nader en Hom self dien. Hulle het nie meer tussenpersone soos die priesters nodig nie.

5.5.2.7 Die waardigheid van die liturgie

Calvyn gaan uit van die reël wat Paulus in 1 Korintiërs 14:40 neerlê: "*Alles moet egter gepas en ordelik geskied.*" Die gelowiges moet met groot ingetoënheid, ware vroomheid en heilige eerbied die liturgie behartig. Alle verwarring en onenigheid moet uitgeskakel word. Dit gaan in die betaamlike reëling van die liturgie nie om ewige wette nie, maar om ordeninge vir die hier en nou (Brienen, 1999:56).

5.5.2.8 Nagmaal

Calvyn het die Roomse mis gesien as afgodsdiens, omdat dit volgens hom neerkom op die aanbinding van 'n fisieke entiteit (Witvliet, 2003:132). Saam met Zwingli het Calvyn geleer dat Christus se menslike liggaam in die hemel is en nie alomteenwoordig by elke viering nie. Teenoor Zwingli het hy egter geleer dat die Nagmaal nie bloot maar net 'n herinneringsmaal is nie. Christus is werklik teenwoordig in die Nagmaal, hoewel dit 'n geestelike teenwoordigheid is en nie 'n fisieke nie. Hy het die Nagmaal gesien as 'n genademiddel, waar die brood en wyn nie in die liggaam en bloed van Christus getranssubstansieer word nie (soos Rome geleer het), maar dat die liggaam en bloed van Jesus Christus waarlik met die brood en wyn geoffer word – hulle word in geloof aanvaar (McKee, 2003:22). Iemand sonder geloof ontvang net die brood en wyn, terwyl vir die gelowige die liggaam en bloed met die brood en wyn gegee word as genademiddele gegee is. Sy klem op die *sursum corda* (die verheffing van die hart) is baie belangrik vir die atmosfeer rondom die Nagmaalsviering – slegs dan word die Nagmaal waarlik gevier. Die verkorte Nagmaalsformulier van die GKSA beklemtoon die *sursum corda* deur die volgende reg voor die bediening van die Nagmaal in te voeg (GKSA, 2003:131):

> ***VERHEF U HARTE TOT JESUS CHRISTUS***, ons Voorspraak aan die regterhand van die hemelse Vader, en wees verseker dat die Heilige Gees u net so seker met Jesus se liggaam en bloed versterk as wat u die tekens van brood en wyn tot sy gedagtenis ontvang. [beklemtoning – WL]

Vir die atmosfeer tydens die Nagmaal is dit belangrik aangesien dit die gelowige in die teenwoordigheid van Christus plaas.

Hierdie verstaan van die betekenis en doel van die Nagmaal het daartoe gelei dat Calvyn 'n gereelde, verkieslik weeklikse, viering van die Nagmaal voorgestaan het. Daar is vir hom 'n noue band tussen die Woorddiens en die Nagmaalsdiens, wat slegs met groot skade gebreek kan word. Die Woorddiens en die Nagmaalsdiens is vir hom 'n eenheid wat weekliks in stand gehou moet word. Die nabyheid en teenwoordigheid van die gemeente by die Nagmaal is by Calvyn 'n vereiste. Die Nagmaal is 'n saak vir die hele gemeente en die hele gemeente moet daaraan deelneem.

5.5.2.9 <u>Gebed</u>

Vir Calvyn was gebed sentraal – sy liturgie is selfs "*Die Vorm van Gebede*" genoem (McKee, 2003:19). Om die woorde van gebed en lofprysing in die mond van die gemeente te lê was essensieel en daarom was sang so belangrik.

Calvyn was 'n voorstander daarvan dat gekniel word tydens gebede. Dit is 'n teken van eerbied en nederigheid voor God. So ag hy ook die ophef van hand tydens gebede as 'n eg Bybelse simboliese gebaar (McKee, 2003:20). Dit is die ophef van die hart na bo. Dit druk ook vertroue en 'n brandende begeerte na verhoring uit (McKee, 2003:20).

5.5.2.10 <u>Gemeentesang</u>

Anders as Zwingli lê Calvyn baie klem op gemeentesang. Die oproep vir die sing van Psalms deur die gemeente was een van Calvyn se eerste hervormingsaksies en een waaraan hy sy lewe lank toegewyd was (Witvliet, 2003:205). Reeds in 1537 het Calvyn sy eerste psalmboek, vir die vlugtelinggemeente in Straatsburg, laat verskyn. Die eerste Geneefse uitgawe het in 1542 verskyn en het 39 metriese psalms bevat. Die eerste volledige psalmboek het eers in 1562, twee jaar voor Calvyn se dood, verskyn. Dit het 152 tekste bevat – elke Psalm, die Tien Gebooie en die gebed van Simeon – geset op 125 verskillende melodieë. Die melodieë is spesifiek vir die psalms gekomponeer en kan verbind word met beide die sekulêre chanson liedere van daardie tyd en die Gregoriaanse dreunsang van die Middeleeue (vir 'n volledige bespreking, sien Witvliet, 2003(216-219)). Die Geneefse melodieë het egter 'n eie karakter wat anders is as beide hierdie musikale style – dit was nòg die wêreldvreemde musiek wat die Gregoriaanse dreunsang geword het, nòg die eenvoudige toe-eiening van sekulêre liedere uit die kroeë. Soos soveel van die gereformeerde piëteit was die melodieë nòg radikaal te identifiseer met nòg radikaal verwyder van die sekulêre kultuur van sy tyd (Witvliet, 2003:219).

Vir die atmosfeer in die erediens dui dit op die harmoniese wisselwerking wat moet heers, sodat die erediens nie as wêreldvreemd en irrelevant ervaar word nie, maar tog ook anders omdat die enigste lewende God ontmoet word.

Waar sang in die Middeleeue hoofsaaklik deur die koor gedoen is, het die hele gemeente, mans, vroue en kinders, in die kerk in Genève gesing. Die kinders was die sangleiers (Witvliet, 2003:211). Die stadsraad van Genève het byvoorbeeld in 1561 besluit dat nuwe psalmmelodieë nie gebruik mag word voordat dit deur skoolkinders aan die gemeente geleer is nie. Tog het Calvyn nie begeleiding van die sang deur enige musiekinstrument toegelaat nie (Barnard, 1981:324). Vir Calvyn het instrumentele musiek slegs aan die Ou Testamentiese bedeling behoort. Psalmsing, as die daad van die hele gemeente, het die rol gehad van beide lofprysing en gebed. Die Psalms is nie primêr vir didaktiese redes gesing nie, maar eerder deur die gemeente om God se heerlikheid te loof.

5.5.2.11 <u>Visuele kunste</u>

Soos Zwingli het Calvyn die gebruik van die visuele kunste vir godsdienstige doeleindes verwerp op grond van die tweede gebod se verbod op afbeeldings (McKee, 2003:20). Tog was hy nie teen alle visuele kunste gekant nie. *"Ek is nogtans nie so met die bygeloof behep dat ek sou meen dat ons geen beelde hoegenaamd moet verdra nie. Maar omdat beeldhou en skilder gawes van God is, vereis ek 'n suiwer en grondige gebruik daarvan, sodat die gawes wat die Here tot sy heerlikheid en tot ons seën aan ons gegun het, nie alleen nie deur die misbruik daarvan besoedel word nie maar ook nie tot ons verderf omgekeer word nie ... Daar bly dus oor dat slegs die voorwerpe geskilder of uitgebeeld mag word wat ons oë kan sien ... deels die geskiedenis en gebeure en deels beelde en liggaamlike gestaltes wat geen besonder historiese betekenis het nie"* (Institusie, I, 11:12).

Van al die visuele kunste het Calvyn waarskynlik die meeste aandag aan die argitektuur gegee. Die plek waar die gelowiges bymekaar gekom het om te aanbid moes geskik gewees het vir die doel. Die belangrike was dat almal teenwoordig die Woord van God moes kon hoor en die tafel waar die Nagmaal gevier sou word moes kon sien. Die omgewing moes ook nie die mense se aandag aflei nie. Die gereformeerde erediens het hoofsaaklik die ore en stem aangespreek en nie die oë nie: die woord is gesê en gehoor, die gebede en Psalms gesê en gesing.

5.5.2.12 Aanbidding as 'n getuienis vir die wêreld

Calvyn het die aanbidding beskryf as 'n getuienis vir die wêreld (Witvliet, 2003:144). Behalwe vir die voordele vir die individuele gelowige en vir die geloofsgemeenskap, het die liturgiese handelinge ook 'n doel gehad buite die vergaderde kerk. Die doel vir die wêreld was tweeledig:

1. Christelike aanbidding getuig teenoor die wêreld van God se goedheid; en
2. Dit is 'n daad van skeiding, wat 'n duidelike skeidslyn trek tussen wêreld en aanbiddende gemeenskap.

Vir Calvyn was die getuienis en skeiding egter nie genoeg nie – hy wou sien dat hierdie dade ander daartoe bring om God aan te roep. Die erediens moet dus nie net lei tot groter eenheid tussen God en sy volk en onderlinge opbou nie, maar moes ook 'n getuienis teenoor die wêreld wees.

### *5.5.3 Evaluering*

Na aanleiding van bogenoemde kan die volgende evaluering vir die doel van hierdie studie gemaak word:

5.5.3.1 Positief

- Die klem op God wat sentraal staan is belangrik. In die erediens gaan dit om 'n ontmoeting met God en nie om wat die mens wil hê nie. Hierdie ontmoeting impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, eerbied en ontsag.
- Tog gaan die erediens nie net hierom nie – ook die opbou van die gemeente is belangrik. Dit teken die erediens as 'n korporatiewe byeenkoms waarin begrip vir mekaar, liefde, warmte en erkenning kenmerkend sal wees.
- Die klem op die Skrif as norm en op die prediking beklemtoon weer eens die sentrale plek van God en hoe belangrik dit is om Hom te ontmoet. Dit noodsaak dit dat die erediens duidelik, eenvoudig en verstaanbaar is vir almal teenwoordig.
- Calvyn se klem op die geestelike teenwoordigheid van Christus tydens die Nagmaal en die gepaardgaande *sursum corda* het 'n positiewe invloed op die atmosfeer omdat dit die gelowige in die teenwoordigheid van God bring. Die aanneming deur die gelowige van

die offer van Jesus Christus lei verder tot deelname van elke aanbidder, wat vir die atmosfeer belangrik is.

- In die erediens is dit belangrik dat die atmosfeer deelname van die gemeente stimuleer en aanmoedig. Almal is priesters wat lof en aanbidding offer. Die bring van lof impliseer 'n atmosfeer van vreugde.
- Dit is egter belangrik dat die erediens binne 'n atmosfeer van orde en rustigheid geskied en dit wat gebeur waardig sal wees.
- Hoewel Calvyn die visuele uit die erediens verwyder het, het hy tog begrip gehad vir simboliese handelinge. soos die Nagmaal en gebedshouding.
- Deur self melodieë te laat skryf wat verband hou met die musiek van sy tyd, maar tog nie 'n eenvoudige duplisering daarvan is nie, is prysenswaardig aangesien dit wys op die atmosfeer wat nie vir die wêreld vreemd moet wees nie en tog iets anders omdat die ontmoeting met God 'n unieke gebeure in die samelewing is.
- Die klem op die erediens as 'n getuienis teenoor die wêreld is prysenswaardig. Dit noodsaak egter 'n atmosfeer van begrip van en vriendelikheid en ontvanklikheid teenoor die buitestanders en vreemdelinge.

5.5.3.2 Negatief

- Die totale verwydering van die visuele uit die erediens moet as 'n leemte gesien word en was waarskynlik 'n oorreaksie teen Roomse misbruike. Om die erediens grootliks te beperk tot 'n ouditiewe gebeurtenis is 'n verskraling.
- Die verwydering van musiek is 'n soortgelyke verskraling, juis omdat musiek die menslike emosie sterk aanspreek. Die verwydering van visuele en musikale kuns het die aanspraak op die meer kunssinnige kant van die brein, die regterhemisfeer, verminder.
- Die herstel van die verstaanbaarheid en eenvoud in die erediens is prysenswaardig. Ongelukkig het dit gepaard gegaan met 'n verlies aan emosionele belewenis, omdat die erediens hoofsaaklik die intellek en denke gestimuleer het.

### 5.6 EVALUERING VAN DIE REFORMASIE

Die Reformasie was 'n teruggrype na die Woord en die eerste kerk. God is weer sentraal geplaas, en daarom is die Woord gesien as die enigste norm. Die gemeente is weer deel gemaak van die gebeure in die erediens, deurdat hulle verstaan het en self ook aan die sang en sakramente deelgeneem het. Die altaar is met die preekstoel vervang (Brienen, 1987:48).

Die atmosfeer van die erediens het verander van 'n onverstaanbare misterie wat waargeneem word, na 'n verstaanbare werklikheid waaraan deelgeneem word. Tog moet onthou word dat die Reformasie in sy wese 'n reaksiebeweging was, 'n poging om reg te stel wat verkeerd was. In die proses van korrigering het die Hervormers gewoonlik te ver in die teenoorgestelde rigting beweeg deur te beklemtoon wat agterweë gebly het en wat oorbeklemtoon is te onderspeel, eerder as om na 'n gebalanseerde situasie te soek (McKee, 2003:6). Veral in terme van die kunste (visueel, ouditief), die simboliese en die rituele is dit duidelik te merk. Waar die Middeleeuse erediens 'n emosionele skouspel sonder begrip was, het die Hervormers die emosionele belewenis, die ontmoeting met die regterhemisfeer van die brein te veel afgeskaal in hulle poging om die intellektuele stimulasie en begrip te herstel. In die tydperk na die Reformasie is hierdie klem op die intellektuele, die rasionele verder verstewig.

*OMDAT DIE INRIGTING VAN DIE EREDIENS IN DIE TYD NA DIE REFORMASIE SOVEEL VERSKILLE TOON WAT VORM BETREF (VERGELYK WHITE, 1993:142-147), GAAN DIE RES VAN HIERDIE HOOFSTUK AANDAG GEE AAN DIE GROOT TENDENSE EERDER AS SPESIFIEKE EREDIENSVORMS.*

# 6 DIE MODERNISME

### 6.1 INLEIDING

Ongelukkig is die gees van die Reformasie baie vinnig deur die ontwikkelende Ortodoksie bedreig. Die rasionalisme van die skolastiese metodes wat die Protestantse Ortodoksie gebruik het, het die verhouding tussen teologie en die preekstoel bedreig. In 'n poging om hulleself te verdedig teen die Rooms Katolieke Kerk en teen mekaar het die Protestantse kerke rigiede leerstellige posisies ingeneem waarin die Bybel die ondergeskikte rol van verskaffer van bewystekste gespeel het om Lutherse of Calvinistiese of ander Protestantse posisies te regverdig (Rogerson, 1985:14). Teologie, wat niks anders behoort te doen as om te poog om

die Bybel as die Woord van God te lees, verstaan en interpreteer om die prediking, onderrig en pastorale versorging van die gemeente te dien nie, het ontwikkel in 'n oninspirerende rasionele sisteem van denke. Wainwright (1992:65) stel dit dat "*(j)ustifiable though these moves may have been in a Church needing reform, their price was paid in the loss of the sacramental dimension and the growth of didacticism which have characterized Protestant worship.*"

Die Aufklärung het 'n radikale verandering in die dinkgewoonte van die Westerling gebring. Die kerk is gekonfronteer met die groeiende stroom van sekularisme. Om hierdie uitdaging te ontmoet, is 'n totale nuwe benadering tot die Bybel as die Woord van God ingestel. Dit het 'n enorme effek gehad op die verhouding tussen teologie en gemeente (Van Genderen & Velema, 1992:81-82). Die moderne konsep van wetenskap as 'n objektiewe en onpartydige soeke na die waarheid as rasionele kennis het eenvoudig die idee van teologie as *fides quarens intellectum* uitgesluit. Gevolglik kon teologie slegs sy status as universiteitsdissipline handhaaf deur homself aan te pas by die nuwe reëls van die spel (Jonker, 1995:356). Dit moes die ideaal aanvaar om 'n pure objektiewe en rasionele wetenskap te wees wat nie meer sy basis kon vind in die geloof van die gemeente en die waarheid van openbaring nie. Om aanvaarbaar te wees moes teologie 'n kritiese studie van die dokumente en geskiedenis van die Christelike geloof as deel van die studie van die verskynsel van godsdiens word. Binne die grense van 'n positivistiese wêreldbeeld het dit vir die teoloog onmoontlik geword om die Bybel met dieselfde oë as Augustinus, Luther of Calvyn te lees. Teologie het tradisioneel die Bybel gelees as die Woord van die lewende God, waardeur Hy steeds praat in die krag van die Heilige Gees. Die Modernisme het egter die konsep van die Skrif as die Woord van God verloor. Die beginsels van die Aufklärung het die totale intellektuele wêreld, insluitende Bybelse studie, gereguleer.

## 6.2 WESE VAN DIE MODERNISME

Die sentrale stelling van die modernisme lê in die stelling van die Franse filosoof René Descartes (1596-1650): *Ek dink, daarom is ek* ('cogito ergo sum') (De Koker, 1998:2). Skeptisisme is die geboortemerk van die Modernisme (Hendriks, 1996:493). Descartes sê daar is net twee dinge waarvan hy seker kan wees: homself en die betroubaarheid van die rede en logika.

## 6.3 INDIVIDUALISME

Descartes se spreuk is tiperend van die twee bene waarop die Modernisme staan. Die een been is die "ek". Die vertrekpunt van hierdie denke is die individu (*individualisme*), die mens (*humanisme*), die self (*subjektivisme*) (Hendriks, 1996:493). Die mens is 'n absolute individualis en selfs God en godsdiens word gebruik om die mens se ware potensiaal te bereik, om bo uit te kom (sukses) en om 'n wenner te wees

## 6.4 RASIONALISME

Descartes se "ek dink" verwys ook na die rede, die logika. Aan die *rasionalisme* word daar in die volgende eeue ongelooflike waarde geheg omdat die opbloei in die wetenskap en tegnologie, die ontwikkeling wat op sovele terreine plaasgevind het, daardeur in die hand gewerk is. Die twee bene van die Modernisme, die individualisme en rasionalisme, het gelei tot wat vandag bekend staan as *sekularisasie* (Hendriks, 1996:494). Die vernaamste eienskappe van hierdie gesekulariseerde wêreld is dat dit antimetafisies, antroposentries, rasionalisties, tegnologies-bepaald en anti-eskatologies is (De Bruyn, 1996:79-80).

Geloof is nie op dieselfde vlak as die rede gereken nie. Immers, oor die rede het die mens beheer gehad, geloof was te "subjektief" en nie wetenskaplik kontroleerbaar nie. Die maatskappy het binne hierdie denkparadigma sy keuses in terme van logika geneem en nie in terme van geloof nie. Vir die moderne mens met sy rasionele inslag, sy intellektualisme, sy tegnokratiese lewe en vertroue in die wetenskap het die metafisiese en daarmee God en sy openbaring uit die gesigsveld verdwyn (Vorster, 1995:449).

## 6.5 GEVOLGE

Die twee bene van die Modernisme het drie verdere gevolge:

- <u>SKEIDING TUSSEN FEIT EN WAARDE:</u>

  Die klem op die rasionele het daartoe gelei dat daar onderskeid gemaak is tussen feit en waarde. Geloof, waardes, etiek, reg en verkeerd is beskou as subjektiewe oordele, nie feite nie. Op feite kon 'n mens peil trek, op waardes nie. Die rasionele, of te wel intellektuele dimensie van die mens se bestaan, het die affektiewe en konatiewe in 'n baie groot mate oorheers.

- SKEIDING TUSSEN SUBJEK EN OBJEK:
  Die oomblik wanneer die mens self sentraal staan, objektiveer en gebruik (manipuleer?) hy alles om hom. Hierdie ingesteldheid het gelei tot die vernietiging van verhoudings. Alles word gebruiksobjekte. Met die onderwaardering van die emosie en waardes word die kille logika van selfsugtige behoeftes in huwelik, gesin, sosiale samelewing en kultuur 'n wrede tiran. Selfs God en sy Woord word vir menige teoloog 'n objek wat hy vryblydend bestudeer. Die verbruikersmaatskappy se massaproduksie en massamanipulasie (vergelyk die modes) ontneem die moderne mens sy individualiteit. Die verhoudingsverval in huwelik, gesin en tussen groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing is aan ons nie onbekend nie.
- HORISONTALISME:
  Die verhouding waarin oorsaak en gevolg gesien is, draai 180° om: eers was God die oorsaak van alles wat die mens nie kon verklaar nie. Die Middeleeue het met die onderskeiding tussen *transendent* (genade) en *immanent* (natuur) gewerk (Rossouw, 1993:895-896). Daarvolgens was die wêreld en die ganse sosiale orde ondergeskik aan God. Die Middeleeuse wêreldbeeld het soos volg daar uitgesien:

**God**
↓
**Kerk**
↓
**Konings en die adel**
↓
**Gewone mense**
↓
**Die natuur, diere, plante en dinge**

Die Verligting keer hierdie orde om: die rasionele werk met 'n oorsaak-gevolgskema – 'n kousale denkpatroon.

## 6.6 SAMEVATTING VAN DIE MODERNISME

Die eindresultaat van die Modernisme was 'n sekulêre wêreld, 'n wêreld wat in sy normale gang nie met God rekening kon hou nie, nie kon glo nie, en ook nie waardes kon handhaaf nie.

Indien die teologie alleen volgens die logika en rede bedryf word, as empiriese feite alleen waarheidskarakter, betroubaarheid het, is daar geen plek vir die misterie nie; openbaring in terme van die nuwe hemel en nuwe aarde maak dan ook geen sin nie.

### 6.7 INVLOED OP ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Hierdie selfs groter klem op die rasionele het 'n groot invloed op die erediens gehad. Die Bybel is op rasionele wyse gedissekteer totdat uiteindelik net die etiese perspektiewe van die Skrif oorgebly het (Vorster, 1995:447). Prediking, en daarmee saam die erediens, het op wye vlak verval in etiese rigtinggewing. Die erediens het al meer 'n intellektuele, rasionele klem verkry met die affektiewe en emosionele wat onderbeklemtoon is, omdat alles verklaarbaar en verstaanbaar moes wees.

Dit het daartoe gelei dat die sakramente onderbeklemtoon is. Waar die Hervormers weeklikse Nagmaal voorgestaan het en, veral Calvyn, die eenheid van die Woorddiens en Nagmaalsdiens beklemtoon het, word die Sondagse erediens uitsluitlik 'n Woorddiens met die preek sentraal. White (1993:159) noem dan ook hierdie diens "The Preaching Service" omdat die Nagmaal nie meer daarin gevier word nie. Nagmaal word nou vier maal per jaar gevier as deel van hierdie *preekdiens*, hoewel dit eintlik maar net ingevoeg word en nie meer 'n gelyke gewig dra nie.

Vir die atmosfeer was dit 'n negatiewe ontwikkeling omdat die emosionele en affektiewe elemente grootliks verlore gegaan het. Verder is die mistieke onderwaardeer wat ruimte vir die werking van die Heilige Gees ingeperk het. Geloof is gewantrou en gevolglik is 'n ware onmoeting met God bemoeilik.

# 7 DIE POSTMODERNISME

## 7.1 DIE PARADIGMAVERSKUIWING VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME

### *7.1.1 Paradigmas*

Sedert Kuhn (1970:VIII) die term "paradigma" in wetenskaplike navorsing aan die orde gestel het, is die begrip met verskillende betekenisnuanses ook in die Teologie toegepas (Vorster,

1996:10). Hy het 'n paradigma gedefinieer as "universally recognized scientific achievements that for a time provide model problems and solutions to a community of practitioners." Volgens Labuschagne en Eksteen (1993) beteken paradigma "Model, voorbeeld waarvolgens 'n handeling uitgevoer word". Hierdie paradigma is dus 'n werklikheidsbeskouing wat in die eerste plek navorsers se uitgangspunte en benadering tot die veld van ondersoek bepaal. Wetenskaplike navorsing word bepaal deur 'n lewens- en wêreldbeskouing wat sekere beginsels as voorveronderstelling in die navorsingsproses daarstel. 'n Paradigma in die teologie omskryf die uitgangspunte en verwagtinge wat die kerkbeskouing en bedieningspatrone van 'n bepaalde historiese tydvak bepaal en die funksionering van die kerk in die bepaalde periode beheers (Vorster, 1996:11).

Opeenvolgende verskuiwings van 'n paradigma is ook moontlik. Dit vind plaas wanneer die ou paradigma nie meer antwoorde bied op nuwe realiteite nie. Dan begin die navorser in nuwe plekke kyk en vind hy nuwe sleutels as instrumente om 'n nuwe werklikheid te ontgin. So vind daar 'n rewolusie plaas in sy teorieë, navorsing en uiteindelike resultate. Dieselfde proses voltrek hom in die Teologie, maar tog met 'n belangrike verskil. Waar die paradigmaverskuiwing in die natuurwetenskappe 'n totale oorgang van 'n oue na 'n nuwe aandui, beteken dit in die Teologie dat die nuwe nie die oue dadelik vervang nie, maar dat hulle langs mekaar kan voortbestaan (Bosch, 1991:186). Verskeie paradigmas in dieselfde veld van ondersoek kan vir 'n tyd langs mekaar bestaan, maar die een wat die beste antwoord bied op nuwe realiteite sal ontwikkel tot die dominante.

### *7.1.2 Paradigmaverskuiwings*

Paradigmaverskuiwings kan plaasvind op makro-, meso- en mikrovlak (Vorster, 1999:102). 'n Paradigma op makrovlak bepaal die totaliteit van lewe en denke in 'n omvangryke en universele hoofperiode in die geskiedenis. 'n Paradigma op mesovlak sal 'n onderliggende deel van 'n hoofperiode in die geskiedenis bepaal, terwyl die paradigma op mikrovlak weer 'n onderdeel van die mesovlak bepaal. Die makroparadigma bepaal denk*wyses*; die mesoparadigma denk*rigtings* en die mikroparadigma tradisies binne 'n bepaalde denk*rigting*. Ons staan tans in die middel van 'n makroparadigmaverskuiwing, 'n verskuiwing van modernisme na postmodernisme (Vorster, 1999:104).

Die hele konsep van paradigmaverskuiwing bring egter vir die gereformeerde Teologie 'n belangrike vraag na vore. Indien die teoloog se lewens- en wêreldbeskouing kan verander en

sy resultate en gevolgtrekkings daardeur ingrypend gewysig word, sou dit beteken dat die Teologie uitgaan van relatiewe waarhede? Wanneer die Teologie gesien word as die studie van die Openbaring van God word relatiwiteite in essensiële geloofswaarhede vermy. Bosch (1991:187) sê tereg in hierdie verband "*...any paradigm shift can only be carried out on the basis of the gospel, and because of the gospel, never, however against the gospel*". Die gereformeerde Teologie kan met bogenoemde voorwaarde met vrug gebruik maak van die insigte oor paradigma en paradigmaverskuiwings. Die vaste onveranderbare openbaringsgegewe van die kerk moet egter duidelik vooraf aangetoon word.

## 7.2 DIE AARD VAN DIE POSTMODERNISME

Die Modernisme is gedra deur 'n geloof in die mens se potensiaal om goed te wees, evolusionêr te ontwikkel en 'n Utopia op hierdie aarde te skep. Na die vernietigende oorloë van die begin van die 20e eeu wat almal ontgogel het, is 'n wantroue in die ideale van die Modernisme aan die orde van die dag (Hendriks, 1996:498). Die ou waarheid dat die mens in die diepste van sy wese tot niks goeds in staat is nie, word al hoe duideliker besef.

Postmodernisme is nie maar net 'n nuwe modewoord nie. Dit konstrueer 'n nuwe wetenskapsteoretiese raamwerk waaruit al hoe meer wetenskaplike navorsing op geldigheid aanspraak maak (De Koker, 1998:4). Om die postmoderne te definieer is nie moontlik nie – dit sou 'n poging wees om terug te gryp na die moderne. Volgens Naude (1992:98) verwys die term postmodernisme op filosofiese vlak na die beweging waarin fundamentele kritiek teen die modernisme en tradisie van die Verligting uitgespreek word. Die postmoderne kultuur skaf nie die moderne kultuur af nie, maar is die kritiese genoot of medespreker van moderne kultuur (Rossouw, 1993:895). Dit is gelyktydig 'n produk van modernisme en 'n reaksie daarop.

Die postmodernisme kan soos volg omlyn word:

- Die postmoderne vervang die rasionalisme se droom na suiwer objektiwiteit met intersubjektiwiteit. Waarheid kom nie van buite af na ons toe nie, dit groei uit die intersubjektiewe ontmoeting.
- In die postmoderne word ingesien dat uitsprake oor die werklikheid gekleur word deur teoretiese voorveronderstellings.
- Die postmoderne erken dat die ander subjek in die navorsingsproses deelneem aan die formulering van uitsprake oor die werklikheid.

- In die postmoderne is uitsprake oor die werklikheid kontekstueel gebonde.
- Omdat daar nie 'n objektiewe en neutrale verwysingsraamwerk is waaraan uitsprake oor die werklikheid getoets kan word nie, word daar in die postmoderne beweging erkenning gegee aan verskeidenheid en pluraliteit. Verskillende standpunte kan in verskillende situasies ewe geldig wees.
- Waar analitiese denke die uitstaande kenmerk van die modernisme was, streef die postmoderne na sintese, na heelheid. Holisme is seker die uitstaande merkteken van die postmoderne (De Koker, 1998:4). Waar vroeër onderskei is tussen subjek en objek, word subjek en objek tans saamgedink.
- Holisme maak op 'n nuwe manier ruimte vir godsdiens en vir die transendentale. Mens en natuur kan nie los van God gedink word nie. Transendentale is nie 'n ander werklikheid nie – dit is deel van hierdie voor die hand liggende werklikheid.
- Die subjek se beheersing van die objek (doelrasionaliteit) het plek gemaak vir kommunikatiewe rasionaliteit, vir verstaan en begryp, meer nog, vir diens, op 'n nuwe gerigtheid op die ander ter wille van die ander.
- Die modernisme het met 'n streng subjek-objekskeiding en met die idee van die bereikbaarheid van kennis, 'n groeibodem daargestel waarin die fundamentalisme in die kerklike klimaat sou kon floreer. Anti-fundamentalisme is eie aan die postmoderne houding (Du Toit, 1988:39).
- 'n Verdere aspek van die postmoderne kultuur is die klem op die feit dat kennersopinie nie die enigste faktor is wat in ag geneem moet word wanneer besluite geneem word nie (Rossouw, 1993:902). Die postmoderne kultuur dring daarop aan dat diegene met deskundige kennis nie die enigstes is na wie in besluitneming geluister moet word nie. Dié wat deur sulke besluite geraak word het ook 'n waardevolle en onontbeerlike bydrae om te lewer. Kundigheid moet verryk en ingelig word deur die ondervinding van diegene wat aan die ontvangkant is.

## 7.3 SAMEVATTING

Postmodernisme het twee uitstaande kenmerke:

- <u>DIE FOKUS OP DIE MENS EN SY VOORVERONDERSTELLINGS:</u>

  Dié denkwyse erken die deurslaggewende rol van voorveronderstellings in die denke van die mens. Die gevolg daarvan is dat objektiewe waarhede en etiese reëls volgens postmodernisme nie moontlik is nie (Vorster, 1999:105). Daarom word die geldigheid van

meer as een moontlike waarheid oor dieselfde aangeleentheid aanvaar. Reg en verkeerd word vervang met geldig en óók geldig.

- DIE NUWE BELANGSTELLING IN DIE METAFISIESE:

  Die individu se lewe in verhouding met en binne die geheel van die kosmos kom onder die soeklig. Die bestaan van God en die mens se inherente godsdienssin word erken. Spiritualiteit en godsdiens het weer belangrik geword omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees.

### 7.4 GEVOLGE VIR DIE EREDIENS

Omdat die rasionele relatief is, kan die irrasionele (godsdiens en geloof) weer geloofwaardig wees in die arena van menslike handelinge, maar dan moet dit godsdiens wees wat die gevoels- en ervaringsveld van die mens aanspreek. Die verwagting van die postmoderne mens lê nie by die dogmatiese of intellektuele aspek van die erediens nie, maar by dit wat "die hart aanspreek" (Vorster, 1996:69). In die lewe van die gelowige verskuif die klem van dit wat hy as gelowige moet doen, na dit wat hy kan ervaar en beleef – hy is primêr ingestel op spiritualiteit.

Die postmoderne lewensbeskouing bevorder relativisme, omdat daar nie meer vaste waarhede is nie. Dit impliseer geen vaste volgorde in die erediens nie, maar juis afwisseling. Die postmoderne mens soek juis 'n liturgie waaraan hy aktief kan deelneem.

## 8 DIE LITURGIESE BEWEGING VAN DIE 20$^{E}$ EEU

### 8.1 INLEIDING

Davies (1986:314) beskryf die liturgiese beweging as die herontwaking van die kerk. Teen die begin van die 20$^{e}$ eeu kom daar 'n herstel van die liturgie deur die ontdekking van geskrifte uit die tweede eeu (Strydom, 1994a:256) asook 'n nuwe verstaan van die feit dat liturgie en aanbidding sentraal staan in die lewe en werk van die kerk. Hierdie nuwe verstaan het nuwe dinamiek en verwagtings in die kerke veroorsaak, wat die dryfkrag van die liturgiese beweging geword het. Die beweging het met groot krag deur die kerke beweeg, omdat dit in al die verskillende groot tradisies weerklank gevind het (Fenwick & Spinks, 1995:3).

## 8.2 KENMERKE

Die tipiese kenmerke van die liturgiese beweging is (vergelyk De Klerk, 1999:313):

- Nuwe klem op die eenheid tussen die Woorddiens en Nagmaalsdiens as die twee groot dele van die erediens;
- Die herontdekking van die Vroeë Kerk as model vir die liturgie. Die bedoeling was nie om die liturgie van die Vroeë Kerk te herhaal nie, maar om die beginsels daarvan vir die hede praktyk te maak;
- Die herontdekking van die krag van die Woord in die samekoms;
- Hewige verset teen individualisme;
- Nuwe klem op gemeenskapsbeoefening en gemeentedeelname aan die liturgie;
- Die eietydse aard van die aanbidding is deurslaggewend en kom veral na vore in die klem op verstaanbare taal in woord en lied;
- Die wegbeweeg vanaf uniformiteit na pluraliteit, selfs binne 'n enkele tradisie;
- Besondere klem op simbole en rituele.

## 8.3 DIE GEVOLGE VAN DIE LITURGIESE BEWEGING

Een van die belangrikste gevolge van die Liturgiese Beweging is die meer gereelde viering van die Nagmaal in die kerke (Falconer, 2003:145). Daar is 'n herstel van die waardering vir die sakramente; 'n hernieude klem daarop dat die Nagmaal nie maar net 'n terugdink aan vorige gebeure is nie, maar werklike *anamnese*, dit wil sê herinnering aan die verlede, deelname in die hede en voorafskaduwing van die toekoms. Verder is daar nuwe klem op die epiklese, die gebed om verligting deur die Heilige Gees.

# 9 21^STE^ EEUSE TEOLOË

## 9.1 SELEKSIE

Omdat die geskiedenis tot in die huidige strek, is dit nodig om kortliks na die bydraes van enkele hedendaagse teoloë te verwys. Omdat dit nie moontlik is om alle hedendaagse teoloë te bespreek nie, is drie teoloë uit drie verskillende teologiese tradisies gekies: Marcel Barnard uit die Lutherse tradisie, Don Saliers as Metodis en John Witvliet as Amerikaanse

gereformeerde. Die bespreking van hierdie teoloë is geensins 'n volledige bespreking van hulle teologie of bydraes nie, maar slegs 'n paar snitte wat vir die studie van belang is.

## 9.2 MARCEL BARNARD

### *9.2.1 Agtergrond*

Marcel Barnard is kerklike hoogleraar vanuit die *Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* aan die Universiteit van Utrecht, waar hy spesialiseer in Liturgiek en Homiletiek.

### *9.2.2 Barnard se bydrae tot atmosfeer in die erediens*

#### 9.2.2.1 Liturgie en kuns

Barnard lê geweldig klem om die verhouding tussen die kerk – en in die besonder die liturgie – en die kuns: die kuns en kerk voorveronderstel mekaar, omdat daar geen kultus is sonder die voorstelling van 'n gesimuleerde affeksie nie (Barnard, 2003:193). Kuns is die vorm waarop hierdie affeksie voorgestel word. Die gereformeerde teologiese tradisie word ongelukkig gekenmerk deur 'n groot terughoudenheid ten opsigte van beeldende kuns (Barnard, 1996:135). Daarom is die estetika vir Barnard so belangrik, veral rondom die erediens. Estetika is juis dit wat hom as skoonheid aan die mens voordoen (Barnard, 1996:137). Daarmee word die eie krag en mag van die skone gewaardeer. Die skone hoef ook nie harmonieus te wees nie (Barnard, 1996:137). So verwys Barnard na die werke van Pablo Picasso wat as skoonheid geklassifiseer kan word, hoewel dit nie noodwendig harmonieus of selfs verstaanbaar is nie. Die vorm is belangrik: dit is die verhouding tussen die voorstelling, die voorgestelde en die waarnemer (Barnard, 1996:138). Vorm is 'n estetiese kategorie wat onderskei moet word van die verstandelike en wetenskaplike kategorie van die model. Die teologiese vorm is die verhouding tussen God, die geskape werklikheid en die gelowige subjek (Barnard, 1996:149).

Volgens Barnard is woord en beeld nie tot mekaar te herlei nie en tog bestaan daar geen gehoor sonder verbeelding nie (Barnard, 1996:149). Wat as skone vorm (skoonheid) hom aan die mens voordoen is die werklikheid wat meer is as die werklikheid (Barnard, 1996:150). Juis

die skoonheid sien deur die feite heen en roep altyd die vraag op na dit wat voorgestel is (Barnard, 1996:150).

9.2.2.2 Rites

Barnard verstaan liturgiek as die wetenskap van Christelike rites en simbole (Barnard, 2000:5). Tog is die liturgie nie maar 'n kompleks van rites en simbole nie, omdat die betekenis wat die deelnemers aan die ritualiteit gee en die manier waarop hulle met die rituele omgaan ook essensiëel is (Barnard, 2000:5). Barnard wys daarop dat rituele wesentlik tot die kultuur is en gaan dan verder deur daarop te wys dat die ritueel nie net fundamenteel vir die kultuur is nie, maar ook vir die teologie (Barnard, 2000:9). Daarom moet die teologie in noue verband met die samelewing beweeg. Vir die kerk van vandag is dit belangrik om hierdie verband raak te sien omdat daar tans soveel rituele in die samelewing en in die kerk is (Barnard, 2000:10-11). Die probleem in die kerk is nie die gebrek aan rituele nie, maar die wyse waarop daarmee omgegaan word (Barnard, 2000:11). So wys hy op liggaamshoudings, beweging, die inrigting van kerke, gedrukte liturgieë, kinderprojekte, danse, blommerangskikkngs, ensovoorts. Die probleem is egter dat hierdie rituele nie reg beleef en verstaan word nie (Barnard, 2000:11). Veral individualiteit speel hier 'n groot rol. Individualisering veroorsaak dat rites en simbole in 'n toenemende mate die uitdrukking is van die unieke persoon wat 'n mens is (Barnard, 2000:11). Daarom het verskillende mense verskillende interpretasies vir wat gebeur. "*De verschillende systemen interfereren, tot in de kerkdienst toe*" (Barnard, 2000:11). Die erediens bestaan nie meer as 'n eenheid nie, maar is uitgewaai in 'n stel groeps- of veral individueel bepaalde betekenisse (Barnard, 2000:12)

Waar die liturgie benader word vanuit die ritueel, kom haar kontekstualiteit aan die orde (Barnard, 2000:15). Daarom behoort rituele ook met die tyd en kulturele konteks te verander (Barnard, 2001a:51). Tog stel rituele hulleself voor as eerbiedwaardig en onveranderlik (Barnard, 2001a:53) en bied dit weerstand teen verandering.

9.2.2.3 Simbole

Presentatiewe simbole het betrekking op die nie-verbale en is verbind aan die liggaamlikheid van bestaan, met ander woorde die sintuie: die visuele, ouditiewe, geur, tassin en smaak (Barnard, 2001b:115). Daarom kan dit ook nie afsonderlik uitgelê en in woorde en sinne vervat kan word nie (Barnard, 2001b:116). Dit verskil van diskusiewe simbole, wat wel uitmekaar

gehaal kan word en in taal uitgelê kan word (Barnard, 2001b:116). In die Christelike liturgie speel presentatiewe simbole 'n belangrike rol (Barnard, 2001b:118). So kan gedink word aan die doop, maar ook aan die brood en wyn met die viering van die Nagmaal. In die Christendom was daar veral sedert die viere eeu presentatiewe simbole gewees: verskillende kruistekens, die vis, die Lam (Barnard, 2001b:118). Gedurende die Middeleeue was bykans alle kuns kerklike kuns, wat veral geskep is vir die doel van onderwysing, opvoeding en stigting (Barnard, 2001b:120). In die Rennaissance het die kuns egter van die kerk wegbeweeg en ontstaan kuns wat geleidelik onder die hand van die opdraggewer uit wegbeweeg (Barnard, 2001b:120). Vir vandag se samelewing, wat 'n samelewing van 'n oorvloed aan beelde is, is dit belangrik om weer die kuns en in die besonder, die presentatiewe simbole in die liturgie en in die kerk te herstel (Barnard, 2001b:121-122).

#### 9.2.2.4 Liturgie en kultuur

Volgens Barnard staan liturgie en kultuur in 'n dinamiese verhouding tot mekaar (Barnard, 2000:5). In die kerke word die besef al groter dat liturgiese inkulturasie noodsaaklik is – liturgie kan nie onveranderd in telkens wisselende kulturele kontekste gebruik word nie (Barnard, 2001a:49-50). Liturgie moet relevant wees vir die mense wat die liturgie vier, met ander woorde vir 'n konkrete gemeenskap. Liturgie is (Barnard, 2001a:50):

- TRANSKULTUREEL: dieselfde inhoud geld oral vir almal – daar is één Here, één geloof, één hoop, één doop. Hierdie transkulturaliteit bevorder eenheid.
- KONTEKSTUEEL: dit varieer na gelang van die plaaslike en kulturele konteks. Die liturgie moet 'vertaal' word in die simboliese kode van die plaaslike kultuur; omgekeerd moet die plaaslike rites en simbole in die liturgie opgeneem word.
- KONTRAKULTUREEL: die liturgie moet in elke kultuur duidelik maak wat in stryd met die Evangelie is – die onregverdige, demoniese, sondige.
- KRUISKULTUREEL: dit kan gedeel word deur mense van verskillende plaaslike kerke.

### 9.2.3 *Evaluering*

Die volgende belangrike perspektiewe kom uit die voorafgaande bespreking na vore:

- In die erediens moet ruimte gemaak word vir die skone, die mooie. Kuns behoort weer plek in die gereformeerde erediens te kry. Vir die atmosfeer is dit belangrik omdat kuns en die estetiese die minder rasionele kant van die mens aanspreek en ophef.

- Barnard se klem op rites word waardeer. Gemeenskaplike rites is belangrik vir die atmosfeer aangesien dit die gemeente aan mekaar, maar ook aan ander gelowiges op ander plekke en in ander tye verbind. Dit versterk verder die kreatiwiteit en verbeelding in die erediens, aangesien die gelowige daartoe gelei word om die betekenis agter die rite te "ontdek", wat weer deelname bevorder.
- Dieselfde waardering geld die klem op simbole, veral omdat simbole selfs meer as woorde sê. Dit bring weer die elemente van verbeelding en kreatiwiteit na vore en betrek die aanbidder in die aanbidding. Simbole het ook 'n samebindende effek.
- Die belangrikheid dat die liturgie met die kultuur in wisselwerking staan, kom sterk na vore. Veral die klem daarop dat die liturgie transkultureel, kontekstueel, kontrakultureel én kruiskultureel moet wees lewer belangrike perspektiewe vir die atmosfeer in die erediens.

## 9.3 DON SALIERS

### *9.3.1 Agtergrond*

Don Saliers is Franklin Nutting Parker Professor in Teologie en Aanbidding aan die Candler School of Theology by die Emory Universiteit in Atlanta, Georgia in die VSA. Hy kom uit die United Methodist kerk. Van sy belangrikste werke is *Worship as Theology: Foretaste of glory divine* (Saliers, 1994), *Worship and Spirituality* (Saliers, 1996a) en *Worship come to its senses* (Saliers, 1996b).

### *9.3.2 Saliers se bydrae tot atmosfeer in die erediens*

#### 9.3.2.1 <u>Die erediens in die lewe</u>

Saliers stel dit dat die Christelike erediens daar plaasvind waar die menslike patos (dit is die menslike lyding in die wêreld) ontmoet word deur Goddelike etos. "*Christian liturgy transforms and empowers when the vulnerability of human pathos is met by the ethos of God's vulnerability in word and sacrament*" (Saliers, 1994:22). Wat Saliers duidelik maak is dat 'n vervelige, niksseggende erediens – waarskynlik die ergste vergryp teen die Woord en die genade wat gepleeg kan word (Burger, 1999b:17) – gewoonlik die gevolg is van 'n diens waar baie gepraat

word oor "*divine ethos*" sonder dat die gerigtheid daarvan op menslike patos duidelik is. Die Woord en Sakrament, die genade en vergifnis, die hoopskenkende en lewensvernuwende werk van die Gees word leë en betekenislose woorde as dit konteksloos rondgegooi word in die erediens sonder dat menslike patos op die tafel is. Godsdienstige rituele wat geen verband hou met die regte lewe en die vrae oor hoe mens moet lewe nie is vir Saliers (1991c:209) soos 'n versigtig bewaarde huis van kaarte in die wind – dit gaan een of ander tyd omval.

Vir die atmosfeer in die erediens is hierdie noue band tussen die lewe buite die erediens en die aanbidding daarbinne van besondere belang. Die atmosfeer moet verband hou met die konteks van die aanbidders en daarbinne en daartoe spreek.

9.3.2.2 Die erediens en die ander

Aanbidding is vir Saliers "*a rule-keeping activity for the language of religious belief. It keeps the paradigmatic description of God, the self, and the world in place*" (Saliers, 1991a:82). Die liturgie in die erediens is 'n repetisie vir die manier waarop die mens aan mekaar en aan die wêreld verbind moet word (Saliers, 1994:102). Wanneer aanbidding plaasvind word mense gekarakteriseer en kry hulle hul lewe en hulle fundamentele plek en oriëntasie in die wêreld (Saliers, 1991b:17). Aanbidding is iets wat mense gesamentlik doen omdat dit die primêre gemeenskaplike modus is om die Christelike geloof en Christelike verhaal te onthou en uit te druk (Saliers, 1991b:18).

Aanbidding is nie individueel nie, maar korporatief en daarom moet die atmosfeer bewustheid en bediening van mekaar stimuleer en moontlik maak.

9.3.2.3 Affeksies in die erediens

Vir Saliers is die erediens die "*rehearsals of the affections and virtues befitting 'life in Christ'*" (Saliers, 1994:178). Saliers maak in *The Soul in Paraphrase* (1991a:4-9) onderskeid tussen wat hy bedoel met "affections" en wat meer algemeen as emosies of gevoel beskou word. Met 'affeksies' bedoel hy "deep emotions" in teenstelling met "passing enthusiasms", sentiment of die innerlike vertroostinge van ervaring. "Deep affection" is 'n basiese instemming wat in die hart van 'n persoon se leef- en doenwyse lê. Christelike affeksie is "*a comprehensive phenomenon of life by which we understand the world in and through a sense of the world. Affections thus always combine evaluative knowledge of the world and self-awareness*" (Saliers,

1991a:9). Saliers roep die Christelike gemeenskap op tot liturgiese praktyke van invokasie, smeking, verootmoediging en belydenis waardeur, saam met danksegging en lofprysing, die volheid van die menslike lewe genoem word: ervarings van pyn en smart sowel as ervarings van vreugde, ervarings van God se afwesigheid sowel as ervarings van sy teenwoordigheid (Anderson & Morrill, 1998:10). Die aanbidder se liturgiese formasie in diep patrone van dankbaarheid, heilige vrees, vreugde, liefde vir God en liefde vir die naaste onderhou wat gevoel en sentiment nie kan doen nie, omdat dit nie diep in die menslike hart en siel ingebed is nie.

Dit is belangrik dat die erediens nie net tot die rasionele spreek nie, maar ook bewus is van en ruimte skep vir 'n verdieping in die emosionele (affektiewe) belewing. In die atmosfeer moet dit ook na vore kom.

9.3.2.4 Gevoel in die erediens

In sy boek *Worship come to its senses* (Saliers, 1996b) stel Saliers dit dat die vier essensiële kwaliteite wat ware en relevante Christelike aanbidding kenmerk ontsag ("awe"), genot ("delight"), waarheid ("truthfulnes") en hoop ("hope") is. *"They are called "senses" because they name patterns in human experience of God"* (Saliers, 1996b:14). Hy gaan dan verder om hierdie vier te beskryf:

- **"AWE":**

  Daar is iets wat kort in die hart van Christelike praktyke en teologie: ontsag in die teenwoordigheid van God (Saliers, 1996b:20). Om dit in die aanbidding te herstel is dit belangrik om die mens se sin vir lewe en dood te bring tot by die sing, praat, bid en maaltyd in die erediens (Saliers, 1996b:23). Die geheim tot die herstel is die nie-verbale tale van aanbidding: gebare, musiek, die visuele, die interpersoonlike interaksie (Saliers, 1996b:24). In die erediens is dit belangrik om vas te hou aan die begrip van 'n ontmoeting in 'n heilige plek waar bymekaar gebring word die belewing van God as die Totaal Andere én die intiem teenwoordige, waar beweeg word tussen aan die een kant die mens as stoflike skepsel ver van sy Skepper én aan die ander kant hulle wat Jesus nie meer slawe noem nie, maar vriende (Saliers, 1996b:25). In die aanbidding moet beide hierdie kante na vore kom. Christelike aanbidding floreer wanneer die kontras en verband tussen liefde en eerbied lewendig gehou word (Saliers, 1996b:26). Daarom moet die aanbidding die gelowiges steeds daartoe uitnooi om die misterie van God se werke te oordink (Saliers, 1996b:26). In die erediens moet die sin van wonder geoefen word en voorberei word vir

ontsag (Saliers, 1996b:32). In die erediens waar die heilige God ontmoet word, is dit belangrik dat die atmosfeer die aanbidders tot eerbied en ontsag bring. Hoewel die erediens nie wêreldvreemd mag wees nie, moet dit ook nie wêreldgelyk word waar alle vorme van verwondering, misterie, ontsag en eerbied verlore gaan nie.

- **"DELIGHT":**

In die mens se bekommernis om in die erediens te doen wat verwag word, word te maklik bloot uit plig gehandel en sodoende gaan een van die mees wesentlike elemente van lewendige aanbidding verlore, naamlik suiwer genot – genot in God, genot in mekaar en genot in die middele waardeur die gewone lewe verloop (Saliers, 1996b:33). Die huwelik tussen plig en plesier lê in die hart van Bybelse aanbidding (Saliers, 1996b:34). Langs hul hoop en vrees, pyn en verlange moet die aanbidders leer om 'n behoefte vir wonders en vreugde, ontsag en plesier na die aanbidding te bring (Saliers, 1996b:36). Om hierdie vreugde reg te ervaar is dit belangrik dat die aanbidders met die regte gesindheid na die erediens kom: "*There is so much difference between coming to be entertained – to simply rceive a shot of grace or good advice for the coming week – and bringing all our life to the table of the Word and the meal. To gather in the name of Jesus to praise God and to hear with delight and awe what God speaks and does in our midst is to come to the place where duty and delight embrace*" (Saliers, 1996b:42). Die erediens is in sy wese 'n vreugdefees en daarom moet die atmosfeer die aanbidders lei tot viering, waar plesier en genot in God en sy teenwoordigheid en dade én in mekaar 'n wesentlike realiteit is.

- **"TRUTHFULNESS":**

Oneerlikheid teenoor God en teenoor die self domineer die sosiale en persoonlike lewe en speel 'n groot rol in die erediens (Saliers, 1996b:48). Daarom is dit belangrik dat die aanbidding in waarheid sal geskied – die waarheid oor wie God is en die waarheid oor wie die aanbidder is (Saliers, 1996b:49). Woorde oor die waarheid is egter nie genoeg nie: die waarheid moet beliggaam word in die ware lewensgemeenskap (Saliers, 1996b:52). Saliers (1996b:52) vra of aanbidding nie te veel "woorde" en roetine geword het om die aanbidders oop te stel vir 'n getransformeerde manier van lewe nie. Die sin vir die waarheid in aanbidding moet rekening hou met barmhartigheid en bedwang voor God (Saliers, 1996b:55) en is gevolglik nie 'n "eerlikheid ten alle koste" nie. Eerlikheid moet altyd vergesel word van Goddelike nederigheid (Saliers, 1996b:55). Om hierdie waarheid of eerlikheid in die erediens te herstel, stel Saliers dit dat hervorming nodig is in drie liturgiese praktyke: verootmoediging, belydenis en getuienisse (Saliers, 1996b:56). Dit is belangrik dat daar steeds al meer gestreef word na aanbidding in waarheid, waar die ware

mens die ware God kan ontmoet. Daarom mag die erediens, en in die besonder die atmosfeer, nie wie God óf wie die mens werklik is, verskraal of ignoreer nie.

- "HOPE":

Sonder die lewende herinnering aan die vont, boek en tafel van Christus, met die hoop wat daarmee gepaard gaan, kan daar nie aanbidding in Gees en in waarheid wees nie (Saliers, 1996b:68). Christelike hoop is nie blote wense en begeerte geklee in religieuse taal nie, maar word verkry as 'n geskenk in die proses van leef en aanbid in 'n gemeenskap wat oor tyd gevorm is deur die hele verhaal van God en die wêreld (Saliers, 1996b:70). Om in hoop te wag is 'n aktiewe daad aangesien dit die beheer aan God oorgee (Saliers, 1996b:77). Hoop kom na vore as 'n merkbare kwaliteit van gesamentlike aanbidding wanneer 'n gemeente begin om eerlik en met aandag na mekaar te luister (Saliers, 1996b:82). Die rede hoekom hierdie hoop nie in die aanbidding ervaar en beleef word nie, word deur Saliers (1996b:73) tot drie faktore gereduseer:

- o Wanneer aanbidding *vir* die aanbidders gedoen word; (wanneer hulle bloo toeskouers en toehoorders is – WL)
- o Wanneer aanbidding *aan* die aanbidders gedoen word; (wanneer hulle nie deelnemers is nie, maar objekte – WL)
- o Wanneer die aanbidders nie verstaan wat gebeur nie.

Die atmosfeer moet die aanbidders só aan God en sy dade én aan mekaar heg dat hulle met Goddelike hoop vervul word om die lewe daarmee in te gaan.

9.3.2.5 'n Liturgiese estetika

Saliers lê baie klem op die estetiese in die liturgiek. Aan die een kant waarsku hy dat "*continuing to pray and sing biblically impoverished texts that may also lack aesthetic power, no matter how seriously done, cannot guarantee a deepening of spiritual growth and discernment of what it is to be church today*" (Saliers, 1996a:31). Aan die ander kant skryf hy egter: "*Some aspects of our worship, even whole liturgies enacted, please in virtue of their aesthetic properties, but they cannot withstand prolonged spiritual analysis. Some artistic 'enhancements' in worship may be elegant, but are easily forgotten. But liturgical celebrations that have 'deep souls' always yield new discoveries*" (Saliers, 1994:205). Op 'n ander plek waarsku hy daarteen dat die vreugde in die dinge van God nie verwar moet word met vermaaklikheid of die ligsinnigheid van blote self-uitdrukking nie (Saliers, 1996b:47). In plaas van effektiwiteit en entoesiasme vra Saliers vir emosionele en simboliese egtheid en getrouheid

aan die evangelie. Saliers (1990:30-39) stel 'n reeks vrae voor om hierdie dieptegang te bewerk:

- Reflekteer die materiaal en vorme wat in die liturgie gebruik word die skoonheid en waardigheid van die rites wat hulle probeer dien?
- Laat die taal wat gebruik word 'n "overplus of poetic meaning" en die veelheid van betekenis inherent aan simbole toe?
- Word rituele handelinge uitgevoer op 'n manier gepas vir verwondering en bewondering eerder as bloot met meganiese, metodiese effektiwiteit?
- Is die styl en kwaliteit van die musiek gepas vir die aard van die rites en die gemeente?
- Laat die musiek toe of bied dit die potensiaal vir verrassing, spanning en duursaamheid sodat dit die "imaginitive power and metaphoric range" van die teks waaraan dit verbind is, onderskryf?
- Is daar voortdurende sorg vir elke element van die erediens en vir hulle onderlinge verhouding in die totale patroon van die liturgie?
- Is die kunstigheid van die liturgie kongruent met die self-gee van God in "our humanity at full stretch"? (Saliers, 1994:198)

Saliers se klem op die estetiese, die mooie is besonder prysenswaardig en het vir die atmosfeer belangrike implikasies.

### *9.3.3 Evaluering*

Dat Don Saliers bewus is van die belang van atmosfeer in die erediens, kom reeds na vore in die titels van sy belangrikste werke: *Worship as Theology: **Foretaste of glory divine*** (Saliers, 1994), *Worship and **Spirituality*** (Saliers, 1996a) en *Worship come to its **senses*** (Saliers, 1996b) (beklemtoning – WL). Uit die bespreking hierbo kom die volgende belangrike sake na vore:

- Die erediens moet rekening hou met die konteks waarbinne die mense leef en mag nie samelewingsvreemd wees nie.
- Aanbidding is nie individueel nie, maar gesamentlik en daarom moet die atmosfeer die aanbidders ook op mekaar rig.
- Die affektiewe speel 'n belangrike rol in die erediens en moet ook deur die atmosfeer betrek word.

- Die atmosfeer in die erediens moet die aanbidders met ontsag, plesier en hoop vul.
- Dit is belangrik dat die ware God in sy volheid aanbid word. Daarvoor is dit belangrik dat die aanbidders hulleself in waarheid ken. Die atmosfeer is belangrik om hierdie ontmoeting te bewerkstellig.
- Dit is beangrik dat dit wat in die erediens gebeur spreek van hoë estetiese waarde, gepastheid en relevansie.

## 9.4 JOHN WITVLIET

### *9.4.1 Inleiding*

John D. Witvliet is direkteur van die *Calvin Institute of Christian Worship* en dien as medeprofessor van aanbidding, teologie en musiek aan Calvin College in Grand Rapids, Michigan.

### *9.4.2 Witvliet se bydrae tot atmosfeer in die erediens*

#### 9.4.2.1 Die aard van aanbidding

Witvliet (2000:28) stel dit dat dit in aanbidding gaan:

- om met vreugde en openheid na die verkondiging van die Woord van God te luister;
- om te voed op die geestelike voedsel wat die aanbidder van God ontvang in die Nagmaal;
- om eerlike en uitbundige lofprysing te bring aan die heilige, regverdige en liefdevolle God;
- om eerlike belydenis en gereelde verootmoediging.

Dit is belangrik om dit in ag te neem, omdat die gevaar bestaan dat die gesprekke oor aanbidding so in die fokus kom dat aanbidding self daaronder lei (Witvliet, 2000:28).

#### 9.4.2.2 Die erediens en die kultuur

Liturgiese praktyke word altyd gevorm deur die konvergente invloed van liturgiese tradisie, kulturele konteks en teologiese selfbewussyn (Witvliet, 1996:46). Nadenke oor liturgiese praktyke moet altyd aan al drie hierdie aspekte aandag gee. Wat deurslaggewend is, is dat

kulturele, historiese en teologiese belange nie onnodig van mekaar geskei word nie (Witvliet, 1996:46). Om hierdie proses te bewerk, maak Witvliet (1996:37-43) sewe stellings:

1. ALLE LITURGIESE HANDELINGE IS KULTUREEL GEKONDISIONEER: alle liturgiese deelnemers is die produk van 'n spesifieke kultuur met sy maniere van kommunikasie en simboliek. Dit is onmoontlik vir enige kerk om die invloed van die kultuur te ontsnap – kultuur is die habitat van die liturgie. Die vraag is dus nie of 'n spesifieke kultuur die liturgie vorm nie, maar hoe dit gebeur.
2. DIE VERHOUDING TUSSEN LITURGIE EN KULTUUR IS TEOLOGIES GERAAM DEUR DIE BYBELS-TEOLOGIESE KATEGORIEË VAN SKEPPING EN MENSWORDING: Inkulturasie is moontlik en nodig omdat God alles geskep het én omdat die Woord mens geword het. Die skepping bied die ontologiese basis vir kulturele betrokkenheid – wie die skepping hoog ag en verstaan dat dit die basis vorm vir menslike kulturele aktiwiteite sal ook die Christelike kulturele betrokkenheid hoog ag. Die menswordng verskaf die model vir die kerk se betrokkenheid in die kultuur, omdat Jesus se lewe gelyk 'n volle deelname aan én kritiek op die kultuur was.
3. LITURGIESE INKULTURASIE VEREIS TEOLOGIES INGELIGDE KULTURELE KRITIEK OP DIE EIE KULTURELE KONTEKS
4. DIE UITERSTES VAN ÓF TOTALE IDENTIFIKASIE MET ÓF TOTALE VERWERPING VAN 'N GEGEWE KULTUUR MOET TEN ALLE KOSTE VERMY WORD
5. LITURGIESE AKSIE MOET GEMEENSKAPLIKE ELEMENTE IN DIE CHRISTELIKE TRADISIE WEERSPIEËL DEUR DIE UNIEKE UITDRUKKINGS VAN 'N SPESIFIEKE KULTURELE KONTEKS. DAAR MOET 'N OORDEELKUNDIGE BALANS WEES TUSSEN VERBESONDERING EN UNIVERSALITEIT
6. DIE BALANS TUSSEN VERBESONDERING EN UNIVERSALITEIT VEREIS 'N BEMIDDELINGSTRATEGIE VIR LITURGIESE INKULTURASIE
7. DIE KONSTITUERENDE LITURGIESE HANDELINGE VAN DIE CHRISTELIKE KERK – INSLUITENDE VERKONDIGING VAN DIE WOORD, GEMEENSKAPLIKE GEBED, DOOP EN DIE NAGMAAL – IS VAN DIE UNIVERSELE OF GEMEENSKAPLIKE FAKTORE IN DIE CHRISTELIKE TRADISIE

#### 9.4.2.3 Musiek

Musiek is een van die magtigste sielvormende kragte – dit bederf, ent in of bou op (Witvliet, 2001:101). Dit is veral waar van die musiek wat in die kerk gesing word, omdat hierdie musiek in die naam van God aangebied word. Liturgiese musiek is geestelike voeding – klaagliedere en liedere van hoop vorm die aanbidders as mense van geloof en hoop (Witvliet, 2001:102). Wanneer woorde faal, gee musiek die aanbidder iets om te sê. Musiek ent die aanbidders

verder in teen geestelike siekte deurdat dit die aanbidders met die volle rykdom van die evangelie vul (Witvliet, 2001:103). Witvliet (2001:104) wys daarop dat die geestelike voeding op drie maniere geskied:

1. VERSTANDELIKE VERBEELDING: Hoe meer die aanbidder se verstand beïndruk is deur die beeldende taal van die liedere, hoe meer vorm die beelde van die teks die mens se siel.
2. DIE FISIEKE VAN SING: Musiek vereis fisieke inspanning en daarom doen goeie musiek wat met fisieke inspanning gepaard gaan die siel goed (Witvliet, 2001:104).
3. DIE VORMING VAN EMOSIONELE RUIMTE: Musiek vorm die emosionele kontoere van die mens se godsdienstige ervaring (Witvliet, 2001:105). Die musiek wat gesing word vorm die affeksies van die siel, gee emosionele inhoud aan die teks en interpreteer die teks (Witvliet, 2001:105).

Tog moet ingedagte gehou word dat aanbidding nie bestaan ter wille van musiek nie – die doel van die liturgie en daarom die musiek is die verhouding wat die aanbidder met God in Jesus Christus deur die werk van die Heilige Gees het, te vertoon (Witvliet, 2001:107). 'n Primêre kriterium vir liturgiese musiek is of dit liturgiese handeling dien of in staat stel (Witvliet, 2001:107). Die hoogste doel vir liturgiese musiek is om volledige, bewustelike en aktiewe liturgiese deelname op die diepste vlak vir alle tipes mense moontlik te maak (Witvliet, 2001:108). Liturgiese musiek moet goed gestruktureer én in die omgangstaal wees, dit moet maklik vatbaar wees vir mense met min musikale, poëtiese of estetiese opleiding en ook goed genoeg gevorm wees om geestelike voedsel te verskaf (Witvliet, 2001:109). Sodoende kan musiek 'n verenigende uitwerking hê wat die gemeente aan mekaar bind (Witvliet, 2001:109).

### *9.4.3 Evaluering*

Witvliet se bydrae lewer die volgende perspektiewe vir die atmosfeer in die erediens:

- Die klem daarop dat aanbidding oor God gaan, is positief. Tereg wys hy op die gevaar dat die erediens gebou word rondom die elemente van aanbidding sonder dat ware aanbidding plaasvind. Vir die atmosfeer is dit belangrik omdat die atmosfeer uiteindelik nie 'n doel op sy eie mag wees nie, maar die ware aanbidding moet dien. Die fokus moet dus nie val op die atmosfeer as losstaande entiteit nie, maar op God en hoe die atmosfeer ware aanbidding kan ondersteun.

- Witvliet se insigte oor die wisselwerking tussen die liturgie en die kultuur is belangrik. Die atmosfeer moet hierdie wisselwerking verreken en positief aanwend. Die erediens mag

nie verval in een van die uiterstes van totaal vreemd en irrelevant óf totaal alledaags en verskraal nie. Die atmosfeer moet die aanbidder binne 'n ervaring van "in die wêreld, maar nie van die wêreld nie" bring.

- Musiek speel 'n belangrike rol in die atmosfeer in die erediens, omdat dit, soos Witvliet tereg opmerk, selfs meer as woorde kan sê. Die musiek bring die emosionele sy van die aanbidder in die erediens en skep belewenisse.
- Die musiek betrek verder die aanbidders deurdat hulle self deelneem – in hulle verbeelding, maar ook fisiek. Die musiek bou verder die eenheidsgevoel, wat belangrik is vir die atmosfeer.
- Witvliet lê klem daarop dat die musiek in die erediens verstaanbaar en singbaar moet wees, sodat die gemeente kan deelneem en kan beleef. Dit is wesentlik vir die atmosfeer.

# 10 SAMEVATTING

Die verloop van die atmosfeer in die erediens deur die geskiedenis kan kortliks soos volg opgesom word:

- Gedurende die TWEEDE EEU is gepoog om die erediens steeds so na as moontlik aan die erediens van die eerste gemeentes te hou. God en Jesus Christus het sentraal gestaan en die atmosfeer is gekenmerk deur liefde, warmte, ontvanklikheid, verstaanbaarheid en feestelikheid. Deelname was belangrik en het veral in die sang en gebede gerealiseer.
- Na die Christelike geloof deur Konstantyn tot staatsgeloof verklaar is, het die kerk RYKSKERK geword. Dit het positiewe gevolge vir die atmosfeer gehad, deurdat die nuwe vryheid kerkgeboue met groot prag en luister toegelaat het, met eredienste waar simboliese voorwerpe en rituele openlik vertoon kon word. Ongelukkig het dit ook daartoe gelei dat God uit die sentrum van die erediens verskuif is om vir die priester en sy offerhandelinge plek te maak. Omdat dit in 'n vreemde taal (Latyn) geskied het, het die aanbidders blote toeskouers geword wat later nie eers verstaan het wat gesê is nie. Van deelname was daar weinig sprake. Begrip, warmte, liefde en erkenning het ontbreek.
- Tydens die MIDDELEEUE het die erediens rondom die Mis gedraai. Die gebrek aan deelname is verstewig deurdat die priester met sy rug na die gemeente gestaan het. Soms het die Mis selfs sonder die teenwoordigheid van die gemeente geskied. Die erediens was 'n ontmoeting tussen die priester en God sonder dat die gemeente dit kon

sien, hoor of verstaan. Hulle het ook geen aandeel aan die erediens gehad nie. Nòg God, nòg die medegelowige is in die erediens ontmoet.

- Die REFORMASIE het in reaksie op hierdie erediens gekom en probeer om terug te keer na die Skrif en die eerste kerk. Groot klem is gelê op deelname in die erediens, op die sentrale plek wat God en Jesus Christus moet inneem en op die verstaanbaarheid van die erediens. Die erediens is gehou in die taal van die mense. Die algemene priesterskap van die gelowiges is beklemtoon en gevolglik is gepoog om ruimte te skep vir die gebruik van gawes. Die Reformasie was egter tog 'n reaksiebeweging en het die rasionele ten koste van die emosionele en affektiewe beklemtoon.
- Hierdie oorbeklemtoning van die rasionele het tydens die MODERNISME 'n hoogtepunt bereik. Hierdeur het die erediens 'n intellektuele gebeurtenis geword. Individualisme, rasionalisme, oorsaak-gevolg en logiese denke word die klimaat van die samelewing en ook die erediens.
- Hierdie manier van dink is sedert die tweede helfte van die 20$^{ste}$ eeu stelselmatig deur die POSTMODERNISME, gekenmerk deur relativisme verdryf. Groter klem word gelê op die belewenis en die emosionele, as op die rasionele. Die individualisme is vervang met 'n meer korporatiewe lewensuitkyk, wat ook in die erediens gereflekteer word. Omdat daar nie meer net een objektiewe waarheid of manier van doen is nie, moet die erediens juis ruimte skep vir verskillende aksente, idiome en belewenisse.
- Die LITURGIESE BEWEGING het hierby aangesluit en die herinneringselement in die erediens sterk is beklemtoon. Hernieude pogings is aangewend om die vroeë kerk as model te herontdek en dan die beginsels binne die eietydse konteks toe te pas.
- Die werk van enkele 21$^{STE}$ EEUSE TEOLOË wys dat hierdie proses voortduur. Daar word steeds gestreef na 'n balans tussen die rasionele en affektiewe kante van die atmosfeer in die erediens, tussen wêreldvreemd en wêreldgelyk. Daar is 'n hernieude belangstelling in estetiese elemente, die gebruik van musiek en sang en simbole en rituele.

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die atmosfeer in die erediens deur die geskiedenis baie gewissel het. Hoewel daar heelwat laagtepunte was, was daar ook periodes waar teruggekeer is na die Bybel en die Vroeë Kerk ten einde die beginsels opnuut te ontdek. Die gevare wat duidelik uit die geskiedenis blyk, is:

- Om die mens die middelpunt van die erediens te maak. Wanneer die erediens antroposentries in plaas van teosentries verstaan en ingerig word, ontaard die erediens.

- Om die Skrifbeginsels te verwaarloos. Wanneer die erediens nie rekening hou met die openbaarde beginsels en waarhede nie, gaan die atmosfeer verlore.
- Om die erediens werklikheidsvreemd in te rig. Wanneer gebruike wat nie relevant vir die samelewing en verstaanbaar vir die erediensgangers is nie ingestel en aan vas gehou word, verloor die erediens die regte atmosfeer.

Uiteindelik is die les uit die geskiedenis dat die regte atmosfeer en inrigting van die erediens slegs plaasvind wanneer die erediens ingerig word:

- Met God in die sentrum
- Volgens die beginsels wat Hy in sy Woord leer
- Toegepas en vormgegee vir die mens en tyd waarin aanbid word.

# 7

# BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

## 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die gegewens van hoofstukke 4 tot 6 bymekaargebring word om uiteindelike tot sekere basisteoretiese beginsels te kom. In Deel 3, wat hierop volg, gaan hierdie basisteoretiese beginsels deur naasliggende wetenskappe verhelder en in die praktyk getoets word.

## 2 DIE GEGEWENS TOT DUSVER

### 2.1 HOOFSTUK 4: 1 KORINTIËRS 11-14

#### *2.1.1 Afleidings uit 1 Korintiërs 11-14*

Uit 1 Korintiërs 11-14 kan die volgende afleidings in verband met atmosfeer in die erediens gemaak word:

- In die erediens is God teenwoordig. Daarom moet die atmosfeer ook God se teenwoordigheid openbaar. Dit beteken dat die erediens nie bloot 'n gewone menslike byeenkoms is nie en mag dit ook nie so ingerig word nie. Die atmosfeer moet een van heiligheid en gewydheid wees.

- Tog is dit duidelik dat die erediens nie in 'n onverstaanbare mistiek mag verval waar dit wat gebeur vreemd en intimiderend is vir buitestanders en ongelowiges nie. Daarom moet die atmosfeer sodanig wees dat vreemdelinge tuis voel, welkom voel en nadergetrek word. Dit impliseer warmte, vriendelikheid en veral liefde. Liefde is die belangrikste eienskap van die erediens.
- Hoewel dit in die erediens oor die aanbidding van die ewige, onveranderlike God gaan, moet die erediens sover moontlik by die algemeen aanvaarde samelewingsnorme en gebruike aanpas en mag dit nie werklikheidsvreemd wees nie.
- In die erediens moet ruimte geskep word om die verskillende gawes te kan gebruik, soms selfs spontaan, wat beteken dat die atmosfeer dit moet toelaat en aanmoedig. Dit beteken 'n atmosfeer waar mense tuis voel en gemaklik is.
- Hoewel die erediens ruimte moet skep vir verskeidenheid en die gebruik van verskillende gawes, moet alles ordelik geskied. Hierdie orde gaan met harmonie gepaard en daarom moet 'n atmosfeer van vrede in die erediens heers.
- Tog moet die erediens nie net verskeidenheid erken en bemagtig nie, maar ook die eenheid beklemtoon en verstewig. Dit is belangrik dat die atmosfeer in die erediens versoenend en samebindend en nie verdelend en skeidend is nie.
- Die erediens het gevolglik 'n belangrike pastorale dimensie waar die atmosfeer onderlinge sorg, opbou, bemoediging en vertroosting moet fasiliteer.
- Simbole en simboliese handelinge is belangrik in die erediens omdat dit nie net 'n boodskap oorbring nie, maar ook atmosfeer skep. Hierdie atmosfeer moet verenigend en uitnodigend wees en nie skeiding bring nie.
- Omdat die erediens in sy wese 'n ontmoeting met God is, is dit belangrik dat die atmosfeer die gemeente se gedagtes op God en nie op mense nie rig en fokus. Aanbidding in die erediens moet tot eer van God geskied, anders ontaard die erediens in mensbewondering en in jaloesie op verskillende gawes in plaas van 'n ontmoeting met die God wat dit alles gegee het.
- Omdat kennis maar ten dele is, sal 'n erediens nooit volmaak wees nie,. Daarom moet die atmosfeer kreatiewe deelname en denke stimuleer en ruimte maak vir innovasie ten einde nader te kom aan die eendagse volmaaktheid.
- Dit is belangrik dat alles in die gemeente verstaanbaar is – selfs vir die ongelowige of die onvolwasse (geestelik en / of ouderdom!) gelowige. Die atmosfeer moet juis sulkes nader

trek en omarm, sodat ook hulle daartoe kan kom om die Here te ontmoet. Daarom mag die erediens juis húlle nooit verveel, intimideer of wegdryf nie.

- Die atmosfeer in die erediens is nie eenvormig deur die verloop van die erediens nie. So is daar geleenthede waar die atmosfeer die teenwoordiges aanspreek, geleenthede waar hulle op hulle knieë in aanbidding gedwing word, geleenthede waar hulle hulle harte verhef in lofprysing, geleenthede waar hulle onderrig word, geleenthede waar hulle tot belydenis aangevuur word, ensovoorts. Verskillende momente vereis 'n verskillende atmosfeer.

### *2.1.2 Basisteoretiese beginsels uit 1 Korintiërs 11-14*

Na aanleiding van 1 Korintiërs 11-14 kan die volgende basisteoretiese beginsels oor die atmosfeer in die erediens gemaak word:

- Dit is belangrik dat die aanbidder in die erediens God se teenwoordigheid ervaar, op Hom fokus en Hom ontmoet.
- In die erediens moet almal (gelowiges en ongelowiges) welkom en tuis voel. Die erediens moet almal uitnooi en nader trek om uiteindelik in God se teenwoordigheid te wees.
- Die erediens moet ruimte skep vir elke aanbidder om deel te neem volgens die gawes wat die Heilige Gees vir hom/haar gegee het.
- Alle teenwoordiges moet die eenheid met God en met mekaar ervaar. Hierdie eenheid word veral in 'n atmosfeer van liefde gekonkretiseer.
- 'n Atmosfeer van vreedsame orde moet in die erediens heers waarin wat gebeur sinvol en verstaanbaar is.
- Die aanbidders moet ook pastoraal versterk, ondersteun en gebou word.
- In die erediens moet die mens in sy totaliteit betrek word. Dit sluit ook die meer kreatiewe en emosionele kante van die persoon in.

## 2.2 HOOFSTUK 5: DIE RES VAN DIE SKRIF

Hoofstuk 5 het die soeklig op die res van die Skrif laat val en uiteindelik is die volgende afleidings gemaak:

- God begin en neem alle inisiatief. Hy beveel die volk om saam te kom. Hy bepaal ook hoe, waar en wanneer hulle moet byeenkom. Hy gee aan die byeenkomste die inhoud, doel en wese – en in die laaste instansie vloei dit uit Hom en is dit op Hom gerig. God staan in die middelpunt en alles draai om Hom.

- Aanbidding gaan in die eerste plek oor die eer van God. Hy staan sentraal en Hy moet ontmoet word. Dit beteken dat 'n atmosfeer van heiligheid en opregte eerbied moet heers. Die atmosfeer moet die aanbidder voor die heiligheid van God bring en behoort tot eerbied en ootmoed te lei.

- In die erediens moet die sentrale heilsfeite van Jesus Christus se kruisiging en opstanding 'n sentrale plek inneem. Weens hierdie heilsgebeure kan aanbidding direk tot God geskied, sonder die noodsaak van tussengangers. Dit verleen aan die erediens 'n persoonlike en intieme atmosfeer.

- Ware aanbidding impliseer aanbidding deur die Heilige Gees en die atmosfeer behoort die bewustheid van die Gees se teenwoordigheid en werking te fasiliteer en ruimte te bied vir 'n al groter vervulling deur die Heilige Gees.

- Die doel van die aanbidding is om die aanbidder in die regte verhouding tot God te plaas. Dit noodsaak 'n atmosfeer van vreugde weens die versoening wat die aanbidder van God ontvang. Hierdie vreugde en blydskap vind uitdrukking in lofprysing, wat moontlik met fisieke uitdrukkings van vreugde gepaard kan gaan.

- Die erediens is 'n korporatiewe aanbidding waar verskillende persone met verskillende gawes 'n belangrike rol speel. Erkenning vir die ander teenwoordig en ruimte vir die gebruik van hulle gawes is daarom belangrik. Die atmosfeer in die erediens moet so vriendelik en verwelkomend wees dat aanbidders gemaklik is om hulle gawes ook in die erediens uit te leef.

- Die erediens moet gekenmerk word deur liefde. Die erediens is in sy wese 'n korporatiewe, gesamentelike byeenkoms waar liefde en warmte teenoor mekaar betoon word.

- In die aanbidding is daar 'n sterk gerigtheid op die naaste. Dit sluit familie en gelowiges in, maar ook die vreemdelinge en buitestanders. Die atmosfeer moet sodanig wees dat hulle welkom en tuis voel, deel voel en liefde en warmte ervaar.
- Die sintuie speel 'n belangrike rol in die aanbidding. Aanbidding is iets wat gesien, gehoor, gevoel, geproe en geruik word.
- Die simboliese is baie belangrik. Hier word simboliese dinge, soos instrumente, argitektuur, ensovoorts, maar ook simboliese handelinge wat gedóén word, ingesluit.
- In die erediens is verstaanbaarheid en orde belangrik. Aanbidding vind plaas binne 'n atmosfeer van orde, duidelikheid en verstaanbaarheid wat deelname en begrip bevorder.
- Musiek speel 'n belangrike rol. Dit sluit sang, begeleiding, instrumentale bediening en musikale profesie in.
- In die erediens moet ruimte geskep word vir kreatiwiteit en spontaneïteit deur 'n atmosfeer wat dit aanmoedig en moontlik maak.

## 2.3 HOOFSTUK 6: DIE GESKIEDENIS

Hoofstuk 6 het die geskiedenis ondersoek ten einde te evalueer in watter mate hierdie beginsels behou, verloor of herwin is. Die volgende tendense is geïdentifiseer:

- Gedurende die TWEEDE EEU is gepoog om die erediens steeds so na as moontlik aan die erediens van die eerste gemeentes te hou. God en Jesus Christus het sentraal gestaan en die atmosfeer is gekenmerk deur liefde, warmte, ontvanklikheid, verstaanbaarheid en feestelikheid. Deelname was belangrik en het veral in die sang en gebede gerealiseer.
- Na die Christelike geloof deur Konstantyn tot staatsgeloof verklaar is, het die kerk RYKSKERK geword. Dit het positiewe gevolge vir die atmosfeer gehad, deurdat die nuwe vryheid kerkgeboue met groot prag en luister toegelaat het, met eredienste waar simboliese voorwerpe en rituele openlik vertoon kon word. Ongelukkig het dit ook daartoe gelei dat God uit die sentrum van die erediens verskuif is om vir die priester en sy offerhandelinge plek te maak. Omdat dit in 'n vreemde taal (Latyn) geskied het, het die aanbidders blote toeskouers geword wat later nie eers verstaan het wat gesê is nie. Van deelname was daar weinig sprake. Begrip, warmte, liefde en erkenning het ontbreek.
- Tydens die MIDDELEEUE het die erediens rondom die Mis gedraai. Die gebrek aan deelname is verstewig deurdat die priester met sy rug na die gemeente gestaan het.

Soms het die Mis selfs sonder die teenwoordigheid van die gemeente geskied. Die erediens was 'n ontmoeting tussen die priester en God sonder dat die gemeente dit kon sien, hoor of verstaan. Hulle het ook geen aandeel aan die erediens gehad nie. Nòg God, nòg die medegelowige is in die erediens ontmoet.

- Die REFORMASIE het in reaksie op hierdie erediens gekom en probeer om terug te keer na die Skrif en die eerste kerk. Groot klem is gelê op deelname in die erediens, op die sentrale plek wat God en Jesus Christus moet inneem en op die verstaanbaarheid van die erediens. Die erediens is gehou in die taal van die mense. Die algemene priesterskap van die gelowiges is beklemtoon en gevolglik is gepoog om ruimte te skep vir die gebruik van gawes. Die Reformasie was egter tog 'n reaksiebeweging en het die rasionele ten koste van die emosionele en affektiewe beklemtoon.
- Hierdie oorbeklemtoning van die rasionele het tydens die MODERNISME 'n hoogtepunt bereik. Hierdeur het die erediens 'n intellektuele gebeurtenis geword. Individualisme, rasionalisme, oorsaak-gevolg en logiese denke word die klimaat van die samelewing en ook die erediens.
- Hierdie manier van dink is sedert die tweede helfte van die 20$^{ste}$ eeu stelselmatig deur die POSTMODERNISME, gekenmerk deur relativisme verdryf. Groter klem word gelê op die belewenis en die emosionele, as op die rasionele. Die individualisme is vervang met 'n meer korporatiewe lewensuitkyk, wat ook in die erediens gereflekteer word. Omdat daar nie meer net een objektiewe waarheid of manier van doen is nie, moet die erediens juis ruimte skep vir verskillende aksente, idiome en belewenisse.
- Die LITURGIESE BEWEGING het hierby aangesluit en die herinneringselement in die erediens sterk is beklemtoon. Hernieude pogings is aangewend om die vroeë kerk as model te herontdek en dan die beginsels binne die eietydse konteks toe te pas.
- Die werk van enkele 21$^{STE}$ EEUSE TEOLOË wys dat hierdie proses voortduur. Daar word steeds gestreef na 'n balans tussen die rasionele en affektiewe kante van die atmosfeer in die erediens, tussen wêreldvreemd en wêreldgelyk. Daar is 'n hernieude belangstelling in estetiese elemente, die gebruik van musiek en sang en simbole en rituele.

Dit is dus duidelik dat die atmosfeer in die erediens deur die geskiedenis baie gewissel het. Hoewel daar heelwat laagtepunte was, was daar ook periodes waar teruggekeer is na die Bybel en die Vroeë Kerk ten einde die beginsels weer te ontdek. Die gevare wat duidelik uit die geskiedenis blyk, is:

- Om die mens die middelpunt van die erediens te maak. Wanneer die erediens antroposentries in plaas van teosentries verstaan en ingerig word, ontaard die erediens.
- Om die Skrifbeginsels te verwaarloos. Wanneer die erediens nie rekening hou met die openbaarde beginsels en waarhede nie, gaan die atmosfeer verlore.
- Om die erediens werklikheidsvreemd in te rig. Wanneer gebruike wat nie relevant vir die samelewing en verstaanbaar vir die erediensgangers is nie ingestel en aan vas gehou word, verloor die erediens die regte atmosfeer.

Uiteindelik is die les uit die geskiedenis dat die regte atmosfeer en inrigting van die erediens slegs plaasvind wanneer die erediens ingerig word:

- Met God in die sentrum
- Volgens die beginsels wat Hy in sy Woord leer
- Toegepas en vormgegee vir die mens en tyd waarin aanbid word.

## 3 BASISTEORETIESE BEGINSELS VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Na aanleiding van alles tot dusver kan die volgende basisteoretiese beginsels oor atmosfeer in die erediens afgelei word: (Vir gebruik in die res van die studie word hulle as BT (Basisteorie) 1-10 genommer)

BT 1. In die erediens moet God ontmoet word. Dit beteken dat die atmosfeer sodanig moet wees dat die aanbidder op Hom gerig word en sy teenwoordigheid ervaar. Dit impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, 'n atmosfeer wat dit duidelik maak dat die erediens nie maar net 'n menslike byeenkoms is nie, maar 'n ontmoeting met die een, ware God.

BT 2. Hierdie besef moet ook deur die atmosfeer die aanbidder tot eerbied en ontsag bring. Dit word beklemtoon in die begrip '*erediens*' – diens tot eer van God.

BT 3. Die erediens mag nie verval in 'n onverstaanbare, misterieuse handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is van kardinale belang in die erediens.

BT 4. Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite.

BT 5. Hierdie liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig.

BT 6. Die erediens moet so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie.

BT 7. Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydskap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God.

BT 8. Hierdie atmosfeer moet juis die teenwoordiges aanmoedig tot en ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal.

BT 9. Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens die kerklike jaar, gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is.

BT 10. Die atmosfeer word onder andere geskep deur die liturgiese ruimte waarbinne die erediens plaasvind, simbole en rituele, fisieke beweging en gebare, musiek en sang en die gebruik van verskillende sintuie.

In Deel 3 word ondersoek in watter mate naasliggende wetenskappe van waarde kan wees in die daarstel van só 'n atmosfeer en word verskillende tradisies en gemeentes ondersoek ten einde vas te stel in watter mate die basisteoretiese beginsels in die praktyk realiseer.

# DEEL 3

## metateoretiese perspektiewe op atmosfeer in die erediens

**8**

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE UIT NAASLIGGENDE WETENSKAPPE

## 1 INLEIDING

Die prakties-teologiese *"handlungswissenchaftliches Model der Korrektur Christliches Praxis"* van Zerfass (1974:164-177) dien as agtergrond vir hierdie studie. Zerfass neem die kommunikatiewe handelinge van die kerklike praxis as studieterrein en noem dit die Praktiese Teologie. Hy fokus dus op die kommunikasie en kommunikasiehandelinge in die kerk. Zerfass bied in sy siening van die studie van die Praktiese Teologie 'n plek vir refleksie vanuit die kerklike tradisie oor die ontstaan van bepaalde kommunikatiewe handelinge in die kerk (Venter, 1995:181).

Volgens die model van Zerfass is die hermeneutiese wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels (Hoofstuk 7) en die situasie-werklikheid krities vir die ontwerp van 'n nuwe praktykteorie (vergelyk Dreyer, 2003:82). Alvorens die praktykteoretiese riglyne daargestel word, moet die metateoretiese perspektiewe eers deur middel van 'n empiriese studie getoets word.

Heyns (1990:37) wys daarop dat die metateorie verstaan moet word as 'n teorie waarin wetenskaplike raakvlakke met ander wetenskappe bestaan. So kan vakke wat dieselfde werklikheidsvlak het, ondersoek word. Heystek (2000:127) meen dat kennis van ander wetenskappe ingespan kan word om 'n ware beeld van die werklikheid te kry. Dit is die doel van Deel 3: Metateoretiese Perspektiewe op Atmosfeer in die erediens.

- Eerstens gaan deur middel van 'n literatuurondersoek die raakvlakke tussen Kommunikasiekunde, Kognitiewe wetenskappe, Simbole, Musiek, Argitektuur en Multimedia en die *Atmosfeer in die erediens* getrek word. Dit word in hierdie hoofstuk (Hoofstuk 8) gedoen. In die afleidings word die verband met die Basisteoretiese beginsels van Hoofstuk 7 telkens aangedui.
- Daarna word daar tot 'n gevolgtrekking gekom oor die funksionering van die *Atmosfeer in die erediens* in kerke vandag. Dit word in Hoofstuk 9 deur middel van 'n empiriese ondersoek gedoen.

# 2 KOMMUNIKASIEKUNDE

## 2.1 INLEIDING

Praktiese teologie ondersoek *begrip*: om God te leer ken, om die Bybelse boodskap toe te eien en die godsdienstige handelinge wat daarmee saamgaan (Pieterse, 2001:8). Begrip is in wese 'n kommunikasieproses. Praktiese teologie is daarom die studie van kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie binne die konteks van die moderne samelewing (Pieterse, 1993:2). Die erediens self is 'n kommunikatiewe handelingsruimte (Vos & Müller, 1991:86), waarbinne God met die gemeente kommunikeer en die gemeente met God en met mekaar. Die gemeente is verder 'n kommunikatiewe gemeenskap, 'n kommunikasienetwerk wat gebou is op die verbondsgedagte – as verbondskinders moet die gemeente die verhoudinge met God en met mekaar bou in die ruimte van die erediens (Pieterse, 2002:94) Daarom is dit belangrik om ook na die kommunikasiekunde te kyk vir perspektiewe oor die atmosfeer in die erediens.

## 2.2 KOMMUNIKASIETEORIEË

### *2.2.1 Begripsomskrywing*

Die woord *kommunikasie* kom van die Latynse woord *communis*, wat beteken "om te deel, om gemeenskaplik te maak". Wanneer mense kommunikeer, skep, onderhou en verander hulle gemeenskaplike maniere van leef (Schultze, 2000:19). Binne die kommunikasiekunde word verskillende begrippe gebruik om meer oor die kommunikasieproses mee te deel (vergelyk De Wet, 2003:73):

1. **sintaktiek** is 'n studie oor tekens as kodes wat die sigbare en hoorbare draers van boodskappe is;
2. **semantiek** bestudeer tekens wat as simbole gesien word;
3. **pragmatiek** is die studie van tekenverkeer in beweging waar die dinamiek van die kommunikasieproses en die reëls en wette wat die proses beheer en beïnvloed, ondersoek word – met ander woorde die "hoe" van kommunikasie.
4. **semiotiek** is die wetenskap wat die proses van betekenisgewing in kommunikasie bestudeer deur alle kulturele prosesse, waarin die betekenisgewing by die waarnemer berus, binne die konteks of sisteem waarin die gebeure of tekens plaasvind (byvoorbeeld die gemeente as proses en as simbool) te ondersoek.

### *2.2.2 Bron-boodskap-bestemming*

Schramm (1972:13) wys daarop dat kommunikasie gerig is op die oordra van **inligting** om 'n bepaalde **effek** te hê. Geslaagde kommunikasie is gebou op 'n bepaalde **verhouding.** Hierdie verhouding is die sentrale moment in die kommunikasieproses en die wese daarvan is "*being 'in tune' with each other, focussing on the same information*" (Schramm, 1972:14). Hierdie proses van kommunikasie kan grafies soos volg voorgestel word (vergelyk Hanekom, 1995:33):

| **BRON ➔ KODEERDER ➔ BOODSKAP ➔ DEKODEERDER ➔ BESTEMMING** |
|---|

**Inligting** afkomstig van 'n bepaalde **bron** word deur die **sender** met behulp van kodes, tekens of simbole in 'n bepaalde **boodskap** saamgevat en met behulp van 'n bepaalde **medium** na 'n **ontvanger** of bestemming versend.

Volgens Erasmus en andere (1996:4-5) bestaan die elemente van kommunikasiemodelle uit 'n sender, kodering, 'n boodskap, 'n ontvanger, dekodering, kanaal of medium, terugvoering en steurnisse.


### *2.2.3 Dingemans se drie soorte kommunikasie*

Dingemans (1991:141-152) onderskei op grond van die aard van kommunikasie tussen:

1. lineêre kommunikasie;
2. sirkulêre kommunikasie; en
3. interaksionele simboolkommunikasie.

2.2.3.1 Lineêre Kommunikasie

Om die lineêre kommunikasie te verduidelik verwys Dingemans na C Shannon en W Weaver se diagram: Lineêre kommunikasie:




*Lineêre Kommunikasie*
*(Dingemans, 1991:142)*

Die sender (S) kodeer 'n gedagte of saak (M1) vanuit 'n eie verwysingsraamwerk tot 'n boodskap (M2) en versend dit deur 'n kanaal (C) na die hoorder (R) wat die boodskap dekodeer (M3) en interpreteer binne 'n eie verwysingsraamwerk (M4). Hierdie proses kan versteur (N) word. Vir kommunikasie om effektief te wees moet daar ooreenkomste tussen die sender en hoorder met betrekking tot die taal of simboliek wees. Hoe minder die ooreenkomste is hoe

minder sal die hoorder die sender verstaan. Die groot swakheid van hierdie model is volgens Pieterse (1985:32) dat dit 'n eenrigtingverkeer veronderstel en dat kommunikasie dus nie as dinamiese proses beskou word nie. Die ontvanger word wel bereik, maar bloot as teiken. Omdat hierdie model van kommunikasie egter staties is, word dit as onbevredigend bestempel (Nagel en De Klerk, 2004:222).


In die erediens vind kommunikasie hoofsaaklik lineêr plaas. Vir hierdie kommunikasie om effektief plaas te vind is dit belangrik dat die ooreenkomste tussen die hoorders en die sprekers groot is. Daarom is dit so belangrik dat die taalgebruik, die simbole en rituele en al die handelinge in die erediens verstaanbaar is (BT 3, BT10). Maar die atmosfeer is ook belangrik om die hindernisse te beperk en sover moontlik uit die weg te ruim. In 'n vriendelike, verwelkomende, aangename atmosfeer waar die aanbidder tuis voel, onbedreig voel, rustig kan wees sonder onnodige afleidings (BT 5) en in 'n atmosfeer waar eerbied, ontsag, vreugde en opgewondenheid heers (BT 2, BT 7), kan hierdie kommunikasie die effektiefste plaasvind.

2.2.3.2 Sirkulêre Kommunikasie

Sirkulêre kommunikasie beklemtoon dialogiese kommunikasie. Die sender begin die gesprek en die hoorder reageer, waarop die sender weer reageer, ensovoorts. Op hierdie wyse word daar nader aan die verstaan van die teks beweeg. Die onderwerp is in hierdie geval nie altyd van uiterste belang nie, maar die soeke na gemeenskaplikheid, belangstelling en gevoelens. In sirkulêre kommunikasie verwissel sender (S) en ontvanger (R) voortdurend rolle. Hulle is beurtelings spreker en luisteraar. Tog is hierdie kommunikasieproses dinamies. Dit is nie 'n heen-en-weer proses nie, maar geskied in die vorm van 'n spiraal (Pieterse, 1990a:58). Die dialoog tussen die kommunikeerders geskied gelyktydig, al sou net een op 'n keer aan die woord wees.

Die oorspronklike gedagte en die interpretasie daarvan verander sodat die twee gespreksgenote mekaar al hoe meer verstaan om tot 'n gemeenskaplike insig oor die saak te kan kom. As daar geen terugkoppeling is nie, kan kommunikasie misluk omdat die ontvanger die boodskap verkeerd kan interpreteer of selfs kan weier om te luister (Pieterse, 1985:166). Een saak wat 'n invloed uitoefen, is die hoorder se voorverstaan voor die kommunikasieproses (Pieterse, 1991:105). 'n Boodskap wat hiermee bots, sal makliker deur die hoorder verwerp word. Hierdie metode is veral van belang in 'n multi-kulturele situasie om tot gemeenskaplike handeling te kom. Pieterse (1998b:185) wys daarop dat godsdienstige kommunikasie, vanuit

die perspektief van Jesus se kommunikatiewe handelinge, in al sy fasette vry moet wees van oorheersing. *"It should be conducted on an equal footing with the freedom of every participant to bring her/his own perspectives, interpretations and ideas to the communication on, and of, our faith."* (Pieterse, 1998b:185)




*Sirkulêre Kommunikasie*
*(Dingemans, 1991:149)*

Die verskil tussen sirkulêre (dialogiese) kommunikasie en lineêre (outoritêre) kommunikasie kan soos volg uiteengesit word: (Pieterse, 1998b:186-187)

| **SIRKULÊR (DIALOGIES)** | **LINEÊR (OUTORITÊR)** |
|---|---|
| *OPVATTING VAN DIE ANDER/VENNOOT IN KOMMUNIKASIE* | |
| Gee betekenis aan die boodskap en | Gedrag as produk van faktore wat inspeel |

| | |
|---|---|
| reageer daarop | op die organisasie |
| Verdedig die ander teen vernedering en verwoesting | Sien die ander as 'n potensiële bekeerling tot 'n eie idee |
| Aktiewe deelnemer<br>Mede-gelowige | Ontvanger<br>Deel nie die korrekte sienings nie |
| *KOMMUNIKASIESITUASIE* | |
| Oorheersingvry | Dominant (spreker) |
| Pastoraal | Nie-pastoraal |
| Evangelie-georiënteerde kommunikasie | Manipulerende kommunikasie |
| Betrokke in godsdienstige byeenkoms | Buitestander |
| *DOEL VAN KOMMUNIKASIE* | |
| Bou van verhouding met mense/God | Geen verhoudingsbou |
| Laat eie oortuigings toe | Dominerende oorreding |
| Strewe na gemeenskaplike begrip | Kommunikeer slegs eie verstaan |
| Bevrydend | Nie-bevrydend |
| *VORM VAN KOMMUNIKASIE* | |
| Dialogiese benadering | Monologiese benadering |
| Wisseling van rolle | Sien slegs eie posisie |
| Oop | Voorskriftelik |
| Kommunikasie op 'n gegewe oomblik as stap in die proses | Kommunikasie van Enigste Waarheid |
| *INHOUD VAN KOMMUNIKASIE* | |
| Sentraliteit van liefde/barmhartigheid | Veroordelend teenoor |

| | |
|---|---|
| | kommunikasievennote |
| Goeie nuus van God | Moralisme |
| Bybelse boodskap oop vir gemeenskaplike verklaring | Bybelse boodskap rigied volgens die kommunikeerder se verklaring |
| Boodskap van bevryding deur God | Plaas nuwe laste op die kommunikasievennote |


Hoewel die erediens primêr 'n dialogiese kommunikasiegebeure is waar God en die mens in dialoog met mekaar staan (sien 2.7 hieronder), vind daar nie werklik sirkulêre kommunikasie in die erediens plaas nie, omdat die kommunikasie van die gemeente beperk word tot voorafopgestelde woorde (liedere) of woorde wat namens hulle gesê word (Skrifwoorde, gebede, belydenisse). Die aanbidders is wel in die proses betrokke in soverre hulle in hulle gedagtes betekenis gee aan die boodskappe, maar die ruimte om hierdie betekenisse te toets ontbreek. Indien die erediens ruimte kan maak vir groter gemeentedeelname, waar kreatiwiteit, spontaneïteit en individuele deelname geskied, kan sirkulêre kommunikasie 'n belangrike hulpbron word in die strewe na beter kommunikasie (BT 8). Hier kan veral gedink word in terme van die toepassing van die Woord in die lewe en die onderlinge meelewing en opbou van die gemeente.

2.2.3.3 Interaksionele Simboolkommunikasie

Die derde kommunikasiemodel waarna Dingemans (1991b:147-152) verwys, is interaksionele simboolkommunikasie. Interaksionele simboolkommunikasie kan ook indirekte kommunikasie genoem word. Hierdie manier van kommunikasie veronderstel dat daar 'n verbintenis van die hoorder en die spreker met 'n bepaalde saak is waaroor hulle saam wil gesels. Dit word ook die ABX-kommunikasiesisteem genoem.

Spreker A en die hoorder B is in die gesprek gerig op saak X. Die vraag is of die kommunikeerders A en B mekaar oor saak X reg verstaan. Tussen die sprekers vind 'n uitruiling van tekens en simbole plaas. A en B probeer vir mekaar inligting oor X gee om gevoelens en oordele oor X oor te dra. Beide A en B maak van simbole gebruik om die saak waaroor dit gaan te verwoord. Die tekens of simbole waarborg egter nie die korrekte oordra van betekenis nie, maar ontlok betekenis by die hoorder en roep betekenisgewing op. Die gebruik

van tekens en simbole is gewoonlik ingebed in 'n bepaalde kultuur en dit veronderstel dat daar deur sodanige middele tot die verstaan van bedoelinge en gevoelens gekom kan word. Die werklikheid word op 'n eie en intersubjektiewe manier geken. Daarom is die gerigtheid op X deur A en B tog van mekaar te onderskei vanweë intersubjektiwiteite wat by beide aanwesig is. Sodra daar dus na die gemeenskap met vele kulturele kante uitgereik word, veronderstel dit dat ook gewaak moet word vir misverstande in die oordrag van inligting soos by geloofsbemiddeling.




*Interaksionele Kommunikasie*
*(Dingemans, 1991:147)*

In die erediens, waar verskillende persone as aanbidders op een saak, God, gerig is, kan interaksionele simboolkommunikasie van groot waarde wees indien daar ruimte voor geskep word (BT 1, BT 10).

## 2.3 GERIGTHEID IN KOMMUNIKASIE

In die kommunikasieproses is daar dus drie basiese elemente: die kommunikeerder (sender of bron), die boodskap en die ontvanger (of bestemming). Kommunikeerders wat met die proses van kommunikasie besig is kan op enige een van hierdie drie aspekte fokus (vergelyk Kraft, 1999:19):


- Die kommunikeerder wie se primêre fokus HYSELF is, neig tot verwaandheid. Dit maak vir hom min saak of hy verstaan word en of die ontvangers waarde put uit die kommunikasie. Sy begeerte is om bewonder te word.
- Die kommunikeerder wat BOODSKAP-GEORIËNTEERD is, gee baie aandag aan hoe die boodskap geformuleer is. Hy is besorg oor presiese terminologie en korrekte woordgebruik, vir 'n elegant saamgestelde en goed gebalanseerde aanbieding van die boodskap. Die besorgdheid is minder vir of die ontvangers die boodskap verstaan en meer vir die veronderstelde akkuraatheid van die boodskap. Sy neiging is om tegniese presiese taal te gebruik, of so 'n taalgebruik nou verstaanbaar is vir die hoorders of nie, en vir 'n tegniese perfekte organisasie, of die hoorders die meeste deur so 'n aanbieding aangetrek word of nie.
- Die ONTVANGER-GEORIËNTEERDE kommunikeerder is versigtig om elke poging aan te wend om die ontvangers te ontmoet waar hulle is. Hy sal onderwerpe kies wat direk met die aanvoelbare nood van die ontvangers verband hou. Hy sal verder die aanbiedingsmetodes kies wat hulle aangryp en taalgebruik wat maksimaal vir hulle verstaanbaar is.

Een van die belangrikste vereistes vir geslaagde kommunikasie is dat daar ten minste 'n gedeeltelike oorvleueling in die verwysingsraamwerk van die kodeerder (sender) en dekodeerder (ontvanger) sal wees. Hierdie verwysingsraamwerk sluit sosiale konteks of situasie, kodes en tekens of simbole, asook hermeneutiese sleutels in (Schramm, 1972:33). Kommunikasie geskied eers wanneer die ontvanger die boodskap ontvang en verstaan soos wat die oorspronklike sender dit bedoel het (Browning & Reed, 1985:70).

## 2.4 KOMMUNIKASIEKATEGORIEË

Behalwe vir kommunikasieteorieë is dit belangrik om te let op die verskillende kommunikasiekategorieë. Met verwysing na Erasmus en andere (1996:5-20) word die volgende kommunikasiekategorieë onderskei:

1. INTRAPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE: Intrapersoonlike kommunikasie vind binne die denke van die mens self plaas. Dit sluit die skryf van 'n dagboek, beplanning van 'n aanbieding, nadink oor gebeure, dagdromery, ensovoorts in.
2. INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE: Interpersoonlike kommunikasie vind tussen persone in gesprekke, vergaderings en onderhoude plaas. Interpersoonlike kommunikasie word in (a) verbale en (b) nie-verbale kommunikasie verdeel. Die bemiddeling van geloof is 'n interpersoonlike of verhoudingsmatige proses en verloop dialogies tussen God en mens asook mense onderling.




*Interpersoonlike Kommunikasie*

*(Erasmus et al, 1996:8)*

a. Verbale kommunikasie: Verbale kommunikasie bestaan uit direkte en indirekte mondelinge en skriftelike kommunikasie.
b. Nie-verbale kommunikasie: Ratclif en Davies (1991:165) verwys na Albert Mehrabian se verslag wat sê dat as 'n verbale en nie-verbale boodskap nie korrespondeer nie, 93% van die mense op nie-verbale riglyne sal vertrou. Dit dui op die besondere trefkrag van nie-verbale kommunikasie omdat dit met soveel meer

dimensies van menswees te doen het. Erasmus en andere (1996:10 ev) onderskei tussen verskillende tipes nie-verbale kommunikasie wat ook semiologie genoem word.

- *Visuele semiologie:* Visuele semiologie bestaan uit liggaamsbewegings, grafieke of voorkoms. Dit sluit die volgende in:
  - ⇒ *kinesiek* soos gesigsuitdrukkings, gebare en houding;
  - ⇒ *proksemiek* wat 'n studie van afstand, ruimte of kontak in menslike kommunikasie is, byvoorbeeld die intieme sone, die persoonlike sone, die sosiale sone en openbare sone;
  - ⇒ *grafiese voorstellings* wat simbole, grafiese tekens, illustrasies, grafieke en lettertipes insluit;
  - ⇒ *kleur* wat in betekenis van kultuur tot kultuur kan verskil;
  - ⇒ *algemene voorkoms* soos netheid, haarstyl, klere sê baie oor die persoon se houding, selfvertroue, status, waardes en ambisie.
- *Akoestiese semiologie:* Akoestiese semiologie bestaan uit verskillende soorte klanke. *Paralinguistiek* is 'n studie van die toonhoogte, tempo, ritme, intensiteit en klem van die spraak. *Akoestiese semiologie* sluit verder tussenklanke (embalafrasia), musiek en stilte in.
- *Takesiek:* Takesiek is kommunikasie deur aanraking, byvoorbeeld 'n arm op 'n skouer of 'n vertroostende druk.

3. EKSTRAPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE: Kommunikasie wat tussen 'n persoon en 'n dier of voorwerp plaasvind, byvoorbeeld mense wat met hulle plante praat.
4. MASSAKOMMUNIKASIE: Massakommunikasie vind tussen 'n sender en 'n groot aantal mense plaas wat mekaar nie ken nie en word gewoonlik oorgedra deur die massamedia soos internet, televisie, radio, film, koerant ensovoorts.
5. PATIESE KOMMUNIKASIE: Dit is die gebruik van woorde om gevoel eerder as betekenis oor te dra, byvoorbeeld: "Goeiemôre! Hoe gaan dit?"

Vir die atmosfeer in die erediens is dit belangrik om bewus te wees van hierdie kommunikasiekategorieë. Te veel eredienste fokus slegs op verbale interpersoonlike kommunikasie. Hier kan maar net gedink word aan die hoeveelheid tyd wat in die be*woord*ing van preke gesit word, terwyl die nie-verbale interpersoonlike kommunikasie, soos byvoorbeeld die kleredrag, liggaamshouding, gebare, gesigsuitdrukkings en houding van die prediker te min aandag kry. Dit kan selfs gebeur dat die nie-verbale die verbale weerspreek, wat tot verwarring

en oneffektiewe kommunikasie lei. Intrapersoonlike, nie-verbale interpersoonlike en patiese kommunikasie moet in die erediens tot hulle reg kom (BT1-10).

## 2.5 KOMMUNIKASIEGAPING

Kommunikasie gaan oor 'n gaping en 'n brug (Kraft, 1999:5). Daar bestaan altyd 'n kommunikasiegaping tussen wesens wat met mekaar wil kommunikeer, of dit interaksies tussen twee mense is of tussen God en die mens. Om oor hierdie gaping te kom is 'n kommunikasiebrug nodig. Hierdie brug het twee kante – 'n bronkant en 'n ontvangerkant en beide moet goed verbind wees vir kommunikasie om plaas te vind.

In die erediens is dit God en die aanbidder wat kommunikeer en die aanbidders met mekaar en daarom is dit krities dat op beide partye gefokus word ten einde die kommunikasiegaping te oorkom (BT 1, BT 3).

## 2.6 KOMMUNIKASIEBEGINSELS

'n Paar belangrike kommunikasiebeginsels wat duidelik word uit die manier waarop God met die mens kommunikeer, is:

- Die doel van kommunikasie in om 'n *boodskap* oor te dra en nie sommer net om te beïndruk nie. Wanneer 'n voertuig vir kommunikasie aandag op homself vestig, gaan die boodskap verlore (Kraft, 1999:17). Daar is 'n verskil tussen *kommunikasie* en *uitvoering*. In kommunikasie is die boodskap belangrik, terwyl die boodskap in 'n uitvoering ondergeskik aan die uitvoering is. In die erediens moet God waarlik ontmoet word (BT1) – die erediens is veel meer as 'n uitvoering wat bygewoon en beleef word.
- Daar is 'n verskil tussen om *te verstaan* en om *te bewonder*. Hoewel dit belangrik is om God te bewonder, wil Hy uiteindelik verstaan word. Tereg merk Nida (1990:29) op dat die uiteindelike doel van God *"is not "to mystify the truth but to reveal it, not to hide verities behind historical accounts, but to face man with the truth in any and all literary forms which they can understand."* So was God se gebruik van mensetaal, van drome, van wonderwerke en gelykenisse juis ten einde sy boodskap verstaanbaar te maak. Daarom is dit so belangrik dat die aanbidder in die erediens sal verstaan wat gebeur (BT3).

- Kommunikasie impliseer respons (Kraft, 1999:18). God wil nie net kommunikeer en verstaan word nie – Hy verwag 'n respons op sy boodskap. Ook tydens die erediens is dit die geval en moet die atmosfeer dit fasiliteer (BT8).
- God fokus in sy kommunikasie op die ontvanger. Die metodes wat Hy kies, die taal wat Hy gebruik, die onderwerpe wat Hy aanspreek en die tye wanneer en plekke waar Hy mense ontmoet, wys dat God ontvanger-georiënteerd is (Kraft, 1999:20). Wat Hy ookal sê, of dit aangenaam of onaangenaam is, word só aangebied dat dit maksimum relevansie vir die ontvangers het. Daarom is dit ook by die erediens belangrik om die konteks van die aanbidders in ag te neem in die gebruik van taal, simbole, rituele, handelinge, selfs kleredrag en die argitektuur en inrigting van die kerkgebou (BT3, BT6, BT10).

## 2.7 DIE HEILIGE GEES

God gebruik gewone menslike kommunikasie beginsels in sy kommunikasie met mense (Hy het dit immers gemaak!), plus een ekstra element – die Heilige Gees (Kraft, 1999:15). Tog gebruik God juis die kommunikasiebeginsels in die kommunikasie en gaan Hy nie deur die Heilige Gees daar verby nie. Dit is egter slegs die Heilige Gees wat ware geloofskommunikasie kan moontlik maak (Kloppers, 1997:184). Daarom moet steeds gebid word om die koms en werking van die Gees om geslaagde kommunikasie te verseker. Veral tydens die erediens, wat in sy wese 'n ontmoeting met die Drie-enige God is, mag die werking van die Heilige Gees nie onderskat of onderbeklemtoon word nie (BT1).

## 2.8 DIE EREDIENS AS DIALOGIESE KOMMUNIKASIEGEBEURE

Verskeie denkers het deur die eeue daarop gewys dat *gesprek* die wesenlike element van alle menslike kommunikasie is – Sokrates, Plato, Kierkegaard (wat bekend staan as die vader van moderne kmmunikasiekunde), Gadamer (met sy dialogiese model vir kommunikasie) en andere (vergelyk Pieterse, 1991:10-18). Die wesenstruktuur van die erediens is dan ook 'n gesprek (Barnard, 1981:387). Jonker (1978:44) wys daarop dat die erediens dialogiese Waarheidskommunikasie is. Strydom (1994b:190) noem die erediens 'n "dialogiese gebeure". Daarom pas 'n dialogiese kommunikasieteorie as verklarende en rigtinggewende teorie vir die kommunikasie wat in die erediens geskied (vergelyk Pieterse, 1997a:15-27).

Hierdie gespreksmatige kommunikasie in die erediens vind plaas binne die verbondsverhouding (Strydom, 1994b:176). Vir mense van die verbond is gesprek 'n *houding* en 'n *verhouding*, omdat daar 'n sekere kwalitatiewe verhouding met God en met die medemens bestaan. Die mens staan in verhoudings – tot God, tot mekaar en tot die natuur. Die ontvangers in die kommunikasie is nie slegs ontvangers nie, maar is gelykwaardige vennote wat self betekenis gee aan die boodskap wat hulle ontvang (Kraft, 1999:55). Elke erediensganger is 'n gelykwaardige, bevryde en vrye aktiewe deelnemer aan hierdie gemeenskap en gevolglik aan die geloofskommunikasie in die erediens. Alle deelnemers word gesien as betrokkenes wat ten volle deel het en deelneem aan die gebeure waar God se heil meegedeel en gevier word (Pieterse, 1997a:24).

Die erediens as dialogiese kommunikasiegebeure noodsaak bewuste klem op die ontmoeting met die ware God (BT1), in 'n gebeure wat vir die aanbidder verstaanbaar is (BT3), waar hy tuis en gemaklik voel (BT4-6) en waar ruimte is om terug te kommunikeer (BT8).

## 2.9 BYDRAE VAN DIE KOMMUNIKASIEKUNDE

Vir die atmosfeer in die erediens is die volgende perspektiewe vanuit die kommunikasiekunde belangrik:

- In die erediens vind kommunikasie plaas: tussen God en die aanbidders en tussen die aanbidders onderling. Daarom kan die insette uit die kommunikasiekunde van waarde wees.
- Vir die atmosfeer is *semiotiek*, wat die gemeente, die erediens en hoe dit verstaan word bestudeer, belangrik (BT 3). [Dit is uiteindelik ook die doel van hierdie studie.]
- In kommunikasie is daar 'n bron, 'n boodskap en 'n ontvanger. Daar bestaan 'n kommunikasiegaping tussen die bron en die ontvanger en die doel van kommunikasie is om die boodskap oor hierdie gaping te kry. In die erediens is dit belangrik dat die fokus op al drie geplaas word. Daarom is dit belangrik om te ondersoek wie God en wie die aanbidder is, wat die konteks is waarbinne geleef word en wat die boodskap is wat oorgedra moet word. Vir die atmosfeer is dit belangrik dat hier balans is. Anders kan dit gebeur dat so op God gefokus word, dat die boodskap verlore gaan omdat die aanbidder nie in ag geneem is nie (BT 3). Andersyds kan so op die aanbidder gefokus word, dat die boodskap verdraai of verloor word omdat God nie in ag geneem is nie (BT 1).

- Vir geslaagde kommunikasie is dit nodig dat daar 'n gedeelde verwysingsraamwerk is (BT 3).
- Die erediens is 'n dialogiese kommunikasiegebeure waarin God en mens en mens en medemens met mekaar kommunikeer. Vir hierdie kommunikasie om effektief te wees, is dit belangrik dat die kommunikasie dialogies is, en dan veral sirkulêr. Dit noodsaak die deelname van die aanbidder in die erediens (BT8).
- In die erediens vind intrapersoonlike kommunikasie plaas wanneer die aanbidder binne homself kommunikeer. Dit is belangrik dat die atmosfeer hierdie kommunikasie moontlik maak (in terme van ruimte en tyd) en dit fasiliteer (in terme van vryheid en stimulasie) (BT 3, BT 4, BT 6, BT 8).
- Interpersoonlike kommunikasie vind verbaal en nie-verbaal plaas. Verbaal is die gesproke of gelese woord, wat verstaanbaar moet wees (BT 3). Nie-verbale kommunikasie vind plaas deur die sintuie, wat deur die atmosfeer beïnvloed word (BT 10).
- Geslaagde kommunikasie in die erediens is afhanklik van die werking van die Heilige Gees (BT 1).

# 3 KOGNITIEWE WETENSKAPPE

## 3.1 TWEE BREINHEMISFERE

Dit is belangrik om in kommunikasie en in die erediens die twee hemisfere van die brein in ag te neem. Vir leer om volledig te wees, moet altwee hemisfere aangespreek word (Bush, 2002:24). Elke mens het die vermoë om sy volle brein te gebruik. Om optimum prestasies te behaal is dit noodsaaklik dat soos wat die linkerbrein ontwikkel word vir analitiese denke, ook die regterbrein ontwikkel sal word vir die gebruik van beelde en, in besonder, kreatiewe denke (Nagel & De Klerk, 2004:232).

Verduideliking, argumentasie en toepassing is tipiese linkerbrein aktiwiteite, terwyl illustrasies deur metafore en beelde (kreatiwiteit) hoofsaaklik toegeskryf kan word aan regterbreindenke (Nagel & De Klerk, 2004:232). Die stimulering van die regterbrein (kreatiwiteit) is belangrik omdat dit juis die unieke gawe van kreatiwiteit is dat dit die mens help om 'n werklikheid te ontdek of te konstrueer wat dieper lê as alle waarneembare realiteite of beelde, om hom te skok tot 'n ervaring van die misterie, verskriklikhede en skoonhede van die lewe (Miller 2003:202). In die erediens, waar die ewige, onverklaarbare God ontmoet word, is dit belangrik dat hierdie

kreatiewe deel van die aanbidder ook aangespreek word. Liturgie is volgens Romano Guardini selfs primêr 'n *spel*, 'n skynbare doellose oefening - in elk geval gemeet aan funksionele standaarde: *"It must learn not to be continually yearning to do something, to attack something, to accomplish something useful, but to play the divinely ordained game of the liturgy in liberty and beauty and holy joy before God."* (Guardini 1997:71-72).

Die verskille tussen die twee hemisfere kan soos volg opgesom word (Babin, 1991:55):

| **LINKERHEMISFEER:**<br>*(Beheer regterkant van liggaam)* | **REGTERHEMISFEER:**<br>*(Beheer linkerkant van liggaam)* |
|---|---|
| Spraak/Verbaal | Ruimtelik/Musikaal |
| Logies, Wiskundig | Holisties |
| Lineêr, Gedetaileerd | Kunstig, Simbolies |
| Opeenvolgend | Gelyktydig |
| Beheerd | Emosioneel |
| Intellektueel | Intuïtief, Kreatief |
| Dominant | Mindere (Stil) |
| Wêrelds | Geestelik |
| Aktief | Ontvanklik |
| Analities | Sinteties |
| Lees, Skryf, Naamgewing | Gesigsherkenning |
| Opvolgende rangskiking | Gelyktydige begrip |
| Persepsie van betekenisvolle orde | Persepsie van Abstrakte Patrone |
| Komplekse Motoriese Volgordes | Herkenning van Komplekse Figure |

In die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika word swaar klem gelê op die regte leer en die kognitiewe onderskrywing van die waarheid waarin ten opsigte van die evangelie geglo word. Die emosionele kant, die beleweniskant van die mens se persoon en die kontak met die geheimeniskant van God kry minder klem (Pieterse, 1996:65). In die gereformeerde tradisie self het die klem op verbale kommunikasie daartoe gelei dat aanbidding 'n sterk linkerbreinaktiwiteit geword het (Hanekom, 1995:50). Die rasionele en logiese word beklemtoon ten koste van die emosionele en holistiese.

Mense ontvang en interpreteer boodskappe egter op drie maniere: sien, hoor en voel of ervaar (Sweet, 1999). Daarom is dit belangrik dat al drie maniere in die erediens aangespreek word. Dit vereis die stimulasie van beide breinhemisfere.

Die mate waartoe die behoefte aan regterbreinstimulasie toegeneem het, blyk uit 'n studie van die Barna Research Group (BRG, 2004a) oor aanbidding waarin amper twee-derdes van die respondente wat gereeld eredienste bywoon, geantwoord het dat hulle nog nooit God in 'n erediens ervaar het nie. Op die vraag oor watter elemente noodsaaklik is vir aanbidding, was die reaksie:

- gebed (90% van die predikante en gemeentelede),
- Nagmaal (66% van elke groep),
- die gee van geld (bietjie meer as die helfte van elke groep) en
- 'n "omdraai-en-groet" ervaring (die helfte van elke groep).

'n Tyd van stilte vir oordenking is deur 66% van die gemeentelede as noodsaaklik aangedui, terwyl slegs 33% van die predikante dieselfde geantwoord het.

In antwoord op die vraag om die belangrikste elemente van aanbidding in volgorde van belangrikheid te lys, het die predikante naas gebed, musiek en die preek in die gesamentlike tweede plek geplaas. Onder die gemeentelede was musiek egter vyfde, na gebed, die preek, die Nagmaal, en tyd vir stil oordenking. Hieruit is dit duidelik dat daar 'n sterk behoefte aan die meer emosionele, nie-rasionele belewenis in die erediens is.

In 'n ander studie (BRG, 2004b), wat op verhoudings gefokus het, is gevra wat die belangrikste faktore is wat sal maak dat die respondent 'n kerk wat besoek is weer sal besoek. 59% het geantwoord dat 'n sleutelfaktor is hoeveel die gemeentelede vir mekaar omgee, terwyl 45% aangedui het dat die vriendelikheid van die gemeentelede 'n sleutelfaktor is. Hoe die erediens en die teenwoordiges die aanbidder laat *voel* (regterbrein) speel 'n deurslaggewende rol.

Vir die erediens is dit belangrik om die regterbrein ook aan te spreek, sonder om die linkerbrein af te skeep. Dit noodsaak 'n hernieude klem op die kunstige, die simboliese en die emosionele. Verder noodsaak hierdie fokus ruimte vir kreatiwiteit, musiek *en* stilte en abstrakte denke. Die atmosfeer moet die aanbidder begelei tot 'n ontmoeting met God waarin die hele mens betrokke is (BT1), 'n ervaring van liefde (BT4), van vriendelikheid en warmte (BT5, BT6), binne 'n ruimte waarin verstaan word wat gebeur (BT3). Die gebruik van simbole en rituele speel hier 'n belangrike rol (BT10).

## 3.2 MULTISENSORIESE BELEWING

Vandag is daar 'n renaissance van die oor na die oog: kommunikasiekundiges stel dit dat 75% van alle inligting mense deur hulle oë bereik (De Klerk, 1999:325). Daarom is estetika 'n belangrike element van die erediens. Cilliers (2004:4) wys tereg daarop dat liturgiese estetika die mens nie wegvoer na esoteriese, kontekslose ruimtes nie, maar hom juis verbind met die werklikheid op 'n manier waarop woorde alleen dit nie kan doen nie. "*Soms is die werklikheid té verskriklik vir woorde, en sê beelde inderdaad méér as 'n duisend woorde.*" (Cilliers, 2004:6) *Cognito* (verstaan), *audio* (hoor), maar ook *visio* (sien) moet saamwerk in die geïntergreerde kunswerk wat die erediens is (vgl Kloppers 2003:83). Miller (2003:201) skryf oor kuns as 'n stimulus vir 'n bewuswording van die transendente en konkludeer: "*It is artists who can help us continually to find new meaning in the Christian idea of incarnation... because the arts incarnate our experience of mystery, wonder, and awe; they thereby aid us to encounter the holy or sacred.*" Cilliers (2003:14) definieer kuns-as-teologie soos volg:

> **"Kuns-as-teologie is om die werklikheid**
> *met al jou sintuie waar te neem,*
> *die goeie daarin spelenderwys saam met die Skepper te geniet;*
> *die kwade daarin saam met Hom te betreur;*
> *die goeie en die kwade só te ver-beeld*
> *dat hoop daaruit gebore word.*"


Die doel van die liturgiese kuns moet egter, benewens viering, ook lering en onderrig wees en die opbou van die gemeente ten doel hê en nie self as aanbiddingsobjek begin funksioneer nie (Cilliers, 2003:24).

Wanneer aanbidding al die menslike sintuie aanspreek, is dit meer waarskynlik dat dit die gemeente sal lei tot die noodsaaklike elemente van ontsag, genot, waarheid en hoop (Saliers, 1996b:14-15). Schultze (2004:31) stel agt vrae waaraan aanbidding gemeet kan word:

1. Wat spreek die sig ("*sight*") aan?
2. Wat spreek die tassin ("*touch*") aan?
3. Wat spreek die hart ("*heart*") aan?
4. Wat spreek die verstand ("*mind*") aan?
5. Wat spreek die reuk ("*smell*") aan?
6. Wat spreek die smaak ("*taste*") aan?
7. Wat spreek die gehoor ("*hearing*") aan?

8. Wat spreek die aanbidder ("*you*") aan?

Vir die atmosfeer in die erediens is die stimulering van die sintuie 'n belangrike instrument, omdat dit die mens in sy totaliteit betrek in die aanbidding. Vir die stimulering van die regterbrein (kreatiewe, beleweniskant van die brein) is die sintuie deurslaggewend. Dit begelei die aanbidder tot 'n meer intense belewenis en tot 'n beter retensievermoë van die gebeure en boodskap, soos duidelik deur Dale se leerkegel gedemonstreer word. Edgar Dale het 'n visuele hulpmiddel ontwikkel om opvoeders te help om die oordrag van inligting beter te verstaan (Bush, 2002:25). Dit staan bekend as Dale se leerkegel ('*Dale's Cone of Learning*'):




*Dale se leerkegel*

*(Bush, 2001:25)*

Hieruit is dit duidelik dat die kommunikasie en belewenis in die erediens sal toeneem na mate die aanbidders meer deelneem aan die erediens. Veral die betrekking van die sintuie speel hier 'n belangrike rol: sien, hoor, voel, ruik, proe. Die deelname kan ook verder gaan deurdat die aanbidder saam*sê*, saam*doen* en saam*beweeg*.

### 3.3 AFLEIDINGS UIT DIE KOGNITIEWE WETENSKAPPE

Uit die bespreking kan die volgende bydraes afgelei word:

- Die mens het twee breinhemisfere wat verskillende funksies het – die linkerbrein is meer analities, logies en rasioneel, terwyl die regterbrein meer kreatief, holisties en emosioneel is. Die linkerbrein fokus meer op verstaan, terwyl die regterbrein meer op beleef fokus. In

die erediens is dit belangrik om aan beide aandag te gee, sodat die aanbidder as volledige mens kan aanbid (Linkerbrein: BT 1, BT 3; Regterbrein: BT 2, BT 4-7).

- Dit is belangrik dat soveel moontlik sintuie in die aanbidding betrek word, omdat dit tot ryker en dieper aanbidding en tot groter en intenser kommunikasie en belewenis lei (BT 1-8).

# 4 SIMBOLE

## 4.1 DEFINIËRING

Volgens Strecker (1988:11) is die woord "simbool" afgelei van die Griekse werkwoord "*symballoo*" (συμβάλλω), wat 'n sterk dinamiese karakter het. Dit beteken dieselfde as wanneer twee riviere "*saamgevoeg word*" of "*saamvloei*", of wanneer iets "*bymekaar gegooi word*". Dit kan ook dui op twee paaie wat "*bymekaar kom*", twee reguit lyne wat "*ontmoet*" of gewoon mense wat "*ontmoet*". Volgens Louw & Nida (1989) dra dit die betekenis van "*to meet and join up with, with either friendly or hostile intent.*" Dillistone (1986:14) bring ook die woord "simbool" in verband met die Griekse συμβάλλω. Dit was die gebruik in antieke Griekeland om 'n ooreenkoms tussen twee partye te verseël deur 'n voorwerp, soos 'n tablet of 'n ring, in twee te breek en aan elke party een deel te gee. In die toekoms sou die geldigheid van die ooreenkoms dan bepaal word deur te kyk of die twee dele bymekaar pas. Die woord "*symballoo*" (συμβάλλω) is gebruik vir die bymekaar bring van die twee dele en die dele is "*symbola*" genoem. Die woord "simbool" dui dus reeds aan dat 'n simbool nie alleen staan en funksioneer nie, maar altyd die bestaan van iets anders as die simbool veronderstel. Daarom stel Dillistone (1986:13) dit dat "*A symbol can be regarded as*

1. *A word or object or thing or action or event or pattern or person or concrete particular*
2. *representing or suggesting or signifying or communicating or eliciting or expressing or recalling or pointing to or standing in place of or typifying or denoting or relating to or corresponding to or illuminating or referring to or participating in or re-enacting or associated with*
3. *something greater or transcendent or ultimate: a meaning, a reality, an ideal, a value, an achievement, a belief, a community, a concept, an institution, a state of affairs.*"

Na 'n bespreking van 'n hele aantal definisies van "simbool", definieer Hanekom (1995:45) 'n simbool as:

*"Enige woord (of woordkonstruksie) objek of handeling wat heenwys na 'n dieper, groter of verborge werklikheid wat daaragter lê."*

## 4.2 WERKING

### *4.2.1 Simbool en teken*

Dit is egter belangrik om die verskil tussen 'n simbool en 'n teken in ag te neem. Hanekom (1995:49) wys daarop dat 'n teken 'n enkelvoudige en onmiddelike betekenis dra wat geen dieper of abstrakte werklikheid na vore roep of verdere besinning vra nie. Dit is op konkrete wyse onmiddelik en volledig verstaanbaar. So kan gedink word aan 'n blou lig as teken van die polisie of aan wit-en-rooi strepe buite 'n gebou as teken van 'n haarkapper. 'n Simbool se betekenis, daarenteen, is meervoudig van aard en wys heen na 'n dieper betekenis. Die kruis sê as simbool byvoorbeeld nie presies wat die kruisiging behels het of waar dit gebeur het nie. Dit verteenwoordig 'n veel groter werklikheid wat deur die gelowige ontdek en gekonseptualiseer moet word. So dui Lebon (1986:47) die verskil aan as:

"*Unlike a sign, one can never fully grasp the effects of a symbol. One can plan symbols, but one can never anticipate what is going to happen to those who take part in them. It is more likely to be the symbol which grasps us."*

Tillich (1968:267) maak die belangrike onderskeid dat 'n simbool iets is wat werklik *deel het* aan die werklikheid waarna dit verwys, terwyl 'n teken na willekeur gekies kan word. Dit is daarom onmoontlik om na willekeur simbole te skep of te kies, omdat daar 'n sekere noodwendigheid in simbole opgesluit is.

Dit is hieruit duidelik dat simbole en rituele as regterbreinaktiwiteite geklassifiseer kan word (vergelyk Hanekom, 1995:50). So stel Liesch (1988:145) dit dat die aanbidding in die Ou Testamentiese tabernakel met al die simboliek daarin as regterbreinaktiwiteit getipeer moet word.

### *4.2.2 Kommunikasie deur simbole*

Babin (1991:30) toon aan dat almal wat vandag effektief met die hedendaagse Westerse- (en miskien veral Afrika-) mens wil kommunikeer simbole sal moet insluit. Die voordeel van kommunikasie deur simbole is dat simbole met groot spoed en gemak kan kommunikeer (Firth, 1975:403). Ook Liesch (1988:143) wys op die gemak en effektiwiteit van kommunikasie deur simbole. 'n Magdom woorde is nie nodig nie en kommunikasie kan vinniger en makliker geskied. Mense is van nature geneig om die indirekte taal van simbole op te vang en daardeur word die verbeelding gevoed en versterk (Pieterse, 1996:65-66). Jetter (1978:49-51) wys op vier aspekte van kommunikasie deur simbole:

1. Dit is eenvoudig en kan sonder baie woorde geskied
2. Dit omsluit werklikhede wat nie altyd deur woorde uitgedruk kan word nie
3. Dit kommunikeer nooit gevolgtrekkings wat as afgehandel beskou kan word nie, maar roep voortgaande denke oor die saak op
4. Dit is kompleks omdat 'n enkele simbool 'n wêreld kan verteenwoordig met baie kante, implikasies en betekenisse.

*"Die kommunikasiekrag van simbole lê daarin opgesluit dat dit na wêrelde verwys wat buite ons sigbare werklikheid bestaan. Simbole funksioneer as vensters wat ons 'n uitsig gee op die onuitspreeklike, die oneindige, die transendente."* (Pieterse, 1998a: 346). So wys Cilliers (2003:23) daarop dat die doel van simbole in die erediens is om die aanbidder in dialoog te bring en te hou met die klanke en kleure van die alledaagse bestaan én om 'n bepaalde sosiale en kulturele kontekstualiteit in die erediens in te bou. Daarvoor het simbole 'n universele impak op mense en dra dit 'n meervoudige betekenis oor wat verskillende mense op verskillende wyses kan interpreteer sodat dit sin maak in hulle lewens (Pieterse, 1996:65).

### *4.2.3 Simbole as identiteitgewer*

Die mens leef in en uit die verwysingskrag en kommunikasie van simbole (Pieterse, 1996:65). Simbole het egter nie net 'n kommunikatiewe funksie nie, maar gee ook identiteit aan die gemeenskap wat dit gebruik (Hanekom, 1995:60). Daar kan maar net gedink word aan die emosie en sentiment rondom simbole soos landsvlae, familiewapens en embleme van sportspanne. Maar simbole verskaf nie net identiteit aan 'n gemeenskap nie, dit is ook 'n belangrike instrument waardeur 'n gemeenskap verstaan kan word.

## 4.3 GEBREK AAN SIMBOLE

In die moderne Westerse denkwêreld vind daar in hierdie tyd oor die algemeen 'n verlies aan simbole plaas (Pieterse, 1996:63). Christelike simboliek het sy hoogtepunt in die Weste tydens die Middeleeue bereik (Baldock, 1990:5). Dit was veral in die kuns en argitektuur waar die gebruik van simbole die duidelikste na vore getree het. Die soberheid ten opsigte van simbole en kunsvorme in die gereformeerde erediens, wat so kenmerkend was van die sestiende eeuse reformatoriese liturgiese ideale, het verander in totale armoede (Strauss, 1994:87). Ook in die Afrikaanse kerke is in die verlede min aandag aan simbole in die erediens gegee (Pieterse, 1996:65). 'n Rede vir hierdie simboolarmoede is volgens Strauss (1995:87) die feit dat die kerk gekapituleer het voor die Aufklärung se neiging tot sogenaamde wetenskaplike objektiwiteit en intellektuele kommunikasie. Dit het gelei tot die geringskatting van die mens se behoefte om sy gevoelens ook simbolies uit te druk. Die verskuiwing van die aanbidding na 'n linkerbreinaktiwiteit het tot 'n geringskatting en tekort aan simbole en rituele gelei (vergelyk Hanekom, 1995:50). Simbole komplementeer egter juis die meer tradisionele linkerbreinaktiwiteite (byvoorbeeld die rasionele en kognitiewe woordgebruik). Nie alleen word meer van die brein gebruik nie, maar word die mens se verstaan en belewing van die werklikheid op omvattender wyse beskryf (Hanekom, 1995:76). Burger (1995:75) wys verder daarop dat *"rituele en simbole ter aanvulling van die Woord en amp die mens – veral in oorgangstye – kan help om sinvoller en meer konstruktief met God te leef."*

## 4.4 WAARDE VAN SIMBOLE

Die groot waarde van simbole is dat dit die kognitiewe verstaan van die evangelie aanvul met 'n emosionele-, estetiese- en gemoedservaring. *"Dit betrek die hele mens: die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe sye en spreek jou in jou diepste wese aan indien dit in die konteks en atmosfeer van die erediens beleef word."* (Pieterse, 1996:66) Strauss (1995:89) wys verder op die waarde van simbole in die erediens:

- Dit be-teken die onsigbare op sigbare wyse.
- Dit dien as 'n herkenningsteken. Die vis was byvoorbeeld in die vroeë kerk die teken wat Christene geïdentifiseer het.
- Dit dien as herinneringsteken. Só herinner die kruissimbool die gelowige aan Jesus Christus se dood aan die kruis.

- Simbole het objektiewe en subjektiewe betekenisse. Objektief wys 'n simbool na 'n objek buite homself. Die simbool van die kruis wys byvoorbeeld op die versoening in Jesus Christus. Maar die simbool het ook subjektiewe betekenis vir die persoon wat dit sien.
- Simbole rig die aandag en verering op God.
- Die gebruik van simbole betrek die totale mens in aanbidding.

Burger (1999b:13) wys daarop dat simboliese handelinge in die erediens mense kan help om die implikasies van die Woord veel beter te verstaan as wat woorde alleen kan oordra. Omdat die simbool (soos die Bybel op die preekstoel, die brood en wyn by die Nagmaal) die hele persoon betrek, omdat dit 'n skakel, 'n verbond simboliseer tussen God en mens in die liturgie, is die simbool 'n ervaring van nuwe verhoudinge (Laubscher, 1996:67).

## 4.5 VOORWAARDES VIR DIE GEBRUIK VAN SIMBOLE

In die gebruik van simbole moet eenvoud en matigheid wees; simbole moet die mens nie oorweldig nie, maar moet hom help om bewus te raak van die eenvoud en wonder van God se teenwoordigheid by sy kinders (Burger, 1995:90). Simbole mag nooit 'n doel op sigself word nie en dit moet verwys na die heilsdade in en deur Jesus Christus. Simboolkommunikasie moet ons in aanraking bring met die lewende Woord, Jesus Christus (Pieterse, 1997b: 126). Dit moet ongekunsteld, wel kunstig, maar verstaanbaar en aanvaarbaar vir die smaak en gemoedslewe van die gemeente wees (De Klerk, 1999:326). Dit moet getrou wees aan die kultuur, tradisie en beleweniswêreld van die gemeente. Die mens moet in sy diepste wese ontroer word deur simbole en daarom is dit ook 'n estetiese ervaring. Pieterse beklemtoon die diepste waarde van simbole: "*Die groot waarde van simbole is dat dit die kognitiewe verstaan van die evangelie, wat broodnodig is in ons reformatoriese tradisie, aanvul met 'n emosionele, estetiese en gemoedservaring en verstaan. Dit betrek die hele mens: die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe sye en spreek jou in jou diepste wese aan*" (Pieterse, 1997b: 126). In die totale liggaamlike ervaring in die gereformeerde erediens deur die liturgiese handelinge en simboliek heen, word die geestelike ontmoeting met God gesmaak deur Woord en Gees (Pieterse, 1998a:348).

Strauss (1995:90-91) wys op die volgende voorwaardes vir die gebruik van simbole in die erediens:

- Die simbool mag nooit 'n doel op sigself word nie. Iets is nie noodwendig geskik vir die erediens net omdat dit mooi is nie. Die simbool moet altyd heenwys na iets of Iemand. Simbole moet help om, veral wat die geheimeniskant van God betref, kommunikasie op 'n diep vlak te beleef.
- Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die simbool en die lewe en werk van Christus. Enige simbool wat die aandag van die gemeente van Jesus Christus weglei, moet uit die erediens verwyder word.
- Die simbole moet eenvoudig, nugter, matig en verstaanbaar wees. Simbole vir die gereformeerde erediens sal eenvoudig wees en nie ingewikkeld nie; nugter en nie sentimenteel en mistiek-verheerlikend nie; verstaanbaar en deursigtig. Simbole sal matig aangewend word en nie oordadig wees nie.
- Simbole in die erediens moet eie wees aan die kulturele milieu waaruit dit kom. Dit moet getrou wees aan die kultuur, tradisie en belewniswêreld van die gemeente. Simbole moet teologies, sosiaal en kultureel aanvaarbaar wees. 'n Simbool wat in 'n ander kultuur impak het, kan nie net so oorgeplaas word nie.
- Simbole moet eerbiedwaardig wees – dit moet pas by die geleentheid en plek.
- Die simbool moet sosiaal erken en verstaan word. Simbole het geen waarde as dit bloot ter wille van tradisie in stand gehou word sonder dat dit verstaan word nie.
- Daar moet onthou word dat die waarde en betekenis van simbole kan wegslyt en dat sommige simbole 'n beperkte gebruikstyd het.

## 4.6 SIMBOLIEK VAN BEWEGING

Die volgende simboliese beweging kan met vrug gebruik word:

- Neerkniel: veral tydens gebed is hierdie 'n gepaste simboliese handeling wat dui op die verootmoediging van die gelowige voor God. Kerkgeboue kan ontwerp word dat knielbanke deel van die struktuur uitmaak.
- Staan by die aanhoor van die Woord: as teken van respek en as teken dat die gemeente gereed is om die Woord te gehoorsaam. Om te staan is simbolies daarvan dat die gemeente nie net hoorders van die Woord is nie, maar ook daders.
- Ophef van hande tydens aanbidding.

### 4.7 KLEURSIMBOLIEK

Die simboliek van kleur kan op allerlei wyses gebruik word (vergelyk Stander, 2000:203-207).

- *Wit* dui op feestelikheid en word tydens Kers- en Paasfees gebruik.
- *Pers* dui op ingetoënheid en inkeer en is prominent tydens die Advent- en lydensweke.
- *Rooi* dui op die vurigheid van die Heilige Gees en word tydens Pinkster gebruik.
- *Groen* dui op lewe en hoop op 'n nuwe skepping en word in die tyd tydens Pinkster en Advent gebruik.

### 4.8 AFLEIDINGS UIT DIE SIMBOLIEK

Uit die bepreking van simbole kom die volgende perspektiewe na vore:

- Omdat 'n simbool heenwys na 'n ryker werklikheid daaragter, is dit 'n belangrike hulpmiddel vir die atmosfeer in die erediens – dit spreek die regterhemisfeer aan, dit stimuleer die aanbidder tot deelname omdat die betekenis self herontdek moet word en dit bind die aanbidders aanmekaar deur aan hulle 'n gemeenskaplikheid te gee (BT 8, BT 10).
- Hierdie simbole kan fisieke simbole wees, kleure, handelinge, rituele of simbole wat in die gedagtes van die aanbidders gevorm word.

## 5 MUSIEK

### 5.1 INLEIDING

Sing in die erediens is nie 'n bykomstigheid, 'n luukse, 'n verposing of iets vir afwisseling nie, maar 'n essensiële deel daarvan (Brienen, 1992:96). Musiek is *intrinsiek* deel van getroue Christelike aanbidding (Saliers, 1998:170), veral in die lig daarvan dat musiek 'n kragtige kommunikasiemedium is – dit veroorsaak emosioneel-geestelike stimulasie wat ander kommunikasiemediums nie kan nie (Allen & Borror, 1982:160). Alle tipes musiek oefen 'n geweldige en geheimenisvolle krag op die mens uit (Smit, 1999:60). Die stimulerende effek van musiek op die regterbreinhelfte het 'n voordelige invloed op die esteties-sintetiese denkwyse van die brein (Smit, 1999:61). Musiek het verder 'n direkte invloed op 'n wye spektrum van emosies. Rustigheid, treurigheid, vreugde, liefde en verlange is volgens Lampbrecht (1978:15)

die emosies wat die meeste deur goeie musiek opgewek word. Aanbiddingsmusiek moet die hele persoon aanspreek – wil, emosie en intellek (Dawn, 1995:175).

## 5.2 DOEL VAN KERKMUSIEK

Kerkmusiek, anders as kunsmusiek, is musiek met 'n spesifieke funksie en daarom word die waarde daarvan bepaal in terme van die funksie wat die musiek in die liturgie moet vervul (Kloppers, 1997:177). Die wese van die erediens is die ontmoeting van die totale persoon met die Ware God en die verandering wat die persoon ondergaan. Weens die totaliteit van die persoon kan nie alleen die rasionele denke van die persoon erken word nie, maar ook die persoon se geloofservaring. Die musikale 'woord' het in baie opsigte beter kommunikatiewe moontlikhede as die gesproke woord (Kloppers, 1997:178). Op die emosionele vlak kan dit meer intens en meer subtiel spreek. Dit kan affektiewe dimensies en konsepte kommunikeer wat nie vir die gesproke woord moontlik is nie. Musiek kan met en deur die totale persoon kommunikeer en kan daarom help om die slaggat van eensydige rasionalisme in die liturgie te vermy.

Die lied in die erediens is nie net 'n versiering of opluistering nie, maar is wesenlik deel van die erediens en verryk en verruim die erediens (Vos & Müller, 1991:87). Soos die melodie die aard van die lied aandui, dui die lied die geloofsaard van die erediens aan.

In die erediens is die gemeente nie net besig om deur die sang die Here te loof en te aanbid nie, maar bely en getuig die aanbidders ook teenoor mekaar en teenoor die wêreld (De Klerk, 1987:305). Liedere waarin die woorde van God aan sy gemeente aan die orde kom, het dus 'n verkondigingsfunksie in die erediens (Strydom, 1994b:286).

Pfatteicher (1997:206-225) wys op drie doelstellings vir kerklike musiek:

1. GEE 'N STEM: Die liedere in die erediens gee aan die aanbidders 'n stem om dit wat in hulle harte is uit te druk (Pfatteicher, 1997:206). Die woorde van 'n kerklied kan gevoelens en emosies uitdruk waarvoor die aanbidder moeilik self woorde kan vind. Dit is omdat die woorde van die lied die woorde van die aanbidder self word en as sodanig ervaar word (Pfatteicher, 1997:207). Kerkliedere bring die volgende emosies onder woorde: verlange, hartseer, vreugde, dankbaarheid, smart, eerbied, strewe na 'n ryker en voller lewe, liefde en benoudheid.

2. INSTRUMENTE VAN ONDERRIG: Kerkliedere is genotvolle onderrig. Liedere "*teach us in a pleasant and memorable way*" (Pfatteicher, 1997:214). Wanneer gesing word, sink die waarheid diep in die hart in. Daarom leer die kerklied in die eerste plek dogma.
3. VERENIG: Wanneer die gemeente 'n lied sing, word hulle deur die lied aan mekaar gebind as eenheid (Pfatteicher, 1997:224). Liedere verenig 'n gemeente en kan 'n teken wees wat wys op die eenheid van die hele kerk. "*Such common song inspires the congregation as each of us supports and is in turn supported by the voices of others.*" (Pfatteicher, 1997:225). So herinner die lied die aanbidders aan hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar as lede van die liggaam van Christus en van die gemeenskap en dien dit as teken van die beloofde eenheid van al die gelowiges oor al die eeue wat eendag met een hart en een siel en een stem God sal loof en prys.

## 5.3 BEPERKINGS OP KERKMUSIEK

Longman (2003) wys daarop dat Christene in enige musiekstyl kan aanbid, maar dat daar tog wel sekere grense is – goeie aanbiddingsmusiek gaan nie oor die aanbidder nie, maar word gesing vir die Een wat aanbid word. Daarom is dit verkeerd om musiek te maak primêr tot vermaak van die teenwoordiges. Dawn (1995:170) wys daarop dat God die Subjek en Objek van aanbiddingsmusiek is. Die doel van aanbidding is om God te aanbid en nie om mense te trek nie (Dawn, 1995:171). Die lirieke maak saak, omdat die woorde die Heilige Gees se manier is om die aanbidders aan te spreek (Longman, 2003).

## 5.4 MUSIKALE STYLE

Omdat aanbidders in die erediens 'n groot diversiteit van ouderdomme, emosies, bekommernisse en geestelike volwassenheid verteenwoordig, vereis ware aanbidding 'n verskeidenheid van musikale style om die verskillende stemmings en oortuigings oor te dra (Dawn, 1995:180). Kerke moet die beste van alles in die aanbidding gebruik – die sleutel om nuwe style by te voeg is goeie opleiding (Dawn, 1995;180).

Liturgiese kuns is volkskuns (Wolterstorff 1980:23). Volkskuns ontstaan uit die volk vir die volk (Strydom, 1994a:249). Dit het die eienskap dat dit beide funksioneel en esteties is. Dit word geskep vir verstaan en gebruik deur almal. Wanneer die gemeente saam sing in die erediens, moet almal die liedere kan sing, verstaan en waardeer (Van Wyk, 1992:5). Daarom is dit nodig

dat die melodieë in 'n bekende musiekidioom gekomponeer moet wees. Dit is egter net so belangrik dat elke melodie moet spreek van hoë estetiese kwaliteit. Sonder om te vervlak of platvloers te word, moet die melodie dus in lyn wees met die musikale vlak wat binne die vermoë en leefwêreld van die deursnee lidmaat lê (Strydom, 1994a:256). Indien dit nie die geval is nie, kan dit lidmate uitsluit uit die sang en só uit die erediens, en dit kan hulle gevolglik vervreem van die kerk (Hollenweger, 1989:279,282). In die erediens en veral ook in die kerklied word elkeen se kultuur op 'n besondere wyse vergestalt in die styl en atmosfeer van hierdie uitdrukking (Vos en Pieterse, 1997:111). Tog is die keuse van styl nie bloot 'n geval van smaak nie, maar veral die gepastheid van 'n spesifieke styl of klank om die boodskap uit te druk (Dawn, 1995:181).

Waar gemeentes in die toekoms moontlik in toenemende mate multi-kultureel kan word (Massie, 1993: 19), sal versigtig te werk gegaan moet word om lidmate van alle kulture gemaklik en tuis te laat voel in al die handelingsgebeure in die erediens (Vos en Pieterse, 1997: 111), veral ook met betrekking tot die kerklied. 'n Beginpunt sou kon wees om die bepaalde elemente van elke musikale tradisie wat ook buite sy eie konteks bruikbaar kan wees in die kerklied, te identifiseer en saam te voeg (Gittins; 1995:426) in die skep van 'n nuwe multi-kulturele liturgiese styl. Dit spreek vanself dat hier met groot oorleg en versigtigheid te werk gegaan sal moet word. Die musiek moet die eenheid en gemeenskap bou en nie verskeur nie. Daarom sal die musiek wat gemeenskap bou baie verskillende style gebruik om groter inklusiwiteit uit te lok, maar terselfdertyd die Christelike gemeenskap in teenstelling met die wêreld plaas (Dawn, 1995:178). Dawn stel (1995:178) drie vrae voor om vir die musiek in die erediens te vra:

1. Het die teks die ondermynende effek van die Christelike waarheid?
2. Bevraagteken dit die kultuur rondom die kerk en versterk dit die kultuur van die Christelike gemeenskap?
3. Is die musiek in die omgangstaal, dit wil sê in 'n taal wat die aanbidders sal verstaan?

## 5.5 KRITERIA VIR MUSIKALE TEKSTE

Brienen (1992:97) wys daarop dat die kerklied in alles Skrifgebonde moet wees en as inhoud die getuienis van die Skrif oor die drieënige God en sy heil en die werking daarvan in die menslike bestaan moet hê. Omdat die erediens die klimaks vorm van die gemeenskap tussen God en sy gemeente en God self in die erediens teenwoordig is, moet die totale

erediensgebeure met respek en eerbied teenoor God verloop (De Klerk, 1987:24). Dit is gevolglik noodsaaklik dat die kerklied hiervan getuig. Die liedere kan gevolglik berymde Skrifgedeeltes bevat, maar ook weergawes of samevattinge van die Skrifinhoud (Brienen, 1992:97). "Vrye liedere" het ook 'n bepaalde plek in die erediens, solank dit getrou is aan die Skrif (Smit, 1999:73).

'n Belangrike vereiste van musikale tekste vir gebruik in die erediens is dat dit vir die hele gemeente verstaanbaar moet wees. In die erediens is die deelname van die hele gemeente en daarom elke individu noodsaaklik. Wanneer die hele gemeente nie die liedere in die erediens saam kan sing nie, voldoen die liedere nie aan die eise wat die Here in sy Woord daarvoor stel nie (Smit, 1999:78). Indien die woorde wat in die erediens gesing word nie normaal en eietyds is nie, gaan die krag en die inhoud daarvan verlore. Daarom moet die taalgebruik byderwets, aktueel, treffend, suiwer en taalkundig korrek wees (Strydom, 1994b:256). Die beeldspraak moet lewensgetrou, logies en raak wees sodat die gelowiges deur die bewoording van die kerklied in hul diepste wese aangespreek en getransformeer kan word (De Klerk, 1987:80).

Dawn (1995:174) voeg hierby dat die musiek in die erediens die karakter van die gelowiges sal bou: *"we also ask that any words used for worship nurture in participants a godly character, form us to be God's children and followers of Jesus."*

Die volgende kriteria kan vir die tekste van musiek daargestel word (vergelyk Kloppers, 1997:182):

- Die taal moet bondig wees;
- Beelde moet relevant wees;
- Godsdienstige clichés en stereotipes moet vermy word;
- Herhaling moet sinvol wees.

## 5.6 KRITERIA VIR BEGELEIDENDE MUSIEK

Allen en Borror (1982: 157) maak die onderskeid tussen aanbidding as 'n saak van die hart en musikale klank as 'n saak van die kunste. Daarom is die kwaliteit van die klank ondergeskik aan die kwaliteit van die aanbidding. Dit impliseer verder dat die tipe begeleidende musiek en die kwaliteit daarvan ondergeskik is aan die doel van die lied: musiek gemaak tot God se eer is meer geskik as musiek gemaak vir menslike smaak, hetsy populêr of kunssinnig.

Die melodie moet die woorde onderstreep en die bedoeling en inhoud van die boodskap ondubbelsinnig uitdra (Smit, 1999:84). Die melodie moet die teks só laat spreek dat die totale mens (in sy emosie sowel as in sy intellek) aangespreek en tot oorgawe oorreed word (Strydom, 1994b:235). Die melodie het by uitstek die funksie om die sang in die erediens méér te maak as 'n blote intellektuele of rasionele belewing.

Aangesien die meeste aanbidders ongeoefende sangers is, is dit van die uiterste belang dat die musikale register ongekompliseerd sal wees (Kruger, 2002:37). Die melodie moet eenvoudig wees sonder om oppervlakkig te raak.

Die volgende kriteria kan vir die musiek daargestel word (vergelyk Kloppers, 1997:183):

- Die musiek moet aan die teks ondergeskik wees;
- Die karakter van die musiek moet die karakter van die teks pas;
- Die musiek moet singbaar wees deur onopgeleide, ongeoefende gemeentelede;
- Balans is belangrik – geen elemente (harmonies, melodies, ritmies) mag dominant wees nie.

Hierby kan gevoeg word dat die smaak van die gemeente 'n belangrike kriterium is (vergelyk Vos & Müller, 1991:96). Dit is primêr die gemeente wat 'n kommunikatiewe handeling in die erediens verrig en daarom moet die liedere wat hulle sing uit hulle harte kom. Die gemeente moet hulle met die liedere identifiseer, anders bereik die liedere nie hulle doel nie. Hoogstaande poëtiese en musikologiese standaarde moet getemper word deur die lidmate se tradisionele- en tydbepaalde smaak (Vos & Müller, 1991:96).

## 5.7 KERK*MUSIEK* EN KERK*LIED*

Kruger (2002:27) wys op die belangrikheid om te onderskei tussen die begrippe *kerkmusiek* en *kerklied*. Die volgende onderskeiding kan gemaak word:

- KERKMUSIEK: dui alle musiek (vokaal en instrumentaal) aan wat die kerk aanwend in die vervullingsprosesse van sy missie.
- KERKLIED: dui spesifiek op die vokale dimensie van kerkmusiek.

Omdat musiek so 'n kragtige effek op die mens het, moet dit nie verskraal word tot slegs die gebruik van die *lied* in die erediens nie, maar moet die krag daarvan ook gebruik word om die stemming en atmosfeer in die erediens te bevorder.

## 5.8 BYDRAE VAN DIE MUSIEK TOT DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Die volgende belangrike perspektiewe het na vore gekom:

- Musiek is wesentlik aan aanbidding. Dit veroorsaak emosioneel-geestelike stimulasie wat ander mediums nie kan nie. Dit spreek tot beide breinhemisfere – die woorde tot die linkerhemisfeer en die melodieë tot die regterhemisfeer. Musiek beïnvloed die emosies van die mens (BT 1-7).
- Die lied in die kerk betrek die gemeente en laat die aanbidders in hulle totaliteit deelneem aan die erediens (BT 8).
- Daarom is dit wesentlik dat die liedere in die erediens verstaanbaar moet wees, sodat die aanbidders kan weet waarmee hulle besig is en wat hulle sê of doen (BT 3).
- Omdat die hele gemeente gelyktydig by die kerklied betrek is, verenig dit die teenwoordiges en die kerk op verskillende plekke (BT 4, BT 6).
- Tog moet onthou word dat dit in die erediens steeds primêr oor God gaan en daarom moet Hy steeds die maatstaf en doelwit wees (BT 1).
- Die styl van die musiek in die erediens moet pas by die aard van die erediens (ontmoeting met die heilige God), maar ook by die kultuur en aard van die aanbidders (relevant en verstaanbaar) (BT 1, BT 3).
- Kerkmusiek is meer as net die kerklied en daarom kan die musiek 'n belangrike rol speel in die atmosfeer. Die musiek kan in die besonder aanbidders in die belewing van die verskillende elemente in die erediens, soos byvoorbeeld verootmoediging, lofprysing, skuldbelydenis begelei. Musiek kan die aanbidders verder in die regte belewenis as respons op die Woord en gebeure in die erediens ondersteun en begelei (BT 9).

# 6 ARGITEKTUUR

## 6.1 INLEIDING

Kerkgeboue is dominante faktore in die vorming van wat die aanbidders sien, hoor en kinesteties ervaar in die aanbidding van God (Saliers, 1998:168). Die vereistes en verwagtinge wat 'n mens aan die liturgie stel, bepaal die vereistes vir die gebou (Brienen, 1992:81). Vervolgens word aandag gegee aan sienings oor die argitektuur uit drie verskillende agtergronde: gereformeerd, postmodernisties en katoliek.

## 6.2 GEREFORMEERDE VEREISTES

Omdat die gereformeerde teologie die liturgie beskryf as die veelkantige ontmoeting van God met sy volk rondom die Woord en sakramente, onder gebede en onder lied, sowel as die ontmoeting met mekaar (Brienen, 1992:80), behoort die kerkgebou of byeenkomsruimte hiervoor geskik te wees. Die kerkgebou behoort 'n huis van ontmoeting te wees, 'n huis waar die gemeenskap met God en die gemeenskap met mekaar beleef word (Brienen, 1992:80). Die saamluister, mekaar sien, die saamsing en saambid as gemeente, sowel as die Nagmaalsviering en doopbediening moet op ryke wyse funksioneer.

Brienen (1992:80-82) stel die volgende beginsels vir die ruimte:

- Omdat die erediens mense tot ontmoeting wil begelei, moet hulle so na as moontlik aan mekaar sit rondom die Woord. Geen strakke ry-agtige gehoorsaal nie, maar 'n fyn ontmoetingsruimte waarin mense mekaar kan sien.
- Die preekstoel hoef nie ver bo die aanbidders verhewe te wees nie, omdat God in Jesus Christus naby gekom het.

Meer en beter gebruik van simbole, sagter kleure en materiale kan die atmosfeer in die gebou minder hard maak en sterker op God fokus (Burger, 1999b:12).

Schultze (2004:59) wys daarop dat die tradisionele kerkbanke, sowel as die nuwer teatersitplekke in ouditoriums liturgiese praktyke kan belemmer. Omdat aanbidding die gebruik van die liggaam insluit, is dit belangrik dat die fisiese buigsaamheid van die liturgiese ruimte in ag geneem word.

## 6.3 POSTMODERNE "GEBOOIE" VIR ARGITEKTUUR

Leonard Sweet, professor in teologie en bekende futuroloog, stel 10 "gebooie" vir argitektuur vir die postmoderne kerk (Sweet, 1999): [Tipies postmodernisties nommer hy dit in omgekeerde volgorde – WL]

10. **"THOU SHALT NOT MAKE A GRAVEN IMAGE":** Te veel kerkargitektuur is tot eer van 'n persoon, 'n ontwerpskool, of 'n beginsel. Argitektuur vir die postmoderne era moet ontwerp wees vir hergebruik, dit moet mobiel wees en geskik vir meervoudige gebruik.
9. **"THOU SHALT NOT CREATE UGLINESS":** Argitektuur wat mooi is, is goed vir die siel. Die noodsaaklike elemente van 'n gebou is gebruikersvriendelikheid, integriteit (die gebou doen wat dit sê om te doen) en vreugde en skoonheid.
8. **"THOU SHALT DESIGN FOR ALL SENSES":** Argitekte moet aan al vyf sintuie gelyk dink en nie aan hulle in isolasie nie. *"People need to look, to listen, to touch, to taste, and to smell when they are praising God"* (Sweet, 1999)
7. **"THOU SHALT HAVE A SENSE OF PLACE":** Omdat die kerk nie losstaan van die omgewing waarbinne dit geplaas is nie, moet die argitektuur ook rekening hou met die omgewing. In 'n wêreld van multimedia moet die argitektuur veral hiermee rekening hou.
6. **"THOU SHALT GET REAL":** Argitekte moet die voortou neem om kerke te ontwerp vir interaktiwiteit. Kerkruimte moet kreatiwiteit, sinergie en rustigheid fasiliteer.
5. **"THOU SHALT BUILD A LIVING CHURCH":** Die beginsels vir postmoderne argitektuur is gelyktydigheid, sinkronisiteit, onmiddelikheid en globaliteit. *"If churches are to become in architecture what they are in theology – health centers, waystations on the holiness highway – then we must move to more organic, living architecture. If we design for health and healing, we will be using curved and organic forms, undulations, and softer, wetter architecture. It is a healthy sign to see atriums, arches, and domes come back into sacred space"* (Sweet, 1999).
4. **"THOU SHALT GET THE CHURCH OUT OF DOORS":** Die Christendom kan beskryf word as die eerste nie-tempelgebaseerde godsdiens. Een van die primêre eienskappe van die vroeë Christendom was sy radikale desentralisering. Vir die vroeë Christene het mense heilige ruimtes geskep, nie argitektuur nie. *"The church of the future will include extensive gardens: sky-oriented spaces and places; shady nooks, basking places, star-viewing perches. The church will bring sky and water together in still pools and biological ponds, and earth and sky together through obelisks, statues, and tall trees"* (Sweet, 1999).

3. **"THOU SHALT LOVE THY SETTING":** Die postmoderne kerk sal meer in voeling met die natuur wees. Die kerk sal meer natuurlik wees, met meer natuurlike lig, meer herwinbare rou materiale en 'n groter klem op maklike instandhouding en skoonmaak.
2. **"THOU SHALT BUILD SMART CHURCHES":** *"The church of the 21st century will include other "smart materials," such as windows that change from transparent to near-opaque for light control. By "smart," I mean materials into which artificial nerves and muscle are inserted, giving them a kind of primitive intelligence. What would it mean for architects to view every surface, every wall in a church as a living organism that responds to human touch? As the science of holography develops, architectural space could become almost totally electronic, making it possible for a congregation to listen to a sermon and actually feel like it was traveling the road to Emmaus or walking by the sea of Galilee"* (Sweet, 1999).
1. **"THOU SHALT CREATE NEW GOD-GLORIFYING SPACES":** Mense gaan kerk toe om 'n ervaring van God te hê. Die harmonie van die argitektuur moet die aanbidders in die teenwoordigheid van God bring en hulle daartoe begelei om Hom te verheerlik.

Sweet som hierdie tien stellings op met die volgende wet vir die argitektuur van kerke: *"Provide the sky in which souls may soar"* (Sweet, 1999).

## 6.4 DIE BEGINSELS VAN DIE KATOLIEKE KERK

Die United States Conference of Catholic Bishops (USCCB, 2000) het in 2000 'n dokument gepubliseer wat belangrike perspektiewe rakende die argitektuur gee:

- Kerke is nie bloot bymekaarkomplekke nie, maar beteken die kerk op 'n bepaalde plek en maak dit duidelik vir die wêreld.
- Die gebou word 'n teken van die pelgrimskerk op aarde en die kerk wat reeds in die hemel is.
- Elke kerkgebou is 'n bymekaarkomplek vir die gemeente, 'n rusplek, 'n plek waar God ontmoet word, sowel as die vertrekpunt vir die kerk se onvoltooide reis na die koninkryk van God.
- Kerke moet daarom plekke wees wat geskik is vir heilige vierings, waardig en mooi.
- Argitektuur en kuns word die gesamentlike werk van die Heilige Gees en die plaaslike gemeenskap – die werk om menslike harte voor te berei om God se Woord te ontvang en meer volledig met Hom in gemeenskap te tree.
- Die kerkgebou moet gemeentedeelname bevorder.

- Die kerkgebou moet die kultuur van elke tyd en plek respekteer. "*This cultural diversity can be expressed in architectural styles, in art forms, and in some instances in the celebration of liturgical rites with appropriate adaptations*" (USCCB, 2000).
- Die kerkgebou moet mooi wees. "*The external and internal structure of the church building should be expressive of the dignified beauty of God's holy people who gather there ... Art or architecture that draws more attention to its own shape, form, texture, or color than to the sacred realities it seeks to disclose is unworthy of the church building*" (USCCB, 2000).

## 6.5 BALANS IN ARGITEKTUUR

Post (2001:81) pleit vir balans tussen die kerkgebou as *domus dei* (huis van God) en as *domus ecclesiae* (huis van die gemeente). Die kerk as *domus dei* is 'n terugkeer na die tempeltipe gebou, wat in kontras staan met die wêreld rondom hom, terwyl die kerk as *domus ecclesiae* bloot maar dien as speelruimte vir die saamgekomde gemeente (Post, 2001:86). Post pleit vir 'n resakralisering van die kerkgebou, 'n terugkeer van die numineuse. Volgens hom is die tyd van die multifunksionele kerkgebou verby: "*De kerk dient ook weer kerk te zijn in de zin van een 'heilige', dat wil zeggen afgezonderde, contrasterende rituele ruimte*" (Post, 2001:86).

## 6.6 BYDRAE TOT DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Uit die bespreking kom die volgende na vore:

- Die kerkgebou is nie bloot maar 'n bymekaarkomplek nie, maar moet goed beplan word. Die vorm moet deur die funksie bepaal word en vir die kerkgebou is die funksie om God te ontmoet (BT 1).
- Daar is egter twee verskillende benaderings tot die kerkgebou: aan die een kant is 'n beklemtoning dat die kerkgebou ook iets moet weerspieël van die andersheid van die geloof en daarom nie 'n wêreldse identiteit hê nie; aan die ander kant is die siening dat die kerkgebou juis by die hedendaagse wêreld moet inpas en nie "anders" moet wees nie. Uiteindelik moet gestreef word na 'n goeie balans tussen wêreld*gelyk* en wêreld*vreemd*. Die kerkgebou moet vriendelik wees vir die mense van sy tyd en omgewing (BT 6), terwyl dit die aanbidder se aandag op God vestig (BT 1, BT 2).

- Die kerkgebou moet gemeentedeelname bevorder en fasiliteer (BT 8). Dit vereis beplanning in terme van die posisie en vorm van die meublement (banke/stoele, preekstoel, ensovoorts), sowel as die vloei in en deur die kerklike ruimte.
- Die kerkgebou moet verder die gemeenskap met God en met mekaar stimuleer (BT 1, BT 4).
- Die gebruik van simbole, kleure, materiale en versiering is belangrik vir die belewenis en atmosfeer in die erediens (BT 10).
- Die argitektuur moet ook getuig van skoonheid ("beauty"). Die estetiese van die gebou is belangrik (BT 6, BT 7).

# 7 MULTIMEDIA

## 7.1 INLEIDING

Kerke word vandag al meer oudiovisuele sentrums vir aanbidding (Anon., 2004:13). Die veranderinge in die gebruik van multimedia word treffend deur Phillips (2000:57) aangedui: "*Whereas stained glass, vestments, banners, and baptistery art once created the sights of worship, now video projectors display fast-paced, syncopated images onto projection screens.*" Digitale tegnologie is eenvoudig 'n deel van die meeste mense in industriële gemeenskappe se lewe. In 'n opname wat in 2003 in die VSA gedoen is, is gevind dat kerke die grootste enkele marksegment vir oudiovisuele installasies was, selfs groter as die regering- en besigheidsegmente gekombineerd (Anon., 2004:13). Die grootste behoeftes was vir die videoprojeksie van musikale tekste (92%), die uitsaai van opnames van preke deur prominente predikers uit ander kerke (82%), die vertoon van preeknotas, verduidelikende beelde en grafika (74%) en mikrofone, versterkers en luidsprekers wat die luistervermoë verbeter (78%). Tog word daarop gewys dat die doel van die oudio en video is om die musiek en die boodskap versterk – hulle is ondersteunende instrumente bedoel om aanbidding en lering te verstewig en aandag op te fokus. Die doel is nie om die fokuspunt van die diens te word nie: "*The goal of media ministry is to help inspire our thoughts, emotions and responses without compelling viewer attention to the screen.*" (Anon., 2004:15).

## 7.2 DIE INVLOED VAN MULTIMEDIA

Babin (1991:18-38) wys op die impak van die ontwikkelings in die maniere van kommunikeer op die religieuse lewe van die mens deur die eeue. Hy wys op drie onderskeibare tydperke:

1. DIE TYD VAN MONDELINGE OORDRAG:

   Van die Ou Testamentiese tyd tot die 15^e eeu is geloof oorgedra in 'n mondelingse kultuur. Gevoel word gekombineer met die intellek en, saam met verskillende persoonlikhede en sosiale steurnisse, lei dit tot 'n enorme hoeveelheid verskille en afwykings. Hierdie mondelinge kultuur het nie tot 'n streng intellektuele struktuur gelei nie, maar het'n sterk allesomvattende lewenstyl behels. Beelde, simbole, rituele, getalle en die memorisering van gebede het 'n groot rol gespeel in die herinnering van en vashou aan die geloof. Emosies was belangrik en die mense is in geloof ontroer as hulle emosies opgewek is. Tog het hierdie mondelingse tradisie gelei tot 'n enorme aantal leerstellige afwykings en onduidelikhede.

2. DIE TYD VAN GEDRUKTE MEDIA:

   In die 15^e eeu is die boekdrukkuns deur Johannes Gutenberg uitgevind. Die kerk het hierdie uitvinding onmiddelik aangegryp as 'n medium om teen die degradering en afwykings van die geloof teen die einde van die Middeleeue te reageer. Dit het tot 'n nuwe manier van geloofskommunikasie gelei. Hierdie nuwe rigting het drie elemente gehad:

   a. Die noodsaak om een leer en vaste morele onderrig aan die massas deur te gee;
   b. Die noodsaak om mense op te lei, veral deur skole en kweekskole;
   c. Die noodsaak om die ongeskoolde mense te leer en te onderrig deur kort, presiese leerstellige uiteensettings. Die gewone mense moes die teologiese basis van die Christendom leer.

   Die belangrikste gevolge van hierdie metode was 'n strengheid in leer en 'n eenvormigheid van kennis. Die belang van logiese kennis en abstrakte begrippe is beklemtoon. Met die koms van die boekdrukkuns is die pastorale program, gebaseer op morele en liturgiese praktyke, verander en is die klem gelê op die uit die kop ken van leerstellings. Tog is dit belangrik om daarop te let dat die Christelike geloof die nuwe kommunikasiemedium aangegryp het en bereid was om eeue se tradisie en manier van doen daarom te verander.

3. DIE TYD VAN ELEKTRONIESE MEDIA:

   Drukwerk het stadig maar seker die klem geplaas op presiese konsepte en streng definisies, formules van groot eenvormigheid en logiese sisteme en ideologieë. Rasionele

analise, die gebruik om logiese onderskeidinge en verbindinge te maak en gehoorsaamheid aan formules en kerkreg het belangriker geword as om een te voel met die kerk of om aktief deel te neem aan die liturgie. Babin stel dit dat daar 'n omkering was van die foute eie aan die vroeëre mondelinge kultuur. Aan die eenkant was daar 'n deurmekaar Christelike lewenswyse en aan die ander kant 'n lewe gedomineer deur abstrakte korrektheid. In die Middeleeue was die affektiewe geloof 'n vae, maar lewendige realiteit. Dit is geleidelik vervang deur 'n meer serebrale vorm van geloof, maar een waar die lewende realiteit van die geloof vir die meerderheid mense verdwyn het.
Hierdie nuwe era bring twee kritiese probleme na vore:

a. Hoe om, in en deur die era van elektroniese media, aan 'n begrips- en verstandsgeloof 'n persoonlike, emosionele, geestelike krag te verleen; en
b. Hoe om, ten spyte van die era van elektroniese media, die suiwerheid van die geloof te bewaar.

## 7.3 TEGNOLOGIESE AANBIDDING

Die moderne gemeenskap is oudiovisueel ingestel (Strauss, 1995:88). In die inkleding van die eredienste sal hiermee rekening gehou moet word. Daarom stel Schultze (2004:17) dit dat aanbidding noodwendig liturgies *en* tegnologies is: "*The questions we face in today's high-tech milieu are actually age-old: What kinds of liturgical (and technological) practices are most fitting for worship - when, where, how, for whom, by whom, and why? And to answer such questions we must grasp the significance of both technology and worship.*" Uit die geskiedenis het duidelik geblyk dat die visuele vanaf die begin deel van die Christelike aanbidding was (vergelyk Hoofstuk 6). Christene van vandag is daarom vry om visuele- en gehoorsimbole op 'n kreatiewe manier in die erediens te gebruik. Die probleem is egter dat, hoewel die samelewing beeld*deurtrek* is, dit ook beeld*onkundig* is (Schultze, 2004:20). Daarom het die kerk 'n belangrike rol om die aanbidders toe te rus en te begelei om die beelde te verstaan en reg te beleef.

Schultze (2004:97-102) stel ses beginsels voor vir die kerk se interaksie met die moderne multimedia:

1. LEER OOR LITURGIE: Te veel aanbidders weet baie meer van tegnologie as van aanbidding. Daarom is die eerste stap om duidelikheid te kry oor wat die aard en doel van aanbidding is.

2. LEEN VAN "LOW-TECH" ÉN "HIGH-TECH" AANBIDDING: Die kerk kan leer van kerke wat met minimale tegnologie aanbid, sowel as van die meer tegnologies gevorderde kerke. Soms volg die mees gepaste aanbidding die teenstrydige gesegde: 'Minder is meer'. Ander kere kan volledige tegnologiese aanbidding meer geskik wees.
3. BEWEEG STADIG MET NUWE TEGNOLOGIE: Die vinnige pas van tegnologiese innovasie in die samelewing is nie noodwendig 'n aanduiding van sosiale, kulturele of geestelike vooruitgang nie.
4. OORWEEG DIE GEHALTE VAN GEMEENSKAP: As dit verkeerd gebruik word kan tegnologie die aandag verskuif van gesamentlike gemeenskap na individualisme en 'n verbruikersmentaliteit.
5. PAS DIE OUE AAN BY DIE NUWE EN DIE NUWE BY DIE OUE: Nuwe tegnologie moet nie eenvoudig net aangeneem of verwerp word nie, maar moet aangepas word om in waarheid aan God en aan mekaar te aanbid.
6. SOEK OPREGTE EN ESTETIES BEVREDIGENDE AANBIDDING: In die aanbidding moet steeds gestreef word na estetiese uitnemendheid, waar die ruimte, insluitende aanbiedings, baniere en kunswerke, inspirerend is om te sien en 'n vreugde verskaf. Hierdie aanbiedings moet daarom met die regte gesindheid en bedoelings gedoen word en nie om die aanbidders te manipuleer nie.

## 7.4 MULTIMEDIA EN DIE ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Die invloed van multimedia op die erediens kan soos volg opgesom word:

- Multimedia in die erediens mag nie die fokuspunt van die erediens word nie, maar moet die aanbidder juis begelei om God te ontmoet (BT1).
- Multimedia is 'n kragtige instrument om die sintuie te betrek (veral hoor en sien). Vir die mens van vandag wat oudiovisueel georiënteer is, help dit om die gebeure en die boodskap beter te verstaan (BT3).
- Die multimedia bied verder die geleentheid om die regterbrein aan te spreek deur die beelde en klanke wat gebruik word. Dit kan lei tot 'n dieper belewenis van en ontmoeting met God (BT1).
- Die gebruik van multimedia in die erediens in 'n samelewing wat daarvan deurspek is, stel dit meer inpas met die wêreld. Dit verhoog vreemdelingvriendelikheid (BT6).

- Multimedia kan verder die deelname aan die erediens verhoog (BT8). Deur byvoorbeeld die woorde van liedere en Skrifgedeeltes te vertoon, kan vreemdelinge sonder gedrukte materiaal (boekies, blaadjies, ensovoorts) deelneem.

# 8 GEVOLGTREKKING

Uit die bespreking van die naasliggende wetenskappe, blyk die volgende:

- Die erediens is 'n dialogiese kommunikasiegebeure waar God en die aanbidder met mekaar en die aanbidder ook met sy mede-aanbidders kommunikeer. Vir hierdie kommunikasie om optimaal te kan geskied, is dit belangrik om in gedagte te hou wie God is en wie die aanbidder is en wat die konteks is waarin hy leef. Dit is nodig sodat die boodskap in 'n vorm gegiet kan word wat aan God reg laat geskied én vir die aanbidder duidelik en verstaanbaar is. Daarom is dit belangrik dat die kommunikasie dialogies is, sodat albei partye onbevange aan die kommunikasie deel kan hê.
- Vir die mens om só volledig aan die erediens deel te neem, is dit noodsaaklik dat hy as totale mens betrek word. Dit impliseer die aanspreek van beide hemisfere van die brein – die linkerbrein, wat meer analities, logies en rasioneel is, sowel as die regterbrein, wat meer kreatief, abstrak en emosioneel is. Maar dit vra ook dat soveel as moontlik van die mens se sintuie in die erediens betrek word – sien, hoor, ruik, proe en voel.
- 'n Belangrike hulpmiddel in hierdie proses is simbole, juis omdat simbole na 'n groter en dieper werklikheid verwys wat soms glad nie met woorde uitgedruk kan word nie. Simbole betrek beide hemisfere (verstaan en beleef), sowel as meerdere sintuie (byvoorbeeld Nagmaal (sien, ruik, voel, proe) of simboliese handelinge soos kniel (voel, sien, hoor)).
- Hier speel musiek 'n kardinale rol omdat musiek emosioneel-geestelike stimulasie bied wat geen ander medium doen nie. Musiek betrek beide hemisfere en noodsaak deelname deur die aanbidders (sing, luister, ervaar).
- Vir die musiek om egter tot sy reg te kom en vir die atmosfeer om optimaal te funksioneer is die argitektuur van die kerkgebou uiters belangrik. Die kerkgebou is nie bloot maar 'n bymekaarkomplek nie, maar moet die doel van die erediens dien – om God en mekaar te ontmoet. Daarom moet die kerkgebou deelname bevorder, maar ook die aanbidder in die teenwoordigheid van God bring deur die belewenis van die ruimte. Hier speel simbole, kleure en materiale 'n belangrike rol.

- Die aanwending van multimedia is hier belangrik. In die oudiovisuele samelewing van ons tyd is multimedia 'n handige hulpmiddel om die atmosfeer te fasiliteer, solank dit nie 'n doel op sig self word wat die aandag op homself vestig nie. Multimedia wat egter reg gebruik word bevorder deelname, stimuleer beide breinhemisfere, betrek meerdere sintuie en bevorder die belewenis in die erediens.

Uit die bestudering van die naasliggende wetenskappe is dit duidelik dat die atmosfeer 'n belangrike rol speel in kommunikasie en belewing tydens die erediens. Die wetenskappe bied belangrikke perspektiewe en hulpmiddels om die atmosfeer te optimeer. Dit is egter vir hierdie studie belangrik om te bepaal tot watter mate die basisteoretiese beginsels (hoofstuk 7) in die praktyk te realiseer. Om vas te stel wat die huidige stand van sake in verskillende kerkgemeenskape ten opsigte van *Atmosfeer in die erediens* is, word 'n empiriese studie in die volgende hoofstuk (hoofstuk 9) gedoen. Vanuit die wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels (hoofstuk 7) en die metateoretiese gegewens (hoofstuk 8 en 9), sal gepoog word om in hoofstuk 10 praktykteoretiese riglyne te gee en in hoofstuk 11 'n model daar te stel.

# 9

# ATMOSFEER IN DIE EREDIENS IN DIE HUIDIGE PRAKTYK

## 1 INLEIDING

Teologiese teorieë word altyd beïnvloed deur die konteks waarin daar geteologiseer word (vergelyk Heystek, 2000:168). In die praktiese teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente (Pieterse, 1990b:73). Die induktiewe aard van praktiese teologie dui daarop dat die ondersoek van die hedendaagse konteks oor die werklike ervarings van mense en die godsdienstige handelinge in hierdie konteks deur empiriese navorsing gedoen word (Pieterse, 1998b:189). Die doel van empiriese ondersoek is om kennis te genereer wat dit moontlik sal maak om 'n huidige, onbevredigende situasie (werklikheid) na meer aanvaarbaar te verander (Heitink, 1999:223-225).

Heitink (1999:221) toon aan dat die woord "empiries" afgelei is van die Griekse woord *empeira* – wat ervaring beteken. Met empiriese navorsing word dus deur ervaring bepaal hoe die basisteorie in die praktykteorie funksioneer. Hierdie empiriese perspektief koppel die basisteorie aan die praktykteorie (vergelyk Leuschner, 2001:50; Erasmus, 2001:86).

Daar bestaan verskeie metodes van empiriese navorsing: beskrywend, verkennend en die toets van hipoteses. Heitink (1999:229-231) beskryf hierdie metodes soos volg:

- Beskrywende navorsing fokus op 'n sistematiese beskrywing van 'n tema op grond van empiriese data.

- Verkennende navorsing beklemtoon die verduideliking en interpretasie van gegewens waarvan min bekend is en geen teorie daar rondom ontwikkel is nie.
- In navorsing waar die geldigheid van bepaalde hipoteses getoets word, word bepaal of daar bande tussen die werklikheid en die teoretiese grond bestaan.

In hierdie studie is hoofsaaklik van laasgenoemde metode gebruik gemaak. In Afdeling B is die Skriftuurlike gronde vir en belang van *Atmosfeer in die erediens* beredeneer. Die hipotese is dat daar gebrekkige verstaan van *Atmosfeer in die erediens* is en dat dit lei tot gebrekkige fokus daarop en aandag daaraan.

Pieterse (1998b:191) wys daarop dat navorsing óf kwantitatief (met ander woorde 'n groot getal respondente) óf kwalitatief (met ander woorde minder respondente maar meer in diepte) óf beide gedoen kan word. In hierdie studie word 'n *kwalitatiewe* metode gevolg, waar induktief te werk gegaan word – dit beteken dat deur onderhoude met betrokke mense uit die materiaal uit (induktief) tot sekere bevindinge gekom word (Pieterse, 1990c:81). In hierdie studie word halfgestruktureerde onderhoude met 'n vooraf gekose groep individue gevoer, waar met 'n raamwerk van vrae gewerk word, wat dan verduidelik en dieper ingevra word tot die presiese bedoeling van die respondent bepaal is (vergelyk Pieterse, 1990c:83).

Die doel van hierdie hoofstuk is om in die lig van kernaspekte van die *Atmosfeer in die erediens*, die praktiese situasie in 'n snit uit moderne gemeentes te beskryf. Met empiriese vrae is gepoog om te bepaal watter funksionele leemtes die situasie in moderne gemeentes openbaar (vergelyk Venter, 1995:199). Die oorkoepelende vraag is dus: in hoe 'n mate slaag gemeentes daarin om die atmosfeer in die erediens in te rig in lyn met die verwagtings uit die Skrif? In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek weergegee.

# 2 METODE

## 2.1 RESPONDENTE

Vir hierdie studie is 'n paneel saamgestel van een-en-twintig persone, drie elk uit sewe gemeentes in die ooste van Pretoria. Die verdeling van die gemeentes lyk soos volg (in hakies is die kodering wat gebruik word):

- Vier hoofsaaklik blanke gemeentes uit die gereformeerde tradisie (GA, GB, GC, GD);

- Een hoofsaaklik swart gemeente uit die gereformeerde tradisie (GM);
- Een Katolieke kerk (RK);
- Een kerk uit die pinkster-charismatiese tradisie (PC).

Uit elk van hierdie gemeentes is drie persone gekies:

- Die liturg (predikant/pastoor/priester), as voorganger in die erediens (P);
- 'n Vrouelidmaat (V);
- 'n Jong lidmaat (J).

Die liturge is gekies aangesien hulle die leiding in die erediens neem, en die meeste van die voorafbeplanning doen. Omdat hulle almal mans was, is besluit om vir die doeleindes van balans 'n vrouelidmaat te betrek. Jongmense ervaar die eredienste dikwels anders as volwassenes en daarom is hulle ook ingesluit.

Die respondente is gekodeer volgens gemeente en individu, byvoorbeeld die liturg van gemeente GA is gekodeer as GA-P.

## 2.2 PROFIEL VAN DIE WOONGEBIEDE VAN DIE PANEEL

Die ooste van Pretoria is gekies, aangesien die skrywer self in hierdie gebied woon. Hierdie keuse bied die voordeel dat die populasie redelik homogeen is. Al die kerke, behalwe die swart gemeente, bedien hoofsaaklik blankes in die volgende tradisioneel blanke woonbuurte (TBW): Faerie Glen, Garsfontein, Moreletapark, Lynnwood, Lynnwood Glen, Lynnwood Manor, Lynnwood Park, Lynnwood Ridge, Woodhill, Mooikloof en Mooikloof Kleinhoewes. Die swart gemeente is geleë in Mamelodi.

Die gebiede sien soos volg daaruit (Parry, 2004):

### *2.2.1 Geslag*

| | MANLIK | VROULIK |
|---|---|---|
| TBW | 46.84% | 53.16% |
| Mamelodi | 51.42% | 48.58% |
| Nasionaal | 47.82% | 52.18% |

Dit is opvallend dat daar beduidend meer vroue as mans in die TBW is, terwyl die verhouding in Mamelodi baie nader aan mekaar is.

### *2.2.2 Ras*

| | SWART | KLEURLING | INDIËR | WIT |
|---|---|---|---|---|
| TBW | 12.56% | 0.83% | 1.23% | 85.38% |
| Mamelodi | 99.53% | 0.44% | 0.01% | 0.02% |
| Nasionaal | 79.02% | 8.91% | 2.49% | 9.58% |

Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat die TBW steeds hoofsaaklik blank is, terwyl Mamelodi steeds feitlik uitsluitlik swart is.

### *2.2.3 Taal*

| | TBW (%) | MAMELODI (%) | NASIONAAL (%) |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 61.54 | 0.73 | 13.35 |
| English | 25.22 | 0.19 | 8.20 |
| IsiNdebele | 1.41 | 8.97 | 1.59 |
| IsiXhosa | 0.90 | 2.06 | 17.64 |
| IsiZulu | 1.57 | 13.15 | 23.82 |
| Sepedi | 2.49 | 46.10 | 9.39 |
| Sesotho | 1.39 | 4.19 | 7.93 |
| Setswana | 1.85 | 7.64 | 8.20 |
| SiSwati | 0.25 | 3.90 | 2.66 |
| Tshivenda | 0.23 | 2.01 | 2.28 |
| Xitsonga | 0.59 | 10.87 | 4.44 |
| Ander | 2.57 | 0.18 | 0.48 |

Die taalverspreiding korrespondeer met die rasverspreiding. Dit is duidelik dat die TBW hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes (61.54%) bestaan, terwyl Mamelodi 'n groot Sepedi bevolking het (46.10%).

### 2.2.4 Ouderdomsverdeling

| | TBW | | MAMELODI | | NASIONAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | KUMULATIEF | % | KUMULATIEF | % | KUMULATIEF |
| 0-4 | 5.52 | 5.52 | 8.43 | 8.43 | 9.93 | 9.93 |
| 5-9 | 6.17 | 11.69 | 7.94 | 16.37 | 10.83 | 20.76 |
| 10-14 | 6.66 | 18.35 | 8.02 | 24.39 | 11.29 | 32.05 |
| 15-19 | 7.72 | 26.07 | 8.88 | 33.27 | 11.12 | 43.17 |
| 20-24 | 7.06 | 33.13 | 12.32 | 45.59 | 9.58 | 52.75 |
| 25-29 | 8.13 | 41.26 | 13.11 | 58.70 | 8.78 | 61.53 |
| 30-34 | 9.59 | 50.85 | 10.19 | 68.90 | 7.45 | 68.98 |
| 35-39 | 9.24 | 60.09 | 8.55 | 77.45 | 6.85 | 75.84 |
| 40-44 | 9.16 | 69.25 | 7.04 | 84.49 | 5.84 | 81.68 |
| 45-49 | 7.76 | 77.02 | 5.08 | 89.57 | 4.66 | 86.34 |
| 50-54 | 6.40 | 83.41 | 3.26 | 92.83 | 3.65 | 89.99 |
| 55-59 | 4.94 | 88.35 | 2.10 | 94.93 | 2.69 | 92.68 |
| 60-64 | 3.65 | 92.00 | 1.60 | 96.54 | 2.38 | 95.06 |
| 65-69 | 2.62 | 94.61 | 1.22 | 97.75 | 1.76 | 96.82 |
| 70-74 | 2.31 | 96.92 | 0.97 | 98.72 | 1.41 | 98.22 |
| 75-79 | 1.56 | 98.48 | 0.61 | 99.34 | 0.82 | 99.04 |
| 80-84 | 0.99 | 99.46 | 0.45 | 99.78 | 0.60 | 99.65 |
| 85+ | 0.54 | 100.00 | 0.21 | 100.00 | 0.35 | 100.00 |
| Totaal | 100.00 | | 100.00 | | | |

Hier is dit opmerklik dat die populasie in die TBW redelik eweredig versprei is tot op 55, waarna dit afneem, terwyl die bevolking in Mamelodi reeds van 45 af afneem. Waar 50% van die bevolking in die TBW onder 35 is, word hierdie afsnypunt in Mamelodi reeds op 25 bereik. Die bevolking in Mamelodi is dus gemiddeld jonger as in die TBW, met 'n groot konsentrasie (35.63%) tussen 20 en 35.

### 2.2.5 *Opleiding*

Die volgende statistieke is vir alle persone ouer as 20 jaar oud in die onderskeie gebiede:

| | TBW | | MAMELODI | | NASIONAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | KUM | % | KUM | % | KUM |
| Geen skool | 2.19 | 2.19 | 9.33 | 9.33 | 14.26 | 14.26 |
| Graad 1 | 0.17 | 2.36 | 0.41 | 9.74 | 4.81 | 19.07 |
| Graad 2/sub B | 0.18 | 2.54 | 0.82 | 10.57 | 3.28 | 22.35 |
| Graad 3/standerd 1 | 0.39 | 2.92 | 1.61 | 12.18 | 4.25 | 26.60 |
| Graad 4/standerd 2 | 0.72 | 3.64 | 2.30 | 14.49 | 4.76 | 31.36 |
| Graad 5/standerd 3 | 0.75 | 4.39 | 2.82 | 17.31 | 4.71 | 36.07 |
| Graad 6/standerd 4 | 0.79 | 5.19 | 3.84 | 21.15 | 5.14 | 41.22 |
| Graad 7/standerd 5 | 1.33 | 6.52 | 6.23 | 27.38 | 6.27 | 47.49 |
| Graad 8/standerd 6/form 1 | 2.11 | 8.63 | 8.74 | 36.12 | 6.96 | 54.45 |
| Graad 9/standerd 7/form 2 | 0.89 | 9.51 | 5.79 | 41.92 | 5.61 | 60.06 |
| Graad 10/standerd 8/form 3/NTC I | 4.36 | 13.87 | 10.01 | 51.93 | 7.10 | 67.16 |
| Graad 11/standerd 9/form 4/NTC II | 1.48 | 15.35 | 10.33 | 62.26 | 5.12 | 72.28 |
| Graad 12/standerd 10/form 5/matriek./NTC III | 29.76 | 45.11 | 30.23 | 92.49 | 12.54 | 84.82 |
| Sertifikaat met minder as graad 12 | 0.46 | 45.57 | 0.43 | 92.93 | 0.21 | 85.03 |
| Diploma met minder as graad 12 | 0.90 | 46.47 | 0.21 | 93.13 | 0.16 | 85.19 |
| Sertifikaat met graad12 | 3.34 | 49.82 | 2.02 | 95.16 | 0.99 | 86.17 |
| Diploma met graad 12 | 15.05 | 64.87 | 3.18 | 98.34 | 2.18 | 88.35 |
| Baccalaureus graad | 12.73 | 77.59 | 1.06 | 99.40 | 0.76 | 89.12 |
| Baccalaureus graad met diploma | 6.25 | 83.84 | 0.28 | 99.68 | 0.37 | 89.49 |
| Honneurs graad | 6.96 | 90.80 | 0.21 | 99.89 | 0.29 | 89.78 |
| Hoër kwalifikasie (Meesters of Doktors) | 9.18 | 99.99 | 0.11 | 100.00 | 0.29 | 90.07 |
| Totaal | 100.0 | | 100.0 | | 100.0 | |

Die volgende opsomming kan hieruit gemaak word:

| | TBW | MAMELODI | NASIONAAL |
|---|---|---|---|
| | % | % | % |
| Geen skool | 2.19 | 9.33 | 14.26 |
| Tot graad 7 opleiding | 94.80 | 78.85 | 48.85 |
| Tot graad 12 opleiding | 83.28 | 37.10 | 17.79 |
| Naskoolse opleiding | 53.51 | 6.86 | 5.04 |
| Universiteitskwalifikasie | 35.12 | 1.66 | 1.72 |
| Nagraadse kwalifikasie | 16.14 | 0.32 | 0.59 |

Dit is hieruit duidelik dat daar 'n noemenswaardige verskil tussen die kwalifikasies van die twee gebiede is. Die TBW kan beskryf word 'n hoogsopgeleide omgewing, met 83.28% wat hul skoolopleiding voltooi het en meer as 50% wat verdere naskoolse opleiding ontvang het. Hierteenoor het minder as 50% van die bevolking in Mamelodi hul skoolopleiding voltooi. Tog is Mamelodi se syfers beter as die nasionale gemiddelde en kan dit in terme daarvan as bo-gemiddeld beskryf word.

### *2.2.6 Werkloosheid*

| | TBW | MAMELODI | NASIONAAL |
|---|---|---|---|
| Werkend | 70.64 | 39.65 | 33.71 |
| Werkloos | 1.90 | 31.16 | 24.01 |
| Ekonomies onaktief | 27.46 | 29.19 | 42.28 |

Dit is duidelik dat die TBW feitlik uitsluitlik uit werkendes of ekonomies onaktiewes bestaan (98.1%), met slegs 1.9% wat werkloos is en werk soek. In Mamelodi is die situasie egter anders, met 31.16% wat werkloos is. Dit is meer as die nasionale gemiddelde van 24.01%.

### *2.2.7 Maandelikse inkomste*

Uit die gegewens kan gesien word dat 61.05% van die mense in Mamelodi met minder as R1,600 per maand moet uitkom (in die TBW is die ooreenstemmende syfer 18.90%, nasionaal is dit 83.76%)), terwyl 54.68% van die mense in die TBW meer as R6,401 per maand ontvang. (Slegs 3.53% van Mamelodi ontvang meer as R6,401 per maand en slegs 4.33% nasionaal.)

Amper 'n derde van die TBW (32.40%) ontvang meer a R12,801 per maand. Dit is dus duidelik dat die TBW as hoë inkomste gebiede geklassifiseer kan word, terwyl Mamelodi in die lae inkomste kategorie val.

Die volgende tabel gee die gegewens weer van werkendes tussen 15 en 65 jaar oud.

| | TBW | | | MAMELODI | | | NASIONAAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INKOMSTE IN RAND | % | KUM. AF | KUM. OP | % | KUM. AF | KUM. OP | % | KUM. AF | KUM. OP |
| Geen inkomste | 1.95 | 1.95 | 100.00 | 2.36 | 2.36 | 100.00 | 58.62 | 58.62 | 100.00 |
| 1-400 | 2.01 | 3.96 | 98.06 | 5.27 | 7.63 | 97.64 | 6.76 | 65.38 | 41.38 |
| 401-800 | 5.55 | 9.51 | 96.05 | 16.03 | 23.65 | 92.37 | 10.30 | 75.67 | 34.62 |
| 801-1,600 | 9.39 | 18.90 | 90.49 | 37.40 | 61.05 | 76.35 | 8.08 | 83.76 | 24.33 |
| 1,601-3,200 | 8.82 | 27.72 | 81.11 | 24.38 | 85.43 | 38.95 | 6.90 | 90.66 | 16.24 |
| 3,201-6,400 | 17.60 | 45.32 | 72.28 | 11.04 | 96.48 | 14.57 | 5.01 | 95.67 | 9.34 |
| 6,401-12,800 | 22.28 | 67.60 | 54.68 | 2.89 | 99.37 | 3.53 | 2.68 | 98.35 | 4.33 |
| 12,801-25,600 | 19.92 | 87.52 | 32.40 | 0.44 | 99.81 | 0.63 | 1.04 | 99.39 | 1.65 |
| 25,601-51,200 | 8.16 | 95.68 | 12.48 | 0.11 | 99.92 | 0.19 | 0.35 | 99.73 | 0.61 |
| 51,201-102,400 | 2.26 | 97.94 | 4.32 | 0.06 | 99.98 | 0.08 | 0.14 | 99.87 | 0.27 |
| 102,401-204,800 | 1.23 | 99.17 | 2.06 | 0.02 | 100.00 | 0.02 | 0.09 | 99.96 | 0.13 |
| 204,801 of meer | 0.83 | 100.00 | 0.83 | 0.00 | 100.00 | 0.00 | 0.04 | 100.00 | 0.04 |

### 2.2.8 *Grootte van huishouding*

Die aantal lede per huishouding is soos volg:

| | TBW | | | MAMELODI | | | NASIONAAL | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | KUM. OP | KUM. AF | % | KUM. OP | KUM. AF | % | KUM. OP | KUM. AF |
| 1 | 26.20 | 26.20 | 100.00 | 19.11 | 19.11 | 100.00 | 21.00 | 21.00 | 100.00 |
| 2 | 29.74 | 55.94 | 73.80 | 20.39 | 39.50 | 80.89 | 17.85 | 38.85 | 79.00 |
| 3 | 16.25 | 72.19 | 44.06 | 15.98 | 55.48 | 60.50 | 14.75 | 53.60 | 61.15 |
| 4 | 18.08 | 90.26 | 27.81 | 14.74 | 70.21 | 44.52 | 14.73 | 68.33 | 46.40 |
| 5 | 6.85 | 97.11 | 9.73 | 10.64 | 80.85 | 29.79 | 10.89 | 79.21 | 31.67 |
| 6 | 2.07 | 99.18 | 2.89 | 7.10 | 87.95 | 19.15 | 7.46 | 86.67 | 20.79 |
| 7 | 0.56 | 99.74 | 0.81 | 4.49 | 92.44 | 12.05 | 4.86 | 91.53 | 13.33 |
| 8 | 0.20 | 99.94 | 0.25 | 2.76 | 95.20 | 7.56 | 3.13 | 94.66 | 8.47 |
| 9 | 0.04 | 99.98 | 0.05 | 1.78 | 96.98 | 4.80 | 2.00 | 96.66 | 5.34 |
| 10+ | 0.01 | 100.00 | 0.01 | 3.02 | 100.00 | 3.02 | 3.34 | 100.00 | 3.34 |

55.94% van die huishoudings in die TBW bestaan uit 2 of minder persone en net 9.73 uit 5 of meer. 90.26% bestaan uit 4 of minder en 97.11 uit 5 of minder. Daarteenoor bestaan slegs 39.50% van die huishoudings in Mamelodi uit 2 of minder (nasionaal 38.85%) en 29.79% uit 5 of meer individue (nasionaal 31.67%). 70.21% bestaan uit 4 of minder (nasionaal 68.33%) en 80.85 uit 5 of minder (nasionaal 79.21%). Waar 12.05% van die huishoudings in Mamelodi uit 7 of meer individue bestaan (nasionaal 13.33%), is dit slegs in 0.81% van die huishoudings in die TBW die geval. Dit is dus duidelik dat die gemiddelde huishouding in die TBW uit heelwat minder individue bestaan as in Mamelodi.

#### *2.2.9 Gevolgtrekking*

Uit bostaande statistieke kan die volgende tipering van die verskillende gebiede gemaak word:

- **TRADISIONELE BLANKE WOONBUURTE (TBW)**: klein huishoudings met 'n bo-gemiddelde inkomste met goedgekwalifiseerde individue sonder werkloosheidsprobleme. Die gebiede bestaan uit mense van gemiddelde ouderdom (rondom 35) en hoofsaaklik uit Afrikaanssprekende blankes.
- **MAMELODI**: groot huishoudings met 'n onder-gemiddelde inkomste en baie werkloosheid. Die mense is swak opgelei en hoofsaaklik jonger as 30. Die bevolking is feitlik uitsluitlik swart, waarvan die grootste taalgroep die Sepedi-sprekendes is.

### 2.3 VRAELYSTE

Met elkeen van die persone is 'n individuele onderhoud gevoer. Op grond van die basisteoretiese beginsels in hoofstuk 7 is 'n vraelys met 15 vrae opgestel. Die basiese vraeraamwerk, waaruit die gesprek gevoer is, was soos volg:

Antwoord die volgende vrae. Die skaal wat gebruik word by die vrae waar dit van toepassing is, is van 1 tot 5 en dra die volgende betekenis:

*1 Nooit nie; 2 Baie min; 3 Gemiddeld; 4 Gereeld; 5 Altyd*

1. a. Onder die "Atmosfeer in die erediens" verstaan ek:
   b. Ek kan die atmosfeer in ons erediens beskryf as:
   c. Ek dink die atmosfeer in die erediens moet een wees van:
2. a. In ons erediens ontmoet ek God persoonlik (1-5)

b. Indien wel, hoe gebeur dit?
c. Hoe kan dit verbeter?

3. a. Ons erediens word gekenmerk deur 'n atmosfeer van eerbied en ontsag (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
4. a. Dit wat in ons erediens gebeur word deur almal verstaan (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
5. a. Liefde is 'n uitstaande kenmerk van die atmosfeer in ons eredienste (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
6. a. In ons erediens ervaar ek vriendelikheid en warmte (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
7. a. Ek dink dat ons erediens almal, ook vreemdelinge, uitnooi en intrek en nie afstoot of intimideer nie (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
8. a. Ek ervaar ons erediens as 'n vreugdefees (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
9. a. In ons erediens is daar ruimte vir deelname deur die mense wat teenwoordig is (1-5)
   b. Indien wel, hoe gebeur dit?
   c. Hoe kan dit verbeter?
10. a. In ons erediens wissel die atmosfeer van erediens tot erediens (1-5)
    b. Indien wel, hoe gebeur dit?
    c. Hoe kan dit verbeter?
11. a. In ons erediens wissel die atmosfeer in die erediens self soos wat die erediens verloop (1-5)
    b. Indien wel, hoe gebeur dit?
    c. Hoe kan dit verbeter?
12. a. In ons erediens word al die sintuie betrek (1-5)
    b. Indien wel, hoe gebeur dit?
    c. Hoe kan dit verbeter?
13. a. In ons erediens word die verstand aangespreek (1-5)
    b. Indien wel, hoe gebeur dit?
    c. Hoe kan dit verbeter?
14. a. In ons erediens word die emosies aangespreek (1-5)
    b. Indien wel, hoe gebeur dit?
    c. Hoe kan dit verbeter?

| 15.a. In ons erediens word simbole en rituele gebruik (1-5)<br>b. Indien wel, hoe gebeur dit?<br>c. Hoe kan dit verbeter? |
|---|

*Vraelys*

Vraag 1 poog om vas te stel tot watter mate daar 'n bewustheid oor die atmosfeer in die erediens heers en wat onder die begrip *Atmosfeer in die erediens* verstaan word. Vraag 2 tot 15 korrespondeer met die Basisteoretiese riglyne wat in hoofstuk 7 daargestel is en wel soos volg:

| VRAAG: | | BASISTEORETIESE RIGLYN: |
|---|---|---|
| 2 | → | 1 |
| 3 | → | 2 |
| 4 | → | 3 |
| 5 | → | 4 |
| 6 | → | 5 |
| 7 | → | 6 |
| 8 | → | 7 |
| 9 | → | 8 |
| 10 | → | 9 |
| 11 | → | 9 |
| 12 | → | 10 |
| 15 | → | 10 |

Vraag 13 en 14 probeer vasstel tot watter mate die linker- (verstand) en regter- (emosies) hemisfeer van die brein aangespreek word. Dit het betrekking op al 10 basisteoretiese beginsels.

## 3 RESPONS

Vervolgens gaan die antwoorde deur die respondente bespreek word. Hierdie bespreking geskied per vraag. Vraag 1 bestudeer die begrip van *Atmosfeer in die erediens*. Die antwoorde word weergegee en bespreek. Vraag 2 tot 15 se bespreking geskied deur die puntetelling aan te dui en te evalueer, te wys op die situasie in die praktyk en dan enige praktiese voorstelle aan

te dui. Na elke vraag word 'n opsomming gemaak van die sterk- en swakpunte wat na vore kom.

## 3.1 VRAAG 1

Vraag 1 toets wat onder *Atmosfeer in die erediens* verstaan word. Die vraag het uit drie dele bestaan:

### *3.1.1 a. Onder die "Atmosfeer in die erediens" verstaan ek:*

Die respons op hierdie vraag het baie klem gelê op die "stemming" wat heers (PC-P, GA-P, GA-V, GB-P, RK-P, RK-V, RK-J). Daar is gewys dat die mens in hierdie stemming God moet ervaar (PC-J, GC-V, GC-J, GD-J). Hierdie stemming is beskryf as "die onsigbare vibrasies, dit wat in die erediens hang soos 'n dampkring" (GA-P). RK-P beskryf dit as "die algehele toon van die ervaring, die emosionele indruk wat die diens op die gemeente maak".

Dit is duidelik dat al die respondente onder "atmosfeer in die erediens" 'n baie sterk gevoelselement verstaan, iets wat beleef word, maar nie noodwendig identifiseerbaar is nie.

### *3.1.2 b. Ek kan die atmosfeer in ons erediens beskryf as:*

Die atmosfeer is veral beskryf as "stemmig" (GA-P, GA-V, GA-J, GB-V, RK-P), "eerbiedig" (RK-V, RK-J) en "gewyd" (GA-V, GB-V). GD-P beskryf hul erediens as "klassiek-spiritueel". Die atmosfeer in die Pinkster-Charismatiese kerk is beskryf as "'n gemaklike atmosfeer van intimiteit horisontaal (na mekaar) en vertikaal (na God)" (PC-P), "vriendelik, gemoedelik, informeel, gemaklik en gewyd met tye" (PC-V) en "energiek, intens" (PC-J). Dit blyk dat die erediens in hierdie kerk meer informeel ervaar word as die eredienste in die ander kerke.

### *3.1.3 c. Ek dink die atmosfeer in die erediens moet een wees van:*

Hier het die klem geval op "eerbied" (GA-P, GA-V, GB-V, GC-P, RK-P, RK-J), "vriendelikheid" (PC-V, GA-P, GA-V, GC-P, RK-P) "vreugdevol" (GA-P, RK-P, RK-V, RK-J) en "veiligheid" (PC-J, GA-V, GC-P, RK-P). Hieruit kan afgelei word dat die respondente voel dat die atmosfeer sodanig moet wees dat God ontmoet word in 'n fees waar almal veilig voel en mekaar laat welkom voel. Dit strook met die basisteoretiese riglyne van hoofstuk 7. Die mate waartoe die onderskeie basisteoretiese riglyne in die praktyk funksioneer, word in die volgende vrae ondersoek.

### *3.1.4 Evaluering:*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Daar is 'n sterk bewustheid dat atmosfeer iets is wat ervaar word<br>• Eerbied, vriendelikheid, vreugde en veiligheid word almal as wesentlik tot atmosfeer beskou. | • Die klem in die verstaan van atmosfeer val baie sterk op die regterbrein (die kreatiewe, emosionele, gevoelskant), terwyl die linkerbrein (verstaan, orde, denke) glad nie genoem is nie. |

## 3.2 VRAAG 2


| |
|---|
| *In ons erediens ontmoet ek God persoonlik* |

Die gemiddelde punt vir hierdie vraag was 4.421, wat daarop dui dat die respondente God wel in die erediens ontmoet. Omdat die ontmoeting met God die basis vir 'n ware erediens is, is hierdie statistiek verblydend.

| **PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **GEREF. A** | **GEREF. B** | **GEREF. C** | **GEREF. D** | **GEREF. M** | **PINKSTER-CH** | **KATOLIEK** |
| **LITURG:** | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| **VROU:** | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| **JONGMENS:** | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

### 3.2.1 Puntetoekenning

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 2*

### 3.2.2 Hoe gebeur dit?

Deur die sang en musiek (PC-V, PC-J, GA-P, GA-V, GB-V, GC-P, GC-V, GC-J, GD-P, GD-J, RK-P, RK-J, GM-J), stiltes (PC-P, PC-V, GA-P, GD-J), gebed (PC-P, PC-J, GA-P, GA-V, GC-V, GM-J), prediking (GA-V, GB-V, GC-P, RK-V, RK-J, GM-P) en Nagmaal (RK-P, RK-V).

### 3.2.3 Hoe kan dit verbeter?

Hier is veral gewys op die gesindheid van die aanbidder (PC-V, PC-J, RK-P), beter toerusting (GA-P, RK-P) en 'n verdieping in al die liturgiese elemente (GB-P). Daar is verder gewys op die noodsaak dat dit wat in die erediens gebeur relevant moet wees (GA-V). Die nodige tyd vir stilte voor die aanvang van die erediens sal ook die ontmoeting met God verbeter (GA-J).

### 3.2.4 Evaluering


| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Hierdie aspek word baie sterk in die praktyk ervaar – God word wel in die eredienste ontmoet. | • Daar is egter steeds ruimte tot verbetering, veral wat die gesindheid en toerusting van die aanbidder betref.<br>• Daar kan verder steeds in al die liturgiese elemente verdieping plaasvind. |

## 3.3 VRAAG 3

| Ons erediens word gekenmerk deur 'n atmosfeer van eerbied en ontsag |
|---|

### 3.3.1 Puntetoekenning

Hierdie vraag het ook 'n hoë gemiddelde punt behaal (4.289), wat daarop dui dat die eredienste wel gekenmerk word deur eerbied en ontsag. Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 3*

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

### 3.3.2 Hoe gebeur dit?

Eerbied en ontsag word gewek deur erns te maak met die erediens (PC-P, GA-V, GB-P), deur te verseker dat daar orde is in die erediens (GC-J, RK-J) en deur die stilte (GA-P, GA-V, GD-J), gebed (PC-J, GC-P, RK-V), Woordverkondiging (GA-V, GC-P, RK-P) en simbole en rituele (GD-J, RK-V, RK-J). GD-P noem "sagte lig, klassieke atmosfeer" en stel dit dat hulle "doen moeite om 'n swaar atmosfeer te skep".

Tog is daarop gewys dat hierdie eerbied en ontsag nie "skynheilige vertoon" (PC-V) of 'n "geforseerde plegstatigheid" (GA-P) moet wees nie – "eerbied is nie iets wat deur die leiers bewerkstellig kan word nie. Eerbied is iets wat in elke persoon se hart moet gebeur" (PC-V)

### 3.3.3 Hoe kan dit verbeter?

Hier is gewys op meer geleenthede vir gebed (PC-J), stiltes (GA-P) en 'n verdieping in die erediens (GC-P). Beter toerusting (PC-V) en toeligting (RK-P) van die aanbidders is ook aangedui.

### 3.3.4 Evaluering


| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Eerbied en ontsag word sterk in die eredienste ervaar.<br>• Die eerbied en ontsag word gesien as iets wat in die hart van die aanbidder gesetel moet wees en nie as iets wat ekstern bepaal word nie. | • Daar is tog bekommernis dat eerbied en ontsag 'n skynheilige vertoon is en nie werklik beleef word nie. |

## 3.4 VRAAG 4

| Dit wat in ons erediens gebeur word deur almal verstaan |
|---|

### 3.4.1 *Puntetoekenning*

Die gemiddelde punt vir hierdie vraag was 3.815. Dit is heelwat minder as die vorige twee vrae. Slegs gemeentes GC en GD ervaar baie sterk dat dit wat in die erediens gebeur deur almal verstaan word. Die individuele puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 4*

Dit is veral GA, GB en RK wat hier minder punte gekry het.

### 3.4.2 *Hoe gebeur dit?*

Dit is belangrik om in die erediens te verduidelik wat gebeur (PC-P, PC-V, GA-P, GB-P, GC-P). Eenvoudige taalgebruik en aktuele voorbeelde is noodsaaklik om seker te maak dat almal verstaan (PC-V, GA-V, GC-P, GD-J, GM-J). Die gebruik van 'n nuusbrief of blaadjie help ook met die verstaanbaarheid (GD-P). Verder is gewys op die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels soos dataprojektors om die verstaanbaarheid te verhoog (GA-P, GA-V).

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

### 3.4.3 Hoe kan dit verbeter?

Veral die leiding deur die voorganger is belangrik en daarom met hy moeite doen om te verduidelik wat aan die gang is (RK-P, RK-J). Verder kan ruimte geskep word vir die aanbidders om deur vrae (PC-V) en bespreking (veral groepbespreking) (RK-V) tot antwoorde te kom. Goeie kommunikasietegnieke en meer gebruik van oudiovisuele hulpmiddels sal ook verstaanbaarheid verhoog (GA-V). Dit is verder belangrik dat die liturg nie homself onnodig herhaal of van die punt af dryf nie (PC-J). Hoogdrawende filosofiese redenasies moet liefs nie in die erediens gebruik word nie, want kinders en baie volwassenes hou nie by nie (GA-V). Veral die kinders sukkel om alles te verstaan wat in die erediens gebeur en daarom is 'n oog vir en toerusting van jongmense belangrik (GA-J).

### 3.4.4 Evaluering


| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Die toenemende gebruik van multimedia in die kultuur van vandag is definitief 'n stap wat verstaanbaarheid sal verhoog. | • Die verstaanbaarheid in die erediens het verbasend lae punte gekry, wat daarop dui dat dit nie 'n saak is waaraan spesifiek aandag gegee word nie.<br>• Veral die jongmense en kinders sukkel om die erediens te verstaan.<br>• Daar is glad nie verwys na die mate waartoe vreemdelinge en buitestanders die erediens sal verstaan nie, hoewel die erediens 'n sterk na-buite gerigtheid moet hê. Dit dui op 'n lae ingesteldheid teenoor hulle. |

## 3.5 VRAAG 5

*Liefde is 'n uitstaande kenmerk van die atmosfeer in ons eredienste*

### *3.5.1 Puntetoekenning*

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 5*

Die gemiddelde punt van 3.315 is relatief laag. Dit is 'n verbasende resultaat, aangesien liefde een van die uitstaande kenmerke van Christenskap behoort te wees (vergelyk 1 Korintiërs 13, veral vers 13: "En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die ***GROOTSTE HIERVAN IS DIE LIEFDE***!" (beklemtoning – WL) en 1 Johannes 4:8: "Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want ***GOD IS LIEFDE***." (beklemtoning – WL)).

### *3.5.2 Hoe gebeur dit?*

Liefde word uiteindelik bewys deur dade (PC-P). Hierdie sluit in die groet van die aanbidders voor en na die erediens (PC-P, PC-V, GA-P, GM-P), die geleentheid vir die aanbidders om mekaar te groet (PC-V), saambid (PC-V) en die verwelkoming van almal deur die voorganger

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

(GC-J). Die lyftaal en stemgebruik van die voorganger speel 'n belangrike rol (GA-V). Verder moet liefde sterk in die prediking uitkom, wat nie te veroordelend moet wees nie (GD-P), sowel as in die gebede (RK-J).

### *3.5.3 Hoe kan dit verbeter?*

Die groot probleem is dat die mense mekaar nie ken nie (GA-V). Daarom is dit belangrik dat ruimte geskep word vir mense om mekaar te leer ken (PC-V). Dit kan gedoen word deur tyd te maak om mekaar te groet (GB-V, GM-J). Die "mekaar"-gedeeltes moet bewustelik en opreg in en rondom die erediens uitgeleef word (diakens kan persoonlik voorbidding lei vir noodlydendes, ens; "getuienisse" kan soms gegee word) (GA-P). Indien die lidmate die funksionele betekenis van die liturgiese vorme besef, kan hy dit ook hartlik beleef (GB-P).

### *3.5.4 Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Daar word wel ruimte geskep vir mense om in liefde na mekaar uit te reik, hoewel dit beperk en hoofsaaklik buite die erediens is. | • Liefde as kenmerk van die erediens het 'n besonder lae punt ontvang, wat kommer wek.<br>• Waar wel na liefde verwys is, was dit amper uitsluitlik na handelinge buite die erediens (voor of na die tyd).<br>• Die groot probleem is dat die mense mekaar nie ken nie. Daarom is dit belangrik dat ruimte geskep word vir mense om mekaar te leer ken. |


## 3.6 VRAAG 6

| In ons erediens ervaar ek vriendelikheid en warmte |
| --- |

### *3.6.1 Puntetoekenning*

Hoewel die gemiddeld vir die liefde in die erediens slegs 3.315 was, is die gemiddeld vir vriendelikheid en warmte 4.289, wat meer bevredigend is. Slegs een gemeente (GA) se gemiddeld is 3 of minder.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 6*

### *3.6.2 Hoe gebeur dit?*

'n Atmosfeer van vriendelikheid en warmte word geskep deur die gesindheid van die gemeente (PC-P) en die liturg (GA-P, GA-V). Hier is die groet deur vriendelike persone (PC-V) of spanne (GC-J) by die deure van besondere waarde. Die liggaamstaal van die gemeente (GA-V, RK-J) en die voorganger (GC-P) speel 'n belangrike rol – veral deur te glimlag (RK-J). Die taalgebruik

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

van die voorganger is ook belangrik (GC-P). Verder word warmte deur die stimulering van die sintuie gewek (GD-J).

### *3.6.3 Hoe kan dit verbeter?*

Baie meer glimlag en lag (GA-P) en die "maskers" van stroefheid en plegstatigheid in die prediking, huisbesoek en katkisasie "ontmasker" (GA-P). Ook hier sal dit help as die lidmate mekaar groet (GA-V). Die sang en musiek speel 'n belangrike rol om 'n atmosfeer van koue of warmte te vestig (GA-V).

### *3.6.4 Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Vriendelikheid en warmte word sterk in die eredienste beleef. | • Die vriendelikheid en warmte word grootliks bewerk deur dit wat buite die erediens gebeur. Hoewel dit ook belangrik is, moet die erediens self hiertoe bydra. |


## 3.7 VRAAG 7

| *Ek dink dat ons erediens almal, ook vreemdelinge, uitnooi en intrek en nie afstoot of intimideer nie* |
|---|

### *3.7.1 Puntetoekenning*

Die gemiddelde punt wat gegee is, is 3.736, wat relatief laag is. Veral RK het lae punte gekry (gemiddeld 1.667), terwyl GC (4.667), GD (5) en GM (5) besonder goed doen.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 7*

### *3.7.2 Hoe gebeur dit?*

Mense word veral ingetrek deur blaadjies of boekies spesifiek vir besoekers (PC-V, PC-J), deur mense by die deure te verwelkom (GD-P) en deur besoekers te vra om op te staan in die diens (GM-P). Dit is verder belangrik dat die voorganger almal verwelkom, in die besonder besoekers en nuwelinge (GA-P, GA-V, GD-P). Hoewel die sang en musiek 'n belangrike rol speel (GB-V), is daarop gewys dat die tipe sang en musiek, sowel as die aanbiddingstyl dalk juis intimiderend kan wees vir mense wat nie daaraan gewoond is nie (PC-P, GC-P). Ook hier speel die taalgebruik van die liturg 'n belangrike rol en is dit belangrik dat hy na 'ons' verwys in plaas van julle, omdat dit inklusief is en samehorigheid bevorder (GA-V). GD-J wys verder daarop dat die erediens kort genoeg moet wees om nie vreemdelinge en besoekers te vermoei of af te sit nie.

### *3.7.3 Hoe kan dit verbeter?*

Daar moet altyd in ag geneem word dat daar mense in die erediens teenwoordig kan wees wat nie gewoond is aan die gemeente se manier van doen nie (PC-J, GA-J). Daarom is dit belangrik om te verduidelik en om verstaanbaar te wees (GB-J). Mense wat plekke aanwys en

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

almal verwelkom kan hier van besondere waarde wees (GA-P, GA-V). Die atmosfeer in die erediens moet nie te stemmig wees nie, aangesien dit juis besoekers kan afskrik (GA-V).

### 3.7.4 *Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat besonder moeite doen en 'n besliste fokus op vreemdelinge het. | • Hierdie vraag het relatief lae punte ontvang, wat wys dat daar nie genoeg begrip vir en bewustheid van vreemdelinge en buitestanders is nie. |


## 3.8 VRAAG 8

| |
|---|
| *Ek ervaar ons erediens as 'n vreugdefees* |

### 3.8.1 *Puntetoekenning*

Die gemiddeld vir vraag 8 was 4.00 en dit was slegs GD wat hier lae punte gekry het (gemiddeld: 2). Hierdie gemeente streef egter daarna om 'n "swaar as eerder vreugdevolle" atmosfeer daar te stel (GD-J).

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 8*

### *3.8.2 Hoe gebeur dit?*

PC noem hulle eredienste 'feesdienste' en lê besondere klem daarop dat hulle eredienste feeste is (PC-P). "Daar is NOOIT 'n somber atmosfeer nie. Tydens die lofprysing is die blydskap aanvoelbaar." (PC-V) Veral die musiek is bepalend tot die erediens as vreugdefees (GA-P, GA-V, GB-P, GC-P, GC-V, GC-J, RK-P, GM-P). Verder bring die sakramente, veral die Nagmaal 'n sterk vreugde-element na die erediens (GA-J, RK-P). "Dit is vir my BAIE opmerklik om gemeentelede se gesigsuitdrukkings dop te hou op pad na die Nagmaaltafel en dan weer op pad terug na die banke toe. Daar is altyd vir my 'n verblydende blyk van vreugde te bespeur, baie soos (met respek gesê) iemand wat pas 'n lang vakansie agter die rug gehad het – verkwikking!" (GA-J). Die prediking is ook hier belangrik (GA-V, GM-P).

### *3.8.3 Hoe kan dit verbeter?*

'n Hindernis in die belewing van die erediens as vreugdefees is wettisisme en formalisme en daarom moet gepoog word om teologies en prakties van enige sweem hiervan weg te kom (GA-

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

J). Verder moet die gawe van musiek meer en met meer variasie gebruik word (PC-V, RK-J). Die persoonlike gereedheid (RK-P) en ingesteldheid (GA-V) van die aanbidder speel 'n groot rol. Hier is toerusting ten opsigte van die liturgie, die erediens en die sakramente noodsaaklik (GA-J).

### *3.8.4 Evaluering*

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Vreugde is in die meeste eredienste 'n besliste ervaring. | • Wettisisme en formalisme is steeds 'n hindernis. Gebrekige ruimte vir spontaneïteit is beperkend. |


## 3.9 VRAAG 9

| *In ons erediens is daar ruimte vir deelname deur die mense wat teenwoordig is* |
|---|

### *3.9.1 Puntetoekenning*

Die gemiddelde punt vir hierdie vraag is relatief laag (3.842) en veral GA (2.333) en GB (3) se punte is laag. Hierdie gemeentes het dan ook slegs na sang verwys as geleentheid tot deelname (GA-P, GA-V, GB-V). GB-P wys daarop dat die lidmate grootliks in 'n "ontvang-gesindheid" teenwoordig is.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 9*

## *3.9.2 Hoe gebeur dit?*

Daar is geleentheid vir deelname deur sang (PC-P, GC-J, GD-J, GM-J), deur aktiewe luister na preek (PC-P), deur geleenthede vir wanneer iemand iets vir die gemeente wil sê: "Kom ons hoor wat sê die Here vir ons" (PC-P). Soveel as moontlik mense word voor en na die diens betrek (PC-P). Daar word geleentheid geskep vir mense om mekaar in klein groepies te bedien (PC-V). Tydens die erediens is daar geleentheid om betrokke te raak in voorlesing (GD-P, RK-P, RK-V, RK-J) en in ander bedieninge soos die insameling van die offers (PC-J), as deel van die musiekbediening (PC-J, GC-P, GC-J, RK-P, RK-V) of as deel van die tegniese span (PC-J). Die aanbidder neem ook individueel deel tydens stilgebed (GD-P, GM-J).

## *3.9.3 Hoe kan dit verbeter?*

Lidmate kan meer betrek word as voorgangers in die liturgie (gebed, Skriflesing, die formuliere, ensovoorts) (GA-P). Verder kan ruimte gegee word vir terugvoer tydens die erediens, deur

| **Puntetelling: 1 Nooit nie; 2 Baie min; 3 Gemiddeld; 4 Gereeld; 5 Altyd** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Geref. A** | **Geref. B** | **Geref. C** | **Geref. D** | **Geref. M** | **Pinkster-Ch** | **Katoliek** |
| **Liturg:** | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| **Vrou:** | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| **Jongmens:** | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

byvoorbeeld SMS'e (GA-P). Verder kan die gebruik van kleingroepe tydens die erediens uitgebrei word (GC-V). GA-V wys op vier aspekte:

1. Deur die liturgie aan te pas.
2. Deur lidmate se gawes (byvoorbeeld van gebed) te identifiseer en te gebruik.
3. Deur lidmate aan te moedig om met idees te kom en dit, indien moontlik, te implementeer.
4. Passiwiteit gedurende die erediens word tans aangemoedig.

### 3.9.4 *Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat hiermee moeite doen en mense volgens gawes probeer aanwend. | • Deelname het 'n relatief lae punt gekry. Veral sekere gemeentes se punte wek kommer.<br>• By die meeste gemeentes word deelname beperk tot gemeentelike sang en aktiewe luister na die preek. |


## 3.10 VRAAG 10

| *In ons erediens wissel die atmosfeer van erediens tot erediens* |
|---|

### 3.10.1 *Puntetoekenning*

Hierdie vraag het die tweede laagste gemiddelde punt van alle vrae gekry (2.947). Veral GD se punt is laag, maar dan moet in aanmerking geneem word dat hulle bewustelik "probeer om die eredienste se atmosfeer dieselfde te hou" (GD-P).

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 10*

### *3.10.2 Hoe gebeur dit?*

PC werk jaarliks met temas en die eredienste pas dienooreenkomstig daarby aan (2004: Jaar van groei) (PC-P) Verder lê hulle intensioneel klem op afwisseling: "Geen twee dienste mag identies wees nie" (PC-P). Verder is daarop gewys dat die atmosfeer tussen die oggend- en aanddienste verskil (GA-P, RK-J) en dat die eredienste volgens die seisoene en kerklike jaar verander (RK-P). Daar is ook 'n verskil tussen die gewone erediens en 'n Nagmaalsdiens (GM-P, GM-J). Wat verder 'n rol speel in die atmosfeer van elke erediens is die verskillende predikante se aanslagte en persoonlikhede (GA-V), die inhoud en aard van die preek (GC-V, GC-J) en die variasie in die musiek, danse, opvoering en multimedia (PC-J).

### *3.10.3 Hoe kan dit verbeter?*

Die verskeidenheid in die kerklike jaar kan meer intens beleef word en meer gestalte kry in die erediens (GA-P). Dit kan gepaard gaan met spesiale dienste met besondere programme (GA-V). Daar kan verder gekyk word na die besondere behoeftes en omstandighede van jongmense en hoe hulle in die erediens bereik kan word (PC-J, GA-V, RK-J). "Vergeet 'n bietjie

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

van wat Augustinus oor die Woord gesê het en na-aap suksesvolle kommunikasie- en motiveringstegnieke soos wat gebruik word in die sekulêre wêreld." (GA-V)

### 3.10.4 Evaluering

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat hierdie instrument baie sinvol gebruik en wel afwisseling in die atmosfeer tussen oggend- en aanddienste en gewone en Nagmaalsdienste het.<br>• Sommige gemeentes maak gebruik van die kerklike jaar, seisoene en selfs die tema van die erediens om die atmosfeer te bepaal. | • Daar word oor die algemeen bitter min van afwisseling tussen eredienste gebruik gemaak. Indien die rykdom in maar net die kerklike jaar en die seisoene in die natuur in ag geneem word, is dit 'n groot verlies. |


## 3.11 VRAAG 11

| *In ons erediens wissel die atmosfeer in die erediens self soos wat die erediens verloop* |
|---|

### 3.11.1 Puntetoekenning

Dit is interessant dat die afwisseling binne die erediens (3.421) heelwat beter gedoen het as die afwisseling van erediens tot erediens (2.947).

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 11*

### *3.11.2 Hoe gebeur dit?*

Hier is veral gewys op die verloop van die liturgie met verskillende bedieningsmomente (GA-J, GC-P, GC-V, RK-P, RK-V). Hierin speel die sang en musiek (PC-V, GA-J, GB-V, RK-P, RK-J) en die gebede (GA-J, GB-V, GD-P, RK-P) 'n groot rol. Veral die voorganger gee hier die rigting deur sy woorde, taalgebruik, liggaamstaal en stemgebruik (GA-J). Die liggaamshouding van die gemeente speel ook 'n rol (kniel/sit/staan) (RK-P).

### *3.11.3 Hoe kan dit verbeter?*

Deur die momente van byvoorbeeld verootmoediging en danksegging/lofsegging/aanbidding duideliker te beklemtoon (GA-P). Verder kan ruimte gemaak word vir die gemeente om self meer te reageer (PC-V). Afwisseling is 'n belangrike instrument wat meer gebruik kan word, byvoorbeeld by die geloofsbelydenis en Wet – nie net ten opsigte van plasing in die liturgie nie, maar ook in terme van keuse van woorde (GA-V). Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels is hier belangrik (GA-J). Tog moet gewaak word teen 'n emosionele wipplank en te veel

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

veranderinge in gevoel (GA-J). Die voorganger kan egter beter gebruik maak van stemtoon en liggaamstaal (RK-P).

### 3.11.4 Evaluering

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Die afwisseling binne die erediens het heelwat beter punte gekry as die afwisseling tussen eredienste. Hier is veral gewys op die verskil in atmosfeer by die verskillende bedieningsmomente/dienste in die erediens. | • Hoewel die verskillende bedieningsmomente/dienste verskil in atmosfeer daarstel, is dit bloot toevallig en nie 'n beplande en bestuurde effek nie. Daar kan steeds meer gedoen word om die aanbidders in hierdie aspek te begelei. |


## 3.12 VRAAG 12

| *In ons erediens word al die sintuie betrek* |
|---|

### 3.12.1 Puntetoekenning

Die gemiddelde punt vir hierdie vraag (3.263) is relatief laag, veral omdat die sintuie van proe en ruik min betrek word. Dit kon selfs laer gewees het, omdat heelwat respondente wat hoë punte gegee het (byvoorbeeld PC-V (4), GB-P (4), GB-V(4)) in die verdere vrae slegs na sien en hoor verwys het en self erken het dat proe en reuk min tot glad nie betrek word nie. GA (gemiddeld: 1.667) en GC (gemiddeld: 2.667) het besonder lae punte.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 12*

### *3.12.2 Hoe gebeur dit?*

Die verskillende sintuie word soos volg betrek:

- HOOR: musiek (PC-V, GB-P, GC-V, GD-P, RK-P, RK-V, RK-J), aanhoor van die liturgie (GC-V, RK-J), aanhoor van die preek (PC-V, GC-J)
- SIEN: Multimedia (PC-P, PC-J, GA-P, GB-P, GB-V, GC-J), drama en dans (PC-V, PC-J), sagte beligting (GD-J), gebare (RK-P), rituele (RK-V), kleredrag van die voorgangers (RK-J)
- VOEL: skud hande as groet (PC-P), simboliese voorwerpe wat rondgestuur word om aan te vat (GC-P), die blaadjie (GD-P), Nagmaal (RK-P)
- PROE: diens waar almal kos bring om te deel (PC-P), Nagmaal (PC-V, PC-J, GB-V, RK-P)
- RUIK: Essensiële olies wat gebrand word (GD-P), sitrusgeur wat versprei word (GD-J), feesdagwierook (RK-P).

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

### 3.12.3 *Hoe kan dit verbeter?*

Voorstelle vir hoe meer sintuie betrek kan word, is:

- HOOR: musiek is belangrik (GA-V),
- SIEN: sinvolle kunswerke (GA-P), sinvolle dramatiese vergestaltings (GA-P), meer en beter gebruik van oudiovisuele hulpmiddels soos die dataprojektor (GA-J), meer simboliek (GC-V), meer kerse en goeie gebruik van beligting (RK-J), laat die voorgangers meer kleurvolle klere dra (RK-J)
- VOEL: elke persoon moet by die deur met 'n handdruk gegroet word (PC-V),
- PROE: geen
- RUIK: geen

### 3.12.4 *Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Hoor word steeds baie sterk aangespreek.<br>• Veral met die toename in multimedia word die sintuig van sien al meer gebruik.<br>• Daar is gemeentes waar daar 'n sterk bewustheid van die krag van die sintuie is en wat moeite doen om al die sintuie te betrek. | • Veral die sintuie van ruik, proe en voel word baie min gebruik en indien wel, is dit bloot toevallig. So word in die Nagmaal geruik, geproe en gevoel, maar dit word nie eksplisiet genoem of bestuur nie. |


## 3.13 VRAAG 13

| *In ons erediens word die verstand aangespreek* |
|---|

### *3.13.1 Puntetoekenning*

Hierdie vraag het besonder hoë punte ontvang en dit is slegs GM (gemiddeld: 2) wat min gekry het. Sonder GM is die gemiddeld 4.412, wat die hoogste van al die vrae is.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 13*

### *3.13.2 Hoe gebeur dit?*

Hier is veral gewys op die preke (ALMAL). Verder is aangedui dat die eredienste eenvoudig (PC-V) en logies is (PC-V, GA-J). Die liedere (GD-P, GD-J) en voorlesings (RK-P, RK-V, RK-J) spreek ook die verstand aan. Daar word egter gewaarsku dat "werklike intellektuele uitdaginge word gedemp deur konvensionele nadruk op geykte formules" (GA-P).

### *3.13.3 Hoe kan dit verbeter?*

Hier word gepleit vir die waarheid – "Waag dit om ter wille van waaragtigheid soms "aanvegbaar" te wees!" (GA-P) Daar moet egter seker gemaak word dat dit prakties en

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

motiverend oorgedra word (GA-V). Die kwaliteit van die sprekers en lesers is hier belangrik (RK-J), asook die kerkgebou self – "Hou die temperatuur af in warm weer!" (RK-J).

### *3.13.4 Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Hierdie vraag het besondere hoë punte ontvang, wat daarop dui dat die verstand baie sterk aangespreek word. In die periode van oorgang tussen die modernisme en die postmodernisme is hierdie resultaat te wagte. Dit moet egter steeds as sterk punt gesien en behou word. | • Hoewel die verstand sterk aangespreek word, blyk dit 'n leemte te wees dat hierdie verstandstimulasie nie prakties genoeg is nie. |


## 3.14 VRAAG 14

| *In ons erediens word die emosies aangespreek* |
|---|

### *3.14.1 Puntetoekenning*

Die gemiddeld is 4.052, wat relatief hoog is. Veral GA (gemiddeld: 3) is egter beduidend onder die gemiddeld.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 14*

### *3.14.2 Hoe gebeur dit?*

Omdat emosies deel is van menswees, is emosies altyd betrokke (PC-V, RK-V). Daarom moet die emosies ook aangespreek word – iets waarvan die gereformeerde eredienste grootliks ontdaan is en was (GB-P). Tog mag hierdie emosie nie "goedkoop" emosie wees nie – eerder ervaring (GC-P). Die erediens moet mense nie op 'n emosionele 'rollercoaster'-rit sit nie – "sodra emosies ongemak veroorsaak in die persoon of in dié rondom hom, is dit te ver" (PC-P). Die emosies word veral aangespreek deur die sang en musiek (PC-J, GA-P, GA-V, GB-V, GC-V, RK-P, RK-J) en gebede (GA-V, GB-V, RK-P). Die prediking (GB-V, RK-J), voorlesings (RK-P, RK-J) en die Nagmaal spreek ook die emosies aan (RK-P). Omdat mens in die erediens spiritueel aangespreek word, word die emosies ook aangespreek (GD-P).

### *3.14.3 Hoe kan dit verbeter?*

Baie meer aandag aan "eksistensiële" ervaringsgerigte aspekte in die prediking (GA-P). Verder moet gekyk word na 'n groter verskeidenheid van liedere wat meer emosies verwoord (GA-P). Nie net die woorde nie, maar ook die toon van die musiek is belangrik (RK-P). So speel die

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

toon van die prediker ook 'n belangrike rol (RK-P). Humor en hartseer, selfs met trane (GA-V), is instrumente om die emosies aan te spreek.

### 3.14.4 *Evaluering*

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Hoewel minder as die verstand, blyk dit dat die emosies wel sterk aangespreek word in die eredienste. | • Tog is daarop gewys dat die tradisionele gereformeerde eredienste grootliks van emosie ontdaan is.<br>• Hoewel die emosies deur veral die sang, gebede en prediking aangespreek word, is dit nie 'n spesifieke doel of beplande uitkoms nie. |


## 3.15 VRAAG 15

| *In ons erediens word simbole en rituele gebruik* |
|---|

### 3.15.1 *Puntetoekenning*

Hierdie vraag het die laagste gemiddelde punt van al die vrae gekry (2.894). By veral GA (gemiddeld: 1.667), GB (gemiddeld; 1) en GM (gemiddeld: 1) was die tellings besonder laag.

Die puntetoekenning wat gegee is, lyk soos volg:




*Puntetoekenning: Vraag 15*

### *3.15.2 Hoe gebeur dit?*

By die gebruik van simbole en rituele is veral gewys op die sakramente van die doop en Nagmaal (PC-V, PC-J, GA-V, GA-J, GC-V, GC-J, GD-P). Verder is gewys op simboliese voorwerpe, soos die kanselkleed (GA-P), 'n tafel en kruik voor in die liturgiese ruimte (GA-P), 'n kruis (GC-P, GC-V, GC-J, RK-J), goue bakke (GC-J), die klere van die voorgangers (GD-P, RK-P), kerse (RK-J) en gebrandskilderde vensters (RK-J). Verder is gewys op simboliese handelinge, soos die handelinge van die voorganger (RK-J), gebare (RK-P) en om te kniel (RK-J). Die simbole wat tydens die preek gebruik word (veral met behulp van die dataprojektor) is 'n belangrike kommunikasie instrument (PC-P).

### *3.15.3 Hoe kan dit verbeter?*

Uitstallings (GA-P), foto's, (GA-P), soms (sinvol) kerse(GA-P), meer bewegings in die erediens, byvoorbeeld "ambulante" Nagmaalsviering (met ander woorde Nagmaal waartydens die deelnemers beweeg) (GA-P). Die sakramente kan 'n sterker rol speel in die erediens (GA-J).

| PUNTETELLING: 1 NOOIT NIE; 2 BAIE MIN; 3 GEMIDDELD; 4 GEREELD; 5 ALTYD | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GEREF. A | GEREF. B | GEREF. C | GEREF. D | GEREF. M | PINKSTER-CH | KATOLIEK |
| LITURG: | GA-P | GB-P | GC-P | GD-P | GM-P | PC-P | RK-P |
| VROU: | GA-V | GB-V | GC-V | GD-V | GM-V | PC-V | RK-V |
| JONGMENS: | GA-J | GB-J | GC-J | GD-J | GM-J | PC-J | RK-J |

Verder kan meer simboliese voorstellings, soos skilderye, beelde en kunswerke gebruik word (RK-J).


### *3.15.4 Evaluering*

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Die sakramente word sterk as simbole en rituele beleef.<br>• Simboliese voorwerpe en handelinge kom wel voor, hoewel daar meer eksplisiet na verwys kan word. | • Hierdie vraag het die laagste punte van al die vrae gekry, wat wys op 'n gebrek aan simbole en rituele in die eredienste. |

## 3.16 GEHEELBEELD

### *3.16.1 Gemiddelde van al die vrae*

Indien al die antwoorde van al die vrae geneem word, is die totale gemiddeld 3.746, wat as bevredigend beskou kan word. Die gemiddeldes van die individuele vrae is soos volg:




*Gemiddeldes vir al die vrae*

Hieruit is dit duidelik dat nie een van die vrae uitsonderlik hoog of uitsonderlik laag is nie.

### *3.16.2 Standaardafwykings*

Die standaardafwyking is 'n maatstaf van spreiding (sien Steyn *et al.* (1989:96-100)) wat bereken word deur die verskil tussen elke waarde en die gemiddeld te neem, dit te kwadreer om van die negatiewe tekens ontslae te raak, die kwadrate bymekaar te tel, deur die aantal waardes minus een te deel en dan die vierkantswortel van die totaal te kry. Die wiskundige formule is:

$$s = \sqrt{\frac{1}{n-1}\sum_{i=1}^{n}(x_i - \bar{x})^2}$$

waar: $s$ = standaardafwyking


$n$ = die aantal waardes

$x_i$ = waarde van respons nommer $i$

$\bar{x}$ = gemiddeld van al die $x$ waardes

Die standaardafwyking gee dus 'n gemiddelde afwyking vanaf die gemiddelde waarde.

Wat die standaardafwyking per vraag betref, is die resultaat soos volg:




| | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Standaardafwyking | 0.7695 | 0.9890 | 0.8852 | 0.7695 | 1.2842 | 1.1055 | 1.3850 | 1.4710 | 1.1698 | 1.0457 | 1.0145 | 1.2236 | 1.6632 |

*Standaardafwykings*

Dit is insiggewend dat die standaardafwykings juis die grootste is by die vrae waar die gemiddeldes die kleinste is, soos gesien kan word in die volgende tabel, waar die vrae

gerangskik is volgens gemiddelde (in stygende volgorde) en volgens standaardafwyking (in dalende volgorde):

| VRAAG: | GEMIDDELD: | VRAAG: | STANDAARD AFWYKING: |
|---|---|---|---|
| 15 | 2.895 | 15 | 1.663 |
| 10 | 2.947 | 10 | 1.471 |
| 12 | 3.263 | 9 | 1.385 |
| 5 | 3.316 | 7 | 1.284 |
| 11 | 3.421 | 14 | 1.224 |
| 7 | 3.737 | 11 | 1.170 |
| 4 | 3.816 | 8 | 1.106 |
| 9 | 3.842 | 12 | 1.046 |
| 8 | 4.000 | 13 | 1.015 |
| 14 | 4.053 | 4 | 0.989 |
| 13 | 4.158 | 5 | 0.885 |
| 3 | 4.289 | 3 | 0.769 |
| 6 | 4.289 | 6 | 0.769 |
| 2 | 4.421 | 2 | 0.607 |

Hierdie tabel moet soos volg verstaan word:
Vraag 15 se gemiddelde waarde is 2.895. Die gemiddelde afwyking vanaf hierdie waarde is ± 1.663, met ander woorde die gemiddelde antwoord lê tussen 2.895-1.663 en 2.895+1.663, of 1.232 en 4.558.

Hieruit is dit duidelik dat die vrae met die laagste gemiddeldes (vraag 15 en 10) ook die grootste standaardafwykings het, wat daarop dui dat die waardes vir hierdie vrae ook die grootste verskille toon. Dit beteken dat die kerke op hierdie vrae die meeste verskil. Die vrae met die hoogste gemiddelde waardes (vraag 2 en 6), het die kleinste standaardafwykings, wat daarop dui dat hierdie vrae se antwoorde die kleinste variasie toon. Op hierdie vrae is daar grootliks ooreenstemming tussen die kerke. Gevolglik is vrae 15 en 10 dié vrae wat die meeste aandag in die praktyk verlang.

# 4 SAMEVATTING

By die bespreking van die onderskeie vrae is op die ervaarde sterk- en swakpunte gewys. Hierdie sterk- en swakpunte in die atmosfeer in die eredienste word in die volgende tabel opgesom:

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Wanneer die respondente gevra is om oor die atmosfeer te dink, is die ideale atmosfeer wat gegee is grootliks in lyn met die afleidings in Deel 2<br>• Die eredienste word baie sterk beleef as 'n ontmoeting met God<br>• Eerbied en ontsag figureer wel in die meeste eredienste.<br>• Daar is 'n universele besef dat die eredienste verstaanbaar moet wees.<br>• Vriendelikheid en warmte word sterk met die eredienste verbind.<br>• Vreugde is 'n besliste eienskap van al die eredienste behalwe een, by wie dit 'n bewuste keuse is.<br>• Daar is 'n aantal gemeentes wat bewustelik moeite doen om al die sintuie te betrek en dit op baie kreatiewe wyses doen.<br>• Die linkerhemisfeer van die brein (rasionele, verstand) word baie sterk aangespreek.<br>• Die regterhemisfeer (emosies) word ook sterk aangespreek, hoewel in 'n mindere mate as die linkerhemisfeer. | • Daar is tog sommige eredienste waar die atmosfeer van eerbied en ontsag as skynheilig en geforseerd ervaar word.<br>• Sommige van die eredienste word nie as verstaanbaar vir almal beleef nie. Hier is veral verwys na jongmense en kinders, wat nie noodwendig alles verstaan nie.<br>• Liefde word verbasend min as eienskap van die erediens ervaar. Waar dit wel só geïdentifiseer is, is hoofsaaklik gewys op dit wat buite en rondom die erediens gebeur.<br>• Die punte vir die vreemdeling-vriendelikheid van die erediens was relatief laag. Dit dui daarop dat die eredienste hoofsaaklik vir die eie lidmate ingerig word en nie 'n oog vir vreemdelinge het nie.<br>• Daar is min geleentheid vir deelname in die erediens. Behalwe vir sang, luister en stilgebed, is daar min ander moontlikhede.<br>• Een van die belangrikste instrumente om atmosfeer te gebruik, naamlik afwisseling, word relatief min gebruik (veral afwisseling tussen eredienste).<br>• Te veel gemeentes betrek steeds hoofsaaklik net die sintuie van sien en hoor.<br>• Bitter min simbole en rituele word |

| | |
|---|---|
| | gebruik. Daar is verder bitter min nuwe, eietydse, kontekstuele simbole en rituele en daar word geen poging aangewend om die skat hier uit te brei nie. |

# 5 AFLEIDING

Uit bogenoemde kan afgelei word dat daar wel in die praktyk aandag gegee word aan die atmosfeer in die erediens, hoewel dit nie noodwendig as sodanig hanteer word nie. Individuele gemeentes toon egter besliste gebreke soos in die bespreking van die onderskeie vrae aangetoon is. Indien meer gerigte fokus hieraan gegee word, kan die huidige bevredigende situasie steeds verbeter word. 'n Geheelstrategie ten opsigte van atmosfeer in die erediens ontbreek egter.

Vanuit die wisselwerking tussen die basisteoretiese beginsels (Deel 2) en die metateoretiese gegewens (Deel 3), word in hoofstuk 10 praktykteoretiese riglyne gegee, terwyl hoofstuk 11 'n model daarstel om die *Atmosfeer in die erediens* te evalueer en beplan.

# DEEL 4

## praktykteoretiese perspektiewe op atmosfeer in die erediens

# 10

# PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE VANUIT DIE WISSELWERKING TUSSEN BASISTEORIE EN METATEORIE

## 1 INLEIDING

In Deel 2 is 'n basisteorie deur eksegetiese ondersoek uit 1 Korintiërs 11-14, die res van die Skrif en die geskiedenis ontwerp. In hoofstuk 7 is dit omskryf en saamgevat in die volgende basisteoretiese beginsels:

BT 1. In die erediens moet God ontmoet word. Dit beteken dat die atmosfeer sodanig moet wees dat die aanbidder op Hom gerig word en sy teenwoordigheid ervaar. Dit impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, 'n atmosfeer wat dit duidelik maak dat die erediens nie maar net 'n menslike byeenkoms is nie, maar 'n ontmoeting met die een, ware God.

BT 2. Hierdie besef moet, ook deur die atmosfeer, die aanbidder tot eerbied en ontsag bring. Dit word ook beklemtoon in die begrip '*erediens*' – diens tot eer van God.

BT 3. Tog mag die erediens nie verval in 'n onverstaanbare, misterieuse handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is kardinaal in die erediens.

BT 4. Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite.

BT 5. Hierdie liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig.

BT 6. Die erediens moet daarom ook so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie.

BT 7. Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydskap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God.

BT 8. Hierdie atmosfeer moet juis die teenwoordiges aanmoedig tot en ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal.

BT 9. Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens die kerklike jaar, gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is.

BT 10. Die atmosfeer word onder andere geskep deur die liturgiese ruimte waarbinne die erediens plaasvind, deur simbole en rituele, deur fisieke beweging en gebare, deur musiek en sang en deur die gebruik van die verskillende sintuie.

In Deel 3 is die metateoretiese werklikheid beskryf en beoordeel. Deel 3 het bestaan uit 'n literatuurstudie uit 'n aantal naasliggende wetenskappe (hoofstuk 8), asook empiriese navorsing wat in Suid-Afrikaanse gemeentes gedoen is (hoofstuk 9). Die doel van Deel 4 is om vanuit gemelde twee refleksiedomeine (Deel 2 en 3) in hermeneutiese wisselwerking 'n verstelde teorie te artikuleer (vergelyk Venter, 1992:42–44; 1995:198–200). In die proses word 'n model voorgestel waarvolgens gemeentes die *Atmosfeer in die erediens* kan evalueer en verstel.

In hierdie hoofstuk word die basisteoretiese beginsels van hoofstuk 7 as raamwerk gebruik en in wisselwerking met die metateoretiese gegewens met praktiese riglyne gevul. 'n Aantal algemene riglyne word ook gegee. In hoofstuk 11 word 'n model vir *Atmosfeer in die erediens* daargestel. Die doel van hierdie hoofstuk is egter nie om 'n universele praktyk daar te stel nie. In die postmoderne wêreld van vandag sal elke gemeente die universele beginsels (hoofstuk 7) op 'n unieke manier in die praktyk van sy eie unieke situasie moet verdiskonteer. Daarom word slegs enkele riglyne gegee ten einde die kreatiewe proses om die beginsels praktyk te maak te inisieer en te stimuleer.

# 2 RIGLYNE OP GROND VAN DIE BASISTEORIE

Vervolgens gaan die verskillende basisteoretiese beginsels (Hoofstuk 7) aandag geniet. Die beginsel word telkens eers genoem en daarna word die metateoretiese insigte weergegee. Die insigte uit die naasliggende wetenskappe (Hoofstuk 8), sowel as die beeld van die situasie in die praktyk soos dit uit die empiriese ondersoek (Hoofstuk 9) na vore gekom het, word weergegee. Uiteindelik word enkele praktiese voorstelle gedoen.

## 2.1 DIE EREDIENS AS ONTMOETING MET GOD (BT1)

### *2.1.1 Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| In die erediens moet God ontmoet word. Dit beteken dat die atmosfeer sodanig moet wees dat die aanbidder op Hom gerig word en sy teenwoordigheid ervaar. Dit impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, 'n atmosfeer wat dit duidelik maak dat die erediens nie maar net 'n menslike byeenkoms is nie, maar 'n ontmoeting met die een, ware God. |

### *2.1.2 Metateoretiese gegewens*

2.1.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Omdat die erediens uiteindelik 'n kommunikasiegebeure tussen God en mens en mens onderling is, is dit belangrik om bewus te wees van die verskillende kommunikasiekategorieë. Te veel eredienste fokus slegs op verbale interpersoonlike kommunikasie. Hier kan maar net gedink word aan die hoeveelheid tyd wat in die be*woord*ing van preke gesit word, terwyl die nie-verbale interpersoonlike kommunikasie, soos byvoorbeeld kleredrag, liggaamshouding, gebare, gelaatspel en houding van die prediker te min aandag kry. Dit kan selfs gebeur dat die nie-verbale die verbale weerspreek en dat dit tot verwarring en oneffektiewe kommunikasie lei. Intrapersoonlike, nie-verbale interpersoonlike en patiese kommunikasie moet in die erediens tot hulle reg kom. Vir 'n ware ontmoeting met God is dit belangrik om op al hierdie aspekte te let.
- Dit is belangrik dat nie net gefokus word op wie God is nie, maar ook op wie die mens is, sodat die kommunikasiegaping oorbrug kan word.

- Dit is belangrik om aandag te gee aan wie God is en hoe Hy geken wil word. Anders kan so op die aanbidder gefokus word, dat die boodskap verdraai of verloor word omdat God nie in ag geneem is nie.
- Geslaagde kommunikasie in die erediens is afhanklik van die werking van die Heilige Gees.
- Die atmosfeer moet die aanbidder lei tot 'n ontmoeting met God waarin die hele mens betrokke is. Dit impliseer die regterbrein (die meer kreatiewe, kunstige en emosionele) en linkerbrein (die meer rasionele, logiese en analitiese).
- God is groter as wat die mens kan dink en gevolglik speel simbole 'n belangrike rol in die ontmoeting met Hom.
- Die multimedia bied verder die geleentheid om die regterbrein aan te spreek deur die beelde en klanke wat gebruik word. Dit kan lei tot 'n dieper belewenis van en ontmoeting met God.

2.1.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Hierdie aspek word baie sterk in die praktyk ervaar – God word in die eredienste ontmoet. | • Daar is egter steeds ruimte tot verbetering, veral wat die gesindheid en toerusting van die aanbidder betref.<br>• Daar kan verder steeds verdieping in al die liturgiese elemente plaasvind. |

### *2.1.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek is belangrik (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)

- Stilte speel 'n belangrike rol tydens die erediens. Stilte is die geestelike ruimte waarin die mens se gees hom die beste op sy ontmoeting met God kan voorberei (De Klerk, 2000:463). Daarom behoort daar voldoende geleentheid in die liturgie vir stilte en stilgebed te wees. In stilgebed is elke individu se fokus op God gerig en vind die ontmoeting met God op 'n intens persoonlike vlak plaas. Voorbeelde is:
    - stilte voor die votum, sodat die gemeente geleentheid kry om hom af te sluit van die daaglikse bekommernisse en met sy hele wese te fokus op die ontmoeting met God, mekaar en die wêreld;
    - stilgebed in die Verootmoedigingsdiens, sodat elke gelowige persoonlik verootmoediging kan doen;
    - stilte na die prediking, sodat die gemeente geleentheid kry om die verkondiging toe te eien en sodat die oorgang van die voorganger as spreekbuis *van God* in die prediking na die voorganger as spreekbuis *van die gemeente* in gebed duidelik word.
- Die voorganger: die voorganger speel in elke handeling'n belangrike rol om te verseker dat die gemeente die erediens as 'n ontmoeting met God en 'n dialoog tussen God en sy volk beleef. Te dikwels kom die gemeente om na 'die dominee' te luister en nie na God nie. Die voorganger behoort dit daarom duidelik te maak dat hy ook 'n aangesprokene is en dat dit God is wat met die *hele* gemeente praat. Net so behoort dit in die gebede duidelik te word dat die voorganger namens die gemeente met God praat en nie besig is om sy preek op te som of namens homself te bid met die gemeente net as passiewe aanhoorders nie. Die gebedstaal moet nie oorformeel wees nie, maar waarlik die woorde en emosies van die gemeente weerspieël.
- Toeligting: die dialoogkarakter van die erediens behoort deur toeligting duidelik gemaak te word. Hierdie toeligting kan deur middel van die voorganger geskied, byvoorbeeld: "Kom ons antwoord nou op die Wet van die Here"; deur die nuusbrief waarin die verloop van die erediens aangedui word; deur die gebruik van die liturgiese ruimte, deurdat die voorganger die handelinge namens die gemeente *voor* die preekstoel uitvoer en dan wanneer hy die mondstuk van God is, dit *op* die preekstoel doen.
- Deelname van die gemeente: die gemeente kan meer aan van die liturgiese handelinge deelneem om sodoende die korporatiewe, dialogiese ontmoeting te fasiliteer. Die votum, die geloofsbelydenis, die amen na die preek en na die seën en die Onse Vader kan saam opgesê of saamgesing word. Beurtsang kan ook sinvol gebruik word om die dialoogkarakter duidelik te beklemtoon.

- Besprekings, waaronder bespreking oor al die elemente in die erediens waarin die ontmoeting en belewenis van die erediens bespreek word. Die predikant kan sy preek met die helfte verkort, sodat die gemeente, onder leiding van die ouderlinge, die preek en ander elemente in die erediens in groepies bespreek en terugrapporteer om só die ware korporatiewe ontmoeting fisies uit te leef.

## 2.2 EERBIED EN ONTSAG IN DIE EREDIENS (BT2)

### *2.2.1 Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| Die besef dat die erediens 'n ontmoeting met God is, moet, ook deur die atmosfeer, die aanbidder bring tot eerbied en ontsag. Dit word ook beklemtoon in die begrip *'erediens'* – diens tot eer van God. |

### *2.2.2 Metateoretiese gegewens*

2.2.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Die stimulering van die linkerbrein en die sintuie speel 'n belangrike rol in die daarstel van 'n atmosfeer van eerbied en ontsag.
- Die regte simbole is handige hulpmiddels om die aanbidder hierin te begelei.
- Die lied en musiek in die kerk is instrumentaal tot so 'n atmosfeer.
- Die kerkgebou se argitektuur en inrigting moet so wees dat dit die aanbidder tot eerbied en ontsag begelei en nie so dat dit dit juis bemoeilik nie.

2.2.2.2 Empiriese ondersoek

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Eerbied en ontsag word sterk ervaar in die eredienste.<br>• Die eerbied en ontsag word gesien as iets wat in die hart van die aanbidder gesetel moet wees en nie as iets wat | • Daar is tog bekommernis dat eerbied en ontsag 'n skynheilige vertoon is en nie werklik beleef word nie. |

| | |
|---|---|
| ekstern bepaal word nie. | |

### 2.2.3 *Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek is belangrik (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Stilte speel ook hier 'n belangrike rol (vergelyk 2.1.3 hierbo)
- Die ingesteldheid van die aanbidder is wesentlik tot die belewing van eerbied en ontsag. Indien die aanbidder erns maak met die erediens en hom reg instel vir die gebeure, sal dit die atmosfeer van eerbied en ontsag bevorder. Hier is die toerusting van die aanbidder belangrik.
- Die inhoud, vorm en aanbieding van die preek en die gebede is baie belangrik. Indien dit ligsinnig of oppervlakkig is, sal dit eerbied en ontsag bemoeilik.
- Dit is belangrik dat die erediens ordelik verloop. Indien wanorde heers, is dit moeilik om eerbied by die aanbidders te wek. Daarom moet die erediens volgens 'n plan verloop. Dit beteken egter nie dat die erediens nie dinamies moet wees nie – daar moet juis ruimte vir kreatiwiteit en spontaneïteit wees. Orde beteken nie volgorde of rigiditeit nie, maar beteken ook nie onbeheerstheid en chaos nie.
- Visuele kuns is belangrik. Omdat eerbied en ontsag 'n belewenis is (regterbrein), is regterbreinstimulante (soos kuns) baie waardevol.

## 2.3 VERSTAANBAARHEID (BT3)

### 2.3.1 *Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| Die erediens mag nie verval in 'n onverstaanbare, misterieuse handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is kardinaal in die erediens. |

### 2.3.2 *Metateoretiese gegewens*

2.3.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Omdat die erediens 'n kommunikasiegebeure is, is dit belangrik dat die boodskap wel deur die ontvanger (die mens) verstaan word, anders vind behoorlike kommunikasie nie plaas nie.
- God wil uiteindelik *verstaan* word – daarom gebruik Hy mensetaal, drome, wonderwerke, gelykenisse en uiteindelik sy eie Seun wat mens word.
- God fokus in sy kommunikasie op die ontvanger. Wat die boodskap ookal is, dit word so aangebied dat die ontvanger dit in sy wêreld kan verstaan. Daarom moet die erediens die wêreld van die aanbidders in ag neem en aanspreek, sodat dit wat gebeur verstaanbaar is.
- Vir die atmosfeer is *semiotiek*, waar die gemeente, die erediens en hoe dit verstaan word bestudeer word, belangrik. Dit help om te verseker dat die erediens en gebeure daarin verstaanbaar is.
- Vir die atmosfeer is dit belangrik dat wie die aanbidder is en wat die konteks is waarbinne hy leef, ondersoek word. Anders kan dit gebeur dat so op God gefokus word, dat die boodskap verlore gaan omdat die aanbidder nie in ag geneem is nie.
- Vir geslaagde kommunikasie om plaas te vind, is dit nodig dat daar 'n gedeelde verwysingsraamwerk is.
- Vir die gebeure om verstaanbaar te wees, is dit belangrik dat die linkerbrein, wat meer rasioneel en analities is, aangespreek word.
- Omdat simbole verstaan moet word, moet die gebruik daarvan goed deurdink en beplan word.

- Die liedere in die erediens moet verstaanbaar wees, sodat die aanbidders kan weet waarmee hulle besig is en wat hulle sê of doen.
- Multimedia is 'n kragtige instrument om die sintuie te betrek (veral hoor en sien). Vir die mens van vandag wat oudiovisueel georiënteerd is, help dit om die gebeure en die boodskap beter te verstaan.

2.3.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Die toenemende gebruik van multimedia in die kultuur van vandag is beslis 'n stap wat verstaanbaarheid sal verhoog. | • Die verstaanbaarheid in die erediens het verbasend lae punte gekry, wat daarop dui dat dit nie 'n saak is waaraan spesifiek aandag gegee word nie.<br>• Veral die jongmense en kinders sukkel om die erediens te verstaan.<br>• Daar is glad nie verwys na die mate waartoe vreemdelinge en buitestanders die erediens sal verstaan nie, hoewel die erediens 'n sterk na-buite gerigtheid het. Dit dui op 'n lae ingesteldheid teenoor hulle. |

### *2.3.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- 'n Voorvereiste vir verstaanbaarheid is dat die erediens gevier word in die wêreld van die ontvanger. Daarom is dit noodsaaklik dat die erediens ingerig word om nie onbekend te wees vir die teenwoordiges nie. Dit beteken dat die leefwêreld, kultuur, taalgebruik,

simbole, kleredrag en gewoontes van die teenwoordiges in berekening gebring en, sover moontlik, ingespan word. Natuurlik mag dit nie ten koste van die Bybels waarhede of in stryd met die Christelike geloof toegepas word nie en juis daarom moet beide aspekte voortdurend ondersoek en bestudeer word.

- Die wêreld van vandag is 'n wêreld van multimedia en deelname in plaas van 'n wêreld van lees en toeskou, soos die moderne wêreld was. Daarom moet rekening gehou word met multimedia en deelname ten einde die erediens binne die milieu van die teenwoordiges te plaas en sodoende verstaanbaarheid te verhoog.
- Daar moet aanvaar word dat sekere mense teenwoordig is wat vreemd in die gemeente en die inhoud en opset van die erediens is. Daarom moet die gebeure altyd verduidelik word – hetsy deur die voorganger, die aanbieding (multimedia) of die nuusbrief/gemeentebrief. Niemand mag wonder oor wat gebeur of waarom dit gebeur nie.
- Die gebruik van 'n nuusbrief of blaadjie dra by tot die verstaanbaarheid. Daar moet egter seker gemaak word dat die blaadjie gebruikersvriendelik is. Waak veral teen te veel detail wat die aanbidder verwar, of te min detail wat hom laat wonder. Die blaadjie moet 'n gids wees en nie die belewing en deelname belemmer nie.
- Om die verstaanbaarheid te verhoog kan ruimte vir terugvoer geskep word. Dit kan geskied deur middel van openlike besprekings (byvoorbeeld preekbesprekings) of deur die gemeente in kleiner groepe in te deel vir bespreking.

## 2.4 LIEFDE IN DIE EREDIENS (BT4)

### *2.4.1 Basisteoretiese beginsel*

Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite.

### *2.4.2 Metateoretiese gegewens*

2.4.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Omdat liefde 'n emosie is, is dit belangrik dat die regterbrein ook in die erediens aangespreek word.

- Die kerklied en kerkmusiek is 'n belangrike instrument om 'n atmosfeer van liefde daar te stel, omdat dit die hele gemeente gelyktydig betrek en dus verenig.
- Die kerkgebou moet gemeenskap met God en met mekaar stimuleer.

2.4.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Daar word wel ruimte geskep vir mense om in liefde na mekaar uit te reik, hoewel dit beperk is en hoofsaaklik buite die erediens plaasvind. | • Liefde as kenmerk van die erediens het 'n besonder lae punt ontvang, wat kommerwekkend is.<br>• Waar wel na liefde verwys is, was dit amper uitsluitlik na handelinge buite die erediens (voor of na die tyd).<br>• Die groot probleem is dat die mense mekaar nie ken nie. Daarom is dit belangrik dat ruimte geskep word vir mense om mekaar te leer ken. |

### *2.4.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Liefde word bewys deur dade – daarom behoort daar ruimte tydens die erediens geskep te word vir die teenwoordiges om mekaar te groet.
- Liefde moet sterk in die prediking na vore tree. Die prediking moet nie te veroordelend wees nie.
- Die gebede moet ook liefde uitdra.

- Die "mekaar"-gedeeltes moet bewustelik en opreg in en rondom die erediens uitgeleef word (diakens kan persoonlik voorbidding lei vir noodlydendes, ens; "getuienisse" kan soms gegee word).
- Liefde kan deur fisieke handelinge uitgebeeld word. So kan die gemeente byvoorbeeld hande vashou tydens die uitspreek van die seën of die gebede.

## 2.5 VRIENDELIKHEID EN WARMTE (BT5)

### *2.5.1 Basisteoretiese beginsel*

| Liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig. |
|---|

### *2.5.2 Metateoretiese gegewens*

2.5.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Vriendelikheid en warmte word veral deur die regterbrein ervaar.
- Musiek speel 'n belangrike rol in die atmosfeer en is 'n belangrike instrument om 'n atmosfeer van vriendelikheid en warmte te skep. Musiek kan egter ewe maklik 'n koue, vyandige atmosfeer daarstel.

2.5.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Vriendelikheid en warmte word sterk in die eredienste beleef. | • Die vriendelikheid en warmte word grootliks bewerk deur dit wat buite die erediens gebeur. Hoewel dit ook belangrik is, moet die erediens self hiertoe bydra. |

### *2.5.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek is belangrik (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Mekaar te groet in die erediens
- 'n Atmosfeer van vriendelikheid en warmte word geskep deur die gesindheid van die gemeente en die liturg.
- Dit kan van groot waarde wees indien almal individueel voor die erediens gegroet word. Die ideaal is dat die voorganger dit persoonlik doen. Die tradisionele vergadering van die kerkraad voor die erediens kan so verskuif of aangepas word dat die voorganger(s) 30 minute voor die diens by die deure kan staan om almal wat inkom te groet.
- Die voorganger kan egter ook (met ander woorde beide!) die hele gemeente van die kansel af groet voor die erediens. Indien die gemeente teruggroet (hardop) skep dit 'n gemaklik, vriendelike, verwelkomende atmosfeer.
- Sintuie speel 'n belangrike rol. Deur die geure en klanke wat die persoon ruik en hoor wanneer die kerkgebou betree word, kan vriendelikheid en warmte reeds ervaar word.

## 2.6 DIE UITNODIGENDE AARD VAN DIE EREDIENS (BT6)

### *2.6.1 Basisteoretiese beginsel*

| Die erediens moet so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie. |
| --- |

### *2.6.2 Metateoretiese gegewens*

2.6.2.1 <u>Naasliggende wetenskappe</u>

- God fokus in sy kommunikasie op die ontvanger. Wat Hy ookal sê, of dit aangenaam of onaangenaam is, word só aangebied dat dit maksimum relevansie vir die ontvangers het. Daarom is dit ook in die erediens belangrik om die konteks van die aanbidders in ag te neem in die gebruik van taal, simbole, rituele, handelinge, selfs kleredrag en die argitektuur en inrigting van die kerkgebou. Sodoende word die ontvangers juis uitgenooi en nie afgestoot nie.
- In die erediens vind intrapersoonlike kommunikasie plaas wanneer die aanbidder binne homself kommunikeer. Intrapersoonlike kommunikasie is belangrik aangesien dit in sy binneste is waar die aanbidder welkom en ontspanne of geïntimideer voel. Dit is belangrik dat die atmosfeer hierdie kommunikasie moontlik maak (in terme van ruimte en tyd) en dit fasiliteer (in terme van vryheid en stimulasie).
- Simbole het 'n belangrike identiteitgewende funksie, wat mense na mekaar trek.
- Omdat musiek emosioneel-geestelike stimulasie bied wat ander mediums nie kan nie, is die musiek en lied 'n belangrike instrument om mense in te trek en tuis te laat voel.
- Ook die kerkgebou moet so ingerig wees dat dit mense juis lok en dit vir hulle maklik maak om aan die erediens deel te neem. Die estetiese van die kerk moet verder sodanig wees dat dit mense nader trek en innooi.
- Die gebruik van multimedia in 'n samelewing wat daardeur deurspek is, stel die erediens meer inpas met die wêreld en verhoog sodoende vreemdelingvriendelikheid.

2.6.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat besonder moeite doen en 'n besliste fokus op vreemdelinge het. | • Hierdie vraag het relatief lae punte ontvang, wat daarop dui dat daar nie genoeg begrip vir en bewustheid van vreemdelinge en buitestanders is nie. |

### 2.6.3 *Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek is belangrik (sien 3.4 hieronder). Tog kan die tipe sang en musiek, sowel as die aanbiddingstyl juis intimiderend wees vir mense wat nie daaraan gewoond is nie. Daarom moet dit met groot omsigtigheid en begrip hanteer word.
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Mekaar te groet in die erediens
- Lidmate behoort warmte uit te straal en besoekers en vreemdelinge te verwelkom. Die besoeker moet voel hy mis iets as hy nie daar is nie, hy moet voel daar is mense wat in hom belangstel en nie soos 'n indringer nie.
- Verwelkoming van besoekers voor *elke* erediens deur die voorganger vanaf die kansel, al weet die voorganger nie of daar enige besoekers is nie, word sterk aanbeveel.
- Kerkraadslede, lidmate of die predikant kan by die deure staan en mense groet en ontvang.
- 'n Blaadjie kan by die deure en in die banke beskikbaar wees wat die verloop van die erediens verduidelik, uitstip wie die gemeente is en wat hulle glo, kontakbesonderhede van die predikant en inligting oor die gemeente se aktiwiteite bevat. Sodoende word die erediens meer toeganklik vir buitestanders.
- Daar moet altyd in ag geneem word dat daar mense in die erediens teenwoordig kan wees wat nie gewoond is aan die gemeente se manier van doen nie. Daarom is dit belangrik om te verduidelik en om verstaanbaar te wees.

- Die erediens moet kort genoeg wees om nie vreemdelinge en besoekers te vermoei nie. Omdat die mens van vandag 'n relatief kort aandagspan het, moet veral met die oog op besoekers en vreemdelinge wat nie aan 'n erediens gewoond is nie, gewaak word daarteen om die erediens onnodig uit te rek.
- Genoeg Psalmboeke en Bybels behoort by die deure (of verkieslik in die banke) beskikbaar te wees, sodat besoekers daarvan kan neem om aan die erediens deel te neem.
- Inligtingsborde buite die kerk wat die denominasie en eredienstye aandui en 'n algemene uitnodiging tot die eredienste rig. Hierdie borde kan verder 'n evangeliserende boodskap bevat, waarmee die bewussyn én onderbewussyn van almal wat daagliks daar verby beweeg getref word.
- Aanwysingsborde in die strate rondom die kerk wat die pad na die kerk aandui, sowel as in die kerkgronde wat die deure, badkamers, parkering, inligtingsblaadjies, Psalmboeke en Bybels aandui. Die kerkterrein moet so vreemdelingvriendelik moontlik gemaak word.
- Die gesindheid van die gemeente is belangrik. Deur die toerusting moet die bewustheid van die wêreld en die moontlikheid van besoekers aan die erediens geskep word.
- Die atmosfeer in die erediens moet nie te stemmig wees nie, aangesien dit juis besoekers kan afskrik.

## 2.7 DIE EREDIENS AS VREUGDEFEES (BT7)

### *2.7.1 Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydskap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God. |

### *2.7.2 Metateoretiese gegewens*

2.7.2.1 <u>Naasliggende wetenskappe</u>

- Vreugde en blydskap word in 'n mens gewek deur die regter- en linkerbrein en daarom is dit belangrik dat albei aangespreek word.

- Die argitektuur moet ook getuig van skoonheid ("beauty"). Die estetiese van die gebou is daarom belangrik.

2.7.2.2 Empiriese ondersoek

| **STERKPUNTE:** | **SWAKPUNTE:** |
|---|---|
| • Vreugde is in die meeste eredienste 'n besliste ervaring. | • Wettisisme en formalisme is steeds 'n hindernis. Gebrekkige ruimte vir spontaneïteit is beperkend. |

### *2.7.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Verder bring die sakramente, veral die Nagmaal 'n sterk vreugde-element na die erediens.
- Die prediking is belangrik om 'n feestelike atmosfeer daar te stel. Die verkondiging van die verlossing in Jesus Christus moet vreugde wek by die aanhoorders.
- 'n Hindernis in die belewing van die erediens as vreugdefees is wettisisme en formalisme en daarom moet gepoog word om teologies en prakties van enige sweem hiervan weg te breek.
- Die persoonlike gereedheid en ingesteldheid van die aanbidder speel 'n groot rol.

## 2.8 DEELNAME IN DIE EREDIENS (BT8)

### *2.8.1 Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| Hierdie atmosfeer moet juis die teenwoordiges aanmoedig tot en ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal. |

### *2.8.2 Metateoretiese gegewens*

2.8.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Die erediens is 'n dialogies kommunikasiegebeure, wat impliseer dat al die partye aan die kommunikasie moet kan deelneem. Kommunikasie impliseer respons en dit is wat God van die mens verwag. Daarom is ruimte tot deelname belangrik.
- Vir die atmosfeer in die erediens is die stimulering van die sintuie 'n belangrike instrument, omdat dit die mens in sy totaliteit betrek in die aanbidding. Vir die stimulering van die regterbrein (kreatiewe, beleweniskant van die brein) is die sintuie deurslaggewend. Dit begelei die aanbidder tot 'n meer intense belewenis en tot 'n beter retensievermoë van die gebeure en boodskap.
- Die kommunikasie en belewenis in die erediens sal toeneem na mate die aanbidders sterker deelneem aan die erediens. Veral die betrekking van die sintuie speel hier 'n belangrike rol: sien, hoor, voel, ruik, proe. Die deelname kan ook verder gaan deurdat die aanbidder saam*sê*, saam*doen* en saam*beweeg*.
- Die lied in die kerk betrek die gemeente en laat die aanbidders in hulle totaliteit deelneem aan die erediens.
- Die kerkgebou moet gemeentedeelname bevorder en fasiliteer. Dit vereis beplanning in terme van die posisie en vorm van die meublement (banke/stoele, preekstoel, ensovoorts), sowel as die vloei in en deur die kerklike ruimte.
- Multimedia kan die deelname in die erediens verhoog. Deur byvoorbeeld die woorde van liedere en Skrifgedeeltes te vertoon, kan vreemdelinge sonder gedrukte materiaal (boekies, blaadjies) gemaklik deelneem.

2.8.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat hiermee moeite doen en mense volgens gawes probeer aanwend. | • Deelname het 'n relatief lae punt gekry. Veral sekere gemeentes se punte wek kommer.<br>• By die meeste gemeentes word deelname beperk tot gemeentelike sang en aktiewe luister na die preek. |

### 2.8.3 *Praktykteoretiese riglyne*

Die wêreld waarin geleef word het dramaties verander en daarmee saam die mens van vandag. Een van die mees dramatiese skuiwe is in die benadering tot die erediens. Die kultuur het verander van 'n "hoor"-kultuur (mense wat met die radio groot geword het), na 'n "sien"-kultuur (mense wat met televisie groot geword het), na 'n "doen"-kultuur (mense wat met videospeletjies, rekenaars en internet groot geword het). In die erediens impliseer dit 'n verskuiwing van mense wat iets wil kom *hoor* (die preek) na mense wat iets wil kom *sien* (die aanbieding) na mense wat iets wil *doen* (deelname). Daarom is dit so belangrik om op hierdie aspek te fokus in die liturgie. "Liturgie" is immers afgelei van die Griekse woord "λειτουργία", wat letterlik "die werk van die volk" beteken. Dit dui daarop dat wat in die erediens gebeur die werk van die volk, die gemeente moet wees. Deelname deur die gemeente is wesentlik aan die erediens. Elke gelowige het gawes van die Gees ontvang om tot voordeel en opbou van almal te gebruik. Voldoende ruimte moet in die erediens geskep word waarbinne elke gelowige met sy besondere gawes diensbaar kan wees tot opbou van die hele gemeente. Die opbou na God, die onderlinge opbou en die uitbou na buite groei namate meer lidmate, elk met sy besondere gawe, betrokke raak by die gemeente, aangesien elke handeling in die erediens verrig word deur die lidmaat met die beste gawe. Om die deelname van elke gelowige in die erediens te verbeter, kan die volgende oorweeg word:

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek is belangrik (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)

- Mekaar te groet in die erediens
- Lidmate met musikale gawes kan in die begeleiding op verskillende musiekinstrumente betrek word. Hierdie beoefening van individuele gawes hoef nie tot begeleiding beperk te word nie, maar kan ook gebruik word om die atmosfeer te bewerk deur agtergrondmusiek en stemmingsuitvoerings.
- Sekere liturgiese handelinge in die erediens, veral selfstandige Skriflesing, voorlees van formuliere en gebede, kan deur medegelowiges, selfs vroue en kinders, verrig word. Dit moet met omsigtigheid gedoen word en betrokke persone moet vooraf die nodige toerusting ontvang. Kleingroepe kan hierin diensbaar wees deur toegeruste Bybelstudie oor openbare gebed of Skriflesing te doen en dan die beplanning en uitvoering van die openbare gebed of Skriflesing binne die erediens te hanteer.
- Groepsbesprekings in die erediens, waar elke gelowige in die groep geleentheid kry om 'n bydrae te lewer.
- Sekere persone kan geleentheid ontvang om die preek op hulle eie situasie toe te pas. Daar kan byvoorbeeld aan vier persone geleentheid gegee word om in die erediens, na die preek, die toepassing te maak. Die persone kan weekliks voor die diens geïdentifiseer word en dan vooraf van die preek voorsien word. Sodoende word aan persone met die gawe van profesie die geleentheid gegee om dit te gebruik en word die res van die gemeente deur hulle gawes gebou (vergelyk die bespreking van 1 Korintiërs 14 in 3.2.6 hoofstuk 2).
- Verder kan ruimte gegee word vir terugvoer tydens die erediens, deur byvoorbeeld SMS'e.
- Daar kan binne die erediens geleentheid geskep word vir persone om op ordelike wyse persoonlike getuienisse te lewer.
- Praktiese aspekte van die erediens, byvoorbeeld die rangskikking van blomme, die saamstel van die nuusbrief, die maak van die kanselkleed, kan aan individue met die nodige gawes opgedra word. Al hierdie aspekte dien gemeentebou (deur bewerking van atmosfeer, deur toerusting en toeligting) en daarom is dit wenslik dat die persone met die beste gawes hierdie handelinge verrig.
- Sekere mense kan by die deure voor die diens die kerkgangers verwelkom en groet en besoekers so identifiseer en laat tuis voel. Sodoende word die moontlik intimiderende

atmosfeer van die erediens vir die besoekers bestry en vind daar onderlinge opbou en uitbou na buite plaas.

- Gemeentelede kan gebruik word om nuwe intrekkers in die erediens aan die gemeente bekend te stel.
- Die aanbidders kan by die erediens betrek word deur aan hulle "huiswerk"-opdragte te gee, byvoorbeeld "Ons het vandag gehoor dat ons mekaar moet bemoedig. Kom ons onderneem om elkeen, voor ons vanaand gaan slaap, iemand te bemoedig."
- Mense kan meer betrek word in die beplanning van die erediens. Dit kan byvoorbeeld geskied deur die daarstel van 'n liturgiese diensgroep wat verantwoordelikheid vir die eredienste aanvaar. Kinders kan geleentheid ontvang om die liturgie saam te stel. So kan 'n katkisasieklas dit as projek neem om een diens saam te stel.
- Hierdie deelname in die beplanning kan ook in die besonder met die preke gebeur, waar lidmate saamdink en –beplan vir die preek. Hier kan gedink word aan die tema, Skrifgedeeltes, voorbeelde, metafore, toepassings, beelde, hulpmiddels, ensovoorts.
- Mense kan verder aangemoedig word om self bydraes te skep. Voorbeelde is liedere, gedigte, beelde, kunswerke, uitstallings ensovoorts.
- Vir die deelname is die betrekking van die sintuie belangrik. Dit kan soos volg geskied:
  - HOOR: musiek, aanhoor van die liturgie, aanhoor van die preek
  - SIEN: Multimedia, drama en dans, sagte beligting, gebare, rituele, kleredrag van die voorgangers, sinvolle kunswerke, sinvolle dramatiese aanbiedings, meer en beter gebruik van oudiovisuele hulpmiddels soos die dataprojektor, meer simboliek, meer kerse en goeie gebruik van beligting
  - VOEL: skud hande as groet, simboliese voorwerpe wat rondgestuur word om aan te vat, die blaadjie, Nagmaal
  - PROE: diens waar almal kos bring om te deel, Nagmaal
  - RUIK: Essensiële olies wat gebrand word, sitrusgeur wat versprei word, feesdagwierook.

## 2.9 AFWISSELING IN DIE ATMOSFEER (BT9)

### *2.9.1 Basisteoretiese beginsel*

| |
|---|
| Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens die kerklike jaar, gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is. |

### *2.9.2 Metateoretiese gegewens*

2.9.2.1 Naasliggende wetenskappe

- Omdat dit in kommunikasie belangrik is dat die boodskap die ontvanger bereik, is dit belangrik dat die atmosfeer die boodskap ondersteun en in die wêreld van die ontvanger indra. Tydens die erediens wissel die boodskap (dink aan verlossing, skuldbesef, verootmoediging, dankbaarheid of verslaentheid). Daarom is dit belangrik dat die atmosfeer wissel volgens die boodskap.
- Kommunikasie vind plaas binne die wêreld van die ontvanger en daarom moet dit in berekening gebring word. Hier kan gedink word aan die verskillende seisoene in die natuur of die kerklike jaar.
- Simbole in die erediens bring belangrike afwisseling te weeg. Vir die werking van die simbool is dit belangrik dat die simbool nie so baie herhaal word (of nooit verander word!) dat dit sy impak verloor nie.
- Omdat die kerkmusiek noodwendig afhanklik is van die boodskap en inhoud, moet dit afgewissel word.

2.9.2.2 Empiriese ondersoek

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Daar is wel gemeentes wat hierdie instrument baie sinvol gebruik en afwisseling het in die atmosfeer tussen oggend- en aanddienste en gewone en Nagmaalsdienste. | • Daar word bitter min van afwisseling tussen eredienste gebruik gemaak. Indien die rykdom in maar net die kerklike jaar en die seisoene in die natuur in ag geneem word, is dit 'n groot |

| | |
|---|---|
| • Sommige gemeentes maak gebruik van die kerklike jaar, seisoene en selfs die tema van die erediens om die atmosfeer te bepaal.<br>• Die afwisseling binne die erediens het heelwat beter punte gekry as die afwisseling tussen eredienste. Hier is veral gewys op die verskillende atmosfeer tydens die verskillende bedieningsmomente/dienste in die erediens. | verlies.<br>• Hoewel die verskillende bedienings-momente/dienste verskillende atmosfere daarstel, is dit bloot toevallig en nie 'n beplande en bestuurde effek nie. Daar kan steeds meer gedoen word om die aanbidders in hierdie aspek te begelei. |

### *2.9.3 Praktykteoretiese riglyne*

- Toerusting van die aanbidders en voorgangers (sien 3.1 hieronder)
- Simbole en rituele (sien 3.3 hieronder)
- Musiek (sien 3.4 hieronder)
- Die argitektuur van die kerkgebou (sien 3.5 hieronder)
- Die stem-, taal- en liggaamsgebruik van die voorgangers (sien 3.6 hieronder)
- Die erediens moet 'n dinamiese karakter vertoon en daarom is afwisseling belangrik. Hierdie afwisseling kan byvoorbeeld geskied deur 'n wysiging in die volgorde van die liturgie.
- Die inhoud van die liturgiese momente kan ook afgewissel word. Hier kan gedink word aan verskillende geloofsbelydenisse, of verskillende Skrifgedeeltes vir verootmoediging, genadeverkondiging of riglyne vir 'n nuwe lewe.
- Veral die voorganger gee hier die rigting deur sy woorde, taalgebruik, liggaamstaal en stemgebruik.
- Selfs die manier van preek kan wissel. So kan verskillende style gebruik word (verhalend, didakties, poëties). Die preek kan selfs in verskillende dele opgebreek en deur ander liturgiese momente (soos sang of geloofsbelydenis) geskei word.
- Die gebruik van ander voorgangers is 'n verdere instrument.

- Die gebruik van oudiovisuele hulpmiddels is belangrik. Tog moet gewaak word teen 'n emosionele wipplank en te veel veranderinge in gevoel.
- Die atmosfeer kan baie sinvol aangepas word by die kerklike jaar of die seisoene in die natuur. Die kerklike jaar verloop soos volg:
  - **ADVENT**: Die kerklike jaar begin met die eerste Sondag van Advent. Daar is vier Adventsondae voor Kersfees, waartydens vanuit verskillende perspektiewe met verwagting op die koms van Christus voorberei word. Advent is nie net 'n voorbereidingstyd op Christus se eerste koms nie, maar ook op die tweede. In Adventstyd word die hoop op Christus gevier in die eredienste. Dit is 'n besondere simboolryke tyd en bied die geleentheid om deur allerlei simbole en rituele die eie geloof te vier. Sedert die 16de eeu is purper die gebruiklike kleur vir Advent in die Westerse kerk. Soms is blou ook gebruik. In die antieke wêreld was purper die koninklike kleur omdat net die koninklikes die kleurstof kon bekostig. Een van die sterkste visuele hulpmiddels in dié tyd is die sogenaamde Adventskrans. Dit bestaan meesal uit vier kerse en 'n groter wit Christus-kers in die middel. Drie van die kerse is purper of donkerblou en 'n vierde rooskleurig. Dit kan bydra tot die gevoel van verwagting deur op elke Adventsondag 'n kers aan te steek. Die gebruik is om elke Sondag 'n kers aan te steek, terwyl die vorige kerse wat aangesteek is steeds bly brand. So brand al vier kerse tydens die vierde Sondag, terwyl die groot wit Christus-kers in die middel op Kersdag aangesteek word. Die rooskleurige kers, wat juis 'n uitsondering van die ander kerse is, word gewoonlik op die derde Sondag aangesteek deurdat hierdie Sondag se kers geassosieer word met die vreugde wat tiperend is van die Adventvieringe. Die tradisie van die Isai-stomp sluit aan by die teksvers uit Jesaja 11:1, waar staan dat 'n takkie uit die stomp van Isai sal uitspruit. Volgens tradisie word die stomp van Isai (ook genoem die familieboom van Jesus) gesimboliseer deur 'n droë stomp met 'n rooi lint daarom. Die gedagtes van wag en waak is sentraal in Adventstyd, en stilte is hiervoor belangrik. Stilte kan juis as alternatief dien op die gejaag en geraas wat dikwels met die tyd voor Kersfees gepaardgaan. Die kleure in Advent moet ons herinner aan die koms van die Koning. Die mees algemene kleure wat gebruik word is daarom koningsblou en purper. (Let wel – nie pers nie). Op Kersdag is die kleure wit en goud. Hierdie kleure kan ook gebruik word in die dae na Kersfees tot Epifanie, die 6de Januarie. Die kleur verander dan na groen.
  - **EPIFANIE**: Die woord Epifanie dui op die verskyning of manifestasie van God in die wêreld. Die woord het sy betekenis in 'n ou Oosters-kerklike fees waartydens die geboorte en doop van Jesus gevier is. In wese is Kersfees en Epifanie ten nouste aan

mekaar verbind en word die Kers- en Epifanietyd as aaneenlopend van 25 Desember (die Westerse datum vir Kersfees) tot ná 6 Januarie (die datum vir Epifanie) beskou. Die Epifanie-fees val op 6 Januarie. Die tyd daarna word die tyd ná Epifanie (of soms ook gewone tyd) genoem. Die tyd na Epifanie loop deur tot en met As-Woensdag wat Lydenstyd inlei. Die ster van Betlehem is die sterkste visuele simbool van hierdie tyd. Die ster as simbool van Lig in die duisternis is 'n simbool van hoop. Die dominante kleur van Epifanie is groen soos in Koninkrykstyd. Op die dag van Epifanie word groen vir die eerste keer in die kerkjaar gebruik. Daarna bly dit groen met die uitsondering van die Sondae waarop die doop en die verheerliking van Christus gevier word, wanneer die kleur wit is.

- **LYDENSTYD**: Dit is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer ter voorbereiding op die Paasfees. Die Westerse kerk het in die tweede helfte van die vierde eeu in navolging van die Oosterse kerk begin om as voorbereiding vir Paasfees 'n vastydperk van 40 dae in te stel. Die vas het meestal beteken dat slegs een maaltyd per dag en dan sonder vleis geëet is. Tradisioneel begin die vastydperk op As-Woensdag. Aanvanklik was die plaas van die as op die kop van 'n ernstige sondaar 'n soort tughandeling en boete-oplegging deur die kerk. Later het die as 'n meer seremoniële funksie gekry waarin die as, gewoonlik van die vorige jaar se palmtakke, op die voorkop van die lidmate in die vorm van 'n kruis gesmeer is. Omdat Christene nie op Sondae, die opstandingsdag, gevas het nie, begin Lydenstyd op 'n Woensdag, 46 dae (40 dae en 6 Sondae) voor Paasfees. Die kruis is die sentrale simbool in Lydenstyd. Die kruis herinner aan die kruisiging van Jesus en is 'n teken van sy lyding en sterwe. Gevolglik is dit nie toepaslik om die kruis te versier nie. 'n Doringkroon of spykers as toepaslike simbole kan saam met die kruis gebruik word. Lydenstyd is 'n tyd van bepeinsing en stilte. Afsondering is daarom baie gepas. Hoewel daar in hierdie tyd baie nagedink word oor God se oordeel oor die sonde is dit ook 'n tyd van verwondering oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye. Op As-Woensdag is die kleur grys. Daarna word donker aardse kleure vir die res van Lydenstyd voorgestel. Die kleure van die Groot Lydensweek en Paasnaweek is belangrik omdat dit die dramatiese karakter van hierdie tyd kan onderstreep. Vanaf Palmsondag tot die Donderdag voor Goeie Vrydag, word 'n dieprooi kleur gebruik om die bloed van Christus te simboliseer. Op Goeie Vrydag en die daaropvolgende Saterdag, word geen kleure of enige versierings gebruik nie. Die weerhouding van versierings staan in kontras tot die oorvloed van die versierings en kleure wat gebruik

word op Paassondag en die tyd daarna. Die sentrale simbool met Paasfees en in die tyd daarna is lig wat deurbreek. Die opkomende son herinner elke dag aan Christus se oorwinning oor die dood. In die tyd van die opstanding is musiek baie belangrik. Die vreugde oor die opstanding is so groot dat dit ons laat oorgaan in lofprysing. Kleur speel 'n baie belangrike rol in Paastyd. Dit staan in skrille kontras tot die somberheid van die kleure van Lydenstyd. Op Paassondag en deur die hele Paastyd is die dominante kleure wit en goud. Kleure van oorwinning en vreugde. Ander vrolike kleure wat die glorie van Christus se heerskappy oor die dood beklemtoon, kan egter ook gebruik word. Dit is belangrik om huise en kerke in hierdie tyd met baie blomme te versier.

- **PINKSTER**: Paassondag en Pinkstersondag het die twee dae geword wat die oudste en belangrikste seisoen in die Christelike kalender omraam het. Dit was 'n periode van vyftig dae. Eintlik is oorpronklik nie net na die laaste dag nie, maar na die hele seisoen as 'Pinkster' verwys. Die Engelse 'Pentecost' kom van die Griekse 'pentekoste' wat 'vyftig' beteken. Die 50 dae handel dan ook nie net oor Jesus en meer spesifiek oor sy opstanding nie. Dit is 'n tyd waar die werk van al drie Persone van God gevier word: agter alles troon God as Vader, as Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word. Die kerk het tradisioneel lidmate gedoop wat nog nie met Paassondag gereed was nie. Die viering van die verjaardag van die kerk is inderdaad 'n goeie tyd om ook die geestelike geboorte van nuwe Christene te vier! Dit is ook die gebruik dat daar op hierdie dag aalmoese aan die armes uitgedeel word. Spesiale klem word gelê op gasvryheid aan vreemdelinge. Verder is dit die gebruik om op hierdie Sondag spesiale musiek en uitstallings van kuns, handewerk, blomme of enige iets wat die Gees se gawes aan die gemeente simboliseer, te hê. Simbole en handelinge laat die klem op die talewonder, die eenheid van die kerk (dieselfde Gees woon in alle gelowiges) en die uitreik-karakter van die kerk val. 'n Duif, tonge van vuur of 'n afwaartse pyl kan die Heilige Gees simboliseer, terwyl 'n skip of 'n reënboog die kerk simboliseer. Die kleure wat veral op Pinksterdag gebruik word is rooi en goud om die tonge van vuur wat neergedaal het te simboliseer.
- **KONINKRYKSTYD**: Hierdie seisoen na Pinkster begin met Triniteitsondag en eindig met die Sondag van Christus die Koning. Enersyds sluit dit Pinkster af en lei later die seisoen van Advent in. In hierdie seisoen (soos die naam ook aandui) word die vestiging van die heerskappy/Koninkryk en handelinge van die Drie-enige God (Skepper, Verlosser / Bevryder en Trooster) in elke faset van die lewe en die wêreld

gevier. Die Protestantse kerke vier in hierdie tyd ook die geboorte van die Hervorming, toe Luther sy stellings teen Wittenberg se kerkdeure vasgespyker het. Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld. Die kleur van Koninkrykstyd in die kerklike jaar is groen (en skakerings van groen). Die kleur op sigself verwys na lewe, groei en vooruitgang.

# 3 ALGEMENE RIGLYNE

Vervolgens word sekere aspekte, wat op al die basisteoretiese beginsels van toepassing is, bespreek.

## 3.1 TOERUSTING VAN AANBIDDERS

Volgens De Klerk (1987:310) word daar dikwels veronderstel dat lidmate 'n basiese kennis oor die erediens het. In die praktyk is dit egter nie altyd die geval nie. Sonder grondige kennis in die liturgie bly lidmate onbetrokke in die erediens. Sonder die betrokkenheid van die gelowiges in die erediens, kan die gemeente nie werklik groei en geestelik opgebou word nie (1 Korintiërs 12-14). Daarom is dit van kardinale belang dat predikante en ander begaafde persone opnuut daaraan aandag skenk om gemeentes deur middel van doelgerigte opleiding toe te rus, sodat hulle kennis van die erediens kan lei tot 'n verrykte en onderling verrykende belewing daarvan. In hierdie toerusting moet die *Atmosfeer in die erediens* 'n prominente plek beklee. Die toerusting van die predikant self speel hier 'n belangrike rol. Die predikant, as liturg, moet bewus wees van die doel van die erediens en veral van die rol van die atmosfeer daarin. Die toerusting van predikante aan die teologiese opleidingsinstansies behoort hierdie aspek aan te spreek en klem daarop te lê.

Prakties kan die toerusting soos volg plaasvind:

- Prediking, byvoorbeeld reekspreke oor die erediens, die liturgie en gemeentebou.
- Kategetiese onderrig waarin die erediens as tema uitvoerig behandel word.
- Bybelstudie oor die erediens.
- Toerustingskursusse in die gemeente, byvoorbeeld op Saterdagoggende of in die week.
- Artikels in die gemeentenuusbrief.

- Onderrigsessies voor die aanvang van die diens oor die doel en funksie van die erediens en hoe dit prakties tot uitvoer kom.
- Toeligting onder die erediens, byvoorbeeld 'nou sing ons tot eer van God en tot opbou van mekaar'.

## 3.2 GROTER KLEM OP DIE BEPLANNING VAN ELKE EREDIENS

"*Die waarheid is dat die meeste gereformeerde predikante (soos die naam van die amp reeds aandui!) opgelei is om oor hulleself te dink as predikers en nie as liturge nie*" (Burger, 1999b:12). Dit vra 'n redelike ingrypende verskuiwing in die ingesteldheid van die predikant om nie net na die erediens te gaan om die Woord van die Here aan die gemeente te bedien nie, maar ook om hulle voor te gaan, te lei en te begelei in gebed en aanbidding. Dit is egter van kardinale belang dat die voorganger(s) na die erediens as geheel kyk (insluitende simbole, rituele, die gebou, beligting, musiek, die betrekking van die sintuie) en die geheel beplan. Om hierdie beplanning optimaal te doen, kan die volgende oorweeg word:

- Die inruim van genoegsame tyd in die program van die predikant om voldoende aandag aan die verloop van *elke* erediens te wy. Indien die predikant bewus is van die kardinale gemeenetbouende funksie van elke erediens en genoegsame tyd inruim om die erediens dienooreenkomstig in te rig en te laat gedy, behoort formalisme nie 'n probleem te wees nie. 'n Verdere voordeel van voldoende beplanning is dat die gemeente in die proses betrek kan word. Indien die predikant twee weke vooruit weet wat die tema van die erediens is, kan die gemeente voorberei word. Indien die tema byvoorbeeld Jesus Christus as rots is, kan elke lidmaat die week vooraf 'n klippie ontvang om die week saam te dra en te oordink. So word deelname en toepassing in die lewe versterk.
- Die daarstel van 'n liturgiediensgroep word sterk aanbeveel. Hierdie diensgroep kan weekliks vergader om die verloop van die erediens te bespreek en besluite daaroor te neem in die lig van die gemeentebouende funksie en doel van die erediens.
- Skep 'n forum waar lidmate bydraes tot die inrigting van die erediens lewer. Dit kan gedoen word deur byvoorbeeld 'n houer vir voorstelle in die kerk te plaas, 'n ope uitnodiging na die liturgiediensgroep te rig, 'n gemeentevergadering waarop die erediens en verloop daarvan bepreek word en die gemeente om voorstelle gevra word te hou of 'n gemeentekamp waarop die erediens onder die soeklig gestel word, aan te bied. Behalwe

die voordeel van meerdere insette skep hierdie geleenthede ook 'n groter bewustheid by die lidmate oor die wese van die erediens.

## 3.3 DIE GEBRUIK VAN SIMBOLE EN RITUELE

"*Kuns in die liturgie (woorde, simbole, geboue) stimuleer ons ervaring van God se geheime, ons bewondering vir Hom en help om die gewyde te beleef*" (De Klerk, 2000:464). Simbole spreek tot die regterhemisfeer van die brein – dié deel wat meer beeldend en kreatief funksioneer en dalk in 'n meerdere mate in staat is om iets van God te verstaan as die meer logiese en analitiese kant van ons brein (Burger, 1995:90). Omdat 'n simbool heenwys na 'n ryker werklikheid daaragter wat soms selfs nie met woorde uitgedruk kan word nie, is dit 'n belangrike hulpmiddel vir die skep van atmosfeer in die erediens. Simbole stimuleer die aanbidder tot deelname, omdat die betekenis self herontdek moet word en dit bind die aanbidders aanmekaar deur aan hulle 'n gemeenskaplikheid te gee. Simbole betrek beide hemisfere (verstaan en beleef), sowel as meerdere sintuie (byvoorbeeld Nagmaal (sien, ruik, voel, proe) of simboliese handelinge soos kniel (voel, sien, hoor)). Hierdie simbole kan fisieke simbole wees, kleure, handelinge, rituele of simbole wat in die gedagtes van die aanbidders gevorm word.

In die beoordeling van die aanwending van simbole moet die volgende in ag geneem word: eenvoud en matigheid, dit moet die mens nie oorweldig nie, maar moet juis help om bewus te raak van die eenvoud en wonder van God se teenwoordigheid by sy kinders (Burger, 1995:90).

Die volgende dien as riglyne vir die aanwending van simbole en rituele:

- By die gebruik van simbole en rituele is veral gewys op die sakramente van die doop en Nagmaal.
- Verder is gewys op die teenwoordigheid van simboliese voorwerpe, soos die kanselkleed, 'n tafel en kruik in die liturgiese ruimte, 'n kruis, goue bakke, die klere van die voorgangers, kerse en gebrandskilderde vensters.
- Daar is egter ook simboliese handelinge, soos die handelinge van die voorganger, die aanwending van gebare en om te kniel.
- Die simbole wat tydens die preek gebruik word (veral met behulp van die dataprojektor) is 'n belangrike kommunikatiewe instrument.
- Uitstallings en foto's

- Meer bewegings in die erediens, byvoorbeeld "ambulante" Nagmaalsviering (met ander woorde Nagmaal waartydens die deelnemers beweeg). Hier kan gedink word aan 'n Nagmaal viering waar die aanbidders individueel na vore kom om die tekens te ontvang.
- Verder kan meer simboliese voorstellings, soos skilderye, beelde en kunswerke gebruik word. Dit hoef nie die fisiese kunswerk te wees nie – beelde kan deur middel van 'n dataprojektor op n skerm gegooi of deur 'n truprojektor deur 'n doek geskyn word.
- Voorbeelde van simbole wat sinvol in die erediens gebruik kan word ten einde die atmosfeer te verbeter, is 'n oop Bybel, die kruismotief, die Christusmonogram, kerse, die kanselkleed, blomme, gebrandskilderde vensters, kunswerke.
- Ander simbole wat deur die geskiedenis besondere betekenis in die Christelike kerk gehad het, is die vis, die arend, die duif, die haan, die pou, die takbok, die lam, die leeu, die eenhoring, die boom, koring, brood, sterre, die reënboog, die herder, die anker, die boot, water, vuur, 'n kroon, 'n swaard, rots of klip, 'n lamp of lig, en die troon (vir 'n volledige bespreking, sien Stander (2000)). (Sien ook die bespreking van die simbole volgens die kerklike jaar by 2.9.3 hierbo).
- Simboliese handelinge: kniel tydens gebed, die doop, Nagmaal, handoplegging tydens bevestiging van ampsdraers (predikante, ouderlinge, diakens), die was van voete, salwing met olie.
- Die volgende rituele kan met vrug gebruik word: die indra van die Woord, die aansteek van 'n kers, handoplegging tydens bevestiging, voetewassing, die uitgooi van simboliese olie op die hoofde van mense wat openbare belydenis van hulle geloof aflê, ensovoorts.
- Moeite kan gedoen word om bestaande rituele, soos doop, Nagmaal, belydenisaflegging, bevestiging van ampsdraers ensovoorts meer tot hul reg te laat kom. Dit kan geskied deur hulle uniek vir die gemeente in te kleur met handelinge, simbole, kleure, ensovoorts.
- Kleure: Stander (2000:203-206) wys op die gebruik van kleur deur die geskiedenis. Veral die volgende kleure het 'n sterk Christelike tradisie en kan met vrug in die erediens gebruik word: (Sien ook die bespreking van die kleure volgens die kerklike jaar by 2.9.3 hierbo).
    - Groen: Op grond van dit wat die mens rondom hom waarneem tydens die verskillende seisoene, het groen 'n teken geword van lente en van nuwe lewe. Dit is die teken van oorwinning oor die winter en die dood. Juis om hierdie rede het die eerste Christene die kleur groen gesien as teken van Christus se koms na die wêreld, omdat Hy die

gelowige in staat stel om die dood te oorwin en vir hom nuwe lewe bring. Voorts is ook geglo dat groen die kleur van die hemelse paradys sal wees.

- Geel: Die helderste kleur is geel, en dit kan 'n mens ook verblind. Dit is geassosieer met die son en is dus gebruik om godheid, heerskappy en mag te simboliseer. Geel is die kleur van goud, en daarom is dit gebruik as simbool van ewigheid. Maar geel - en die na verwante groen - is ook gesien as simbool van jaloesie, verraad en bedrog. Judas is byvoorbeeld dikwels vanweë sy verraad teenoor Jesus uitgebeeld met 'n geel mantel aan.
- Swart: Swart is die kleur van duisternis, boosheid en die dood. Dit het ook die kleur geword van toorkuns – vandaar die benaming swart kuns ('black magic'). Daarom is die duiwel en sy engele as swart voorgestel. Swart is ook gebruik as simbool van 'n ander soort sterwe, naamlik die afsterwe van die ydelheid, plesier en rykdom van hierdie wêreld. Om hierdie rede het verskeie godsdienstige ordes in die vroeë Christendom swart kledingstukke gedra. Omdat askete en ander gelowiges wat in kloosters gewoon het alles wat die wêreld bied vaarwel toegeroep het en in volkome oorgawe aan God geleef het, het swart ook die simbool van reinheid en nederigheid geword. Hierdie is dan ook een van die redes waarom verskeie kerke later die kleur swart vir hul liturgiese klere gekies het.
- Blou: Blou is die kleur van die hemelruim en daarom is dit as simbool van die hemel as tuiste van God gebruik. Omdat die blou van die hemel duidelik na vore kom wanneer die wolke eers weggeskuif het, is blou gebruik as simbool van die waarheid. Daar is dan niks wat die blou lug verdoesel of verberg nie. In die kuns is beide Christus en Maria dikwels uitgebeeld met 'n blou kleed aan.
- Rooi: Rooi is die kleur van bloed, wat met emosie geassosieer word. Voorts is dit ook die kleur van vuur, en in 'n figuurlike sin word beide liefde en haat aangevuur. As sodanig is rooi die kleur van liefde sowel as haat. Rooi is die simbool van sonde (vergelyk Jesaja 1:18), maar ook van ons verlossing in Christus omdat Hy sy bloed vir die gelowiges laat vloei het.
- Wit: Wit is in die Oosterse wêreld gebruik as simbool van smart, rou en sterwe. Interessant genoeg is dit dan ook die aanvanklike rede waarom 'n bruid 'n wit rok gedra het: sy sterf haar ou lewe af en as simbool van hierdie sterwe dra sy wit, waarna sy met haar nuwe lewe voortgaan. Maar wit as simbool van reinheid en onskuld is veel meer bekend. Dit is ook simbool van heiligheid. Daarom het Jesus se klere byvoorbeeld wit geword tydens sy verheerliking op die berg (Matteus 17:2), en ook

met sy opstanding het Hy wit klere aangehad. In Openbaring 7:13-14 vra een van die ouderlinge aan Johannes wie die mense is met die wit klere aan wat voor die troon van die Lam staan. Toe Johannes nie weet nie, sê die ouderling vir hom: *"Dit is die wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam."*

- Simboliese klere: hier kan gedink word aan die toga, wat simboliseer dat die swak mens toegemaak word, sodat die Woord getrou kan spreek.
- Getalle: Die Bybel is vol van getallesimboliek wat vandag steeds goed gebruik kan word. Daar kan maar net gedink word aan:
  - Een: Volgens die denkwyse van die filosoof Pythagoras is ongelyke (onewe) getalle as 'volkome getalle' beskou omdat dit nie deur twee gedeel kon word nie. Van al hierdie 'volkome getalle' was die getal een die primêre volkome getal omrede alle ander volkome getalle hiermee gevorm word. Die getal een was dus die oorsprong en moeder van alle ander getalle. Juis daarom het hierdie getal as simbool van die godheid gedien. Vir die Christene was die getal een nie net simbool van die uniekheid van God nie, maar ook van eenheid in die algemeen.
  - Twee: In teenstelling met ongelyke getalle, is gelyke (ewe) getalle as 'onvolkome' beskou. Omdat die getal twee die eerste gelyke getal is, is dit by uitstek die getal van onvolkomenheid. Die getal twee staan ook vir die geslagtelike verkeer tussen man en vrou, wat as onrein beskou is. Al die diere wat twee-twee in die ark toegelaat is, was onrein (Genesis 7:2). Voorts staan die getal twee vir teenstellings, soos dag en nag, regs en links, ensovoorts. In die Christendom is dit gebruik vir ander teenstellings soos sinagoge teenoor kerk of Ou Testament teenoor Nuwe Testament. Die kerkvaders het die getal twee egter ook in 'n positiewe sin gebruik, soos wanneer hulle die twee nature van Christus daarmee voorgestel het.
  - Drie: Die getal drie was lank voor Christus reeds simbool van voltooidheid omdat dit die eerste getal is met 'n begin, 'n middel en 'n einde. In talle volkere, godsdienste en magiese kunste figureer die getal drie as simbool van 'n hoër mag of van heiligheid. Ook in die Skrif word die getal drie gebruik vir die drie maal heilige God (Jesaja 6:3). Die drie besoekers wat Abraham ontvang het, wys ook heen op die verskyning van God (Genesis 18:1-2). Die getal drie speel voorts 'n belangrike rol op talle ander plekke in die Skrif: die drie seuns van Noag (Genesis 10:1), die drie manne in die vuuroond (Daniël 3) en Christus wat op die derde dag opgestaan het. Die

belangrikste simboliek van die getal drie in die Christendom is egter waar dit die Drie-enige God versinnebeeld.

- Vier: Teenoor drie as getal van God, is vier die getal van die wêreld. Volgens die antieke wêreldbeskouing bestaan die wêreld uit vier elemente (aarde, vuur, water en lug). Daar is vier windrigtings (noord, suid, oos en wes) en vier seisoene (somer, winter, herfs en lente). Vir die eerste Christene was die getal vier belangrik omdat daar vier Evangelies is. Hulle het daarop gewys dat, net soos die tuin van Eden deur vier riviere benat is (Genesis 2: 1 0), die wêreld benat (geseën) word met die lewende water van die vier Evangelies.

- Vyf: In die antieke wêreld is die getal vyf met die huwelik in verband gebring. Die vyf verstandige en vyf dwase meisies sinspeel ook moontlik hierop. Voorts is die getal vyf gebruik as simbool van die mens se vyf sintuie. Binne die Christendom is die getal vyf veral gebruik as simbool van Christus se wonde aan die kruis (een aan elke hand en voet, en een in die sy).

- Ses: Die getal ses simboliseer die skepping. God het die wêreld in ses dae geskep en Adam is op die sesde dag gemaak. Daarom is doopbaddens soms seshoekig gemaak, om daarmee te sê dat die doop die sterwe van die Adam (ou natuur) van die gedoopte persoon versinnebeeld. Antieke teoloë het ook daarop gewys dat die huidige bedeling uit ses eras bestaan, waarna die sewende era, die duisendjarige vredesryk, sal aanbreek.

- Sewe: Die getal sewe is die som van drie (Godheid) en vier (wêreld) en druk as sodanig totaliteit uit. Jakob buig byvoorbeeld sewe keer voor Esau om algehele onderwerping aan te dui (Genesis 33:3). Die getal sewe speel deur die res van die Skrif 'n baie prominente rol. So staan daar byvoorbeeld dat 'n mens sewentig maal sewe keer moet vergewe (Matteus 18:22) en word daar ook sewe gawes van die Heilige Gees genoem (Romeine 12:6 en verder). Veral in die boek Openbaring is die getal sewe volop. Openbaring 1:20 noem byvoorbeeld sewe sterre en sewe goue lampe wat sewe leraars van sewe gemeentes voorstel.

- Agt: Omdat sewe volkomenheid aandui, was die getal agt, oftewel sewe plus een, van besondere belang. Volgens die antieke wêreldbeskouing was daar byvoorbeeld naas die sewe planeetgebiede ook 'n agtste gebied, naamlik 'n vaste sterrehemel waar die godheid gewoon het. Die agtste weeksdag is belangrik, omdat dit volg nadat 'n hele week verby is. Op die agtste dag begin 'n splinternuwe week, en dit is inderdaad ook die dag waarop Christus opgestaan het. Talle vroeë Christene het dus daarop gewys

dat die agtste dag simbool is van 'n nuwe begin, 'n nuwe tydvak, 'n nuwe lewe en ook van ewigheid en die lewe hierna. Vir die antieke Christen was die doop 'n duidelike teken van hierdie aflegging van die ou mens (die vorige week) en die begin van 'n nuwe lewe in Christus. Om daardie rede het hulle dikwels hul doopbaddens met 'n agthoekige vorm gebou. Die agtste dag van die week roep die eerste dag in herinnering toe God lig gemaak het, en gedoopte bekeerlinge het juis as 'verligtes' bekend gestaan (vergelyk Hebreërs 6:4).

- Tien: die getal van die volheid van die sondige wêreld. Moontlik is dit daarom dat daar ook tien gebooie van God is, naamlik die Dekaloog, om die mens te help om in hierdie wêreld as kinders van God te lewe.
- Twaalf: Die getal twaalf word gevind in die seuns van Jakob en die stamme van Israel, met alles wat daarmee saamhang: borstas, toonbrode, offerdiere, ensovoorts. Die getal twaalf is gevorm deur 3 x 4, die getal van God en dié van die skepping. Ook is daar 2 x twaalf priesterklasse, 4 x twaalf Levietestede en twaalf afdelings dienspligtiges. Dit vind sy voltooiing in die twaalf apostels (die Twaalf) en in die Openbaring aan Johannes.
- Veertig: Die getal 40, volgens sommige die aantal jare van 'n geslag, kom in die Ou Testament baie dikwels voor en in die Nuwe Testament verskeie male. Die water van die Sondvloed het vir 40 dae vermeerder; Moses was 40 jaar oud toe hy uit Egipte gevlug het, het 40 jaar in Midian gebly en het die volk Israel 40 jaar gelei. Die Woestynreis van Israel het 40 jaar geduur en Moses was 40 dae en nagte op Sinaï. Die koningskap van Saul en dié van Dawid het 40 jaar omvat en die reis van Elia na Horeb het 40 dae geduur. Ook het die straf oor Egipte 40 jaar aangehou. Die Versoeking van Jesus Christus in die woestyn het 40 dae geduur, asook die periode vanaf die Opstanding tot die Hemelvaart. Wie hierdie gegewens bestudeer, kry die indruk dat 'n periode van 40 dae of 40 jare altyd die inleiding vorm tot 'n belangrike gebeurtenis daarna. Die getal 40 dui dan die voorbereiding aan.

## 3.4 DIE GEBRUIK VAN MUSIEK

Musiek is wesentlik aan aanbidding. Dit veroorsaak emosioneel-geestelike stimulasie wat ander mediums nie kan doen nie. Dit spreek tot beide breinhemisfere – die woorde tot die linkerhemisfeer en die melodieë tot die regterhemisfeer. Musiek beïnvloed die emosies van die

mens. Die styl van die musiek in die erediens moet egter pas by die aard van die erediens (ontmoeting met die heilige God), maar ook by die kultuur, aard en tradisie van die aanbidders (relevant en verstaanbaar). Daar moet gewaak word teen een van twee uiterstes: óf die musiek is so werklikheid- en kultuurvreemd dat dit nie deur die aanbidders waardeer en beleef word nie omdat hulle nie die idioom verstaan nie óf so wêreldgelyk dat dit nie die aanbidders onder die indruk bring van die teenwoordigheid van die Totaal Andere nie.

As gevolg van die oorbeklemtoning van die intellektuele en kognitiewe aspekte van kommunikasie, word musiek in die gereformeerde erediens hoofsaaklik aangewend om sang te begelei. Die orrel in die kerk word slegs gebruik om sang te vergemaklik. Kerkmusiek is egter meer as net die kerklied en daarom kan die musiek 'n belangrike rol speel in die skep van atmosfeer. In die besonder help dit om die aanbidders te begelei in die belewing van die verskillende elemente in die erediens, soos byvoorbeeld verootmoediging, lofprysing, skuldbelydenis, en om die aanbidders te ondersteun en te begelei in die regte belewenis as respons op die Woord en gebeure tydens die erediens.

- Hier kan aan verskillende musiekinstrumente, agtergrondspel, koorsang en wisselsang gedink word om atmosfeer te skep. Dit is belangrik dat die woorde en instrumente bymekaar en by die bedoeling van die stuk pas. So sal 'n loflied ander woorde, ritme, tempo en begeleiding vereis as 'n klaaglied.
- By musiekbediening is kwaliteit egter belangriker as kwantiteit of diversiteit. Om nuwe vorme in te bring wat van swak kwaliteit is, doen meer skade as goed.
- Die gemeente kan in die musiekbediening betrek word deur ruimte te laat vir die komponeer van nuwe musiek.
- 'n Musiekdiensgroep wat die totale musiekbediening van die gemeente behartig is uiters belangrik.

## 3.5 DIE ARGITEKTUUR VAN DIE KERKGEBOU

Die kerkgebou is nie maar bloot 'n bymekaarkomplek nie, maar moet deeglik beplan word. Die vorm moet deur die funksie bepaal word. Die funksie van die kerkgebou is om God te ontmoet. Daar is egter twee verskillende benaderings tot die kerkgebou: aan die een kant is 'n beklemtoning dat die kerkgebou ook iets moet weerspieël van die andersheid van die geloof en

daarom nie 'n wêreldse identiteit hê nie; aan die ander kant is die siening dat die kerkgebou juis by die hedendaagse wêreld moet inpas en nie "anders" moet wees nie. Uiteindelik moet gestreef word na 'n goeie balans tussen wêreld*gelyk* en wêreld*vreemd*. Die kerkgebou, en veral die interieur, moet vriendelik wees vir die mense van sy tyd en omgewing met die hoofdoel om die aanbidder se aandag op God vestig.

Die kleure en teksture in die gebou, die reuke, die rangskikking van die meubels, die buiteaansig, die ligging, grootte en versiering van die preekstoel, plante in die kerk, die afstand tussen die preekstoel en die gemeente en tussen die gemeentelede onderling, speel 'n belangrike rol in die skep van atmosfeer tydens die erediens. Dit bepaal in watter mate die erediens werklik as 'n ontmoeting met God ervaar word en die nodige opbou in die erediens geskied. Die volgende kan in ag geneem word:

- Beligting: kerse, gedempte lig, gerigte lig wat fokus plaas op sekere voorwerpe of persone, ligintensiteit wat verander gedurende die erediens
- Ruimte vir fisieke aanbidding deur byvoorbeeld bankies te plaas vir die aanbidders om te kniel
- Vloei: die vloei van die kerkgebou moet sodanig wees dat dit beweging vergemaklik, sodat dit selfs vir die vreemdeling gemaklik en vriendelik is
- Kleure: die gebruik van simboliese kleure skep besliste atmosfeer (sien 3.3 hierbo)
- Sitplekke: dit is belangrik dat almal gemaklik sit, sodat 'n ongemaklike liggaamsposisie nie die atmosfeer bederf of kommunikasie verhinder nie.
- Estetiese skoonheid: Groenewald (2004) wys op die belangrikheid van die simboliek in die argitektuur van 'n kerkgebou. Sy wys op vier kerkvorms wat tipies van die Afrikaanse kerke is en wat dit simboliseer: skulpvormig, blokvormig, horisontale vorms en vertikale gerigtheid. Sy wys op die duidelike boodskap van geslotenheid en na binne gerigtheid wat hierdie argitektoniese vorms deurgee. Hieruit kan gesien word hoe belangrik dit is dat die argitektuur van die gebou, en dan veral die buite argitektuur, korreleer met die visie van die gemeente en van kerkwees soos wat dit uit die Skrif duidelik word.
- Afwisseling: die binneruim van die kerkgebou bied ruimte vir afwisseling volgens byvoorbeeld die kerklike jaar, die tema van die erediens, maand- of jaartemas en besondere geleenthede soos Nagmaal en belydenisaflegging. Hier kan gedink word aan uitstallings, rangskikkings, die verskuiwing van meublement, beligting, die gebruik van multimedia om beelde te projekteer, die gebruik van plante, water wat loop, ensovoorts.

## 3.6 STEM-, TAAL- EN LIGGAAMSGEBRUIK

Omdat die erediens steeds uit 'n groot komponent van spraak bestaan, speel die gebruik van stem en spraak, taal en liggaam 'n groot rol in die erediens. Die volgende is belangrike sake om aan aandag te gee:

- Die taal moet verstaanbaar wees vir almal én van eerbied en ontsag getuig. Daarom moet taalgebruik nie verval in 'n geleerde, filosofiese, teologiese taal wat nie deur vreemdelinge, ongelowiges en kinders verstaan word nie. Terselfdertyd moet gewaak word teen die ander uiterste van platvloerse en swak taalgebruik, waardeur die heiligheid en andersheid van die erediens en die ontmoeting met God in gedrang kom.
- Maak gebruik van **Metaforiese Prediking**: Vandag is 'n visuele tyd waar mense hulle inligting verwerk deur die prentjies wat hulle sien. Om hierdie rede is metafore en beelde baie belangrik omdat dit deel uitmaak van "kop-prentjies" wat die verbeelding aangryp. Vir byvoorbeeld 'n preek oor liefde, is die vraag om te vra: "Wat is die beeld/metafoor waarmee ek my tema (God se liefde) mee gaan illustreer?"
- Oppas vir kultuurvreemde metafore/beeld. Mense het die vermoë om hulle in baie kultuurvorme en tydfases in te dink. Dit gebeur egter dat sekere kulture en samelewingsverskynsels so vreemd is dat dit glad nie afgaan nie.
- Die voorganger moet versigtig wees vir onnodige herhaling, omdat dit lei tot aandagverlies.
- Daar moet nie van die punt af gedryf word nie, aangesien dit die boodskap vertroebel.
- Humor en hartseer, selfs trane, is instrumente om die emosies aan te spreek.
- In plaas daarvan om die Skriflesing net voor te dra, kan die voorleser (nie noodwendig die predikant nie) die gedeelte memoriseer en dit dan, sonder om van die teks af te wyk, dramaties vertolk. Sodoende word die teks lewendig in die erediens.
- In terme van die gebruik van spraak is die volgende belangrik om in gedagte te hou:
  - Projeksie: die spraak moet die ontvanger bereik. Die akoestiek en klankstelsel is belangrik, sodat die stem by die ontvanger uitkom ongeag wisseling van toonhoogte of volume. Die stem en spraak moet die ruimte vul en gehoor, gevoel en verstaan word.
  - Toonhoogte: wisseling is ewe belangrik. Gebruik beide hoër en laer toonhoogte om atmosfeer te skep. So kan die stem byvoorbeeld laer en donkerder word in oomblikke van refleksie, meelewing of skuldbelydenis.

- Tempo: ook die tempo moet varieer – soms vinniger as normaalweg, soms stadiger. Daar kan soms selfs langer of korter pouses aangewend word.
- Volume: volume behoort ook nie konstant te bly nie. 'n Sagte, hoorbare fluistertoon is net so (en soms meer!) effektief as 'n harde beklemtoning. Wees versigtig vir onaangenaam hard of onhoorbaar sag. Die klankstelsel speel 'n belangrike rol. Die sleutelwoord is stembalanswees, sodat die stem nie te hard óf te sag oorkom nie: beide irriteer en kan kommunikasie belemmer.
- Duidelikheid: die spraak moet duidelik deur die spraakorgane gevorm en geartikuleer word. Probeer belemmerings soos oorronding, ontronding, oormatige nasalering, binnemondse spraak en brom vermy en plaas die spraak voor in die mond. Spraakgebreke, soos bry, lispels, hakkel ensovoorts kan 'n doring in die vlees van geslaagde kommunikasie wees en moet aandag van 'n spraakterapeut ter remediëring ontvang.

- Kommunikasie geskied egter ook nie-verbaal. Daarom is die liggaamsgebruik van die besonder belangrik. Hier word gedink aan:
  - Gelaatspel: heelwat emosie word deur die gesig oorgedra, soos byvoorbeeld vriendelikheid deur 'n glimlag, kommer deur 'n frons, verbasing, woede, vrees, ensovoorts.
  - Gebruik van die oë: oogkontak is belangrik in enige interpersoonlike kommunikasie. Die gebruik van die oë gaan egter verder as blote oogkontak. Hier kan gedink word aan die effek om vir 'n tyd lank in die verte te tuur, om na die hemel op te kyk, om af te kyk of om selfs die oë te sluit.
  - Gebare: gebare kan die kommunikasie steun, verhelder en ondersteun of dit kelder indien dit nie met die woorde korreleer nie. Wees versigtig vir te veel of oordrewe gebare aan die een kant en te min of te klein gebare aan die ander kant. Die gebare moet verder by die boodskap aansluit en dit nie weerspreek nie. So sal 'n geslote vuis nie 'n goeie gebaar vir openheid en ontvanklikheid wees nie. Die spraak word deur die gebaar voorafgegaan.
  - Beweging: Die ruimte beskikbaar moet sover moontlik optimaal benut word. Daarom is beweging sywaarts, vorentoe en agtertoe belangrike instrumente. Wanneer die boodskap byvoorbeeld handel oor verlorenheid, kan dit sterk ondersteun word deur geleidelik agtertoe, weg van die aanbidders te beweeg.

## 4 SAMEVATTING

In Deel 2 is gewys op die belang en wese van *Atmosfeer in die erediens*. Deel 3 het hierdie basisteoretiese beginsels in die metateorie getoets. In hierdie hoofstuk is hierdie gegewens bymekaar gebring en is praktykteoretiese riglyne gegee ten einde die nodige verstellings aan die praktyk aan te bring om dit nader aan die basisteorie te laat funksioneer.

In die eerste plek is sekere riglyne gegee na aanleiding van die basisteoretiese beginsels (soos dit in hoofstuk 7 saamgevat en uitgedruk is). Aandag is gegee aan:

1. Die erediens as ontmoeting met God (BT1)
2. Eerbied en ontsag in die erediens (BT2)
3. Verstaanbaarheid (BT3)
4. Liefde in die erediens (BT4)
5. Vriendelikheid en warmte (BT5)
6. Die uitnodigende aard van die erediens (BT6)
7. Die erediens as vreugdefees (BT7)
8. Deelname in die erediens (BT8)
9. Afwisseling in die atmosfeer (BT9)

Die tweede deel van die hoofstuk het gefokus op algemene riglyne wat al die basisteoretiese beginsels raak. Hier is aandag gegee aan:

1. Toerusting van Aanbidders
2. Groter klem op die beplanning van elke erediens
3. Die gebruik van simbole en rituele
4. Die gebruik van musiek
5. Die argitektuur van die kerkgebou
6. Stem-, Taal- en Liggaamsgebruik

Die *Atmosfeer in die erediens* is 'n belangrike aspek wat nie agterweë mag bly nie. Daarom is dit belangrik dat die predikante en aanbidders toegerus word om dit optimaal te bewerk. Dit is egter kardinaal dat die beplanners van die erediens (liturg, predikant, diensgroep) genoeg tyd en moeite afstaan aan die behoorlike beplanning van die erediens. Dit sluit die liturgiese orde in, maar ook die gebruik van hulpmiddels (multimedia, simbole), die inrig van die kerkgebou, die aanspreek van die sintuie, die gebruik van musiek en die deelname van die gemeente (gesamentlik en individueel).

Die atmosfeer in die erediens word uiteindelik bepaal deur

- die aanbidder self (ingesteldheid, gesindheid, ingeligtheid),
- die voorgangers (stem-, taal- en liggaamsgebruik),
- die ander aanbidders (vriendelikheid, liefde, verwelkoming, toenadering),
- die ruimte (die gebou binne én buite, die beligting, reuke, klanke, meublement, versierings, klimaat byvoorbeeld temperatuur, teksture, akoestiek, ensovoorts),
- die inhoud van die liturgie (sang, gebede, voorlesings, preke)
- die volgorde van die gebeure
- die tempo van die erediens (stilte, gelyktydige handelinge)
- en uiteindelik die werking van die Heilige Gees in die aanbidder en in almal teenwoordig.

Die erediens is die hart van die gemeente se bestaan en moet maksimaal tot sy reg kom. Hierin speel die atmosfeer 'n deurslaggewende rol. Hierdie hoofstuk is 'n poging om praktiese riglyne te gee om die huidige situasie te verbeter. Tog bly dit die verantwoordelikheid van elke gemeente om hierdie riglyne nie onveranderd toe te pas nie, maar om die beginsels gestel in die eie konteks te artikuleer. Om hierdie proses te fasiliteer, stel hoofstuk 11 'n model daar.

# 11

# 'N MODEL VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

## 1 INLEIDING

In hoofstuk 10 is sekere praktykteoretiese riglyne gegee na aanleiding van die wisselwerking tussen die basisteorie (Deel 2) en die metateorie (Deel 3). Daar is op gewys dat dit bloot riglyne is en dat elke gemeente kreatief binne sy eie konteks aksiestappe moet uitwerk. Hierdie kontekstualisering moet egter nie die basisteoretiese beginsels van Deel 2 (veral soos saamgevat in hoofstuk 7) verbygaan nie. Dit is gevolglik belangrik om die basisteoretiese beginsels in 'n vatbare, maklik verstaanbare model saam te vat. Dit is die doel van hierdie hoofstuk.

## 2 MODEL VIR ATMOSFEER IN DIE EREDIENS


### 2.1 BASISTEORETIESE BEGINSELS

In hoofstuk 7 is die volgende basisteoretiese beginsels daargestel. Vir die doeleindes van die model word dit in kolom 3 verkort:

| NO.: | BASISTEORETIESE BEGINSEL: | VERKORTING: |
|---|---|---|
| BT1 | In die erediens moet God ontmoet word. Dit beteken dat die atmosfeer sodanig moet wees dat die aanbidder op Hom gerig word en sy teenwoordigheid ervaar. Dit impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, 'n atmosfeer wat dit duidelik maak dat die erediens nie maar net 'n menslike byeenkoms is nie, maar 'n ontmoeting met die een, ware God. | **ONTMOETING MET GOD** |
| BT2 | Hierdie besef moet, ook deur die atmosfeer, die aanbidder bring tot eerbied en ontsag. Dit word ook beklemtoon in die begrip '*erediens*' – diens tot eer van God. | **EERBIED EN ONTSAG** |
| BT3 | Tog mag die erediens nie verval in 'n onverstaanbare, misterieuse handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is kardinaal in die erediens. | **VERSTAAN** |
| BT4 | Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite. | **LIEFDE** |
| BT5 | Hierdie liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig. | **WARMTE** |
| BT6 | Die erediens moet daarom ook so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie. | **UITNOOI EN VERWELKOM** |
| BT7 | Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydskap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God. | **VREUGDE** |
| BT8 | Hierdie atmosfeer moet juis die teenwoordiges aanmoedig tot en ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal. | **DEELNAME** |
| BT9 | Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens die kerklike jaar, gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is. | **AFWISSELING** |
| BT10 | Die atmosfeer word onder andere geskep deur die liturgiese ruimte waarbinne die erediens plaasvind, deur simbole en rituele, deur fisiese beweging en gebare, deur musiek en sang en deur die gebruik van die verskillende sintuie. | **SIMBOLE, RITUELE, RUIMTE, MUSIEK EN DIE STIMULERING VAN DIE SINTUIE** |

## 2.2 'N MODEL: DIE HUIS VAN GOD

As model vir *Atmosfeer in die erediens* is besluit om die metafoor van 'n huis te gebruik. Die gebruik van hierdie metafoor het Bybelse gronde, aangesien die versamelde gemeente die "huis van God" genoem word (1 Timoteus 3:15 (OAV): *"dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in DIE HUIS VAN GOD, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid."*) Maar die bymekaarkomplek van die volk is ook die *"HUIS VAN GOD"* genoem. So word dit gebruik vir beide die tabernakel (vergelyk Josua 9:23) en die tempel (vergelyk 1 Kronieke 22:2, Psalm 84;11). Van Jesus word ook vertel dat Hy *"in DIE HUIS VAN GOD ingegaan het"* (Matteus 12:4). Genesis 28:17 stel dit verder dat enige plek waar God is, is *"DIE HUIS VAN GOD"*. Vir die erediens, waar die volk van God in sy gebou onder sy teenwoordigheid bymekaar kom, is dit dus 'n uiters gepaste beeld. Die beeld kan soos volg voorgestel word:




*Model vir Atmosfeer in die Erediens:* ***DIE HUIS VAN GOD***

Die model word soos volg verklaar. Die betrokke basisteoretiese beginsels word in hakies aangedui:

- **DIE FONDAMENT**: Ontmoeting met God (BT1)
- **DIE VLOER**: Eerbied en ontsag (BT2)
- **DIE VIER MURE VAN DIE HUIS**: Liefde (BT4), warmte (BT5), feesvreugde (BT7), uitnodiging en verwelkoming (BT6)
- **DIE DEUR TOT DIE HUIS**: verstaanbaarheid (BT3)
- **DIE DAK VAN DIE HUIS**: deelname deur almal (BT8)
- **DIE VERSIERINGS BINNE EN BUITE**: afwisseling (BT9), simbole, rituele, ruimte, musiek en die stimulering van die sintuie (BT10)

Die rasionaal agter hierdie verdeling is soos volg:

- **DIE FONDAMENT**: Ontmoeting met God (BT1) – daarsonder is dit nie 'n erediens nie en kan nie begin word om verder te bou nie. Hierdie is die wesentlike van die erediens en moet daarom eerste aandag geniet. Dit is die fondament van atmosfeer, omdat 'n erediens wat nie daarop gebou is nie, nie kan slaag in sy doel nie. Daarom is die eerste vraag om van elke erediens te vra: "Ontmoet die teenwoordiges die een ware God?" Dit lei noodwendig tot die vraag: "Wie is die God wat ontmoet moet word?" Die Skriftuurlike antwoord op hierdie vraag is die basis en wese van die aanbidding.
- **DIE VLOER**: Eerbied en ontsag (BT2) – indien God die fondament is, moet die erediens met eerbied en ontsag daarop voortbou. Eerbied en ontsag is die *vloer* waarop alles in die erediens gebeur. Indien die ware God ontmoet en aanbid word, sal eerbied en ontsag die deurlopende tema van die erediens wees. Hoewel die verskillende elemente van die erediens (die verskillende kamers binne die metafoor van die huis) verskillende atmosfere sal hê, sal die konstante element die vloer wees – eerbied en ontsag.
- **DIE VIER MURE VAN DIE HUIS**: Liefde (BT4), warmte (BT5), feesvreugde (BT7), uitnodiging en verwelkoming (BT6) is die mure wat die raamwerk van die erediens daarstel. Sonder een van hulle, kan die huis nie staan nie. Daarom is al vier wesentlik tot die erediens en kan nie een weggelaat word nie. Die uitnodigende, verwelkomende aard van die erediens kan gesien word as die voorste muur van die huis, die een wat na die wêreld wys en die wêreld uitnooi om in die huis in te kom. Liefde is wie God is en die allesoorkoepelende beginsel vir die Christelike lewe en daarom 'n onmisbare muur in die huis van die erediens. Liefde teenoor die naaste loop noodwendig uit op vriendelikheid en warmte aangesien die aanbidder ook in die erediens sy naaste so lief het soos homself. Daarom is die erediens nie net 'n toenadering tot God nie, maar ook 'n toenadering tot broers en

susters in die geloof, toenadering met 'n gesindheid van vriendelikheid en warmte. Maar die erediens is in sy wese ook 'n fees, die fees van God se volk in sy teenwoordigheid. Hierdie 'n fees word gekenmerk deur dankbaarheid, lofverheffing, gemeenskap en toewyding. 'n Erediens wat nie gekenmerk word deur liefde én warmte én feesvreugde én gasvryheid nie, is nie volledig wat 'n erediens kan en moet wees nie.

- **DIE DEUR TOT DIE HUIS**: verstaanbaarheid (BT3) is die deur tot die erediens. Dit bepaal of die aanbidder as totale mens of net fisiek in die erediens is. Sonder verstaanbaarheid sal die mens wel die erediens kan sien en kan bewonder, maar dan soos iemand wat buite staan en kyk. Om self deel te wees, self betrokke te wees en self God te ontmoet, is dit kardinaal dat die aanbidders sal verstaan wat gebeur. Van buite kan mens wel 'n idee kry van wat in die huis aan die gang is en dalk selfs deur 'n venster kan inkyk na binne, maar dit is nie om in die huis te wees nie. Uit die Skriftuurlike beginsels dat die teenwoordiges self ten volle in die erediens betrokke moet wees, is dit belangrik dat die deur van die erediens oop is. Hier kan veral gedink word aan jongmense, kinders, gestremdes en gaste.
- **DIE DAK VAN DIE HUIS**: Sonder 'n dak is geen huis volledig huis nie. Die dak verseker dat daar intimiteit is en dat dit wat gebeur nie nutteloos ontsnap uit die huis nie, maar binne bly en waarde het. Die dak vir die atmosfeer is deelname deur almal (BT8), wat help dat elkeen deur die gebeure in beslag geneem word. 'n Erediens is 'n gesamentlike byeenkoms in die teenwoordigheid van die Here, waar verskillende mense met verskillende gawes byeen is. Uit die Skrif is dit duidelik dat die Here verskillende gawes gegee het om almal tot sy eer te gebruik. Vir die erediens om optimaal te funksioneer is dit belangrik dat by elke element van die erediens die persone wat daarin die beste gawes het, ruimte sal kry om dit te gebruik. Indien elke ding wat in die erediens gebeur deur die persoon(e) wat die beste gawes daartoe het gedoen word, sal dit tot die maksimum ervaring en aanbidding lei.
- **DIE VERSIERINGS**: Vir 'n huis om waarlik 'n tuiste te wees, is persoonlike afwerking en versiering nodig. Hierdeur word elke huis uniek en neem dit die persoonlikheid van die inwoner aan. Hoewel die fondament, vloer, deur en dak van alle eredienste dieselfde moet wees (anders is dit nie 'n huis/erediens nie), is dit belangrik dat die erediens binne die konteks van die plaaslike gemeente uniek is. Daarom moet elke gemeente die erediens inkleur vir hul unieke omgewing en uitdagings. Hier kan gedink word aan vensters, kaggels, matte, meubels, skilderye, verf, teëls, ensovoorts. Die meubels en matte en skilderye van die erediens is afwisseling (BT9), simbole, rituele, ruimte, musiek en die stimulering van die sintuie (BT10). Afwisseling bied die geleentheid om elke

erediens uniek te maak en selfs binne elke erediens verskeidenheid in die atmosfeer te hê. Soos wat elke huis verskillende kamers het, wat verskillend ingerig is, het elke erediens verskillende bedieningsmomente, wat ook verskillend ingekleur kan word. Verder is daar in elke huis voortdurende verandering deur skuiwe, nuwe aankope en weggooi van ou dinge. So kan die atmosfeer in die erediens self wissel. Hoewel daar gemeenskaplike Christelike simbole en rituele is, word hulle nie op dieselfde wyse gebruik nie. Verder kan elke gemeente binne hierdie breë verwysingsraamwerk in hulle konteks self eie simbole en rituele skep. Dit hang nou saam met die aanwending van die ruimte binne en buite die kerkgebou. Die stimulering van die sintuie, veral deur musiek, is 'n kragtige atmosfeerskeppende instrument wat met groot vrug die huis van die erediens kan inkleur en ophelder. Hierdeur word die huis die gemeente se huis en word dit 'n huis met lewe en energie.

Vir 'n gemeente wat oor die atmosfeer in die erediens nadink, is dit belangrik om hierdie holistiese prentjie raak te sien en dit dan in hulle eie konteks te vorm. Sodoende kan elke gemeente 'n unieke en tog herkenbare huis van God wees.

## 2.3 DIE GEBRUIK VAN DIE MODEL

Die doel van die model is om 'n instrument daar te stel waaraan die huidige atmosfeer in 'n gemeente se erediens gemeet kan word. Die volgende wenke kan help in hierdie proses:

- Verskillende persone ervaar die atmosfeer verskillend. Daarom is dit wenslik dat 'n gemeentelike erediens se atmosfeer deur soveel moontlik mense beoordeel word. 'n Handige span sou die volgende wees: predikant/liturg, ouderling, diaken, een vroulike lidmaat, een manlike lidmaat, jongmens, senior burger, besoeker/gas.
- Elke element van die model kan deur hierdie span getoets word, byvoorbeeld "Ontmoet ek God in die erediens?" en "Hoe gebeur dit?". Die vraelys in hoofstuk 9 kan as raamwerk dien. Die beeld van die huis kan hier baie handig gebruik word, byvoorbeeld "Hoe lyk ons fondament?" "Loop ons vloer dwarsdeur die huis?" "Is ons deur oop of toe?" "Staan al ons mure nog stewig?"
- Indien enige leemtes ontdek word, moet die span kreatief te werk gaan om dit te aan of op vul. Hier kan gedink word aan literêre bronne oor die erediens, besoeke aan omliggende kerke, 'n kreatiewe dinkskrum of 'n kritiese evaluering van die riglyne in hoofstuk 10. Die "versierings" van die huis (met ander woorde afwisseling,

simbole, rituele, ruimte, musiek en die stimulering van die sintuie) is verdere gereedskap om te gebruik.

- 'n Konstante proses van evaluering word aanbeveel. Die redes is tweeledig:
    - Die gemeente en sy konteks is gedurigdeur aan die verander en daarom moet die atmosfeer voortdurend geëvalueer word.
    - Die gevaar van eensydige beklemtoning is groot, veral waar leemtes ontdek is. Dit gebeur maklik dat so sterk op die leemtes gefokus word, dat balans verlore gaan.

# 3 SLOT

Die kerkgebou staan reeds vir jare in die omgangstaal as "die huis van God" bekend. Indien hierdie bekende uitdrukking met die inhoud van hierdie hoofstuk gevul kan word en dan in elke konteks van plek, tyd, kultuur, omstandighede en mense toegepas word, sal daar dramatiese verbetering in die *Atmosfeer in die erediens* geskied. Dit sal 'n ryker, dieper en meer getroue aanbidding tot gevolg hê. Sodoende kan elke erediens 'n huis word waar God én die gemeente tuis is en wat tot eer van God funksioneer.

# DEEL 5

## samevatting en gevolgtrekking

# 12

# SAMEVATTING

## 1 INLEIDING

In hierdie studie is die *Atmosfeer in die erediens* ondersoek. In hoofstuk 1 is daarop gewys dat die erediens in die hart van die lewe van die gemeente staan. In die erediens ontmoet God en mens mekaar op 'n besonderse wyse. Daarom is dit belangrik dat hierdie atmosfeer belééf word. Vir die atmosfeer om beleef te word, moet die gepaste atmosfeer vooropstaan (veral in die postmoderne wêreld van vandag is dit belangrik). Die postmoderne mens wil juis vanuit 'n koue rasionalisme na die erediens ontvlug, waar die nabyheid van God en die medemens beleef kan word. Die erediens is die aangewese ruimte waar die mens in sy geheel kan handel. Daarom is die emosie én rede belangrik.

Die belang van die studie is geleë in die sentrale plek wat die erediens in die lewe van die gemeente inneem. Vir die erediens om vandag optimaal te funksioneer, moet die atmosfeer in berekening gebring word. Die studie vind aansluiting by die model wat Zerfass vir die praktiese teologie ontwerp het, naamlik dat eers 'n basisteorie ontwerp word (Deel 2) waarna perspektiewe uit die metateorie geneem word (Deel 3). Hierdie perspektiewe sluit perspektiewe vanuit naasliggende wetenskappe en 'n empiriese ondersoek na die situasie in die praktyk in. Uiteindelik artikuleer praktykteoretiese perspektiewe 'n nuwe of verstelde teorie (Deel 4). Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp.

# 2 DIE BASISTEORIE

In Deel 2 is die basisteorie ondersoek. Hierdie ondersoek bestaan uit 'n eksegetiese ondersoek van 1 Korintiërs 11-14, 'n eksegetiese ondersoek na perspektiewe vanuit die res van die Skrif en 'n literatuurstudie oor die verloop van die *Atmosfeer in die erediens* deur die kerkgeskiedenis tot in die 21<sup>ste</sup> eeu. Uiteindelik is die volgende basisteoretiese beginsels afgelei:

BT 1. In die erediens moet God ontmoet word. Dit beteken dat die atmosfeer sodanig moet wees dat die aanbidder op Hom gerig word en sy teenwoordigheid ervaar. Dit impliseer 'n atmosfeer van heiligheid, 'n atmosfeer wat dit duidelik maak dat die erediens nie maar net 'n menslike byeenkoms is nie, maar 'n ontmoeting met die een, ware God.

BT 2. Hierdie besef moet ook deur die atmosfeer die aanbidder tot eerbied en ontsag bring. Dit word beklemtoon in die begrip '*erediens*' – diens tot eer van God.

BT 3. Die erediens mag nie verval in 'n onverstaanbare, misterieuse handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is van kardinale belang in die erediens.

BT 4. Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite.

BT 5. Hierdie liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig.

BT 6. Die erediens moet so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie.

BT 7. Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydskap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God.

BT 8. Hierdie atmosfeer moet juis die teenwoordiges aanmoedig tot en ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal.

BT 9. Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens die kerklike jaar, gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is.

BT 10. Die atmosfeer word onder andere geskep deur die liturgiese ruimte waarbinne die erediens plaasvind, simbole en rituele, fisieke beweging en gebare, musiek en sang en die gebruik van verskillende sintuie.

# 3 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

Deel 3 het die basisteoretiese beginsels uit die hoek van die metateorie ondersoek. Eers is enkele naasliggende wetenskappe, naamlik Kommunikasiekunde, Kognitiewe wetenskappe, Simbole, Musiek, Argitektuur en Multimedia ondersoek. Die volgende gevolgtrekkings is gemaak:

- Die erediens is 'n dialogiese kommunikasiegebeure waar God en die aanbidder met mekaar en die aanbidder ook met sy mede-aanbidders kommunikeer. Vir hierdie kommunikasie om optimaal te kan geskied, is dit belangrik om in gedagte te hou wie God is en wie die aanbidder is en wat die konteks is waarin hy leef. Dit is nodig sodat die boodskap in 'n vorm gegiet kan word wat aan God reg laat geskied én vir die aanbidder duidelik en verstaanbaar is. Daarom is dit belangrik dat die kommunikasie dialogies is, sodat albei partye onbevange aan die kommunikasie deel kan hê.
- Vir die mens om só volledig aan die erediens deel te neem, is dit noodsaaklik dat hy as totale mens betrek word. Dit impliseer die aanspreek van beide hemisfere van die brein – die linkerbrein, wat meer analities, logies en rasioneel is, sowel as die regterbrein, wat meer kreatief, abstrak en emosioneel is. Maar dit vra ook dat soveel as moontlik van die mens se sintuie in die erediens betrek word – sien, hoor, ruik, proe en voel.
- 'n Belangrike hulpmiddel in hierdie proses is simbole, juis omdat simbole na 'n groter en dieper werklikheid verwys wat soms glad nie met woorde uitgedruk kan word nie. Simbole betrek beide hemisfere (verstaan en beleef), sowel as meerdere sintuie (byvoorbeeld Nagmaal (sien, ruik, voel, proe) of simboliese handelinge soos kniel (voel, sien, hoor)).
- Hier speel musiek 'n kardinale rol omdat musiek emosioneel-geestelike stimulasie bied wat geen ander medium doen nie. Musiek betrek beide hemisfere en noodsaak deelname deur die aanbidders (sing, luister, ervaar).
- Vir die musiek om egter tot sy reg te kom en vir die atmosfeer om optimaal te funksioneer is die argitektuur van die kerkgebou uiters belangrik. Die kerkgebou is nie bloot maar 'n bymekaarkomplek nie, maar moet die doel van die erediens dien – om God en mekaar te ontmoet. Daarom moet die kerkgebou deelname bevorder, maar ook die aanbidder in die teenwoordigheid van God bring deur die belewenis van die ruimte. Hier speel simbole, kleure en materiale 'n belangrike rol.
- Die aanwending van multimedia is hier belangrik. In die oudiovisuele samelewing van ons tyd is multimedia 'n handige hulpmiddel om die atmosfeer te fasiliteer, solank dit nie 'n doel op sig self word wat die aandag op homself vestig nie. Multimedia wat egter reg

gebruik word bevorder deelname, stimuleer beide breinhemisfere, betrek meerdere sintuie en bevorder die belewenis in die erediens.

Die werklike situasie in die kerke vandag is deur 'n empiriese studie ondersoek. Sewe gemeentes uit verskillende tradisies is deur onderhoude ontleed. Die volgende sterk- en swakpunte is geïdentifiseer:

| STERKPUNTE: | SWAKPUNTE: |
|---|---|
| • Wanneer die respondente gevra is om oor die atmosfeer te dink, is die ideale atmosfeer wat gegee is grootliks in lyn met die afleidings in Deel 2<br>• Die eredienste word baie sterk beleef as 'n ontmoeting met God<br>• Eerbied en ontsag figureer wel in die meeste eredienste.<br>• Daar is 'n universele besef dat die eredienste verstaanbaar moet wees.<br>• Vriendelikheid en warmte word sterk met die eredienste verbind.<br>• Vreugde is 'n besliste eienskap van al die eredienste behalwe een, by wie dit 'n bewuste keuse is.<br>• Daar is 'n aantal gemeentes wat bewustelik moeite doen om al die sintuie te betrek en dit op baie kreatiewe wyses doen.<br>• Die linkerhemisfeer van die brein (rasionele, verstand) word baie sterk aangespreek.<br>• Die regterhemisfeer (emosies) word ook sterk aangespreek, hoewel dit in 'n | • Daar is tog sommige eredienste waar die atmosfeer van eerbied en ontsag as skynheilig en geforseerd ervaar word.<br>• Sommige van die eredienste word nie as verstaanbaar vir almal beleef nie. Hier is veral verwys na jongmense en kinders, wat nie noodwendig alles verstaan nie.<br>• Liefde word verbasend min as eienskap van die erediens ervaar. Waar dit wel só geïdentifiseer is, is hoofsaaklik gewys op dit wat buite en rondom die erediens gebeur.<br>• Die punte vir die vreemdeling-vriendelikheid van die erediens was relatief laag. Dit dui daarop dat die eredienste hoofsaaklik vir die eie lidmate ingerig word en nie 'n oog vir vreemdelinge het nie.<br>• Daar is min geleentheid vir deelname in die erediens. Behalwe vir sang, luister en stilgebed, is daar min ander moontlikhede.<br>• Een van die belangrikste instrumente om atmosfeer te gebruik, naamlik afwisseling, word relatief min gebruik |

| | |
|---|---|
| mindere mate is as die linkerhemisfeer. | (veral afwisseling tussen eredienste).<br>• Te veel gemeentes betrek steeds hoofsaaklik net die sintuie van sien en hoor.<br>• Bitter min simbole en rituele word gebruik. Daar is verder bitter min nuwe, eietydse, kontekstuele simbole en rituele en daar word geen poging aangewend om die skat hier uit te brei nie. |

Dit het duidelik geword dat daar wel in die praktyk aan die atmosfeer in die erediens aandag gegee word, hoewel dit nie noodwendig as sodanig hanteer word nie. Daar is egter heelwat ruimte vir verbetering. Individuele gemeentes toon besliste gebreke. Indien meer gerigte fokus hieraan gegee word, kan die huidige bevredigende situasie steeds verbeter word. 'n Geheelstrategie ten opsigte van *Atmosfeer in die erediens* ontbreek egter.

## 4 PRAKTYKTEORIE

Ten einde hierdie gaping te oorbrug, stel Deel 4 sekere praktykteoretiese riglyne daar. Hierdie riglyne is in twee kategorieë verdeel:

- Riglyne spesifiek gerig op elkeen van die basisteoretiese beginsels soos in Deel 2 daargestel;
- Algemene riglyne wat op al die basisteoretiese beginsels van toepassing is. Hier is aandag gegee aan die toerusting van die aanbidder, 'n groter klem op die beplanning van elke erediens, die gebruik van simbole en rituele, die gebruik van musiek in en om die erediens, die argitektuur van die kerkgebou en die gebruik van die stem en spraak, taal en liggaam.


Die bedoeling van hierdie riglyne is nie om volledig of universeel te wees nie, maar om die kreatiewe prosesse te stimuleer ten einde die beginsels uniek in elke konteks toe te pas. Die *Atmosfeer in die erediens* is 'n belangrike aspek wat nie agterweë gelaat mag word nie. Daarom is dit belangrik dat die predikante en aanbidders toegerus word om dit optimaal te

bewerk. Dit is noodsaaklik dat die beplanners van die erediens (liturg, predikant, diensgroep) genoeg tyd en moeite afstaan aan die beplanning van die erediens. Dit sluit in die liturgiese orde, maar ook die gebruik van hulpmiddels (multimedia, simbole), die inrig van die kerkgebou, die aanspreek van die sintuie, die gebruik van musiek en die deelname van die gemeente (gesamentlik en individueel).

Die atmosfeer in die erediens word bepaal deur

- die aanbidder self (ingesteldheid, gesindheid, ingeligtheid),
- die voorgangers (stem-, taal- en liggaamsgebruik),
- die ander aanbidders (vriendelikheid, liefde, verwelkoming, toenadering),
- die ruimte (die gebou binne én buite, die beligting, reuk, klank, meublement, versiering, klimaat (byvoorbeeld temperatuur), teksture, akoestiek, ensovoorts),
- die inhoud van die liturgie (sang, gebede, voorlesings, preke)
- die volgorde van die gebeure
- die tempo van die erediens (stilte, gelyktydige handelinge)
- en uiteindelik die werking van die Heilige Gees in die aanbidder en in almal teenwoordig.

Om hierdie proses verder te fasiliteer is 'n model daargestel waarvolgens die basisteoretiese beginsels toegepas kan word. Die doel van die model is om 'n instrument daar te stel waarteen die huidige atmosfeer in 'n gemeente se erediens gemeet kan word. Hierdie model gebruik die metafoor van 'n huis soos volg:




**FONDAMENT**: Ontmoeting met God (BT1) – daarsonder is dit nie 'n erediens nie en kan nie begin word om verder te bou nie. Hierdie is die wesentlike van die erediens en moet daarom eerste aandag geniet.

**VLOER**: Eerbied en ontsag (BT2) – indien God die fondament is, moet die erediens met eerbied en ontsag daarop voortbou. Eerbied en ontsag is die *vloer* waarop alles in die erediens gebeur

**DIE VIER MURE VAN DIE HUIS**: Liefde (BT4), warmte (BT5), feesvreugde (BT7), uitnodiging en verwelkoming (BT6) is die mure wat die raamwerk van die erediens daarstel. Sonder een van hulle, kan die huis nie staan nie.

**DIE DEUR TOT DIE HUIS**: verstaanbaarheid (BT3) is die deur tot die erediens. Dit bepaal of die aanbidder in die erediens is of net buite bly. Sonder verstaanbaarheid sal die mens wel die erediens kan sien en kan bewonder, maar dan soos iemand wat buite staan en kyk. Om self deel te hê, self betrokke te wees en God self te ontmoet, is dit van die uiterste belang dat die aanbidders verstaan wat gebeur.

**DIE DAK VAN DIE HUIS**: Sonder die dak is die huis nie volledig huis nie. Die dak verseker dat daar intimiteit is en dat dit wat gebeur nie nutteloos ontsnap uit die huis nie, maar binne bly en waarde het. Vir die atmosfeer is die dak deelname deur almal (BT8), omdat deelname verseker dat elkeen deur die gebeure in beslag geneem word.

**DIE VERSIERINGS**: Vir 'n huis om waarlik 'n tuiste te wees, is persoonlike afwerking en versierings nodig. Hier kan gedink word aan vensters, kaggels, matte, meubels, skilderye, verf, teëls, ensovoorts. Die meubels, matte en skilderye van die erediens is afwisseling (BT9), simbole, rituele, ruimte, musiek en die stimulering van die sintuie (BT10). Hierdeur word die huis die gemeente se huis en word dit 'n huis met lewe en energie.

## 5 SAMEVATTING

Die erediens is die hart van die gemeente. Elke gelowige moet daarom 'n brandende begeerte hê om hierdie aspek van hul lewe optimaal in te rig en te benut. 'n Wesentlike element van die erediens is die *Atmosfeer in die erediens*. Hierdie studie ondersoek die wese van 'n Bybelse atmosfeer en hoe dit in die praktyk kan funksioneer deur die Skrif, die geskiedenis, ander wetenskappe en die situasie in die praktyk te bestudeer en uiteindelik in 'n kompakte, hanteerbare model te vervat. In hoofstuk 13 word 'n finale gevolgtrekking gemaak.

# 13

# FINALE GEVOLGTREKKING

## 1 FINALE GEVOLGTREKKING

Die erediens staan sentraal in die lewe van die gemeente. Uit die Skrif is dit duidelik dat *die Atmosfeer in die erediens* kardinaal is tot die korrekte funksionering van die erediens. Die korrekte atmosfeer is een waarin God ontmoet word, gevul met eerbied en ontsag, 'n atmosfeer waarin almal alles verstaan en waarin die aanbidders liefde, warmte en vreugde ervaar, 'n atmosfeer waar almal uitgenooi word om in te kom en welkom voel, 'n atmosfeer wat ruimte skep vir deelname deur almal teenwoordig. Vir só 'n atmosfeer is afwisseling, simbole, rituele, ruimte, musiek en die stimulering van die sintuie nuttige instrumente. Indien die erediens nie hiermee rekening hou nie – wat die situasie-analise aantoon tans in die praktyk van die kerke wel die geval is – voldoen die erediens nie aan sy ware aard en doel nie en moet daar dringende verstellings aangebring word. Veral in die huidige postmoderne konteks van die kerk is dit belangrik dat die atmosfeer in die erediens begryp, bestudeer en bewerk word. Toerusting van lidmate en predikante oor die ware aard en funksie van die erediens, kreatiewe denke oor elke erediens deur almal verantwoordelik vir eredienste (predikante, orreliste, liturgiediensgroepe ensovoorts) en evaluering van die bestaande infrastruktuur en die gebruikersvriendelikheid daarvan is almal sake wat spoedige en gereelde aandag in gemeentes en in kerkverbande verdien. Indien die *Atmosfeer in die erediens* verstel word na dit wat dit moet (en kan!) wees, sal die erediens nader kom aan die doel waarvoor dit daar is en sal die erediens al meer 'n ontmoeting word van die totale mens met die totaliteit van God en met die totaliteit van die medemens en die wêreld daarbuite.

## 2 TERREINE VIR VERDERE ONDERSOEK

Verdere studie in die volgende terreine sal tot groot waarde wees:

1. Die rol van kuns in die erediens
2. Die gebruik van instrumentale musiek in die erediens
3. Virtuele aanbidding
4. Die gebruik van sintuie in aanbidding
5. Die invloed van argitektuur op aanbidding
6. Simbole en rituele vir die gelowige in Afrika
7. Die liggaamsgebruik van die voorgangers in die erediens

# OPSOMMING

## ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Die erediens beklee 'n sentrale plek in die lewe van die gelowige as *totale* mens. Daarom is die atmosfeer in die erediens krities belangrik. Deel 2 ondersoek hierdie belangrike begrip deur eksegetiese studie van 1 Korintiërs 11-14, sowel as die res van die Skrif. Die verloop deur die geskiedenis word ook nagevors. Die atmosfeer in die erediens moet só wees dat die aanbidder God met eerbied en ontsag ontmoet en verder 'n belewenis van liefde, warmte en vriendelikheid en vreugde skep. Al die teenwoordiges moet uitgenooi word en welkom voel. Verder moet die atmosfeer sodanig wees dat almal ruimte kry en aangemoedig word om deel te neem en hul gawes te gebruik. Daarom kan die atmosfeer wissel van erediens tot erediens en selfs binne een erediens. Belangrike instrumente in die skep van atmosfeer is die liturgiese ruimte, simbole, rituele, fisieke beweging, gebare, musiek, sang en die gebruik van die verskillende sintuie. Deel 3 bestudeer naasliggende wetenskappe, soos kommunikasiekunde, kognitiewe wetenskappe, simboliek, musiek, argitektuur en multimedia. Hierdie wetenskappe ondersteun die beginsels in Deel 2 en bied belangrike perspektiewe vir die praktiese toepassing daarvan. Die situasie in die praktyk word deur 'n empiriese studie ondersoek. Hieruit word dit duidelik dat die atmosfeer nie optimaal verdiskonteer word nie. Hoewel elemente wel aangepreek word, is dit toevallig en is daar geen gerigte strategie nie. Daarom poog Deel 4 om die gaping tussen die basisteorie (Deel 2) en die situasie in die praktyk (Deel 3) deur sekere praktykteoretiese riglyne te oorbrug. Omdat elke gemeente in 'n unieke konteks is, word 'n model om die beginsels in die praktyk te realiseer, daargestel. Hierdie model gebruik die beeld van die '*huis van God*' om die beginsels saam te vat en te verduidelik. Atmosfeer speel 'n deurslaggewende rol in die erediens. In die praktyk word hiervan egter te min gemaak. Indien die *Atmosfeer in die erediens* verstel word na dit wat dit moet (en kan!) wees, sal die erediens nader kom aan die doel waarvoor dit daar is en sal die erediens al meer 'n ontmoeting word van die totale mens met die totaliteit van God en met die totaliteit van die medemens en die wêreld daarbuite.

# ABSTRACT


## ATMOSPHERE IN THE WORSHIP SERVICE

Chapter 1 emphasizes the central position that the worship service occupies in the life of the believer, but then the whole person of the believer. The atmosphere is therefore vital. This is researched in part 2 by an exegetical study of 1 Corinthians 1-14, as well as the rest of Scripture. The variations through history are also studied. The atmosphere in the worship service should be such that the worshipper meets God with the necessary awe and respect. The service must also create an atmosphere of love, warmth, friendliness, and joy. All present must be invited and made welcome by the service. The atmosphere must further encourage and create room for everybody to participate and use their specific gifts. It can therefore change from service to service and within a single service. Important instruments in the atmosphere are the liturgical space, symbols, rituals, physical movement, gestures, music, song and the senses. Part 3 studies the contribution of adjacent sciences, like the theory of communication, cognitive science, symbolism, music, architecture and multimedia. These sciences support the principles of part 2 and give important perspectives for the practical application thereof. The situation in practice is studied by empirical research. The atmosphere is clearly not sufficiently integrated in the worship service. Although some elements are present, they are purely coincidental. A specific aimed strategy is lacking. Part 4 tries to bridge the gap between the base theory (part 2) and the practice (part 3) by suggesting practical guidelines. Because every congregation is in a unique context, a model is given to realize the principles. The image of the '*house of God*' is used to summarize and explain the principles. The final conclusion is that atmosphere plays a vital role in the worship service. In practice very little is made hereof. If the *Atmosphere in the worship service* is adjusted to what it should (and can!) be, the worship service will come closer to the purpose for which it is there and will it become even more of a meeting of the total person with the totality of God and with the totality of the fellow believer and the world.

# SLEUTELTERME / KEY WORDS

| SLEUTELTERME | KEY WORDS |
| --- | --- |
| Erediens | Worship service |
| Atmosfeer | Atmosphere |
| Aanbidding | Worship |
| Emosies | Emotions |
| Liturgie | Liturgy |
| Kerkgeskiedenis | Church History |
| 1 Korintiërs | 1 Corinthians |

# BRONNELYS

ADAM, A. 1985. Grundriβ Liturgie. Freiburg : Herder.

ALAND, K, BLACK, M, MARTINI, C.M., METZGER, B.M., & WIKGREN, A. 1983 The Greek New Testament. Stuttgart : Deutsche Bibelgesellschaft. (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

ALEXANDER, D & P. 1977. Handboek by die Bybel. Kaapstad : Lux Verbi. (*In* Lux Verbi Versameling.) [CD-ROM.]

ALLEN, R.B. & BORROR, G.L. 1982. Worship, rediscovering the missing jewel. Portland : Multinomah.

ANDERSON, E.B. & MORRILL, B.T. 1991. Introduction. (*In:* Anderson, E.B. & Morrill, B.T. Liturgy and the moral self. Humanity at Full Stretch Before God. Collegeville : The Liturgical Press. p. 3-14.)

ANON. 2004. The use of AV technology in Houses of Worship. *AV Specialist*, 78:13-19, June.

AUNE, D. 1998a. Word Biblical Commentary, Volume 52a: Revelation 1-5. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

AUNE, D. 1998b. Word Biblical Commentary, Volume 52b: Revelation 6-16. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

AUNE, D. 1998c. Word Biblical Commentary, Volume 52c: Revelation 17-22. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

BABIN, P. 1991. The NEW ERA in Religious Communication. Translated by David Smith. Minneapolis : Fortress Press.

BAKER, W.H. 1989. Acts. (*In:* Elwell, W.A. *ed.* Evangelical Commentary on the Bible. Grand Rapids : Baker Book House Company.) [CD-ROM].

BALDOCK, J. 1990. The Elements of Christian Symbolism. Lomgmead : Element Books.

BARNA RESEARCH GROUP. 2004a. Worship. [Beskikbaar op Internet:] http://www.bama.org/FlexPage.aspx?Page=Topic&TopicID=40 [Datum van gebruik: 11 September 2004].

BARNA RESEARCH GROUP. 2004b. Relationships. [Beskikbaar op Internet:] http://www.bama.org/FlexPage.aspx?Page=Topic&TopicID=33 [Datum van gebruik: 11 September 2004].

BARNARD, A.C. 1980. Die teenwoordigheid van Christus in die erediens. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

BARNARD, A.C. 1981. Die erediens. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

BARNARD, M. 1996. Forma Lucis: Een gereformeerde theologie van kleur. *Nederlands theologish tijdschrift*, April 50:135-151.

BARNARD, M. 2000. Liturgiek als wetenschap van christelijke rites en symbolen. Rede uitgesproken bij de aanvaarding van het ambt van Kerkelijk Hoogleraar in de Liturgiek vanwege de *Evangelish-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* aan de Universiteit van Amsterdam. Amsterdam : Vossiuspers.

BARNARD, M. 2001a. Dynamiek van cultus en cultuur. (*In:* Barnard, M & Post, P. Ritueel bestek. Antropologishe kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer : Meinema. p. 47-55).

BARNARD, M. 2001b. Beeld en ritueel. (*In:* Barnard, M & Post, P. Ritueel bestek. Antropologishe kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer : Meinema. p.115-122).

BARNARD, M. 2003. Secular Feast and Christian Feast in Schleiermacher's *Practical Theology* and *Aesthetics*. A theoretical contribution to the study of liturgy and the arts. (*In:* Post, P, Rouwhorst, G, Van Tongeren, L & Scheer, A. *reds.* Christian Feast and Festival. The Dynamics of Western Liturgy and Culture. Leuven : Peters. p. 185-203.)

BARRETT, C.K. 2002. The Acts of the Apostles. London : T & T Clark.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1998. Word Biblical Commentary, Volume 36: John. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

BEASLY-MURRAY, G.R. 1995. Revelation. (*In* Carson, D.A.; et al., The New Bible Commentary. Downers Grove : Inter-Varsity Press). [CD-ROM].

BERKHOF, H. 1973. Christelijk Geloof. Nijkerk : Callenbach.

BEUKES, M.J. du P. 1993. Erediens I. Pretoria : Kital.

BOSCH, D.J. 1991. Transforming Mission. Paradigm Shifts in Theology of Mission. New York : Mary-Knoll.

BOTHA, B.C. 1984. Die Erediens as Fees en Vreugde. Pretoria : UP. (Skripsie – Nagraadse Diploma in Teologie.)

BREYTENBACH, H.S. & PIETERSE, H.J.C. 1992. Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n praktiese-teologiese ekklesiologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 7(2):101-112.

BREYTENBACH, H.S. 1992. Metafore vir die kerk en riglyne vir gemeentebou. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 33(3):391-407.

BRG *sien* BARNA RESEARCH GROUP

BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn: zijn publicaties en zijn visies. Kampen : De Groot Goudriaan.

BRIENEN, T. 1992. Oriëntatie in de Liturgie. Zoetermeer : Uitgeverij Boekencentrum.

BRIENEN, T. 1999. Calvijn en de kerkdienst. Heerenveen : Uitgeverij Groen.

BROMILEY, G.W. 1993. History of New Testament Worship. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 102-110.)

BROWN, R. 1998. The message of Nehemiah: God's servant in a time of change. Leicester : Inter-Varsity Press. (The Bible Speaks Today.)

BROWNING, R.L. & REED, R.A. 1985. The Sacraments in Religious Education and Liturgy. Birmingham : Religious Education Press.

BRUEGGEMANN, W. 1984. The Message of the Psalms. Minneapolis : Augsburg.

BRUEGGEMANN, W. 2002. Reverberations of faith: a theological handbook of Old Testament themes. Louisville : Westminster John Knox Press.

BURGER, C. 1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd. Kaapstad : Lux Verbi.

BURGER, C. 1999a. Gemeentes in die Kragveld van die Gees. Stellenbosch : Buvton.

BURGER, C. 1999b. Erediens in gereformeerde styl. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):1-22.

BURGER, C.W. 2003. Reformed Liturgy in the South African Context. (*In:* Vischer, L. *ed.* Christian Worship in Reformed Churches past and present.. Grand Rapids : Eerdmans. p. 159-174.)

BURGER, J.A. 1987. Die Psalms. (*In* Burden, J.J. & Prinsloo, W.S. Tweegesprek met God. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers. p. 9-40.)

BUSH, B. 2002. Our Spiritual Brain. Integrating Brain Research and Faith Development. Nashville : Abingdon Press.

CABANISS, A. 1989. Pattern in Early Christian Worship. Macon : Mercer.

CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike Godsdiens Boek I. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBF.

CALVYN, J. 1986. Institusie van die Christelike Godsdiens Boek II. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBF.

CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike Godsdiens Boek III. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBF.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike Godsdiens Boek IV. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBF.

CARSON, D.A. 1987. Showing the Spirit. A Theological Exposition of 1 Corinthians 12-14. Grand Rapids, MI : Baker Book House.

CILLIERS, J. H. 2003. "...Meer as wat die oog kan sien..." Kantaantekeninge oor die interaksie van kuns, liturgie en prediking. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 18(1):8-42.

CILLIERS, J.H. 2004. FIDES QUAERENS IMAGINEM Estetika as uitbeelding van die publieke kerk: liturgie op soek na beelde. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 19(1):1-18.

CLOETE, J.O. 1985. Gevoel en emosie in die erediens. Pretoria : UP. (Skripsie – Nagraadse Diploma in Teologie).

COBB, P.G. 1992. The Architectural Setting of the Liturgy. (*In* Jones, C., Wainwright, G. Yarnold, E. & Bradshaw, P. The Study of Liturgy. London : SPCK. p. 528-541.)

CRAFFORD, D. 1993. Ekumeniese roeping van die kerk in die praktyk. (*In* Crafford, D & Gous, A.G.S. *red.* Een Liggaam – Baie Lede. Pretoria : Verba Vitae. p. 406-467.)

DAVIES, J.G. 1986. A new dictionary of liturgy and worship. London : SCM Press.

DAWN, M.J. 1995. Reaching Out without Dumbing Down. A Theology of Worship for This Urgent Time. Grand Rapids : Eerdmans.

DAY, J.. 1990. Psalms. Sheffield : JSOT Press.

DE BRUYN, P.J. 1996. Sekularisasie en die roeping van die kerk. *In die Skriflig*, 30(1):73-95.

DE KLERK, B.J. 1987. Die Heilige Gees in die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

DE KLERK, B.J. 1999. Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie. *In die Skriflig*, 33(3):311-330.

DE KLERK, B.J. 2000. Liturgiese identiteitsvorming as antwoord op die invloed van die verbruikerskultuur. *In die Skriflig*, 34(4):451-468.

DE KLERK, B.J. 2002. Liturgie, Transformasie en die Afrika Rennaissance. (*In:* Barnard, M & Schuman, N. *eindreds.* Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg. Zoetermeer : Meinema. p. 50-62.)

DE KLERK, J.J. 1982. Liturgiese Grondlyne. Kaapstad : NG Kerkuitgewers.

DE KOKER, W. 1998. Evangelisasieteorie en –praktyk in die lig van die paradigmaverskuiwing van modernisme na postmodernisme. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 13(1):1-13.

DE VILLIERS, J.L. 1983. Die Handelinge van die Apostels. Kaapstad : Lux Verbi. [CD-ROM].

DE WET, D.C. 2003. 'n Gemeenskapsgerigte model vir geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Ph.D)

DEDDENS, K. 1993. Where Everything Points to Him. Translated by Theodore Plantinga. Neerlandia : Inheritance.

DILLISTONE, F.W. 1986. The Power of Symbols. London : SCM Press.

DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorder onder de hoorders: Hermeneutische Homiletiek. Kampen : Kok.

DRANE, J. 1987. Introducing the Old Testament. Tring : Lion.

DREYER, T.F. 2003. Die rol van die gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges in begeleiding tot belydenisaflegging. Potchefstroom : PU vir CHO (Skripsie - M.Th.)

DU PLOOY, A LE R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerd-Kerkregtelike Studie. Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom : PU vir CHO.

DU PLOOY, A LE R. 1998. Inleiding op die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (*In* GKSA. Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : GKSA. P. 1-11.)

DU RAND, J.A. 1993. 1 Korintiërs. (*In:* Vosloo, W. & Van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: CUM.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

DU TOIT, A.B. 1997. Geloof en godsdiensoefening van die Vroegjodedom. (*In:* Du Toit, A.B *red.* Die Leefwêreld van die Nuwe Testament. Halfway House : Orion Uitgewers.) [CD-ROM]

DU TOIT, C. 1988. Aspekte van die postmodernistiese idioom in die teologie. *Theologica Evangelica*, 11(1):36-50.

DUNN, J.D.G. 1995. 1 Corinthians. Sheffield : Sheffield Academic Press. (New Testament Guides.)

DUNN, J.D.G. 1998. Word Biblical Commentary, Volume 38b: Romans 9-16 Dallas : Word Books. [CD-ROM].

ELCA *sien* EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN AMERICA

ELWELL, W.A & YARBROUGH, R.W. 1998. Encountering the New Testament. A Historical and Theological Survey. Grand Rapids : Baker Books.

ERASMUS, J.A. 2001. Die praktyk van jeugbediening binne Gereformeerde gemeenteopbou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th. M.)

ERASMUS, L.E., BOWLER, A. & GOLIATH, D. *reds.* 1996. Doeltreffende Kommunikasie: Trefferboodskappe by die werk. Kaapstad : Nasou.

EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN AMERICA. 2004. Did Martin Luther Really Use Tavern Tunes in Church? [Beskikbaar op Internet:] http://www.elca.org/dcm/worship/faq/miscellaneous/tavern_tunes.html [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

FALCONER, A.D. 2003. Word, Sacrament, and Communion: New Emphases in Reformed Worship in the Twentieth Century. (*In:* Vischer, L. *ed.* Christian Worship in Reformed Churches past and present.. Grand Rapids : Eerdmans. p. 142-158.)

FEINBERG, C.L. 1993. The Tabernacle of Moses. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 112-118.)

FENSHAM, F.C. & OBERHOLZER, J.P. 1981. Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings. Pretoria : Interkerklike Uitgewerstrust.

FENSHAM, F.C. 1981. Die Brief aan die Hebreërs. Kaapstad : Lux Verbi. [CD-ROM].

FENWICK, J. & SPINKS, B. 1995. Worship in transition. The liturgical movement in the twentieth century. New York : Continuum.

FIRTH, R. 1975. Symbols, Public and Private. London : George Allen & Unwin.

FUNG, R.Y.K. 1988. The Epistle to the Galatians. Grand Rapids : Eerdmans. (The New International Commentary on the New Testament).

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 2003. Psalmboek. Wellington : NG Kerkuitgewers.

GILL, D.W.J. 1990. The Importance of Roman Portraiture for Head-Coverings in 1 Corinthians 11.2-16. *Tyndale Bulletin*, 41:245-260.

GITTINS, A.J. 1995. Music and gift-exchange. *Missiology*, 23(4):415-430, October.

GKSA *sien* GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

GOENEWALD, L. 2004. Van kerktorings en uitryk (*sic*) na ander. *Ongepubliseerde artikel.*

GROENEWALD, E.P. 1967. Die Eerste Brief aan die Korinthiërs. Kaapstad : Lux Verbi. (*In* Lux Verbi Versameling.) [CD-ROM.]

GROENEWALD, E.P. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad : Lux Verbi. [CD-ROM].

GROENEWALD, E.P. 1986. Die Openbaring van Johannes. Kaapstad : Lux Verbi. [CD-ROM].

GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan die kerk te Korinthe. Kampen : Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)

GUARDINI, R. 1997. The Spirit of the Liturgy. New York : Crossroad.

GUTHRIE, D. 1973. The Pastoral Epistles. London : Tyndale Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

GUTHRIE, D. 1994. The Pastoral Letters. (*In:* Carson, D.A.; et al., The New Bible Commentary. Downers Grove : InterVarsity Press. [CD-ROM].

HAGNER, D.A. 1998. Word Biblical Commentary, Volume 33a: Matthew 1-13. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

HANEKOM, A.R. 1995. Simbool en ritueel as instrument vir geloofsvorming. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – D.Teol.)

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids : Eerdmans.

HENDRIKS, H.J. 1996. Modernisme: ten diepste ons identiteit? *In die Skriflig*, 30(4):489-501.

HENDRIKS, J. 1992. Strategiese beplanning in die gemeente. Die beginsels en praktyk van Gemeentevernuwing. Wellington : Hugenote-Uitgewers.

HEYNS, L.M. 1990. Modelle as hulpmiddels vir die verkeer tussen teorie en praxis. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. p. 36-40)

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-Teologiese ondersoek van die "mekaar-opdragte" in die corpus Paulinium met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

HILL, A. 1993. The Role of the Worshipper in Old Testament Sacrificial Ritual. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 120.)

HINSON, E.G. 1996. The Early Church: Origins from the Dawn to the Middle Ages. Nashville : Abingdon Press.

HOLLENWEGER, W.J. 1989. Music in the service of reconciliation. *Theology*, 92(748):276-286.

HOLMGREN, F.C. 1987. Israel Alive Again. A Commentary on the Books of Ezra and Nehemiah. Edinburgh : Eerdmans. (International Theological Commentary).

HORRELL, D.G. 1996. The Social Ethos of the Corinthian Correspondence. Interests and Ideology from 1 Corinthians to 1 Clement. Edinburgh : T&T Clark.

HORSLEY, R.A. 1998. Abingdon New Testament Commentaries: 1 Corinthians. Nashville : Abingdon.

HUGHES, P.A. 2004. Worship in the Second Century: The Spiritual Dimension. [Beskikbaar op Internet:]

http://www.geocities.com/Athens/Crete/6111/pneumatikos/2century.htm [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

HURTADO, L.W. 1999. At the Origins of Christian Worship. Grand Rapids, MI : Zondervan.

JETTER, W. 1978. Symbol und Ritual. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

JONKER, H. 1978. Liturgische oriëntatie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

JONKER, W.D. 1995. Reformed theology and the identity of the Christian congregation. *In die Skriflig*, 29(3): 345-369.

JUNGHANS, H. 1999. Luther on the Reform of Worship. *Lutheran Quarterly*, 13:315-333.

KEENER, C.S. 1997. IVP Bible Background Commentary: New Testament. Downer's Grove : InterVarsity Press. [CD-ROM]

KELLERMAN, J.S. 1993. Gemeentebou: vertrekpunte vanuit 'n basisteorie. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 34(3):331-344.

KLAUSER, T. 1979. A short history of the western liturgy. Oxford : Oxford University Press.

KLOPPERS, E. 1997. Liturgical music: Worship or war? *Hervormde Teologiese Studies*, 53(1&2):172-184.

KLOPPERS, E. 2002. Transendering van die alledaagse...die erediens as fees. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):61-74.

KLOPPERS, E. 2003. Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as Gesamtkunswerk. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 44(1&2):80-88.

KRAFT, C.H. 1999. Communicating Jesus' way. Pasadena : William Carey Library.

KRODEL, G.A. 1989. Augsburg Commentary on the New Testament Revelation. Minneapolis : Augsburg.

KRUGER, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):19-43.

KUHN, T.S. 1970. The Structure of Scientific Revolutions. Chicago : The University of Chicago Press.

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993 Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Agste hersiene en uitgebreide uitgawe. Pretoria: J.L. van Schaik. [CD-ROM].

LAMPBRECHT, A.J. 1978. Die psigologiese en fisiologiese effek van gefiltreerde musiek op 'n groep persone met hoë angs. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A. (Psigologie)).

LARKIN, W.J. 1995. Acts. Downers Grove : InterVarsity Press. (The IVP New Testament Commentary Series).

LATEGAN, B.C. 1975. "..Met die oog op wat nuttig is" (1 Kor 12:7). *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 16(4):320-321.

LATEGAN, B.C. 1984. 1 Korintiërs. (*In* Du Toit, A.B., *red.* Handleiding by die Nuwe Testament Band V Die Pauliniese Briewe: Inleiding en Teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 57-79.)

LAUBSCHER, J. 1996. Die huweliksliturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 11(2):57-68.

LEITH, J.H. 1988. The Reformed Imperative. Philadelphia : Westminster Press.

LENSKI, R.C.H. 1963. The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistles to the Corinthians. Minneapolis, MN : Augsburg.

LEONARD, R.C. 2004. Worship in the Early Church. [Beskikbaar op Internet:] http://www.laudemont.org/a-witec.htm [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

LEUSCHNER, F.W. 2001. Die Erediens as instrument in gemeentebou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – M.Th.)

LIESCH, B. 1988. People in the presence of God – Models and Directions for Worship. Grand Rapids : Ministry Resources Library.

LINCOLN, A.T. 1998. Word Biblical Commentary, Volume 42: Ephesians. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

LLOYD-JONES, D.M. 1974. Life in the Spirit in marriage, home end work. Grand Rapids : Baker Books.

LONGMAN, R. 2003. Worship, Praise, and Liturgy. [Beskikbaar op Internet:] http://www.spirithome.com/worship.html [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains. New York : United Bible Societies. [CD-ROM]

LYMAN, R. 1999. Early Christian Traditions. Cambridge, MA : Cowley.

MALINA, B., JOUBERT, S., & VAN DER WATT, J. 1997. Vensters wat die Woord laat oopgaan. Halfway House : Orion. (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

MARSHALL, I.H. 1980. The Acts of the Apostles. Leicester : Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

MARTIN, R.P. 1984. The Spirit and the Congregation. Studies in 1 Corinthians 12-15. Grand Rapids, MI : Eerdmans.

MARTIN, R.P. 1993. History of Israelite and Jewish Worship. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 95-102.)

MASSIE, R.K. 1993. Local churches in the new South Africa. *Journal of theology for Southern Africa*, 85:19-28, December.

MCKEE, E.A. 2003. Reformed Worship in the Sixteenth Century. (*In:* Vischer, L. *ed.* Christian Worship in Reformed Churches past and present.. Grand Rapids : Eerdmans. p. 3-31.)

MCKINION, S.A. 2001. Life and Practice in the Early Church. New York : New York University Press.

METZGER, B.M. 1993. Breaking the Code. Understanding the Book of Revelation. Nashville : Abingdon Press

MICHAELS, J.R. 1997. Revelation. Downers Grove : InterVarsity Press. (The IVP New Testament Commentary Series).

MILLER, J. 2003. Using the visual Arts in religious education: an analysis and critical evaluation. *British Journal of Religious Education*, 25(3):200-213.

MORRIS, L. 1974. The Gospel according to St. Luke. London : Inter-Varsity Press. (The Tyndale New Testament Commentaries).

MOSS, C.K. 2004. The Musical Reforms of Martin Luther. [Beskikbaar op Internet:] http://www.carolinaclassical.com/articles/luther.html [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

MOUNCE, W.D. 2000. Word Biblical Commentary, Volume 46: Pastoral Epistles. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

MÜLLER, J. 1990. Die erediens as fees. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

MURPHY, R.E. 2000. The Gift of the Psalms. Peabody : Hendrickson.

NAGEL, C.J. & DE KLERK, B.J. 2004. Metateoretiese perspektiewe op die waarde van kommunikasie en breinfunksie in die proses van prediking. *Verbum et Ecclesia*, 25(1):217-235.

NAUDE, P. 1992. Bedieningspraktyk tussen modernisme en postmodernisme: perspektiewe vir 'n studentebediening. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 34(1):94-99.

NEL, M. 1994. Gemeentebou. Halfway House : Orion.

NIDA, E. A. 1990. Message and Mission. Pasadena : William Carey Library.

PARRY, K. (KevinP@statssa.gov.za) 2004. Statistieke van Statistiek Suid-Afrika. [E-pos aan:] Leuschner, F.W. (w.leuschner@lantic.net). Okt. 12.

PATTERSON, L.G. 1994. The Worship of the Early Church (to A.D. 500). (*In* Webber, R.E., *ed.* The Complete Library of Christian Worship. Volume 2, Twenty Centuries of Christian Worship. Nashville, TN : Star Song. p. 31-43.)

PELSER, G.M.M. 1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *Hervormde Teologiese Studies*, 51(3):645-676.

PETERSON, D. 1993. Engaging with God: a Biblical theology of Worship. Grand Rapids : Eerdmans.

PFATTEICHER, P.H. 1997. Liturgical Spirituality. Valley Forge : Trinity Press.

PHILLIPS, R. 2000. Changes in Technology. *Southwestern Journal of Theology*, 3:56-67, Summer.

PIETERSE, H.J.C. 1985. *Verwoording en prediking.* Pretoria : NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1990a. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingswetenskap. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. p. 49-60)

PIETERSE, H.J.C. 1990b. Die metode en metodologie van die praktiese teologie. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. p. 66-74)

PIETERSE, H.J.C. 1990c. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (*In:* Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria : Gnosis. p. 75-87)

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en Prediking. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria : RGN-Uitgewers.

PIETERSE, H.J.C. 1996. Die aantasting van simbole in Afrikaanse kerke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 37(1):63-67.

PIETERSE, H.J.C. 1997a. Die erediens as kommunikatiewe handelinge. (*In* Vos, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. Hoe lielik is u woning. Pretoria : RGN. p. 15-27.)

PIETERSE, H.J.C. 1997b. Die funksies van simbole, rituele en liggaamlikheid in die liturgie. (*In* Vos, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. Hoe lielik is u woning. Pretoria : RGN. p. 107-138.)

PIETERSE, H.J.C. 1998a. Die rol van rituele en simbole in die identiteitsvorming van 'n geloofsgemeenskap - 'n Gereformeerde perspektief. *Skrif en Kerk*, 19(2):342-348.

PIETERSE, H.J.C. 1998b. A theological theory of communicative actions. *Religion and Theology*, 5(2):176-194.

PIETERSE, H.J.C. 2001. Preaching in a context of Poverty. Translated by Marcelle Manley. Pretoria : UNISA.

PIETERSE, H.J.C. 2002. Prediking in 'n postmoderne lewensgevoel. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(2):75-101.

POST, P. 2001. Ruimte voor rituelen. (*In:* Barnard, M & Post, P. Ritueel bestek. Antropologishe kernwoorden van de liturgie. Zoetermeer : Meinema. p.77-86).

POSTMA, J. 1993. 1 Korintiërs. (*In* Van Zyl, A.H., *red.* Die Bybel verklaar: 1983-vertaling. Kaapstad : Lux Verbi.) (*In* Logos Bybelbiblioteek Vlak 3.) [CD-ROM.]

POTGIETER, P.C. 1993. Voorwoord. (*In* Crafford, D & Gous, A.G.S. *red.* Een Liggaam – Baie Lede. Pretoria : Verba Vitae. p. v.)

QUAST, K. 1994. Reading the Corinthian Correspondence. An Introduction. New York : Paulist Press.

RAINBOW, B. 1972. Choir (Musical) (*In:* Davies, J.G. *ed.* A Dictionary of Liturgy and Worship. London : SCM Press. p. 131-132.)

RATCLIFF, D. & DAVIES, J.A. 1991. Handbook of youth ministry. Birmingham : Religious Education Press.

RICHARDS, L.O. & HOELDTKE. C. 1982. A Theology of Church Leadership. Grand Rapids : Zondervan.

RIDDERBOS, N.H. 1991. Psalmenstudie. Prof.dr Nic.H. Ridderbos en het boek der Psalmen. Kampen : Kok.

ROBERTS, J.H. 1988. Die kerk by Paulus. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament Band V. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 282-231.)

ROBERTS, J.H. 1990. Die Brief aan die Efesiërs. Kaapstad : Lux Verbi. [CD-ROM].

ROGERSON, J. 1985. Beginning Old Testament Study. London : SPCK.

ROSSOUW, G.J. 1993. Theology in a postmodern culture: Ten challenges. *Hervormde Teologiese Studies*, 49(4):894-907.

SALIERS, D. 1990. Aesthetics, Liturgical. (*In:* Fink, P. *ed.* The New Dictionary of Sacramental Worship. Collegeville : The Liturgical Press. p. 30-39)

SALIERS, D. 1991a. The Soul in Paraphrase: Prayer and the Religious Affections. Cleveland : OSL Publications.

SALIERS, D. 1991b. Liturgy and Ethics: Some New Beginnings. (*In:* Anderson, E.B. & Morrill, B.T. Liturgy and the moral self. Humanity at Full Stretch Before God. Collegeville : The Liturgical Press. p. 15-38.)

SALIERS, D. 1991c. Liturgy and Ethics: Revisited. (*In:* Anderson, E.B. & Morrill, B.T. Liturgy and the moral self. Humanity at Full Stretch Before God. Collegeville : The Liturgical Press. p. 209-224.)

SALIERS, D. 1994. Worship as Theology: Foretaste of glory divine. Nashville : Abingdon.

SALIERS, D. 1996a. Worship and Spirituality. Akron : OSL Publications.

SALIERS, D. 1996b. Worship come to its senses. Nashville : Abingdon.

SALIERS, D. 1998. Liturgical Music and Electronic Technology: Contemporary Soundings. *Studia Liturgica*, 28(2):166-176.

SALIERS, D. 2002. Where Beauty and Terror lies: The Poetics of everyday life. Atlanta : Emory University.

SCHRAMM, W. 1972. The nature of communication between humans. (*In* Schramm, W. & Roberts, D.F. *eds.* The Process and Effects of Mass Communication. Chicago : University of Illinois Press.)

SCHULTZE, Q.J. 2000. Communicating for life: Christian Stewardship in community and media. Grand Rapids : Baker House.

SCHULTZE, Q.J. 2004. High-tech worship? Using Presentational Technologies Wisely. Grand Rapids : Baker Books.

SKARSAUNE, O. 2002. In the Shadow of the Temple. Jewish Influences on Early Christianity. Downers Grove : InterVarsity Press.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2000. Die GKSA en sy gereformeerde identiteit. Kan dit behou word in 'n postmoderne gemeenskap? *In die Skriflig*, 34(4):515-533.

SMIT, E.J. 1999. Die Transformerende krag van die Gereformeerde Kerklied in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie – Th.M).

SMITH, R.H. 1989. Augsburg Commentary on the New Testament Matthew. Minneapolis : Augsburg.

SOARDS, M.L. 1999. 1 Corinthians. New International Bile Commentary. Peabody : Hendrickson.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : HTS

STAMBAUGH, J.E. & BALCH, D.L. 1986. The New Testament in Its Social Environment. Philadelphia : The Westminster Press.

STANDER H.F. & LOUW J.P. 1990. Gebruike en Gewoontes in die Bybel. Vereeniging : CUM Boeke [CD-ROM].

STANDER, H.F. 2000. Simbole:Veilig of gevaarlik? 'n Gids tot Christelike simbole en tekens. Kaapstad : STRUIK.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F. & DU TOIT, S.H.C. 1989. Moderne statistiek vir die prakyk. Pretoria : Van Schaik.

STIGERS, C.L. 1993. Purpose of the Temple. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 124-126.)

STRAUSS, M.U. 1994. Die inrigting van die erediens in 'n makrogemeente binne gereformeerde liturgiese tradisie. Bloemfontein : UOVS. (Proefskrif – D.Th.).

STRAUSS, M.U. 1995. Eerste treë in die ontwerp van 'n gereformeerde liturgiese simboliek *Acta Theologica*, 15(2):86-96.

STRAUSS, M.U. 2001. Hoe lyk die spiritualiteit van die erediens met die draai van die millenium? *Acta Theologica*, 21(2):126-135.

STRECKER, I. 1988. The Social Practise of Symbolization. London : Athlone Press.

STRYDOM, W.M.L. 1994a. 'n Katoliek-gereformeerde (eucharistiese) diensorde vir die Ned Geref Kerk? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(2):256-268.

STRYDOM, W.M.L. 1994b. "Sing nuwe sange, nuutgebore" Liturgie en Lied. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje Vrystaat.

SWEET, L. 1999. Church Architecture for the 21st Century A futurist speculates about church buildings that will embrace new ways of learning. [Beskikbaar op Internet:] http://www.christianitytoday.com/yc/9y2/9y2010.html [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

TAYLOR, W.F. 1985. Augsburg Commentary on the New Testament Ephesians. Minneapolis : Augsburg.

THISTELTON, A.C. 2000. The First Epistle to the Corinthians: A commentary on the Greek text. Grand Rapids : Eerdmans. (The new international Greek Testament commentary).

TIEDE, D.L. 1988. Augsburg Commentary on the New Testament Luke. Minneapolis : Augsburg.

TILLICH, P.1968. Systematic Theology (Combined Volume). Digswell Place : James Nisbet.

UNITED STATES CONFERENCE OF CATHOLIC BISHOPS. 2000. Built of Living Stones: Art, Architecture, and Worship Guidelines of the National Conference of Catholic Bishops. [Beskikbaar op Internet:] http://www.nccbuscc.org/liturgy/livingstones.htm [Datum van gebruik: 3 Julie 2004].

USCCB *sien* UNITED STATES CONFERENCE OF CATHOLIC BISHOPS

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte gereformeerde dogmatiek. Kampen : Kok.

VAN ROOYEN, H.A. 1983. Die Erediens as Koinonia. Pretoria : UP. (Skripsie – Nagraadse Diploma in Teologie.)

VAN WYK, D. 1992. Waarheen gaan ons met ons kerklied. *Kerkbode*, 147(14):5.

VAN WYK, J.H. 1998. Etiek in Eenvoud. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VENTER, C.J.H. 1992. Diakonologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1):29-51.

VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakonologie. *In die Skriflig*, 29(1&2):181-202.

VOLZ, C.A. 1997. The Medieval church: from the dawn of the Middle Ages to the eve of the Reformation. Nashville : Abingdon Press.

VORSTER, J.M. 1995. Vernuwing in die prediking in die lig van hedendaagse lewensbeskoulike tendense? *In die Skriflig*, 29(3):443-466.

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : PTP.

VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119.

VOS, C.J.A. & MÜLLER, J.C. 1991. Die sing van Psalms in die erediens: 'n kommunikatiewe handelingsteoretiese perspektief.

VOS, C.J.A. 1997. Op die liturgiese pad. (*In* Vos, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. Hoe lielik is u woning. Pretoria : RGN. p. 1-14.)

VOS, C.J.A. 1999. Die towertyd in die liturgie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 14(1):99-126.

WAINWRIGHT, G. 1992. The Periods of Liturgical History. (*In:* Jones, C, Wainwright, G, Yarnold, E, Bradshaw, P. *eds.* The Study of Liturgy. London : SPCK. p. 61-67.)

WALKER, W. 1997. A History of the Christian Church. Ediburgh : T. &. T. Clark.

WEBBER, R.E. 1982. Worship. Old and new. Grand Rapids : Zondervan.

WEBBER, R.E. 1993. Features of Temple Worship. (*In:* Webber, R.E. *ed.* The Biblical Foundations of Christian Worship. Nashville : StarSong. p. 129.)

WEGMAN, H.A.J. 1985. Christian Worship in East and West A Study Guide to Liturgical History. Translated by G.W. Lathrop. New York : Pueblo Publishing.

WEISER, A. 1962. The Psalms. Translated by Herbert Hartwell. London : SCM Press.

WENHAM, G.J. 1987. Word Biblical Commentary, Volume 1: Genesis 1-15. Dallas : Word Books. [CD-ROM].

WHITE, J.F. 1989. Protestant Worship. Traditions in Transition. Louisville : Westminster.

WHITE, J.F. 1993. A brief history of Christian Worship. Nashville : Abingdon.

WHITE, J.F. 1994. Lutheran Worship. (*In* Webber, R.E., *ed.* The Complete Library of Christian Worship. Volume 2, Twenty Centuries of Christian Worship. Nashville, TN : Star Song. p. 75-76.)

WITHERINGTON, B. 1995. Conflict and Community in Corinth: a socio-rhetorical commentary on 1 and 2 Corinthians. Grand Rapids : William B. Eerdmans.

WITVLIET, J.D. 1996. Theological models for the Relationship between Liturgy and Culture. *Liturgy Digest*, 3(2):5-46, Summer.

WITVLIET, J.D. 1998. Planning and Leading Worship as a Pastoral Task. *Reformed Worship*, 49:30-33, September.

WITVLIET, J.D. 2000. Making Good Choices in an Era of Liturgical Change. *Reformation and Revival*, 9(2):15-28, Spring.

WITVLIET, J.D. 2001. Soul Food for the People of God. *Liturgical Ministry*, 10:101-110, Spring.

WITVLIET, J.D. 2003. Worship seeking understanding. Grand Rapids : Baker.

WOLMARANS, J.L.P. 1999. 1 Korintiërs. (*In* Vosloo, W & Van Rensburg, F.J., *reds.* Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. Vereeniging : CUM. p. 1492-1525.)

WOLTERSTORFF, N. 1980. Art in action: toward an Christian aesthetic. Grand Rapids : Eerdmans.

YEE, G.A. 1989. Jewish Feasts and The Gospel of John. Wilmington : Glazier. (Zaccheus Studies: New Testament).

ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Teologie heute. München : Kaiser. p. 164-177.)